

DIE NYWERHEIDSKOOL AS ONDERWYS- EN OPVOEDINGSINRICHTING

IN SUID-AFRIKA.

Deur

WILHELM KARL HEINRICH DU PLESSIS

X

VOORGELE AS GEDEELTELIKE NAKOMING VAN DIE

VEREISTES VIR DIE GRAAD

DOCTOR EDUCATIONIS

IN DIE FAKULTEIT VAN OPVOEDKUNDE,

POTCHEFSTROOMSE UNIVERSITEIT

vir

CHRISTELIKE HOËR ONDERWYS.

1958.

PROMOTOR: PROF.DR.H.J.J.BINGLE.

V O O R W O O R D.

Die opvoedings- en heropvoedingswerk aan die nywerheidskole in Suid-Afrika in verband met die verwaarloosde en sorgbehoewende kind van ons volk het jare gelede reeds my belangstelling geprikkel en gaandeweg het daar 'n begeerte ontwikkel om 'n omvattende studie en ontleding te maak van die nywerheidskoolwese.

Hierdie begeerte kon 'n daadwerklikheid word toe ek enkele jare gelede tot die geledere van die nywerheidskoolpersoneel toegetree het en self te staan gekom het voor die menigvuldige wesenlike, dog interessante, opvoedkundige probleme van dié soort skool. Hierdie voltooide verhandeling is die vrug van die ondersoek.

Sonder die vriendelike hulp van verskillende persone sou hierdie taak onmoontlik gewees het.

In die eerste plek dan my innige dank aan my eie Departement, die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap, vir studieverlof en vir toestemming tot insae in persoonlike lêers van kinders en ander belangrike amptelike stukke op Hoofkantoor en by die skole. Ook aan my kollegas, hoofde van nywerheidskole en personeellede, vir vriendelike hulp en medewerking, 'n woordjie van opregte dank.

'n Ruim ad hoc-toekenning deur die Nasionale Raad vir ^{Sosiale} ~~Opvoedkundige en Maatskaplike~~ Navorsing het my in die geleentheid gestel om nywerheidskole te besoek en om in Pretoria en elders belangrike navorsingswerk te doen. Daarvoor my dankbare erkenning.

My diepe erkentlikheid wil ek ook in besonder betuig teenoor prof. dr. H.J.J. Bingle. Sy opregte belangstelling in my werk; sy vriendelike, bemoedigende, ongedwonge dog noulettende toesig was vir my 'n ware besieling en ek sal dit as 'n blywende

eer beskou dat ek aan die Potchefstroomse Universiteit met sy uitgesproke Christelike grondslag kon studeer, en onder die bewaam leiding van prof. Bingle promoveer.

Aan mev. J.M.Mostert van die Nywerheidskool Dewetsdorp, wat met nougesette toewyding en persoonlike opoffering die tikwerk vir my onderneem het, my hartlike dank.

En ten slotte 'n woord van innige erkentlikheid teenoor my gesin vir hulle belangstelling in my selfopgeleide taak, en vir die baie ure van opoffering tydens my jare van studie. Sonder die bemoediging en aansporing van my eggenote sou die voltooiing van hierdie werk nie moontlik gewees het nie.

W.K.H.du Plessis.

Nywerheidskool,

DEWETSDORP.

11 Oktober 1957.

DIE NYWERHEIDSKOOL AS ONDERWYS- EN OPVOEDINGSINRIGTING
IN SUID-AFRIKA.

INHOUDSOPGAWE.

<u>HOOFSTUK I</u>	-	PROBLEEMSTELLING	1 - 18
1.	Bepaling van die begrip nywerheidskool	1	
(a)	Die sorgbehoewende kind	1	
(b)	Die verskil tussen die nywerheid- en verbeteringskool	3	
(c)	Die verskil tussen die nywerheidskool en hoër tegniese skool	6	
2.	Doel en Afbakening van die Onderzoek	10	
3.	Gebruikte Metodes en Bronne	16	
4.	Samevatting	18	
<u>HOOFSTUK II</u>	-	MAATSKAPLIKE SORG EN ONDERWYSINRIGTINGS VIR DIE BEHOEFTIGE EN SORGBEHOEWENDE KIND ANDERS AS IN STAATSNYWERHEIDSKOLE	19 - 60
1.	Inleiding	19	
2.	Engeland	19	
(a)	Inboeking of leerjongestelsel	22	
(b)	Armetehuse (Workhouses, Poorhouses)	24	
(c)	Verbeteringskole	25	
(d)	Industriële skole	26	
3.	Nederland	31	
4.	Die Verenigde State van Amerika	34	
5.	Suid-Afrika	38	
(a)	Die behoeftige kind	43	
(b)	Kinderbeskerming deur wetgewing	53	
6.	Samevatting	58	
<u>HOOFSTUK III</u>	-	DIE ONTSTAAN EN ONTWIKKELING VAN DIE STAATSNYWERHEIDSKOOL IN SUID-AFRIKA	61 - 100
1.	Inleiding	61	
2.	Onder die Departement van Justisie 1909 - 1917	61	
(a)	Ontstaan en groei	62	
(b)	Onderwys en opvoeding in die eerste nywerheidskole	66	
(c)	Uitplasing en nasorg	71	
(d)	Oordrag van die nywerheidskole aan die Unie-Onderwysdepartement	73	
3.	Onder Beheer van die Unie-Onderwysdepartement : Die Tydperk 1917 - 1937	75	

(a) Personeel	76
(b) Groei	82
(c) Opvoedkundige probleme	86
4. Die Tydperk 1937 - 1952	93
5. Belangrike Bakens in die Ontwikkelingsgang van die Nywerheidskool in Suid-Afrika	97
 <u>HOOFSTUK IV - DIE DOEL VAN DIE NYWERHEIDSKOOL</u>	101 - 115
1. Noodsaaklikheid van 'n Duidelike Doelstelling	101
2. Formulerings van 'n Algemene Doelstelling	102
3. Die Doelstelling van die Nywerheidskool	106
4. Samevatting	114
 <u>HOOFSTUK V - DIE LEERLING VAN DIE NYWERHEIDSKOOL</u>	116 - 160
1. Inleiding	116
2. Redes vir Toewysing	117
3. Die Vormende Invloed van die Ouerhuis	121
(a) Die wese van die gesin	121
(b) Sosiale en opvoedkundige funksies van die gesin	123
(i) Ordelikheid en reëlmaat	123
(ii) Taalbeheer en verstandelike ontwikkeling	123
(iii) Sosiale vorming	124
(iv) Die vorming van die kind se gemoed	125
4. Die Gesinsagtergrond van die Nywerheidskoolleerling	126
(a) Die beroepsfeer waaruit die nywerheidskool- leerling kom	127
(b) Die ekonomiese sfeer waaruit die nywerheid- skoolleerling afkomstig is	129
(c) Die grootte van die gesin	130
(d) Die woning van die nywerheidskoolleerling	133
(e) Die ouers van die nywerheidskoolleerling	135
(i) Die ouderdom van die ouers	135
(ii) Die gesinstruktuur van die nywerheid- skoolleerling	137
(iii) Die versonke, slegte ouerhuis	138
(iv) Kerklike verband van ouers	140
5. Die Ouderdom, Skolastiese Prestasie en Verstands- peil van die Nywerheidskoolkind	140
(a) Kronologiese ouderdom	141
(b) Skoolstanderd ten tye van toelating	150
(c) Die moedertaal van die nywerheidskoolkind	156
(d) Leerlinge uit die buurstate	157
6. Samevatting	159

<u>HOOFSTUK VI</u>	- DIE PERSONEEL VAN DIE NYWERHEIDSKOOL	161 - 185
1. Inleiding		161
2. Samestelling.....		161
3. Persoonlike hoedanighede		163
4. Kwalifikasies en Opleiding		166
(a) Koshuisouers		166
(b) Die onderwysende personeel		169
(c) Aanvullende opleiding		175
5. Die Onderwyser-sielkundige		176
6. Die Hoof van die Nywerheidskool		179
7. Samevatting		183
<u>HOOFSTUK VII</u>	- DIE GEOGRAFIESE VERSPREIDING, LEERLINGKLAS- SIFIKASIE, ALGEMENE ORGANISASIE EN ADMINIS- TRASIE VAN DIE NYWERHEIDSKOOL	186 - 219
1. Die Geografiese Verspreiding : Gebrek aan Beplanning		186
(a) Ongunstige ligging van sommige skole		189
(b) Ondoeltreffende geboue		191
2. Die Noodsaaklikheid van Klassifikasie		198
(a) Afsonderlike skole		198
(i) Ras		199
(ii) Geslag		200
(iii) Ouderdom		200
(iv) Tipe kind		201
(b) Klassifikasie binne die nywerheidskool		208
3. Die Algemene Organisasie en Administrasie van die Nywerheidskool		213
(a) Sentrale beheer		214
(b) Plaaslike beheer		215
4. Samevatting		218
<u>HOOFSTUK VIII</u>	- DIE INHOUD VAN DIE NYWERHEIDSKOOL- ONDERWYS	220 - 238
1. Inleiding		220
2. Die Leerplan		220
(a) Uiteensetting		220
(b) Skoolonderrig		222
(c) Ambagsonderrig		228
(d) Nie-eksamenvakke		230
(i) Godsdiensonderrig		230
(ii) Liggaamlike opvoeding		232
(iii) Sang en musiek		234
(iv) Buite-skoolse aktiwiteite		234

3. Die Koshuis	236
4. Samevatting	237

HOOFSTUK IX - DIE OPVOEDINGSMETODE EN TUG VAN DIE
NYWERHEIDSKOOL 239 - 265

1. Algemene Inleiding	239
2. Die Behoeftte aan 'n „Nuwe Metodiek"	242
3. Die Gewysigde Jena-Plan	245
(a) Algemene grondslae en organisasie	245
(b) Opvoedkundige voordele van die Gewysigde Jena-Plan	247
4. Die Tug van die Nywerheidskool	253
(a) Algemene bepalinge	253
(b) Sekere gedrags- en persoonlikheidsafwykinge by die nywerheidskoolleerling	256
(c) Die tugmetode van die nywerheidskool	258
(i) Kennis van die kind en moontlike oorsake van oortredings	258
(ii) Die opvoedkundige tugmiddele	259
(1) Orde en roetine	260
(2) Persoonlike behandeling	261
(3) Leerlingbestuur	263
(4) Direkte tugmiddele	263
5. Samevatting	264

HOOFSTUK X - DIE NYWERHEIDSKOOL VIR DOGTERS 266 -287

1. Die Leerplan : Beperkte Beroepskeuse	266
2. Die Vormende Waarde van die Huishoudkundige Opleiding	276
(a) Doelstellinge	276
(b) Besondere onderwyshulpmiddele	279
(i) Die koshuis	280
(ii) Die organisasiehuis	283
(iii) Kleuterskole, moederkunde en kindersorg	285
(iv) Kulturele en sosiale vorming	285
3. Samevatting	286

HOOFSTUK XI - DIE NYWERHEIDSKOOL VIR KLEURLINGE 288 - 303

1. Historiese Oorsig	288
2. Ongunstige Ligging en Geboue-kompleks	290
(a) Ongunstige geografiese en sosiale ligging	291
(b) Ongunstige geboue-kompleks	292

3. Die Leerling : Sy Herkoms en Aard	293
4. Die Personeel	294
5. Skoolonderrig en Ambagsopleiding	296
6. Vryetydsbesteding	301
7. Samevatting	302
 <u>HOOFSTUK XII - UITPLASING EN NASORG</u>	304 - 327
1. Uitplasing : Algemene Beleid	304
(a) Sosiale Aangepastheid	306
(b) Die ouderdom van leerlinge by ontslag en die duur van hulle verblyf aan die nywerheidskool..	308
(c) Die skoolstander van leerlinge wat die nywer- heidskool verlaat	310
(d) Die nywerheidskoolkind en sy beroep	313
2. Nasorg	316
(a) Die behoefte aan naskoolse toesig en leiding ..	316
(b) Die huidige stelsel van nasorg i.v.m. nywerheidskole	318
(c) Die nasorgonderwyser en die uitplasingskoshuis	324
3. Samevatting	327
 <u>HOOFSTUK XIII - BEVINDINGS EN AANBEVELINGS</u>	328 - 337
1. 'n Kritiese Waardering	328
2. Bevindings	330
3. Aanbevelings	334
 <u>LITERATUURLYS</u>	338 - 349
A. Algemeen	338
B. Jaarverslae, Kommissierapporte, Amptelike Handboeke en ander publikasies	346
C. Ongepubliseerde Bronne	348
D. Koerante, Tydskrifte, Jaarblaai	349

TABELLE.Bladsy.

No. 1	'n Beraming van die omvang van Sorgbehoewendheid by die Blanke Jeug van die Unie van Suid-Afrika soos op 31 Maart 1951	9
No. II	Die Aantal Leerlinge in Nywerheidskole in Suid-Afrika gedurende die jare 1910 - 1917	63
No. III	Tabel aantonende die aantal personeellede aan nywerheidskole verbonde en die aard van betrekings bekleed 1918	79
No. IV	Distribusie van leerlinge volgens Ouderdom, Skoolstanderd en Ambagte, 1918	87
No. V	Beknopte weergawe van die ontstaan en ontwikkeling en huidige posisie van die nywerheidsskool in Suid-Afrika	100
No. VI	Nywerheidsskoolleerlinge geklassifiseer volgens Gronde van Toewysing	119
No. VII	Beroepe van Vaders van Nywerheidsskoolleerlinge..	128
No. VIII	Gesinsinkomste	129
No. IX	Getal kinders in gesinne waaruit leerlinge kom	131
No. X	Woonomstandighede van die Nywerheidsskoolkind ten tye van sy kommittering	133
No. XI	Maritale posisie van die ouers in die gesin van die nywerheidsskoolkind ten tye van kommittering	137
No. XII	Verskillende faktore wat bygedra het tot 'n toestand van ontredde in die ouerhuis van die Nywerheidsskoolkind	138
No. XIII	Drankmisbruik en Immoraliteit in die Ouerhuis van die Nywerheidsskoolkind ten tye van kommittering	139
No. XIV	Kerkverband van die ouers van die nywerheidsskoolkind ten tye van sy kommittering	140
No. XV	Die Ouderdomsverspreiding van blanke seuns ten tye van hul toelating tot die nywerheidsskool....	141
No. XVI	Skoolstanderdverspreiding van blanke Nywerheidsskoolleerlinge ten tye van hulle toelating	150
No. XVII	I.K.-verspreiding van 700 blanke nywerheidsskoolseuns	153
No. XVIII	Aantal Afrikaans- en Engelssprekende leerlinge aan Nywerheidskole gedurende die jare 1948 - 1952	156
No. XIX	Aantal blanke leerlinge van buite die Unie toegelaat aan nywerheidskole gedurende 1948-1952...	159
No. XX	Leerkrag en Huismoedervoorsiening aan nywerheidskole	166

No. XXI	Aantal Gekwalifiseerde en Ongekwali- fiseerde, Permanente en Tydelike Leerkragte aan Nywerheid- skole 1951 - 1954	172
No. XXII	Aantonende uit watter provinsie of streek nuwe- linge aan skole in 1951 en 1952 afkomstig was ...	188
No. XXIII	Klassifikasie van Nywerheidskole in Suid-Afrika..	202
No. XXIV	Aantal nuwe leerlinge elke maand toegelaat ge- durende 1952	210
No. XXV	Aantal Nywerheidskooldogters wat sertifikate na St. VI verwerf het en skoolverlaters gedurende 1947 - 1953	274
No. XXVI	Aantal leerlinge aan die Nywerheidskool te Ottery gedurende 1948 - 1953	290
No. XXVII	Ouderdom- en Skoolstanderddistribusie van Nuwe- linge aan die Nywerheidskool Ottery, 1952	297
No. XXVIII	Ouderdomsverdeling van leerlinge wat die nywer- heidskool verlaat het gedurende die tydperk 1948 - 1952	308
No. XXIX	Skoolstanderdverspreiding van blanke Nywerheid- skoolleerlinge ten tye van hulle ontslag	310
No. XXX	Skoolstanderdverdeling van die aantal leerlinge wat nywerheidskole vir leerlinge met normale intelligensie gedurende 1948 - 1952 verlaat het..	313
No. XXXI	Skoolstanderdverdeling van leerlinge wat nywer- heidskole vir leerlinge met subnormale intelli- gensie gedurende 1948 - 1952 verlaat het	313
No. XXXII	Aantal K.W. 50 vorms gedurende 1951 deur nywer- heidskole van Volkswelsynkantore ontvang	321

FIGURE.

I -	Ouderdomsverspreiding van nuwe Toelatings aan Nywerheidskole	143
2 -	Verspreiding van die Skoolstanderds van nuwe toe- latings aan nywerheidskole	151
3 -	Verhouding van Afrikaans- teenoor Engelssprekende leerlinge in nywerheidskole vir blankes gedurende die jare 1948 - 1952	158

GRAFIEKE.

I -	Grafiek aantonende die leerlingtal aan Nywerheid- skole gedurende die jare 1917 - 1937	85
II -	Grafiek aantonende die jare waarin die nywerheid- skole gestig is en die totale aantal leerlinge in die skole in daardie jare.....	99
III -	Verspreiding van Ouderdomme van ouers tydens kom- mittering van kinders	136

IV -	Persentasie vertraagde Nywerheidskoolleerlinge ten tye van hulle toelating	152
V -	Persentasie I.K.-verspreiding van nywerheidskoolleerlinge	155
VI -	Grafiek aantonende die verhouding tussen leerlinge wat direk na nywerheidskole gekommitteer word, wat jaarliks van kinderinrigtings oorgeplaas word en wat van die een nywerheidskool na die ander oorgeplaas word. 1946 - 1953	204
VII -	Vergelykende Grafiek om die skoolvordering van leerlinge tydens hulle verblyf aan die nywerheidskool aan te toon	312

KAARTE.

I -	Geografiese verspreiding van nywerheidskole in die Unie van Suid-Afrika	187
II -	Geografiese verspreiding van Volkswelsynkantore in die Unie in 1951	320

DIE NYWERHEIDSKOOL AS ONDERWYS- EN OPVOEDINGSINRICHTING
IN SUID-AFRIKA.

HOOFSTUK I.

PROBLEEMSTELLING.

1. BEPALING VAN DIE BEGRIP NYWERHEIDSKOOL.

(a) Die sorgbehoewende kind.

Met nywerheidskool word in hierdie verhandeling bedoel daardie bepaalde staatskool in Suid-Afrika wat kragtens artikel 38(1) van die Kinderwet, Wet No. 31 van 1937, deur die Minister van Onderwys, Kuns en Wetenskap opgerig en in stand gehou word vir die opname, onderhoud, onderrig en opvoeding van seuns en dogters wat ingevolge artikel 29 van dieselfde wet deur 'n kinderhof daarheen verwys word of wat op las van die Minister ooreenkomstig sub-artikel 47 daarheen oorgeplaas word.

Ooreenkomstig artikel 29(1) mag 'n kinderhof, nadat hy hom deur 'n behoorlike ondersoek vergewis het dat 'n kind sorgbehoewend is, gelas, onder andere, dat so 'n kind na 'n nywerheidskool gestuur word.

Die nywerheidskool word dus vir 'n bepaalde soort kind opgerig, nl. die kind wat sorgbehoewend is. Artikel I van die Kinderwet omskryf sorgbehoewendheid en bepaal dat 'n „sorgbehoewende kind" beteken 'n kind -

- (a) wat behoeftig is; of
- (b) wat geen ouer of voog het nie, of wat ouers of 'n ouer of voog het wat geen behoorlike toesig oor die kind uitoefen nie, of onbevoeg is om sodanige toesig uit te oefen; of
- (c) wat in die sorg van 'n persoon is wat skuldig bevind is aan 'n misdryf vermeld in die Eerste Bylae ¹⁾ tot hierdie Wet, begaan ten opsigte van of in verband met daardie kind; of

1) Die Eerste Bylae verwys na die volgende misdrywe : Ontvoering, kinderdiefstal, aanranding, enige seksuele misdryf, enige misdryf waardeur 'n kind beseer word, en enige misdryf ingevolge Hoofstuk III van die Kinderwet.

- (d) wat nie deur sy ouers of voog of die persoon in wie se bewaring hy is, beheer kan word nie; of
- (e) wat hom dikwels aan skoolversuim skuldig maak; of
- (f) wat omgaan met 'n onsedelike of slegte persoon, of wat andersins onder omstandighede leef wat waarskynlik die verleiding, verslegting of prostitusie van die kind sal veroorsaak of in die hand sal werk; of
- (g) wat bedel of synde minder as sestien jaar oud straathandel dryf binne die regsgebied van 'n plaaslike bestuur na die datum vasgestel ooreenkomstig die bepalings van die tweede voorbehoudsbepaling op sub-artikel (1) van artikel negentien tensy daardie plaaslike bestuur deur middel van verordenings kragtens artikel twintig of 'n ander wet voorgeskryf het dat so 'n kind daardie soort straathandel mag dryf, of anders as ooreenkomstig verordenings ingevolge artikel twintig uitgevaardig; of
- (h) wat onderhou word weg van sy ouers of voog onder huislike omstandighede wat met die belang van die kind in stryd is en wie se ouers of voog nie opgespoor kan word nie, of versuim het om behoorlike voorsiening vir die versorging en bewaring van die kind te maak, alhoewel hul aangesê is om dit te doen.

Volgens bogenoemde omskrywing is „sorgbehoewendheid” 'n taamlike wye begrip en 'n hele paar tipes kinders kan daaronder ingesluit word. Die hoofbeginsel van die Kinderwet is egter die beskerming van die lewe en belange van kinders¹⁾ en vir sover dit die sorgbehoewende kind betref, word daar van misdaad of kriminele oortredings geen melding gemaak nie. En omdat die nywerheidskool vir die sorgbehoewende kind opgerig word, is dit dus nie bedoel vir jeugdige misdadigers nie. Die moontlikheid dat 'n kind wat

1) Vgl. Van Reenen: Handbook on the Children's Act, 4.

in een of ander misdaad verval het na 'n nywerheidsskool verwys kan word, is egter nie uitgesluit nie. Dit word aan die hof oorgelaat om te besluit of 'n kind sorgbehoewend is. Indien die regbank gedurende die verhoor van 'n kind ten opsigte van vermeende misdaad tot die oortuiging geraak dat die betrokke kind sorgbehoewend is, kan die gewone verhoor gestaak word¹⁾ en so 'n kind kan dan voor 'n kindershof verskyn waar daar met hom gehandel kan word ooreenkomstig artikels 28 en 29 van die Kinderwet. Selfs nadat 'n vonnis uitgespreek is, kan daar nog bevind word dat so 'n kind sorgbehoewend is. Sodanige skuldigbevinding verval dan „en word geacht niet uitgesproken geworden te zyn.“²⁾

'n Kind word onder geen omstandighede na 'n nywerheidsskool gevonnis nie. Dit is belangrik om laasgenoemde feit hier te beklemtoon omdat daar by die publiek die vry algemene opvatting bestaan dat kinders na nywerheidsskole gevonnis word, en selfs die ouers van sulke kinders is soms die mening toegedaan dat hulle kinders „tyd“ of „straf“ uitdien aan die skool.³⁾ Die feit dat die nywerheidsskoolleerling wetsbestee is, het van vroeg af reeds aanleiding tot hierdie wanopvatting gegee.⁴⁾ Genoemde feit is ook belangrik omdat daar andersins nie maklik onderskei sal kan word tussen die nywerheid- en verbeteringsskool nie.

(b) Die verskil tussen die nywerheid- en verbeteringsskool.

T.H. van Reenen⁵⁾ verwys na die voorafgaande aspek in die volgende woorde: "It must be noted that a juvenile offender who has been convicted cannot be sentenced to be sent to an industrial school. A juvenile offender can be sentenced to detention

1) Artikel 102 van die Kinderwet.

2) Artikel 102 van die Kinderwet. ('n Toevoeging tot art. 336 van Wet No. 31 van 1917.)

3) Uit korrespondensie van ouers van leerlinge met hoofde van nywerheidsskole.

4) Report of the Secretary for Education 1919, 49.

5) Van Reenen: Handbook on the Children's Act, 57.

in a reformatory, but there is no such sentence as detention in an industrial school." Ter stawing haal hy aan uit 'n hofuitspraak, Prokureur-Generaal vs. Addisionele Magistraat, Johannesburg, 1924, waar bepaal is dat "an order to be detained in an industrial school is not a sentence at all. It is given solely in the best interests of the child and with no idea of punishment." 'n Vonnis na 'n verbeteringskool word gereken as 'n vorige veroordeling terwyl daar geen sweem van 'n vonnis by die toewysing van 'n kind na 'n nywerheidskool is nie. Hierdie onderskeiding is van belang, afgesien van die wetlike aspek daarvan, aangesien daar andersins moeilik onderskei sal kan word tussen die twee soorte inrigtings. Dat die nywerheidskool nie vir die misdadige kind bedoel is nie, is ook die mening van die regbank, soos uitgespreek in dieselfde saak hierbo aangehaal, waarna van Reenen¹⁾ verwys: "Regard must be had to the danger the juvenile offender may turn out to be to the other youthful inmates of the institution who have found their way therein wholly unconnected with the commission of any crime or offence."

In die Kinderwet word nywerheid- en verbeteringskole nie omskryf nie; daar word slegs bepaal dat sulke inrigtings opgerig kan word²⁾, verder word 'n "kind" en "sorgbehoewendheid"³⁾ omskryf en word daar bepaal dat 'n kind wat weens 'n misdaad gevonniss is, na 'n verbeteringskool gevonniss kan word. Die diskresie van die hof in hierdie opsig is betreklik wyd⁴⁾ en in die verlede is in amptelike kringe reeds die vrees gekoester vir moontlike verkeerde hofbeslissings. In 1918 het die destydse Onder-Sekretaris van Onderwys⁵⁾ verklaar dat daar vir hom geen twyfel bestaan het dat daar kinders in verbeteringskole verkeer het vir geringer oortredings as dié waarvoor ander kinders na nywerheidskole gestuur is,

1) Van Reenen: Handbook on the Children's Act, 57.

2) Artikel 38(1) en (ii) van die Kinderwet, Wet No. 31 van 1937.

3) Artikel 1 van die Kinderwet.

4) Vgl. Marsh : The Problem of the Child Delinquent, 2.

5) Report of the Under Secretary for Education 1918, 64.

aangesien „the borderline between the occasions for committing children in some cases to a reformatory and in other to an industrial school is often more than imaginary " Daar kan geredelik aanvaar word dat langer ervaring in verband met die administrasie van die Kinderwet en van die praktiese toepassing daarvan meer duidelikheid sou meegebring het; tog het prof. M.C. Botha ¹⁾ in sy hoedanigheid van Sekretaris van Onderwys in 1938, na die aanname van die huidige Kinderwet, in amptelike korrespondensie met die toenmalige Sekretaris van Volkswelsyn die feit beklemtoon dat 'n duidelike definisie van die verbeteringskool ontbreek en dat magistrate soms onseker is oor hoe om op te tree. En aangesien laasgenoemde inrigtings sedert 1934 onder dieselfde onderwysdepartement ressorteer „kan die verskil uit die oog verloor word - tot groot skade van die betrokke kind."

Sedert die oorname van die verbeteringskole in 1934 deur die Unie-Onderwysdepartement het hierdie inrigtings ontwikkel tot suiwerder opvoedkundige instellings. Die vakopleiding, huisvesting, voedsel en opvoedkundige geestesstem dan ook in hoofsaak ooreen met die wat in die nywerheidskole aangetref word, maar die daaglikse dissipline en vrylating is volgens W.A. Willemse ²⁾ veel strenger in die verbeteringskool. In laasgenoemde aspek lê volgens T.H. van Reenen ³⁾ dan ook die vernaamste verskil tussen die twee soort inrigtings opgesluit.

Albei soorte skole word kragtens die bepalings van die Kinderwet opgerig; albei staan onder die beheer van die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap; albei is beroepsskole in 'n sekere sin en volg in hoofsaak dieselfde leerplanne. Tog is dit volkome duidelik dat die verbeteringskool bedoel is

1) Ampsbrieff van die Sekretaris van Onderwys, aan die Sekretaris van Volkswelsyn, No. 47 gedateer 30.7.38. (Uit die amptelike lêers van die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap.)

2) Willemse : Die Sorg vir ons Kinders en Jeugdiges, 96.

3) Van Reenen : Handbook on the Children's Act, 48.

vir die kind of jeugdige wat hom aan een of ander misdaad skuldig gemaak het, maar, wat met die oog op sy jeug en die moontlikheid van rehabilitasie onder opvoedkundige in plaas van tronkbehandeling, na 'n verbeteringskool liewer as na 'n gevangenis gestuur word. Die behandeling aldaar berus op opvoedkundige beginsels, maar die feit bly onweerlegbaar dat die kind om ander redes na 'n verbeteringskool as na 'n nywerheidskool gestuur word. Hierdie stelling word bewys deur slegs te let op die redes waarom kinders na die twee soorte inrigtings gestuur word. Volgens amptelike opgawes¹⁾ is 61% van die nuwelinge wat in 1952 tot nywerheidskole toegelaat is, daarheen verwys op grond van behoefte of die feit dat die kind nie ouers of voogde gehad het nie. Die res is weens onbeheerbaarheid toegelaat of omdat die kind onder omstandighede gelewe het wat skadelik vir sy welsyn sou wees. In dieselfde jaar is 52.5% van die nuwe blanke toelatings aan verbeteringskole weens gewone diefstal, 47.5% weens huisbraak en die res weens ander oortredings toegelaat.²⁾ Daar moet dus tussen die nywerheidskool en verbeteringsinrigting onderskei word hoofsaaklik op grond van die soort leerling wat toegelaat word. Omdat die verbeteringskool die jeugdige misdadiges toelaat, sal sy organisasie en personeelsamestelling noodwendig verskil van dié van die nywerheidskool. Dissipline aan eersgenoemde is veel strenger as by die nywerheidskool en opsigters word in die personeel aangetref en opsluitlokale op die terrein. Sodanige personeel en geboue vir daardie doel is by die nywerheidskool nie nodig nie.

(o) Die verskil tussen die nywerheidskool en hoër tegniese skool.

Ten einde die begrip nywerheidskool duidelik te omskryf, sal dit nodig wees om ook te onderskei tussen laasgenoemde en die hoër tegniese skool.

1) Jaarverslag van die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap, 1953 en 1954, 44.

2) Ibid, 18.

Die hoër tegniese skool word ook beheer deur die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap, verskaf ook beroeps-, in besonder, tegniese onderwys; volg in hoofsaak dieselfde leerplanne as die nywerheidskool, maar daar moet weereens onderskei word op grond van die soort leerling wat toegelaat word en wat die organisasie en die aard van die skool op sy beurt bepaal.

Soos sy naam aandui, is die hoër tegniese skool 'n middelbare inrigting wat post-primêre leerlinge toelaat. Behalwe in enkele gevalle, laat die nywerheidskool primêre sowel as meer gevorderde leerlinge toe. Die leerling aan die hoër tegniese skool skryf hom in aan die skool uit eie vrye keuse met 'n spesifieke wens en doel, naamlik om opgelei te word vir een of ander beroep. Die ouers bly verantwoordelik vir die kind solank as hy aan die skool vertoef en is vry om die kind uit die skool te verwyder mits dit nie in stryd met onderwysregulasies is nie. Na sy opleiding aan die hoër tegniese skool is hy aan geen nasorgdienste onderhewig nie. Die nywerheidskoolleerling word gewoonlik onder die toesig van 'n proefbeampte van die Departement van Volkswelsyn uitgeplaas.

Die hoër tegniese skool funksioneer ook onder 'n ander wet, naamlik die Wet op Beroepsonderwys, No. 70 van 1955, wat artikel 20 van die „Hoger Onderwys Wet" van 1923 en die Wet op Beroepsonderwys van 1928 vervang het. Die huidige hoër tegniese skool het ontwikkel uit die ambagskole van vroeër wat ook dikwels bekend gestaan het as „industriële skole" en sodoende aanleiding gegee het tot die verwarring wat in verband met die twee soorte skole ontstaan het. Soos in hoofstuk II aangetoon word, is die ambagskool gestig vir die behoeftige blanke kind. Die industriële of nywerheidskool het later ontstaan en sou die sorgbehoewende kind opneem.

Die verskil in die soort leerling wat ingeskryf word aan die hoër tegniese en nywerheidskool bring 'n verskil in die doelstellinge van die twee skole mee sowel as in die algemene organisasie. Uit die aard van die saak kan verwag word dat die leerling van die hoër tegniese skool 'n groter mate van vryheid geniet as die kind aan die nywerheidskool en by die eersgenoemde skool is dit 'n natuurlike verskynsel dat die hoofklem op onder- rig en opleiding val; aan die nywerheidskool op opvoeding en her- opvoeding.

Opsommend kan die posisie dan as volg gestel word: Die verbeteringsgestig, die nywerheidskool en die hoër tegniese skool dek elkeen 'n afsonderlike terrein en poog om te voorsien in die behoeftes van 'n bepaalde soort kind. Die verbeteringskool ontvang die „meer geharde tipes“¹⁾ en die jeugdige misdadiger; die nywerheidskool die sorgbehoewende kind wat as gevolg van be- hoeftigheid en verwaarlosing in die hande van die staat gestel word en „die jonger blanke leerling van wie die persoonlikheid nog plooibaar is en wat nog deur verskuiwing na 'n gesonde gedissipli- neerde omgewing goeie kans het om gerehabiliteer te word.“²⁾ Na die hoër tegniese skool vind die leerling sy weg indien hy sou besluit om beroeps- of tegniese opleiding te ontvang. Sy ouers bly verantwoordelik vir hom.

Daar word ook op ander wyses vir die sorgbehoewende en behoeftige kind in Suid-Afrika voorsiening gemaak. In daardie verband is die werk van die diakonieë van die onderskeie Afrikaanse kerke welbekend sowel as die maatskaplike sorg wat verrig word deur die talle kerklike verenigings en liggame. Daar bestaan ook talle gesertifiseerde inrigtings³⁾ waarheen die sorgbehoewende kind krag- tens artikel 29(b) van die Kinderwet gestuur kan word i.p.v. na 'n nywerheidskool. Trouens, die nywerheidskool maak slegs voorsie- ning vir 'n geringe gedeelte van die sorgbehoewende, blanke kinder-

1) Jaarverslag van die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap, 1952, 17.

2) Ibid, 17.

3) Van Reenen: Handbook on the Children's Act, 314 - 324.

bevolking van Suid-Afrika, soos weerspieël in Tabel I hieronder. Hierdie gegewens is die jongste gepubliseerde syfers.

TABEL I.¹⁾

'n Beraming van die omvang van Sorgbehoewendheid by die Blanke Jeug van die Unie van Suid-Afrika soos op 31 Maart 1951:

Aantal gekommitteerde kinders in 57 geregistreeerde inrigtings	816
Aantal nie-gekommitteerde kinders in dieselfde inrigtings	1811
Aantal gekommitteerde kinders in 62 gesertifiseerde inrigtings	4407
Aantal nie-gekommitteerde kinders in dieselfde inrigtings	1115
Aantal kinders in 5 plekke van veiligheid en aanhouding onder private beheer	43
Aantal kinders in 16 staatsinrigtings van veiligheid en bewaring	339
Aantal kinders in 11 gesertifiseerde tehuise	390
Aantal kinders in 15 nywerheidskole	2039
Aantal kinders in twee verbeteringskole	284
A. TOTALE AANTAL KINDERS IN 168 INRIGTINGS	11,885
Aantal kinders onder toesig van die Departement van Volkswelsyn:	
Jeugmisdadigers	383
Kinderhofgevalle	2629
Nasorggevalle:	
Verbeteringskole	107
Gesertifiseerde Tehuise	55
Kinderinrigtings	1685
Nywerheidskole	1373
Volkswelsyninrigtings	3
B. TOTALE AANTAL KINDERS ONDER TOESIG	6,238
C. AANTAL BESKERMDE JONG KINDERS	641

Benewens die aantal kinders in inrigtings was daar op 31.1.1950 nog 796 kinders by pleegouers aan wie staatstoelaes betaal is en 16,877 by hulle eie ouers aan wie ook staatstoelaes betaal is. Ons kan geredelik aanneem dat die syfers 'n jaar later ongeveer dieselfde sou gewees het. Daar was dus in 1951 byna twaalfduisend kinders in inrigting, terwyl 'n verdere 6,238 onder reg-

1) Uit die Jaarverslag van die Dept. van Volkswelsyn 1949-51.

streekse toesig gestaan het. Tesame met die aantal wat by pleegouers teen vergoeding ingewoon het, was daar in 1951 byna 19,000 blanke sorgbehoewende kinders in die Unie van Suid-Afrika. Daarvan was 2039 nog in nywerheidskole en 1373 onder toesig nadat hulle die skool verlaat het.

2. DOEL EN AFBAKENING VAN DIE ONDERSOEK.

Elke menslike geslag het te kampe met die probleem van die afhanklike en sorgbehoewende kind. Dit was die geval in die verlede en dit sal waarskynlik in die toekoms ook so wees. Die wyse waarop daar in die verlede vir hierdie kinders versorg is, het verskil van volk tot volk en het selfs gewissel van tyd tot tyd by dieselfde volk. Daar was ook tye in die geskiedenis van die mens toe hierdie kind aan sy droewige lot van verwaarlosing en ontbering oorgelaat is, of op skaamtelose wyse deur gewetenlose volwassenes vir eie gewin uitgebuit is; trouens dit is maar sedert die vorige eeu dat daar in die westerse lande daadwerklike pogings aangewend is om deur wetgewing of maatskaplike sorg beskerming aan sorgbehoewende kinders te verleen. Daar is nie maklik op die ouerlike gesag ingegryp nie, en kinders het daaronder gely. Hierdie houding moet heel waarskynlik toegeskryf word aan die opvatting van absolute vadersgesag soos bekend was onder die Jode, Grieke, Romeine en ander volke.¹⁾

Suid-Afrika het ook te doen met 'n ernstige vraagstuk van sorgbehoewendheid onder die blanke jeug, soos weerspieël in Tabel I op bladsy 9. Daar is egter nog nie veel diepgaande navorsing op die gebied van kindersorg in hierdie land gedoen nie en daar bestaan 'n groot mate van onkunde by die algemene publiek oor die werk wat in die kinderinrigtings en staatskole in verband met die sorgbehoewende kind gedoen word.

1) Baylor & Monachesi : The Rehabilitation of Children 1. Vgl. ook Cronje : Egskeiding en Huweliks- en Gesinsontbinding, 33.

Die goeie ouerhuis is vanselfsprekend die beste en ideale omgewing vir die versorging, ontwikkeling en opvoeding van die kind. Die ouerhuis verskaf 'n beskermende dog prikkelende milieu vir die fisiese, verstandelike en geestelike ontwikkeling van die kind vanaf geboorte en aanvanklike hulpeloosheid totdat volwassenheid en selfstandigheid bereik word - 'n milieu wat deur geen plaasvervangende tuiste ooit volkome vervang kan word nie. Die ouerhuis voorsien meer as enige ander instelling in die diepste geestelike behoeftes van die opgroeiende kind. Oor die opvoedende en vormende waarde van die goeie ouerhuis is gesaghebbendes op die gebied van die kinderopvoeding en kindersielkunde dit eens.¹⁾ Volgens prof. J. Chris Coetzee²⁾ is die huislike opvoeding „die begin en die grondslag van alle ware opvoeding van die kind."

Elke volk het egter sy kinders wat die voorreg en die geboortereg van 'n eie, beskermende ouerhuis moet ontbeer. Sommige van hierdie kinders het nooit 'n ouerhuis geken nie, ander het hulle ouers later in hulle lewe deur die dood of ander omstandighede verloor en sommige is uit hulle ouerhuis verwyder omdat laasgenoemde en/of die lewensomstandighede daar nie voldoen het aan die eise wat die samelewing stel vir die gesonde groei en opvoeding van die kind nie. Vir hierdie kinders moet 'n plaasvervangende tuiste

-
- 1) Aichhorn : Wayward Youth, 82.
Banay : Youth in Despair, 71 - 73.
Bowley : The Psychology of the Unwanted child, 2 - 5.
Burlingham and Freud : Infants without families, 98.
Cameron : The Psychology of Behaviour Disorders, 31 - 34.
Coetzee : Vraagstukke van die Opvoedkundige Politiek, 40.
Ons en Ons Kinders, 43 - 56.
De Jongh : Kinderbeskerming is Kinderopvoeding, 12 - 32.
Folsom : Family and Education, 29.
Horrocks : The Psychology of Adolescence, 34.
Keyter : Opvoeding en Onderwys, 88.
Dringende vraagtekens in Ons Opvoeding en Onderwys, 80 - 83.
Kerklike Kommissie van Onderzoek : Kerk en Stad, 204.
Maslow and Mittelmann : Principles of Abnormal Psychology, 207.
Meek : The Personal-Social Development of Boys and Girls with implications for Secondary Teaching, 26 - 36.
Roucek : Sociological Foundations of Education, 113 - 119.
Stellwag : Moeilikheden by de Opvoeding, 22 - 28.
Van Waters : Youth in Conflict, 63 - 64.
Young : Personality and Problems of Adjustment, 331-342 en andere.
- 2) Coetzee : Die eerste beginsels van die Calvinistiese Opvoeding, 43.

gevind word. Hierdie twintigste eeu met sy verbysterende ontwikkeling op die gebied van die wetenskap en tegniek het hom ook onderskei deur grootskaalse vooruitgang op die gebied van maatskaplike kindersorg. Ook Suid-Afrika beskerm die regte en lewe van sy kinders. Vir hierdie doel is die Kinderwet, Wet No. 31 van 1937, op die wetboek geplaas. Die Staat subsidieer ook kerklike en ander kinderinrigtings wat gesertifiseer is en maak ook, soos reeds aangedui, kragtens die bepalings van die Kinderwet voorsiening vir die oprigting en instandhouding van nywerheidskole vir die sorgbehoewende kind. Daar is tans sestien sulke skole in Suid-Afrika. Hierdie soort skole en die opvoedingswerk wat daar verrig word, is by die algemene publiek en onderwyskragte buite die skole van die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap vrywel onbekend. Hierdie begryplike onkunde by persone wat gewoonweg min te doen kry met die werksaamhede van die nywerheidskool word egter onbegryplik en onverskoonbaar waar dit amptelike instansies wat direk gemoeid is met die uitvoering van die bepalings van die Kinderwet, raak. Hierdie onkunde en vooroordeel wat dikwels uit sulke onkunde spruit, belemmer die verlangde samewerking en bemoeilik dikwels die werk van die nywerheidskole.¹⁾ Soos die toestand vandag is, berus die administrasie van die Kinderwet by drie staatsdepartemente: Die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap wat vir die beheer van die nywerheid- en verbeteringskole verantwoordelik is; die Departement van Justisie wat vir judisiële funksies deur kinderen ander howe verantwoordelik gestel word en die Departement van Volkswelsyn wat vir die administrasie van die resterende bepalings verantwoordelik is. In latere hoofstukke sal aangetoon word hoe noodsaaklik dit is dat die verskillende staatsdepartemente kennis moet dra van mekaar se verpligtinge en hoe onderlinge samewerking in belang van die sorgbehoewende kind 'n sine qua non is. 'n Deurtastende studie van die nywerheidskoolwese kan in daardie verband nuttig wees.

1) Vide Jaarverslag van die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap 1950, 17.

Sommige kinders vertoef jare aan die nywerheidskool. Hulle woon daar, word daar gevoed en geklee; geniet hulle onderwys daar en hulle opvoeding. Die nywerheidskool is vir sulke kinders die finale afronding voordat hulle die lewe instap, aangesien sommige sulke kinders geen ouers of naasbestaendes besit wat ook hulp kan verleen nie. Die skool moet dus in sulke gevalle en in baie opsigte die plek van die ouerhuis sowel as dié van die skool vervul en dit is daardie taak en verantwoordelikheid wat onder andere in hierdie verhandeling ondersoek word.

Benewens die behoud van die kind en die heropbouing van verknoeië mensemateriaal wat dikwels die taak van die nywerheidskool is, is laasgenoemde ook beroepskool en lewer saam met ander tegniese inrigtings van die land 'n bydrae tot die opleiding van vaklui wat die geskoolde werk in die nywerheid van die land moet vul. Hierdie aspek van die nywerheidskoolwese word selde in amptelike kringe vermeld en gewoonlik word slegs na die rehabilitasie-aspek verwys. Daar word vergeet dat rehabilitasie deur prestasie 'n opvoedkundige eis is en eers wanneer die kind geleer het om te arbeid, te skep en 'n konstruktiewe bydrae te lewer ter wille van homself en die maatskappy, kan daar sprake wees van ware rehabilitasie.

Vir sy leerling is die nywerheidskool dus plaasvervangende ouerhuis, skool en beroepsopleidingsentrum, en in hoeverre dit moontlik en wenslik is, word in hierdie verhandeling nagegaan.

Daar is seker min gebiede waar daar elke dag soveel probleme opduik as in die onderwys. Dit is hoofsaaklik omdat daar met die opgroeiende mens gewerk word, en die mens is 'n dinamiese wese. Verder verskil die een persoon en kind boonop van die ander ten opsigte van fisiese voorkoms, intellek, temperament, persoonlikheid en karakter. En wat die vormingsproses nog ingewikkelder maak, is die feit dat die omgewing ook voortdurend nog sy stempel op die mens en in besonder op die groeiende kind afdruk. Die opvoeder is maar te deeglik bewus van hoe vatbaar die kind is vir

die gedurige inwerking van omgewingsinvloede en watter rol daardie invloede speel in die vorming van die onrype kind. Die huislike milieu met sy subtiele inwerking en invloed van mens op mens, van ouers op kinders en omgekeerd, van broers en susters op mekaar; die invloed van die onmiddellike omgewing, die grootte van die woning, die agterplaas, die speelplek, die buurt, die vrye-tydsbesteding, die maats, die dorp, die stad, ens., is almal faktore wat op die dinamiese gees van die kind inwerk en die onderwyser, veral hy wat sy arbeidsveld in die nywerheidskool vind, sal voortdurend rekening moet hou met daardie invloede en agtergrond as hy die leerling wil begryp en help. Hy het dikwels met die verwronge en verknoei produk van die omgewing, of/en met nederige of minderwaardige erfmassa te doen. Elke kind bring immers, soos J.M. Cooper ¹⁾ dit stel, met hom na die inrigting „a complete set of habits already formed or in a process of formation, a character already moulded by innumerable hereditary and acquired influences, by his previous environment as well as by his individual physical, intellectual and temperamental make-up." Hulle kom met hulle verborge en openlike vrese, verwagtinge, frustrasies, beskouinge, gelofies, waardes en die standarde van hulle eie maatskaplike herkoms en agtergrond in die diepste wese van hulle persoonlikheidsstruktuur gegriffee. In hierdie verhandeling sal nagespoor word met watter soort kind die nywerheidskool te doen kry en wat die opvoedkundige taak van die skool is teenoor daardie kind wie se persoonlikheid en karakter dikwels verknoei is, maar wat tog nog skepsel Gods is. Dat die skool 'n spesifieke taak het, is duidelik, want soos J.L. Mursell ²⁾ dit stel „the class-room teacher may not be able to add to the pupil's natural endowment, but he can assist him to use to the limit such capacity as he has."

1) Cooper : Children's Institutions, 71. Vgl. ook Murphy: The Dependent Boy, 34, en British Home Office : Making Citizens, 11.

2) Mursell : The Psychology of Secondary School Teaching, 22.

Die nywerheidskool het, soos in latere hoofstukke aangetoon sal word, hoofsaaklik te doen met kinders uit die laere en swakker ekonomiese en maatskaplike strata van die bevolking en met die skolasties vertraagde leerling. Dit skep op sigself weer ander en nuwe opvoedkundige probleme en stel nuwe eise aan die opvoeder. Hierdie aspekte wil skrywer graag in sy verhandeling oor die nywerheidskoolwese na vore bring.

Die ontstaan en groei van die gedagte om die sorgbehoewende kind op staatskoste in staatskole op te neem, te versorg, te onderrig en op te voed, met ander woorde die ontstaan en ontwikkeling van die nywerheidskool, die huidige posisie van die skole in Suid-Afrika, vorm die onderwerp van hierdie ondersoek. Die onderwerp, naamlik DIE NYWERHEIDSKOOL AS ONDERWYS- EN OPVOEDINGSINRICHTING IN SUID-AFRIKA is met opset breed gestel. Dit was nodig omdat daar nog so min ondersoekingswerk op hierdie bepaalde terrein gedoen is en die veld moes as't ware verken word om die vraagstukke as 'n geheel geöriënteerd te kry. 'n Geheelbeeld van die vraagstuk van die nywerheidskoolwese kan dien as grondslag vir verdere ondersoekingswerk deur ander opvoedkundige navorsers. Die hoop word dan ook gekoester dat sekere aspekte wat in hierdie verhandeling oorsigtelik behandel word, noukeuriger ondersoek sal word sodat daar tot 'n grondiger kennis van die nywerheidskoolwese in Suid-Afrika geraak kan word.

Literatuur en bibliografie omtrent die nywerheidskool is skaars en 'n oorsigtelike relaas omtrent die soort skool is nog nie geskryf nie. Skrywer hiervan het hom ten doel gestel om die historiese feite omtrent die ontstaan, die groei en ontwikkeling van die nywerheidskool in Suid-Afrika na te spoor en sodoende 'n bydrae te lewer tot die geskiedskrywing van die onderwys in hierdie land en langs daardie weg terselfdertyd tot dieper kennis en insig van die nywerheidskoolwese te geraak.

In hierdie verhandeling sal dus gepoog word om die gang van sake histories na te gaan en in die lig van die kennis van die verlede, die huidige toestand te probeer begryp. Maatreëls, doelstellinge en beskouings van die verlede sal krities ontleed word, ook die wat misluk het, in die lig van daaropvolgende gebeurtenisse, ten einde tot insig en begrip van die wese van die nywerheidskool te kom.

Die doel van hierdie ondersoek kan dan kortliks as volg opgesom word:

(a) Om die geskiedkundige ontwikkeling van die nywerheidskool in Suid-Afrika na te spoor, met 'n verwysing na die stelsels wat oorsee gevolg word, aangesien ons, veral in die aanvangsjare, die lig in oorsese lande aangesteek het, en vandag nog invloed uit daardie geweste ten opsigte van ons kinderwette en kindersorg ondervind;

(b) Om ondersoek in te stel na die doelstellinge van die nywerheidskool, na die kind wat toegang tot die nywerheidskool vind, na die inhoud en leerboek van dié soort skool, na sy metode en tegniek, na sy dissipline en tug, na sy organisasie, na sy personeel en die nasorg in verband met die kind wat die skool verlaat het.

3. GEBRUIKTE METODES EN BRONNE.

By hierdie ondersoek het dit nodig geblyk om van verskeie metodes gebruik te maak. Dit was onvermydelik maar terselfdertyd huldig skrywer die sienswyse dat die metode bepaal moet word deur die aard van die vraagstuk wat ondersoek word. Die metode is dus bepaal al na gelang van die vereistes van die bepaalde stap in die verloop van die ondersoek.

So is daar ruim gebruik gemaak van die historiese metode, en in hierdie opsig is daar, by wyse van inleiding, gebruik gemaak van gegewens wat voorheen deur ander vermeld is, maar hoof-

saaklik is van die volgende primêre bronne gebruik gemaak: Amp-
telike jaar- en ander verslae en publikasies van die onderskeie
onderwysdepartemente en -owerhede, onderwys- en kindernetgewing,
inspekteursrapporte en prinsipaalsverslae, raadsnotules, leer-
lingraadverslae, skoolannale en -jaarboeke, log- en rekordboeke
van hoofde, briewe van skole, leerlinge, oud-leerlinge, ouers en
ander amptelike dokumente wat op die onderwys in die algemeen en
op nywerheidskole in die besonder betrekking het. Literatuur oor
hierdie onderwerp is skaars.

Die ondersoeker het ook die feite in verband met
die nywerheidskoolwese in Suid-Afrika op empiriese wyse onder-
soek, d.w.s. deur ervaring en waarneming.

Skrywer is verbonde aan die Departement van Onder-
wys, Kuns en Wetenskap en jarelangeervaring van die opvoedkundige
werk aan die nywerheidskool het by hom 'n innige belangstelling
in die sorgbehoewende kind gaande gemaak en hy het terselfdertyd
bewus geword van probleme aan die skole. Besoek is aan die meeste
nywerheidskole gebring, waar deur onderhoude met hoofde, personeel-
lede en leerlinge, sowel as deur 'n studie van omstandighede, feite
in verband met die huidige toestand aan die nywerheidskool en die
wyse waarop die skool funksioneer, ingesamel is.

Deur die Departement van Onderwys, Kuns en Weten-
skap is goedgunstiglik toegang tot amptelike lêers in verband met
die skole en hulle leerlinge verleen. Sodoende kon kwantitatiewe
gegewens ingesamel word, en kon die huislike agtergrond van meer
as 'n duisend nywerheidskoolleerlinge bestudeer word, sowel as
hulle sosio-ekonomiese posisie en ander sake rakende hulle herkoms.

Uiteindelik is daar ook van die teoreties-wetenskap-
like metode gebruik gemaak om die huidige omstandighede aan die
nywerheidskole te beoordeel aan erkende opvoedkundige norme.

4. SAMEVATTING.

Die nywerheidskool wat in Suid-Afrika 'n suiwer staatsinstelling is, word opgerig en in stand gehou vir kinders wat sorgbehoewend bevind word kragtens bepalings van die Kinderwet.

Van die ongeveer 12,000 blanke kinders wat hulle jaarliks in kinderinrigtings bevind, is ongeveer 2,000 verbonde aan die vyftien nywerheidskole vir blanke leerlinge. Daar bestaan een nywerheidskool vir kleurlingseuns.

Alhoewel dit moontlik is, en dit ook in die praktyk voorkom, dat 'n kind wat 'n misdaad gepleeg het na 'n nywerheidskool verwys kan word, is laasgenoemde inrigting nie vir jeugdige misdadigers bedoel nie. Op grond van die leerling wat toegelaat word, kan daar onderskei word tussen die nywerheid- en verbeteringskool, en tussen die nywerheid- en hoër tegniese skool. Kommittering na 'n nywerheidskool word nie bedoel om as vonnis te dien nie.

Die nywerheidskool is in breër kringe betreklik onbekend; literatuur is skaars en min ondersoekingswerk is nog op hierdie gebied gedoen. Die onderwerp is derhalwe breed gestel om sodoende 'n geheelbeeld van die vraagstuk te probeer verkry. Die vraagstuk word ook van verskillende kante benader om 'n antwoord te soek op die verskillende grondvrae van die opvoeding, soos in verband gebring met die nywerheidskool, nl. die doel, die opvoedeling, die inhoud, die metode en tug, en die organisasie en administrasie.

HOOFSTUK 11.

MAATSKAPLIKE SORG EN ONDERWYSINRICHTINGS VIR DIE BEHOEFTIGE EN SORGBEHOWENDE KIND ANDERS AS IN STAATSNYWERHEIDSKOLE.

1. INLEIDING.

Die Suid-Afrikaanse Kinderbeskermingswet, Wet No.25 van 1913, is met enkele wysigings van die sogenaamde „Children's Charter" van 1908 van Brittanje oorgeneem.¹⁾ Ook ons inrigtingswese vir die sorgbehoewende kind is na sy oorsprong op Engelse lees geskoei. 'n Mens kan slegs die verslae van die Unie-Onderwysdepartement vir die jare 1917-1919 lees om onder die indruk te kom van hoe dikwels die lig oorsee aangesteek is.²⁾ Volgens P.J. Theron ³⁾ is selfs die planne vir die eerste geboue van die Heidelbergse nywerheidskool van Engeland afkomstig.

In die lig van die geskiedenis is dit begryplik dat daar aansienlike invloed op ons inrigtingswese van oorsee sou uitgaan, en in besonder van Engeland. Maar daar is ook ander westerse lande wat in hierdie verband 'n woord mee te spreek het, veral ons stamverwante Nederland en die uiters moderne Verenigde State van Amerika. Hulle kom dan ook hier ter sprake.

2. ENGELAND.

Daar is getuienis dat daar reeds in die Middeleeue in Engeland strafregtelik onderskei is tussen kindheid en volwasseheid ⁴⁾ en onder die feodale stelsel het die kind wat sorgbehoewend geraak het ook die nodige sorg geniet.⁵⁾

Met die geleidelike verdwyning van die leenheerstelsel het daar egter veranderde maatskaplike omstandighede ingetree en saam daarmee veranderde lewensopvattinge en nuwe probleme.

1) Report of the Under Secretary for Education 1917,72.

2) Ibid.,1917,73; 1918, 2-83; 1919,11-12.

3) Theron : Die Wording van Staatsorg onder die Kinderbeskermingswet,7.

4) Report of the Departmental Committee on the Treatment of Young Offenders, Great Britain 1927,7.

5) Thurston : The Dependent Child, 3-4.

Die meeste hiervan dagteken vanaf die nywerheidsomwenteling. In die plek van die betreklik eenvoudige landelike lewe het gekom 'n nuwe aanpassing in die nywerheidsentra met hulle kenmerkende oorbevolkte agterbuurtes. Die fenomenale groei van die nywerheidsdorpe en -stede het ernstige probleme van behuising laat ontstaan. Agterbuurtes was ontsettend oorbevolk en die jeug is voor nuwe probleme en euwels gestel. Lone was laag en die gesinsinkomste moes deur kinder- en moederarbeid aangevul word. Huishoudings was diensengevolge swak, dronkenskap algemeen en gesondheidstoestande ellendig.¹⁾ 'n Verslapping van die ouerlike gesag het ingetree; die gesinslewe het gedisintegreer en jeugmisdaad het by die dag toeneem. Kinderarbeid is uitgebuit. S.A. Queen²⁾ beweer dat kleuters van drie tot vyf jaar in fabriekse gewerk het en vroue het lang ure ondergronds gearbei.

In hierdie jare was daar weinig begrip van en insig in die sielkundige behoeftes van die kind. Nadat hy sewe jaar oud was, is hy beskou as "doli capax", met ander woorde toerekenbaar vir sy dade en is daar vir oortredings strafregtelik teen hom opgetree. Swaar vonnisse vir geringe oortredings moes as afskrikmiddel dien. Vir sover dit die kind geraak het, was die Engelse strafreg indertyd barbaars. Die gevangeniswese was nog onontwikkeld en misdade, ook dié deur kinders gepleeg, is met die dood gestraf of met verbanning, en wangedrag deur slae, brand, skending van die liggaam of blootstelling in die stokke.³⁾ Tussen die jare 1800 en 1825 was daar selde 'n hofsitting waar jeugdiges nie vir een of ander geringe oortreding ter dood veroordeel is nie. Die vonnisse is weliswaar gewoonlik nie voltrek nie, maar is meesal verander in dié van verbanning.⁴⁾ Volgens die Regeringskommissie wat in 1927 in Brittanje

-
- 1) Sillitoe : A History of the Teaching of Domestic Science, 3, en Clarke : Social Administration including the Poor Laws, 278.
 - 2) Queen : Social Work in the Light of History, 158.
 - 3) Abbott : The Child and the State 323 - 328, vide ook Hall : The State and the Child, 1, en Yearbook of Education 1935, 241.
 - 4) British Home Office : Fourth Report on the Children's Branch of the Home Office 1928, 13.

na die behandeling van jeugdige oortreders ondersoek ingestel het, was daar in 1844 in daardie land 11,348 persone tussen die ouderdomme van tien en twintig jaar in die tronke. In 1849 is daar nie minder as 10,703 persone onder die ouderdom van sewentien jaar tot tronkstraf of verbanning veroordeel nie.¹⁾

Waar daar teen die kind misdryf is, waar hy veronreg, verwaarloos of mishandel is, het hy net die gewone strafreg gehad om hom te beskerm. Clarke Hall²⁾, gesaghebbende op die gebied van die Engelse Kinderwet, som die posisie as volg op: Die staat het teen die kind gesondig „not only by acts of commission but also by acts of omission. While the law denied to the child almost all the rights of citizenship, it enforced upon him its direst penalties. The wrongdoing of the child was even as the wrongdoing of the adult. The punishment of the one differed in no respect from the punishment of the other."

Openbare belangstelling in the welsyn van die kind het egter toegeneem en behalwe dat skole vir verwaarloosde kinders gestig is, is deur wetgewing gepoog om die lot van die kind te verbeter. Deur die „Health and Morals of Apprentices Act" van 1802 is, onder andere, werkure beperk en moes vakleerlinge onderrig in lees, skryf en rekene ontvang. Die „Factory Act" van 1874 en die konsoliderende wet van 1878 het ouers verantwoordelik gestel vir die onderwys van kinders wat in fabriekse werk en werkgewers kon kinders in diens neem alleenlik as daar bewys gelewer is dat hulle skoolonderrig geniet.

As arbeider het die kind 'n rol in die ekonomiese lewe van die land gespeel, gevolglik was hy van belang en het sy menslike en juridiese regte al hoe meer op die voorgrond gekom. Die vroegste wetgewing ter beskerming van kinders hou derhalwe noue verband met pogings om die lot van die fabriekswerker in die algemeen te verbeter. Gelyktydig met die toenemende industrialisasie

1) Report of the Departmental Committee on the Treatment of Young Offenders, Great Britain 1927, 7 - 8.

2) Hall : The State and the Child, XIII.

was daar 'n groeiende aanvraag na onderwys en hierdie laasgenoemde behoefte het aanleiding daartoe verskaf dat die onderwyswette as kanale kon dien waardeur beskermingsmaatreëls vir kinderwerkers kon vloei. Die fabriekswette het as 'n integrale deel van die nywerheidshervormingsplan onderwysgeleenthede geskep en dit het uiteindelik die weg gebaan tot verpligte onderwys in Engeland.¹⁾ Die bekende „Education Act" van 1870 het voorsiening gemaak vir verpligte onderwys vir kinders tussen 5-13 jaar of hulle gewerk het of nie. In 1876 is hierdie beginsel uitgebrei en sodoende is die twee soorte wetgewing wat oor kinderonderwys en kinderbeskerming handel, saamgevoeg. 'n Tydjie vloei hulle saam, maar skei dan weer want die beweging om die lewe van kinders en hulle belange te beskerm, of so 'n kind noual op skool was of in die werk gestaan het, het sterker geword. Die „Prevention of Cruelty to Children Act" van 1904 was 'n uitvloeisel hiervan. In 1908 het die „Children's Act", die „Children's Charter" soos dit genoem is, die vorige wette in verband met kinderbeskerming saamgevat en uitgebrei. Laasgenoemde wet is weer in 1933 gewysig toe die „Children and Young Persons' Act" op die wetboek geplaas is. Hierdie wet hou eintlik min verband met wesenlike onderwys en klousules wat na nywerheid- en verbeteringskole verwys, het meer bepaald te doen met die voeding, kleding en industriële opleiding as met gewone onderwys. Daar is egter ook op daadwerklike wyse vir die verwaarloosde en sorgbehoewende kind in Engeland voorsiening gemaak en omdat feitlik dieselfde patroon in Suid-Afrika gevolg is, word kortliks daarna verwys.

(a) Inboeking of Leerjongestelsel:

Onder die gildestelsel was die leerjongestelsel teoreties 'n besigheidsooreenkoms en het nie slegs in verband met die verwaarloosde of sorgbehoewende kind gestaan nie. Die ouer het

1) Yearbook of Education 1935, 241 - 242.

die kind, oud genoeg om te werk, by 'n meesterambagsman ingeskryf om van hom 'n besondere ambag te leer. Die meester moes dan die vakleerling voedsel, klere, huisvesting en opleiding verskaf en soms nog iets bykomends, soos geld of klere by die verstryking van sy leertydperk. Van sy kant moes die kind gehoorsaam wees, lojaal aan sy meester en moes werk as teenprestasie lewer. Toe daar later van die inboekstelsel in verband met die sorgbehoewende kind gebruik gemaak is, is daar nog volgens H. W. Thurston¹⁾ van daardie kind verwag „a full equivalent in work for the expense of his support, care and teaching." Ten opsigte van laasgenoemde kinders was daar blykbaar nie 'n minimum ouderdom nie want in 1609 is deur wetgewing in Engeland voorsiening gemaak uit openbare fondse, onder behoorlike beheer, aan persone wat behoeftige kinders inboek, solank die kind nog te jonk was om arbeid as teenprestasie aan sy baas te lewer.

Ernstige misbruik is veral gedurende die tyd van die nywerheidsomwenteling van hierdie stelsel gemaak toe kinders op groot skaal gebruik is in die fabriek en myne en dikwels gedoem was tot onbepaalde ure van arbeid sonder wetlike beskerming.

Tog was daar dié voordeel aan verbonde dat daar aan die kind sonder 'n ouerhuis 'n tuiste en versorging verskaf is. Na die mening van H. W. Thurston²⁾ het dit meegebring „at least the possibility of a daily minimum of food, shelter and clothing ... it gave the child a certain degree of security, a feeling of belonging, if only to a hard and poverty stricken master."

Die stelsel van inboeking het in die Engelse Kinderbeskermingswette behoue gebly soos blyk uit die bepalings van die „Children's Charter" van 1908 en die „Children and Young Persons Act" van 1933.

1) Thurston : The Dependent Child, 10.

2) Ibid, 15.

(b) Armetehuisse (Workhouses, Poorhouses):

Wet No. 43 van 1601 in Engeland wou die naasbestaandes verantwoordelik stel vir sorgbehoewende kinders. Daar is verwag dat sulke kinders ingeboek word as vakleerlinge, liggaamlik gesonde volwassenes moes werk en liggaamlik ongeskikte volwassenes kon in parogiale werk- of armetehuisse opgeneem word.¹⁾ Die armetehuisse het egter so toegeneem dat in 1834 deur die Poor Law Commission bevind is dat daar byna in elke parogie 'n armetehuis bestaan het. So 'n tehuis was die tuiste van die armste onder die armes van beide geslagte, en die inwonendes was van alle ouderdomme, goeies en slegtes, siekes en gesondes na liggaam en gees. So vinnig as wat die tehuise opgerig is, so vinnig is hulle gevul met „the aged, impotent, diseased and derelict adults .. and those poor children who were not apprenticed or cared for with parents by outdoor relief.”²⁾ In die gemengde tehuise was die toestande skokkend en daar was 'n totale gebrek aan behoorlike opvoeding vir die kinders. In 1844 is egter deur wetgewing reg verleen om residensiële tehuise vir arm kinders op te rig. Hierdie is Distrikskole genoem, maar was in werklikheid weeshuisse. In die groter stede is sulke skole in verband met die „workhouses” opgerig en so het die „Cottage Homes” ontstaan. Sommige van hierdie inrigtings het soms van een- tot tweeduisend kinders gehuisves en het die beskrywende naam van „Barrack Schools” ontvang.³⁾ Uit die „Cottage Homes” in verband met die armetehuisse het sedert 1893 die „Scattered Homes” ontwikkel. Gewone woonhuise is in goeie buurtes gehuur en kinders is daarin gehuisves. 'n Huismoeder is aan die hoof gestel en roetine-werk is deur die kinders soos in 'n normale gesinsgroep verrig. Plaaslike skole in die buurt is sonder veel opsigtelikheid deur die kinders besoek.⁴⁾

1) Thurston : The Dependent Child, 7.

2) Ibid, 27 - 28.

3) Ibid., 245.

4) Ibid., 244.

Daar het ook in Engeland 'n beweging ter bevordering van „foster family care” ontstaan, maar in teenstelling met die posisie in die Verenigde State van Amerika, het dit slegs geringe afmetings aangeneem en is hierdie soort versorging van die sorgbehoewende kind in Engeland onbenullig. Die Engelse Kinderwet maak egter voorsiening daarvoor dat sorgbehoewende kinders teen vergoeding by pleegouers kan inwoon.¹⁾

(o) Verbeteringskole:

'n Ander middel van voorsiening vir die verwaarloosde en sorgbehoewende kind is ook deur die oprigting van verbeteringskole gemaak.

Liefdadigheidskole het in baie lande, maar veral in Engeland waar die ellende van armoede en industrialisasie die ergste openbaar is, reeds teen die einde van die 17de eeu ontstaan en was teen die middel van die vorige eeu goed gevestig. Hierdie liefdadigheidsbewegings het deur hulle skole leniging probeer bring aan die ellende van die massas en die gebrek aan onderwys vir die arm kind.²⁾ Maar daar het uit die geestelike en sedelike herlewing van daardie tyd ook 'n groter belangstelling ontstaan in die welsyn van misdadigers en jeugdige wetsoortreders. In 1756 het die „Marine Society” reeds 'n skool vir die kinders van gevangenes gestig en die „Philanthropic Society” wat in 1788 gestig is, het tot sy inrigtings toegelaat jeugdige oortreders sowel as seuns en dogters van misdadigers. Hierdie vereniging het in 1818 'n verbeteringhuis in Warwickshire gestig. Hierdie inrigting en ander wat daarop gevolg het op dieselfde lees geskoei, het bewys gelewer dat die besef geleidelik tot die samelewing deurgedring het dat aan die jeugdige oortreders nie dieselfde behandeling as aan die volwassene toegemeet moes word nie.

1) Thurston : The Dependent Child, 249, vgl. ook Jeugdwerk in de Landen van het Verdrag van Brussel, 5.

2) Coetzee : Opvoedkundige Teorie en Praktijk deur die Eeue, 190.

Die onderliggende gedagte by hierdie stigtings was hervorming eerder as straf. ¹⁾ Die inrigtings was geheel en al vir hulle voortbestaan en onderhoud toegewys op vrywillige gifte en bydraes en het geen wesenlike gesag oor inwonendes gehad nie, maar die sienswyse dat jeugdiges anders as volwassenes behandel moes word, het tog uiteindelik ook tot die staat deurgedring, en sodoende is amptelike erkenning deur die Parkhurst-Wet van 1838 verleen aan die gedagte van aparte tronke vir jeugdige misdadigers. ²⁾

In 1854 is die „Reformatory School Act” aangeneem. ³⁾ Verbeteringskole het onder private beheer gebly, maar die Staat het die reg voorbehou om inspeksie te doen en om onder sekere voorwaardes sertifikate aan skole uit te reik. Sedert 1854 is daar herhaaldelik wysiginge aangebring in die wette wat op verbeteringskole betrekking het, maar die grondbeginsel het onveranderd gebly en is so in die wette van 1908 en 1933 opgeneem. Hierdie beginsel is in 1857 deur S. Turner, inspekteur van verbeteringskole en tronke, as volg beskryf:

„Nothing has been more certainly demonstrated in the practical development of the reformatory system than that juvenile crime has comparatively little to do with any special depravity of the offender and very much to do with parental neglect and bad example.” ⁴⁾

(d) Industriële skole.

Die „industrial school” as prototipe van die nywerheidskool in Suid-Afrika, het in Engeland uit die sogenaamde „ragged schools” en in Skotland uit die „industrial feeding schools” ontstaan. Hoewel van ander oorsprong, het hulle min of meer parallel en gelyktydig met die verbeteringskole in

1) Report of the Departmental Committee on the Treatment of Young Offenders, Great Britain 1927, 8. Vide ook Hall: The State and the Child, 57.

2) Ibid., 8.

3) Ibid., 9.

4) Hall : The State and the Child, 58.

Engeland ontwikkel. Dit was 'n poging om op meer radikale wyse met die probleem van kinderverwaarlosing te handel deur onderwys en beroepsopleiding te verskaf aan daardie kinders uit wie se gelede jeugdige misdadigers gewoonlik voortgekom het. 1)

Die eerste „ragged school” in is 1818 gestig. Van die armste kinders is daar byeengebring deur 'n skoenmaker van Portsmouth, ene John Pounds, en aan hulle is die „A.B.C.” geleer asook onderrig in praktiese vakke soos skoenmakery en kosvoorbereiding. Die Skotse „feeding schools” het verwaarloosde kinders uit hulle ongunstige omgewing verwyder en heeldag op skool gehou waar hulle ook van voedsel voorsien is. Die eerste skool van hierdie aard is in 1850 gestig. 2)

Persone wat hierdie hervormingsbeweging in die onderwys gesteun het, was filantropie wat innige meegevoel gehad het met die groot getalle kinders wat in verwaarlosing verkeer het en wat die prooi was van 'n stelsel waardeur kinders vir onbenullige oortredings in die tronk beland het en sodoende vir 'n lewe van misdaad gebrandmerk is. Hierdie mense wou die samelewing beskerm teen die hordes onregeerbare kinders wat die strate van die nywerheidstede gevul het, maar hulle het terselfdertyd geglo dat daar tog ook veel goeds in die kinders geskuil het en wou hulle onder beheer in inrigtings plaas waar hulle tegelykertyd opgevoed kon word tot nuttige en bruikbare burgers van die Staat en waar hulle opgelei kon word na die industriële eise van hulle tyd.

Grond is aangeskaf en industriële skole is gebou, in die meeste gevalle vir die jonger verwaarloosde kinders, terwyl verbeteringskole die ouer kinders, veral jeugdige misdadigers, opgeneem het. 3)

-
- 1) Report of the Departmental Committee on the Treatment of Young Offenders, Great Britain 1927, 9.
 - 2) Ibid., 9. Vgl. ook Hall: The State and the Child, 58.
 - 3) British Home Office : Making Citizens, 8.

Deur wetgewing is die „industrial schools” in 1854 in Skotland en in 1857 in Engeland amptelik erken. Voorsiening vir staatsteun aan die goedgekeurde skole het in 1861 gevolg en hoofsaaklik weeskinders en verwaarloosde rondloper-kindern onder die ouderdom van veertien jaar is daarin opgeneem. Kragtens die wet van 1861 kon kinders onder die ouderdom van 12 jaar vir strafregtelike oortredings na 'n industriële skool gekommitteer word en kinders onder veertien jaar kon met die toestemming van hulle ouers en op laasgenoemde se koste vir onbeheerbare gedrag na 'n industriële skool gestuur word. ¹⁾

In 1876 is beheerrade, die voorganger van die stelsel wat later ook in Suid-Afrika toegepas sou word, gemagtig om leerlinge tot hulle sestiende jaar in industriële skole aan te hou, alhoewel hulle die mag besit het om kinders na aanhouding van agtien maande met vergunning vry te laat. Voordat 'n kind toegewys is na 'n skool en terwyl sy sake gereël is, kon hy tydelik in 'n „workhouse” in bewaring gehou word. Hieruit het die latere „remand homes” en in navolging daarvan ons „plekke van veiligheid en bewaring” in Suid-Afrika ontstaan. In dieselfde jaar, naamlik 1876, is skoolrade gemagtig om „dag-industriële skole” te stig. ²⁾ In 1927 is egter besluit om hierdie skole te sluit omdat die inrigtings wat gewoonlik in swak buurtes geleë was, nie by magte was om die ongunstige invloed van die ouerhuis of omgewing te oorheers nie, aangesien sulke kinders nie uit hulle ouerhuise verwyder is nie. ³⁾

Die wette in verband met industriële skole is met ander wette wat betrekking gehad het op die beskerming van kinders

1) The Yearbook of Education 1936, 853-854. Vgl. ook Hall: The State and the Child, 58-59 en Report of the Departmental Committee on the Treatment of Young Offenders, Great Britain 1927, 9.

2) Report of the Departmental Committee on the Treatment of Young Offenders, Great Britain 1927, 9.

3) Ibid., 69. Vgl. ook Yearbook of Education 1936, 855.

saamgevat in die „Children's Act" van 1908, algemeen bekend as „The Children's Charter", wat as model gedien het vir die eerste Suid-Afrikaanse Kinderbeskermingswet van 1913. ¹⁾

Om die „Children's Act" in Brittanje te administreer is 'n spesiale departement onder die beheer van die Home Office ingestel, bekend as die „Children's Branch."

Industriële skole sou voortaan twee funksies vervul, naamlik om te dien as korrektiewe instellings vir jong en minder geharde jeugmisdadigers en as instellings vir kinders wat onder omstandighede tuis of elders lewe wat as skadelik vir hulle ontwikkeling beskou word.

Vanaf 1933, op aanbeveling van 'n Departementele Kommissie van ondersoek, ²⁾ het die benaming „industrial school" in onbruik verval en staan die inrigtings as „schools approved by the Secretary of State" of kortweg „approved schools" bekend. Laasgenoemde verskyn egter nie by die naam van so 'n skool nie, alleenlik die skoolnaam. ³⁾ Die „Children and Young Person's Act" van 1933 maak voorsiening daarvoor dat kinders na „approved schools" gestuur word wanneer sulke kinders 'n wetsoortreding begaan, hulle ouers hulle nie kan beheer nie, wanneer hulle versuim om skool by te woon, met slegte maats omgaan, verwaarloos word of in gevaar verkeer om in sedelike verval te geraak of in omstandighede lewe wat beskerming noodsaak. ⁴⁾ 'n Kind wat ouer as tien jaar moet wees, word slegs na 'n „approved school" gestuur indien hy nie sonder nadeel vir homself in sy eie omgewing behandel kan word nie, of as strenger beheer, onder gekontroleerde omstandighede, nodig geag word. ⁵⁾

-
- 1) Report of the Under Secretary for Education 1917, 72.
 - 2) Report of the Departmental Committee on the Treatment of Young Offenders, Great Britain 1927, 72. Vgl. ook Hall & Morrison: Law relating to Children and Young Persons, 104-105.
 - 3) British Home Office : Directory of Remand Homes and Approved Schools, etc. 1952, 14-48.
 - 4) Hall & Morrison : Law Relating to Children and Young Persons, 64 - 66.
 - 5) British Home Office : Making Citizens, 7.

Klassifikasie van die skole geskied volgens die ouderdom van leerlinge, hulle godsdienstige verband, die aard van opleiding wat verskaf word, of soos dit in die „Children and Young Person's Act" gestel word „and otherwise as he (the Secretary of State) thinks best calculated to secure that a person sent to an approved school is sent to a school appropriate to his case as may be necessary for the purpose of this act." ¹⁾

Engeland en Wallis is in ses geografiese streke verdeel en skole is min of meer eweredig so versprei dat elke streek voorsien is van die vereiste soort skool om sodoende te voorkom dat kinders te ver van hulle ouerhuise weg gestuur word. Kind en ouer kan op dié wyse beter kontak met mekaar bewaar en samewerking tussen ouers en skool kan op dié wyse opgebou word.

In 1952 was daar 105 „approved schools" in Engeland en Wallis onder vrywillige, private beheer en 27 onder die beheer van plaaslike owerhede. ²⁾ Almal is kosskole en beroepsopleiding speel in die geval van ouer leerlinge 'n belangrike rol.

Die bestuur van die skole setel in die hande van plaaslike beheerrade wat terselfdertyd die plaaslike verband daargestel. Personeellede word deur die beheerrade benoem, maar die aanstelling van hoofde moet deur die Staat wat die skole subsidieer, bekragtig word. As erkenning vir die gespesialiseerde werk ontvang leerkragte aan die „approved schools" drie bykomende verhogings nadat hulle die maksimum van hulle salarisskaal bereik het. ³⁾

In Suid-Afrika is die Britse patroon gevolg en is uit die ondervinding van daardie land geput. Dit is veral merkbaar ten opsigte van die volgende aspekte wat in die volgende hoofstuk sal blyk : die nywerheidskool moet voorsiening maak vir die verwaar-

1) Hall & Morrison : Law Relating to Children and Young Persons, 82.

2) Directory of Remand Homes, Approved Schools and Probation Hostels and Homes in England and Wales, 1952, 4.

3) British Home Office : Circular May, 1952.

loosde kind en vir die jong wetsoortreder wat vir heropvoeding vatbaar is; beroepsopleiding speel 'n belangrike rol; skole is residensieel en plaaslike beheerrade speel 'n belangrike rol. Suid-Afrika het egter afgewyk van die Britse voorbeeld in dié opsig dat nywerheidskole alhier almal volle staatskole is, net soos ander beroepskole in Suid-Afrika ook deur die Staat beheer word.

3. NEDERLAND.

Kerklike en partikuliere liefdadigheid ten opsigte van kinders kan in Nederland ook teruggevoer word tot die Middeleeue waarvandaan dit ontwikkel het tot die maatskaplike stelsel wat vandag ten opsigte van kindersorg in Nederland in swang is.

Die Burger- of Poorterweeshuise was reeds in die 17de eeu beroemd en 'n gestig vir jeugdige misdadigers het al teen die einde van die 16de eeu in Amsterdam bestaan. Dit was die Tucht- of Rasphuis vir seuns en die Spinhuis vir dogters. Net soos met die „workhouses” in Engeland die geval was, het hierdie inrigtings, volgens G.T.J. de Jongh,¹⁾ ontaard tot „opbergplaatsen van allerlei gespuis.”

Die ellende van industrialisasie het hom nie so erg in Nederland laat voel nie, nietemin was daar ook verlate en verwaarloosde kinders wat sorg nodig gehad het. Vir sulke kinders is inrigtings opgerig, veral in die tweede helfte van die 19de eeu.

Strafregtelik is kinders egter tot aan die begin van die 20ste eeu in Nederland soos volwassenes behandel. Die groot omvang wat jeugverwaarloosing en jeugkriminaliteit in die laaste jare van die vorige eeu aangeneem het, het egter die volksgewete geroer en die opvatting dat die versorging van die sorgbehoewende, verwaarloosde kind die heilige plig van die maatskappy was, het

1) De Jongh :Kinderbescherming is Kinderopvoeding, 104.

algaande posgevat. Die bestaande wetgewing was egter onvolkome en ontoereikend om die euwel te bestry. Die in die algemeen on-aantasbare ouerlike gesag het afdoende optrede in belang van ver-waarloosde kinders verhinder.

Die Nederlandse Kinderwet wat op 1.12.1905 in wer-king getree het, het 'n hele aantal veranderinge van verreikende aard aangebring en daar is 'n bres geslaan in die onaantasbaar-heid van die ouerlike gesag waar dit misbruik is in verband met kinders, en kinders kon beveilig word teen die gevolge van slegte lewenswandel van ouers en die growwe verwaarlosing van ouerlike pligte. Die sorg van die kind het by voorkeur in die hande van die ouer gebly, maar „waar ouderplicht tekort schiet, behooren naas-tenliefde en burgerzin de taak over te nemen. Regeeringzorg is aanvullende zorg ” skrywe Minister Cort v.d. Linde ¹⁾ in sy Memorie ter toeligtig van die Nederlandse Kinderwet. Die Kinder-wette het geen staatsvoogdy gebring nie. Die owerheid stel die reëls en regulasies, hou toesig en verleen finansiële steun, maar in die uitoefening van die pligte staan dit aanvullend. Teenoor die honderde inrigtings vir die sorgbehoewende kind in Nederland onder private beheer, is daar slegs twee tugskole vir seuns en een vir dogters onder staatsbeheer en hulle ressorteer onder die Minis-terie van Justisie. ²⁾ Meer aandag word eerder vandag aan die pre-ventiewe bestryding van jeugmisdaad en jeugverwaarlosing bestee.

Die opvatting dat die Staat slegs aanvullende hulp verleen, het 'n historiese ontstaan en is diep veranker in die Nederlandse volksaard. Die besondere betekenis wat in hierdie land geheg word aan geloof- en gewetensvryheid en die besef dat die opvoeding van die kind by voorkeur gedra behoort te word deur

-
- 1) Nederlandschen Bond tot Kinderbescherming : De Eerste Kwarteeuw der Kinderwetten, 179.
2) Jeugdwerk in de Landen van het Verdrag van Brussel, 62, vide ook Het Nationaal Bureau voor Kinderbescherming : Kinderbescherming in Nederland, 25.

geestelike beginsels, het hierdie ontwikkeling in die hand gewerk. Die gedagte dat die owerheid in ruime mate as opvoeder sou optree, is vir die groot meerderheid Nederlanders verwerplik. ¹⁾

In Nederland val kinderbeskerming in verskillende onderdele, wat elkeen tot die arbeidsveld van 'n ander Minister, nl. die Ministers van Binnelandse Sake, Justisie, Onderwys, Kuns en Wetenskap en Sosiale Sake behoort. Daar word uitgegaan van die beskouing dat dit elke ouer se plig en reg is om sy kinders te versorg en op te voed. Daardie reg is egter nie onaantasbaar nie en dit kan 'n ouer ontnem word in belang van die kind kragtens die beslissing van 'n bevoegde kinderregter op bepaalde wetlike gronde. Die natuurlike band tussen ouer en kind word egter so min as moontlik verbreek.

Nederland beskik oor 'n groot aantal opvoedings-inrigtings vir die sorgbehoewende kind, hoofsaaklik besit en beheer deur partikuliere verenigings. Hierdie inrigtings is geklassifiseer volgens godsdienstige of geestelike grondslae en na die soort kind wat opgeneem word. Ruim gebruik word ook gemaak van uitbesteding by pleeggesinne. ²⁾ Op die grondslag van die beginsel dat 'n kind soveel as moontlik gehelp moet word in sy eie omgewing in samewerking met sy ouers, word gewoonlik eers begin met ondertoetsigstelling. Ondertoetsigstelling wat sedert 1921 in Nederland in werking gestel is, is die hoeksteen van die Nederlandse kinderbeskerming. By die ondertoetsigstelling word 'n gesinsvoog, d.w.s. man, vrou, amptenaar of vereniging benoem om leiding te gee in verband met die opvoeding van die bepaalde kind. 'n Kind kan egter ook in 'n waarnemingstehuis geplaas word of in 'n gewone opvoedingsinrigting, 'n tehuis met beperkte vryheid, 'n werkkamp of by 'n pleeggesin. En kinders wat 'n strafbare daad be-

1) Het Nationaal Bureau voor Kinderbescherming : Kinderbescherming in Nederland, 7.

2) Ibid., 16.

gaan het, kan strafregtelik vervolg word, en kinders onder die ouderdom van tien jaar kan selfs na tugskole gevonniss word.

Omdat die Nederlandse kinderbeskerming nie onder een owerheidsorgaan gesentraliseer is nie, kom dit versnipperd voor. Daar bestaan egter die drang tot koördinasie en daar word gestreef na 'n hegte samewerking tussen die partikuliere en owerheidsinstansies, na 'n nasionaal goed opgesette ondersoek en waarnemingstelsel, die behoud van die kind soveel moontlik in sy eie omgewing en slegs wanneer dit nie moontlik is nie en in belang van die kind geag word, verwydering na pleeggesins- of inrigtingsversorging.

4. DIE VERENIGDE STATE VAN AMERIKA.

Voorsiening en sorg vir ouerlose wese en behoeftige kinders is reeds in die vroegste koloniale dae van Amerika aangetref. In so 'n pioniersland het die behoefte aan sulke versorging gou geblyk as gevolg van ontbering en massamoorde deur die Indiane op die koloniste. Bure en naasbestaendes het hulp verleen en inrigtings het tot stand gekom.¹⁾ Dit is vanselfsprekend dat die Engelse „Poor Law" in beginsel en praktyk ook in die nuwe Engelse kolonies toepassing sou vind. Inboeking het algemeen geword en armetehuse is opgerig. Openbare reaksie teen die euwels wat die stelsel van inboeking meegebring het, het mettertyd ingetree en meer aandag is geskenk aan die oprigting van armetehuse.²⁾ Dié soort inrigting het dus in die 19de eeu snel toegeneem en saam daarmee die ellende van die kinders wat tydelik of permanent daarin gehuisves was. 'n Kommissie wat in 1856 ondersoek ingestel het na die omstandighede, het 4936 persone gevind in 55 armetehuse wat hulle besoek het. Van hulle was 1307 kinders. In die jaar was daar 770 sterfge-

1) Abbott : The Child and the State, 3. Vgl. ook Thurston : The Dependent Child, 4; U.S. Department of Labour : Handbook, Bureau Publication No. 170, 1; White House Conference : Dependent and Neglected Children, 25.

2) Thurston : The Dependent Child, 24.

valle en onder die inwonendes was daar 837 kranksinniges, 273 idiote, benewens 'n aantal doofstommes en blindes. Die Kommissie het sterk onder die indruk van die swak organisasie, ondoeltreffende geboue, onsindelikheid en oorbevolking en die algemene losheid van sedes gekom. Eers in 1876 egter het die Staat van New York verbied dat kinders tussen die ouderdom van drie en sestien jaar na armetehuse gestuur word. ¹⁾

Met die toenemende mate van weersin by die publiek in die stelsel van armetehuse is meer wees- en ander inrigtings opgerig. Die instroming van behoeftige immigrante in groot getalle in Amerika teen die middel van die neëntiende eeu en die burgeroorlog kort daarna het die aantal sorgbehoewende kinders geweldig vermeerder. Die strate van die stede is gevul met bedelende kinders, leeglêers wat nie gekroom het om te steel nie. Nie die helfte van die kinderbevolking het die skool besoek nie. Die bestaande liefdadigheidsinrigtings en verenigings kon die toestand eenvoudig nie hanteer nie en uit hierdie noodtoestand is die „New York Childrens' Society" gebore. Die stigter, Charles L. Brace, het geglo dat daar net één oplossing was: Versorging in pleeghuise in die kleiner dorpies of op die plase. Op laasgenoemde was voedsel goedkoop en sosiale skeidslyne was daar minder skerp. Die boere sou ook die arbeid en hulp van die kinders kon gebruik. ²⁾ Industriële skole is ook gestig om kinders besig te hou en hulle terselfdertyd nuttige ambagte te leer. ³⁾ Brace het die opvoedkundige waarde van die gesin beseft en stel sy opvattinge in 1859 in die Sesde Jaarverslag van die „New York Childrens' Aid Society" op die volgende beginsels : (i) „The superiority of the Christian family to any and all

1) Abbott : The Child and the State, 7; vide ook Thurston : The Dependent Child, 35 - 36.

2) Thurston : The Dependent Child, 96. Vgl. ook Abbott : The Child and the State, 138, and U.S. Handbook for the Use of Boards of Directors, Superintendents and Staffs of Institutions for Dependent Children, 1.

3) Thurston : The Dependent Child, 99.

for the education and improvement of a poor child, and (ii) the necessity, in treating the evils of the poor on a large scale, of following the natural laws and demand of labor." 1)

Hierdie uitplasingstelsel was eintlik maar die ou inboekstelsel in minder strenge vorm. Daar was nog drie partye en die gedagte van 'n quid pro quo van diens deur die kind was nog essensieel. Daar was ook ander probleme, tog was dit 'n belangrike stap vorentoe, want die klem het steeds meer en meer op die individuele kind geval en die menigvuldige verenigings wat in navolging van die „New York Children's Aid" in die tweede helfte van die 19de eeu ontstaan het, het amptenare benoem wat die belange van die kind op daadwerklike wyse probeer behartig het. Die uitgangspunt van alle behandeling van die sorgbehoewende kind moes wees die individu en sy persoonlike behoeftes en hierdie stap kan met reg die begin van die moderne opvatting t.o.v. die behandeling van die sorgbehoewende kind genoem word. Nie alleen moes die liggaamlike behoeftes begryp en versorg word nie, maar ook die verstandelike en geestelike sy van die kind se lewe moes in aanmerking geneem word, sowel as die emosionele bande met sy ouerhuis of gesinslewe. 2)

In 1875 het die „New York Society for the Prevention of Cruelty to Children" tot stand gekom en sedertdien is meer aandag aan die voorkoming van sorgbehoewendheid gewy en die beleid om die kind tuis te hou indien dit enigsins moontlik was, het sterk na vore getree. Om hierdie rede is moederspensioene in 1911 ingestel. 3)

Sorg vir die behoeftige en verwaarloosde kind het in die Verenigde State van Amerika deur die volgende ontwikkelingsstadia gegaan: In die vroegste jare inboeking en armetehuse, daarna weeshuse en ander inrigtings en uiteindelik pleeghuis-

1) Thurston : The Dependent Child, 102.

2) White House Conference : Dependent and Neglected Children, 26.

3) Ibid., 10.

versorging en hulp tuis. Die algemene leidraad wat ook nog vandag geld, is op die White House Conference wat deur president Hoover in 1930 byeengeroep is, herbevestig: „Home life is the highest and finest product of civilization. It is the great molding force of mind and character. Children should not be deprived of it except for urgent and compelling reasons." ¹⁾ Die fundamentele reg van elke kind is 'n normale ouerhuis, geleenthede vir onderwys en opvoeding, ontspanning, beroepsopleiding en voorbereiding vir die lewe, morele en godsdienstige ontwikkeling ooreenkomstig die ideale van die volk waarvan hy 'n lid is. Geen kind behoort dus permanent van sy ouerhuis verwyder te word, tensy die huislike omstandighede van so 'n aard is dat rekonstruksie onmoontlik is en dit gevaar vir die kind of die samelewing inhou.

In die Verenigde State van Amerika word kindersorg as 'n openbare plig beskou, maar dit word hoofsaaklik aan private inisiatief en ondersteuning oorgelaat om voorsiening te maak vir hierdie belangrike diens. ²⁾

Suiwer staatsnywerheidskole soos in Suid-Afrika bekend, bestaan nie in die Verenigde State van Amerika nie. Die Staat sorg wel vir inrigtings vir jeugdige misdadigers. Hierdie skole word soms „Industrial" of „Training Schools" genoem. ³⁾ Regters in die jeughowe probeer onderskei tussen bloot sorgbehoewende en delinkwente kinders en in die reël word die beginsel toegepas dat kinders wat sorgbehoewend is na inrigtings gestuur word alleenlik indien daar gegronde redes bestaan waarom hulle nie by hulle ouerhuis mag bly nie en indien die inrigting beter toegerus is vir die versorging van die spesifieke geval as wat dit tuis of deur ander individuele persone gedoen kan word.

1) White House Conference : Dependent and Neglected Children, 67. Vide ook U.S. Childrens' Bureau Publication No. 62: Minimum Standards for Child Welfare, 11; Lundberg : Child Dependency in the U. States, 2.

2) White House Conference : Dependent and Neglected Children, 354.

3) U.S. : Education in Training Schools for Delinquent Youth, Bulletin No. 5, 1945, 3.

Daar bestaan egter private skole waarvan die opvoedkundige doeleindes naastenby ooreenstem met dié van die nywerheidskool in Suid-Afrika. ¹⁾

5. SUID-AFRIKA.

Uit die voorafgaande paragrawe het dit duidelik geword dat daar oorsee ten opsigte van die versorging van die sorgbehoewende kind die volgende patroon gevolg is: Voorsiening deur naasbestaandes, inboeking, oprigting van armetehuse en weesinrigtings, plasing by pleeggesinne, wetgewing ter beskerming van kinders en staatsinrigtings hoofsaaklik vir die jeugdige misdadiger en moeilike tipe kind.

In Suid-Afrika het die vraagstuk van die sorgbehoewende kind hom ook reeds in die vroeë dae van die volksplanting aan die Kaap voorgedoen en die kerk het hom genoodsaak gevoel om in die belang van sulke kinders op te tree. Aan die armes is alimentasie verleen en aan hulle kinders is vrye onderwys op skool toegesê. ²⁾ Maar kinders wat werklik sorgbehoewend was, kon ook op ander wyses versorg word, en dit is interessant om na te gaan wie, volgens die mening van daardie dae, sorgbehoewend was.

In die eerste plek is daar in medewerking met die Weeskamer onder die beskerming van die Diakonie geneem alle kinders wat hulle ouers vroeg verloor het, voordat hulle in staat was om selfstandig 'n heenkome te vind.

Buite-egtelike kinders wat onversorg was, is ook in aanmerking geneem, en aan kinders van ouers wat weens behoefte nie in staat was om die nodige onderwys te voorsien nie, is hulp verleen op versoek van sulke ouers. Waar

1) Brochure : The Children's Village, Dobb's Ferry, New York.

2) Hierdie gegewens is ontleen aan Du Toit : Onderwys in Kaapland en Onderwys aan die Kaap onder die Kompanjie.

die Diakonie gevind het dat ouers die opvoeding van hulle kinders verwaarloos het, is selfs nie gehuiwer om sulke kinders uit die ouerhuis te verwyder nie en hulle dan by pleegouers wat daarom aansoek gedoen het, te plaas. ¹⁾

Hierdie opvatting van sorgbehoewendheid toon 'n merkwaardige ooreenkoms met die definisie van die sorgbehoewende kind soos omskryf in ons eie Kinderwet. Ons tref daardie dae reeds aan die elemente van gesinsonderhoud soos algemeen vandag in swang en die verwydering van die kind uit die ouerhuis indien dit in belang van die kind geag is.

Kinders wat ten laste van die Diakonie gekom het, is volgens ouderdom en skoolonderrig in drie groepe verdeel, en elkeen van die groepe is op 'n ander wyse versorg. In die eerste plek was daar die klein kindertjies wat baie hulp en aandag nodig gehad het en wat wesenlik nog van geen hulp in hulle pleeghuise kon wees nie. Die pleegouers het vir hierdie opvoedende werk en versorging maandeliks 'n toelaag van die Diakonie uit die gewone bronne van inkomste van die kerk ontvang. In die tweede plek was daar die groter en ouer kinders wat al diensbaar was en wat vir vry kos en inwoning met hulle arbeid as teenprestasie by hulle pleegouers ingewoon het. Die Diakonie het geen vergoeding vir sulke kinders betaal nie en hulle het vry onderwys aan die Diakonieskool geniet. Die derde groep was seuns wat alreeds hulle skoolloopbaan voltooi het en gereed was om in een of ander ambag opgelei te word. Hulle is as vakleerlinge by 'n ambagsman in diens geplaas om 'n ambag te leer, gewoonlik vir 'n vasgestelde periode van vyf jaar kontraktueel gebonde. Vaardigheid in verskeie ambagte soos dié van kleremaker, smid, skoenmaker, timmerman, skrynwerker, silwersmid, wamaker en saalmaker is op hierdie

1) Du Toit : Onderwys in Kaapland, 13, 27, 28, en Onderwys aan die Kaap onder die Kompanjie, 120 - 130.

wyse deur Diakonieseuns bekom en hulle is sodoende in staat gestel om hulle vir 'n selfstandige bestaan voor te berei. Dit was die eerste stelsel van beroepsopleiding in Suid-Afrika. Nie almal hierdie leerlinge het ambagsmanne geword of gobly nie. Sommige het later in die buite-distrikte skoolmeesters geword.

In die wordingsjare van die Afrikanervolk was wel-synswerk egter hoofsaaklik 'n kwessie van selfhelp en hulp onderling. In die pioniersjare was elke menselewe kosbaar en vir wese en ander hulpbehoewende kinders is deur hulle medemens gesorg. Die kerk, as enigste maatskaplike instelling, het in daardie pioniersjare sy plig geken en nagekom. Met die vinnige uitbreiding van die landsgrense veral tydens die eeu van die veeboer-pionier, kon die kerk nie altyd tred hou nie. Die groei van die kerk was aanvanklik stadig en tot 1824 is daar byvoorbeeld maar veertien gemeentes van die Hollandse Kerk tot stand gebring.¹⁾

In die eerste twee eeue sedert die volksplanting aan die Kaap was sorgbehoewendheid onder die blanke jeug egter nie 'n probleem van groot of dringende omvang nie. Tot ongeveer 1870 was Suid-Afrika feitlik uitsluitlik 'n landbou- en veeteeltland en alhoewel daar ook armoede was, het die gesonde gesinsverband oor die algemeen behoue gebly. Die waarde van die kerk en die godsdienssin van die Afrikaner in die pioniers- en vroeëre jare van die volksgeskiedenis kan moeilik bepaal word. Sonder twyfel moet dit tot 'n groot mate aan hierdie invloed te danke wees dat daar onder veeleisende pioniersomstandighede soveel orde, wetsgehoorsaamheid, eerbare gesinslewe en samehorigheidsgevoel bestaan het.²⁾

1) Du Toit : Ons Nederduitse Gereformeerde Kerk, 273.

2) Malherbe : Onderwys en die Armblanke, 49.

Arme en verwaarloosdes word egter aangetref onder alle volke. Bowendien het ons 'n harde geskiedenis wat vanaf die vroegste dae van die volksplanting sy brandmerk gedruk het op die kinders van hierdie land. Die ongetemde natuur, die stryd teen die barbare, onsimpatieke owerhede, die uitgestrektheid van die land en die dun verspreiding van die bevolking, moeilike transport, onvastheid van verblyf, ekstensiewe boerdery en roofbou, gebrekkige onderwys en nog meer faktore het teen die laaste jare van die vorige eeu veral, ongekende armoede onder die plattelandse bevolking te weeg gebring. Dit geld hoofsaaklik vir dele van Kaapland, maar selfs in die Suid-Afrikaanse Republiek met skaars 'n halwe eeu van blanke vestiging agter die rug, tree teen hierdie tyd 'n merkbare verarming van die plattelandse bewoners as probleem te voorskyn. Die opkoms aldaar van die klas sonder grondbesit was reeds 'n opvallende verskynsel en die Volksraad moes vir diesulkes 'n heenkome en verdienste probeer skep.¹⁾

Gedurende hierdie tydperk is diamante en goud ontdek en in die ekonomiese geskiedenis van Suid-Afrika word met die jaar 1870 as't ware 'n ouer fase afgesluit en 'n nuwe fase ingelui. Hierdie struktuursverandering in die ekonomiese stelsel van ons land, naamlik van landbouland tot landbou-, mynbou- en later nywerheidsland, sou nie alleen belangrike ekonomiese en politieke reperkussies meebring nie, maar sou ook verreikende invloed hê op die leefwyse, lewensbeskouing, opvoeding en vorming van die jeug. Baie van die beste pioniersboere sou in hierdie ekonomiese omvormingsproses ten onder gaan. Met die ontdekking van diamante en goud en die daaropvolgende ekonomiese ontwikkeling het gekom 'n oorsese kapitalistiese invloed en 'n gees van uitbuiting wat totaal vreemd was aan die eenvoudige, grotendeels selfversorgende samelewing. Dit het meegebring dat „in minder as een geslag moes die ouer, oorwegende landelike volkshuishouding, die aanpassing

1) Van der Walt e.a. : Geskiedenis van Suid-Afrika, Deel II, 300 - 302.

vind aan 'n gewelddadige ekonomiese omwenteling wat totaal vreemd was aan die bestaande, tradisionele stelsel." ¹⁾ Daarop het gevolg 'n snelle toename in die stedelike bevolkingsyfer. Die ou baanbrekerboere was in hierdie verouderde ekonomiese stelsel oor die algemeen sleg toegerus om hulle vinnig aan te pas. Oorsese sakemanne en vakarbeiders het aanvanklik die werk gedoen in die mynbou en tegniek, terwyl vir die ruwe en ongeskoolde arbeid die groeiende naturellebevolking in toenemende getalle die arbeidskragte gelewer het. Toe daar dus in steeds toenemende getalle van die plattelandse bevolking na werksgeleenthede buite die tradisionele boerdery moes soek, kon hulle weens die skielike omwenteling in die ekonomiese struktuur van die land nie geleidelik toegang verower nie. Hierdie omwenteling sou later as gevolg van skaarste aan grond moes kom, maar dit was noodlotting dat dit nie trapsgewyse kon plaasvind nie en dat daar toe boonop so 'n groot reserwe van nie-blanke arbeidskragte in wedywerende hoedanigheid om ongeskoolde arbeid moes wees. Daar was ook rasse- en taalprobleme tesame met 'n gevoel van politieke minderwaardigheid veral na afloop van die Anglo-Boereoorlog, met die gevolg dat die oorgrote meerderheid blankes wat geestelik en andersins onvoorbereid na die stede verhuis het, in armoede verval het.

Op die platteland was daar in sekere dele van die land in die laaste jare van die vorige eeu ernstige armoede, terwyl daar in die stede maatskaplike toestande aangetref is soortgelyk aan dié in ander lande waar snelle nywerheidsgroei agterbuurtes en mense-ellende veroorsaak het. Die nadelige gevolge van hierdie toestande is op die kind oorgedra. Leiers op kerklike en staatkundige gebied het hierdie toestande ondersoek en besluit om die nodige stappe te doen om die verdere toename van die armblankedom te probeer stuit. Aandag sou geskenk word aan

1) Van der Walt e.a. : Geskiedenis van Suid-Afrika, 307.

die bloot behoeftige kind sowel as aan die verwaarloosde en sorgbehoewende kind. Ten einde die armes van die volk vir die toekoms te red, is besluit om industriële skole op te rig en ter beskerming van die verwaarloosde kind sou wetgewing ingedien word wat uiteindelik ook sou lei tot die stigting van „industriële " skole, maar van 'n ander soort. Die gang van hierdie twee parallelle rigtings sal in die volgende paragrawe nagegaan word.

(a) Die behoeftige kind.

Die gedagte om deur beroepsopleiding vir die behoeftige en sorgbehoewende kind voorsiening te maak, was nie 'n nuwe nie. Soos vroeër aangedui, was dit ook die weg wat in die vroeë jare van ons volksgeskiedenis gevolg is. 'n Geruime tyd voor 1895 toe die eerste industriële skool vir blanke behoeftige kinders gestig is, is hierdie soort opleiding reeds aan naturelle en kleurlinge van albei geslagte beskikbaar gestel en die eerste spore van beroepsonderwys word gevind in sending- en inboorling-skole wat deur kerke en sendinggenootskappe opgerig is.

Reeds in 1860 maak die Superintendent-Generaal van Onderwys ¹⁾ in sy jaarverslag melding van 'n nuwe element van arbeid wat in sending- en inboorling-skole ingestel word. Dit was sy mening dat „the education of the poorer classes must be suited to their circumstances, and to the sphere of life in which they have to earn their living." Industriële departemente moes aan skole gevoeg word en aan naturelledogters moes opleiding verskaf word in naald- en breiwerk en die knip van klere twee uur elke dag of elke ander namiddag. Seuns moes opgelei word in tuinbou en in die werksinkels. Hierdie daaglikse arbeid moes deel van die skoolroetine vorm net soos lees en skrywe. Die doel van hierdie handearbeid was nie om geskoolde ambagslui as sodanig voort te bring nie, „but to make boys and girls handy, industrious, orderly

1) Report of the Superintendent-General of Education, Cape of Good Hope, 1860, 5 - 6.

and useful," volgens dr. Langham Dale. ¹⁾ Mense het dit juis moeilik gevind om bediendes te bekom.

Die beginsel van industriële onderwys vir die inboorling is egter spoedig veel verder gevoer. Om dit aan te moedig, te bevorder en dit sodoende binne bereik van die naturellejeug te bring, is in 1863 bepaal dat waar industriële onderwys verskaf word vir minstens vier uur daagliks deur 'n gekwalifiseerde manlike blanke onderwyser en 'n gekwalifiseerde naturelleonderwyser en die leerlingtal is daagliks minstens 100, sou die Regering 'n vaste toelaag van £100 p.j. aan die blanke onderwyser betaal, £40 aan die naturelleonderwyser en £10 aan die vroulike persoon verantwoordelik vir naaldwerkinstruksie aan die naturelledogters. ²⁾

Jong manlike naturelle word ook nou aangemoedig om geskoolde werkslui te word. 'n Onderhoudstoelaag van £15 per jaar sou betaal word aan manlike skoliere wat na 'n proeftyd van een jaar hulle sou verbind om 'n verdere vakleerlingskap van hoogstens vier jaar en minstens twee jaar aan hulle skool te deurloop. Die volgende kursusse sou aangebied word: Skrynwerk, wamakery, grof-smedery, kleremakery, skoenmakery, drukwerk en boekbindery. Die toelaag sou reeds in die proefjaar beskikbaar wees. Aan vroulike naturelleskoliere sou 'n toelaag van £10 per jaar betaal word indien hulle na 'n jaar proefleerlingskap hulle sou inskryf vir 'n tydperk van hoogstens twee jaar en minstens 'n jaar om opgelei te word aan hulle skool in huishoudelike werk. Die betrokke owerhede moes elementêre onderwys aan alle vakleerlinge smôrens of saans verskaf. ³⁾

Dat bogenoemde stelsel vrugte afgewerp het, blyk uit die feit dat in die volgende jaarverslag ⁴⁾ vermeld word dat 24 vakleerlinge spesiale industriële instruksie ontvang terwyl 98 naturelle-losiesgangers industriële onderwys sowel as elemen-

-
- 1) Report of the Superintendent-General of Education, Cape of Good Hope, 1860, 6.
 - 2) Report of the Superintendent-General of Education, Cape of Good Hope, 1863, 109.
 - 3) Ibid., 110.
 - 4) Report of the Superintendent-General of Education, Cape of Good Hope, 1864, 10.

têre, gewone onderwys geniet. Skole met industriële afdelings het te Lovedale naby Alice, Lesseyton naby Queenstown, Heald Town naby Fort Beaufort ontstaan, sowel as 'n „Kafir College", Zonnebloem, in Kaapstad. Na laasgenoemde het jong Basoeto's later gegaan vir opleiding in skrynwerk en gewone onderwys. ¹⁾ In 1879 word vermeld dat 996 naturelleleerlinge industriële onderwys geniet. Daarvan was 249 vroulike en 173 vakleerlinge in spesifieke ambagte. Dr. Langham Dale ²⁾ vermeld in sy verslag dat „the general training of native lads and girls in industrial habits, as well as the specific instruction of a limited number of suitable apprentices in a suitable trade have occupied a good deal of my attention for some years." Hy betreur dit egter dat praktiese vakke soos tekene i.v.m. bouwerk „and other mechanical industries have not been promoted or encouraged to any appreciable extent among the European population by this Department."

Dr. Dale het heel aan die begin van sy dienstydpark ten opsigte van blanke kinders reeds gepleit vir die insluiting van gewone naaldwerk en „domestic economy", vir sover dit uitvoerbaar was, in die leerplan van Eersteklas-meisieskole. ³⁾ En in 1873 is daar van staatsweë 'n poging aangewend om beroepsonderwys ook aan behoeftige blanke kinders beskikbaar te stel deur 'n toekenning van spesiale toelaes aan die industriële departemente van Distrikskole. Hierdie industriële departement was egter nie 'n sukses nie en slegs 'n geringe aantal blanke kinders is daardeur geraak. Die oorsaak van die mislukking val saam met die mislukking van die kosskole. Na aanvanklike gewildheid het dié soort skole geleidelik

1) Report of the Superintendent-General of Education, Cape of Good Hope, 1875, 10.

2) Report of the Superintendent-General of Education, Cape of Good Hope, 1879, 9.

3) Report of the Superintendent-General of Education, Cape of Good Hope, 1860, 96.

4) Report of the Education Commission, Cape of Good Hope, 1879, 54.

in getalle afgeneem en uiteindelik doodgeloop. J. J. Liebenberg ¹⁾ meen dat die mislukking van hierdie proefneming in die onderwys gesoek moet word in die onderwysstelsel wat in swang was. Hierdie stelsel was nie bevorderlik vir die stigting en die voortbestaan van die Distrikskole nie. Die hulptoelaag het diegene gehelp wat hulleself wou help, en nie daardie mense wat onverskillig gestaan het teenoor die opvoeding van hulle kinders nie of finansieel nie daartoe in staat was nie. Behalwe hierdie oorsake moes daar ook 'n kousale verband gewees het tussen die mislukking van die industriële departemente en die gebrek aan opgeleide leerkragte vir daardie doel. Sulke persone was eenvoudig net onbekombaar. 'n Normaalskool vir die opleiding van gewone onderwysers is eers in 1878 in Kaapstad opgerig. Vir beroepsonderwysers het daar geen opleidingsentrum bestaan nie en van oorsee kon hulle ook nie verkry word nie. Beroepsonderwys was daar ook maar in sy kinderskoene. Dus al sou die blankes dan ook beroepsonderwys verlang het, en nie soos Langham Dale ²⁾ beweer het ... „to be rather indignant at their children being taught industrially", sou die gebrek aan geskikte leerkragte 'n probleem gebly het. In Europa was beroepsonderwys ook nie gesog in hierdie jare nie. ³⁾ En Suid-Afrika was nog nie ryp vir daardie soort onderwys nie.

En tog was die toestande sorgwekkend. In 1883 rapporteer Donald Ross ⁴⁾, Inspekteur-Generaal van kolleges en skole, na 'n deeglike inspeksiereis dat die armer mense nie die hoë skoolgelde kon bybring nie met die gevolg dat die Eersteklasskole hoofsaaklik inrigtings vir die „aristocracy or ruling classes" was, die Tweedeklasskole was „the property and the preserve of the

1) Liebenberg in WERK, September 1942, 25.

2) Report of the Education Commission, Cape of Good Hope, 1879, 59.

3) British Board of Education: Special Reports on Educational Subjects, 151.

4) Preliminary Report on the State of Education in the Colony of the Cape of Good Hope, Donald Ross, 1883, 12.

Donald Ross se rapport is saamgevat in Report of Select Committee on Education Bill, 1883.

superior ranks." Die armes in die dorpe het hulle kinders gewoonlik na minderwaardige sendingskole toe gestuur waar hulle min gebaat het, of na private skole of het hulle onderwys heeltemal verwaarloos. Die feit dat blanke kinders sendingskole saam met kleurling- en naturellekinders bygewoon het, is reeds deur die Superintendent-Generaal van Onderwys ¹⁾ van Kaapland in 1865 aangedui toe berig is dat blanke kinders tot die sendingskool te Lovedale toegelaat is. In 1888 het hy weer daarna verwys en na die gehalte van die onderwys in die volgende kommentaar: „During the last few years, the children of the white population have availed themselves largely of the cheap instruction given in these schools, which are under the direction of the various churches or missionary societies. The instruction is of course very elementary, and the tendency of the superintendents to employ persons whose qualifications recommend them as Cathechists and Church-helpers rather than as teachers of schools fills the ranks of the so-called mission teachers with inferior agents." ²⁾ Met die toenemende armoede onder dele van die blanke bevolking het hierdie toestande steeds vererger en in 1891 het dr. Langham Dale ³⁾ voor die Onderwys-Kommissie getuig dat daar in die 444 sendingskole ongeveer 10,000 blanke kinders was. Hy het dit veral skokkend en afstootlik gevind dat blanke dogters in daaglikse aanraking verkeer het met 'n baie lae klas kleurlingseun. Dit was hoofsaaklik die Afrikaanssprekende (Dutch speaking) kind wat weens armoede gedwing was om hierdie skole by te woon. Volgens Dale was dit die eerste plig van die owerheid om die blanke behoorlik op te voed en te verhoed dat hulle versink. Hy het dus ten behoewe van die verarmdes 'n vierdeklas skool bepleit. Hierdie soort skool,

1) Report of the Superintendent-General of Education, Cape of Good Hope, 1865, 9.

2) Report of the Superintendent-General of Education, Cape of Good Hope, 1888, 6.

3) Report of Education Commission, Cape of Good Hope, 4 - 7.

die „Poor Schools" vir behoeftige blanke kinders is in 1893 in werking gestel. ¹⁾ Orals waar 'n groepie sulke leerlinge byeengebring kon word, is so 'n skool opgerig en die aantal „Poor Schools" het in 1895, nieteenstaande die feit dat hulle volgens inspekteur A.H. Murray ²⁾ „in a deservedly bad odour" verkeer het, reeds gestyg tot 163. ³⁾

Teen die jare neëntig was die openbare mening dus terdeë bewus van die bestaan van 'n groot getal arm, blanke kinders, asook van hulle behoefte aan doeltreffende onderwys. Hierdie keer sou daar ook gegryp word deur kerklike en politieke leiers na beroepsonderwys as redmiddel. Daar sou benewens die „Poor Schools" ook skole in die lewe geroep word „in which the instruction provided would be mainly manual." ⁴⁾ Besonderhede van die soort skool het in die „Government Gazette" van 29 Desember 1893 verskyn. Die praktiese instruksie kon op tweërlei wyse geskied. In die een skool was instruksie in die skool verantwoordelik vir die opleiding. By die tweede soort kon leerlinge hulle praktiese instruksie ontvang in werksinkels in hulle omgewing. Hieruit is gebore die stigting van die eerste twee industriële skole vir blanke leerlinge in Suid-Afrika, nl. in Kaapstad in 1894 en te Uitenhage in 1895. ⁵⁾ 'n Plaas-industriële skool is in 1897 digby Stellenbosch gestig. ⁶⁾ Laasgenoemde het egter in 'n ander rigting ontwikkel en is in 1905 as Landbou-skool Elsenburg na die Departement van Landbou oorgeplaas. ⁷⁾ In 1898 is daar twee industriële skole vir dogters te Wellington en Graaff-Reinet onderskeidelik gestig met die doel om dogters vir huiswerk (domestic service) op te lei. ⁸⁾

-
- 1) Report of the Superintendent-General of Education, Cape of Good Hope, 1893, 8.
 - 2) Report of the Superintendent-General of Education, Cape of Good Hope, 1893, XXIII.
 - 3) Report of the Superintendent-General of Education, Cape of Good Hope, 1895, 8.
 - 4) Ibid., 9.
 - 5) Report of the Superintendent-General of Education, Cape of Good Hope, 1895, 9.
 - 6) Report of the Superintendent-General of Education, Cape of Good Hope, 1897, 8.
 - 7) Report of the Superintendent-General of Education, Cape of Good Hope, 1905, 30.
 - 8) Report of the Superintendent-General of Education, Cape of Good Hope, 1898, 6.

In 1899 was daar reeds nege industriële skole (latere ambag- en huishoudskole) in Kaapland en ander sou spoedig volg. In 1905 is die eerste skool van hierdie aard ook in Transvaal gestig toe die twee bestaande weeshuise in Potchefstroom geamalgameer het en daaruit 'n ambagskool ontstaan het. ¹⁾ Hierdie skool is in 1910 tot twee aparte inrigtings vir seuns en dogters omskep. ²⁾

Kort na die sluiting van vrede in 1902 het daar in die Vrystaat ook industriële skole vir die baie behoeftige leerling tot stand gekom. Hierdie skole het, net soos dié van Kaapland, ten doel gehad die „oplossing van de Armenblanken-Kwestie.” ³⁾ Oor hierdie skole is reeds uitvoerige verhandelinge ⁴⁾ geskryf en daar sal dus slegs op enkele vraagstukke en tekortkominge gewys word.

Dit was spoedig na die stigting duidelik dat dit nie met die nuwe industriële skole in Kaapland voor die wind gegaan het nie. Amptelik ⁵⁾ word in 1899 die klag voor die deure van die meeste skole gelê dat hulle op amateuragtige wyse bestuur word omdat hulle van die dienste van onopgeleide en onervare leerkragte gebruik gemaak het. Die finansies was in 'n benarde toestand omdat daar geen stelselmatige pogings aangewend is om plaaslike bydraes na verhouding tot die regeringstoelae in te samel nie. In sommige skole is ook ongewenste leerlinge toegelaat, ongewens na ouderdom en huislike afkoms. Die skole word gevolglik versoek om hulle sake in orde te stel en hulle vir gereelde inspeksies gereed te hou.

Hierdie beskuldiging was bepaald nie sonder grond nie, maar daar kan geen getuienis gevind word dat die onderwys-

1) Ds. Fick in "Die Volkstem", 22 Januarie 1909.

2) Aantekeninge uit die "Dagjoernaal" van die prinsipale, Hoër Huishoudskool, Potchefstroom.

3) Rapport van de Direkteur van Onderwys, Oranje Vrystaat, 1912, 12, Verslag van Superintendent-Generaal van Onderwys, Kaapland, 1922, 171.

4) Le Clus : Die Ambagskool; en du Plessis : Die Huishoudskool : M.Ed.-verhandelinge.

5) Report of Superintendent-General of Education, Cape of Good Hope, 1899, 6.

owerhede in Kaapland self enige daadwerklike leiding ten opsigte van hierdie soort skool wat maar nog in sy aanvangstadium verkeer het, gegee het nie. Die skole moes hulle eie heil uitwerk en in die geval van sommiges, veral die dogterskole, was dit 'n harde finansiële stryd om te bly voortbestaan. ¹⁾ Hierdie eerste industriële skole is gebore uit die ekonomiese nood van 'n nasie; die gevolg van armoede, ellende, droogte, depressie, oorloë, epidemies en die skielike verandering van die ekonomiese struktuur van die land na die ontdekking van goud en diamante. Die skole het ontstaan uit die gedagte aan liefdadigheid en as praktiese middele ter oplossing van die armbanke probleem. ²⁾ Die stigting van hierdie skole het 'n nuwe fase in die onderwysstelsel in Suid-Afrika ingelui, maar omdat hierdie skole wat vir die verarmdes en verwaarloosdes opgerig is oor die algemeen sukkelend voortbestaan het weens gebrek aan die nodige fondse en toerusting, is hulle uit die staanspoor gestigmatiseer, ³⁾ al het dit dikwels op onbewuste wyse geskied. So is dit nie sonder betekenis dat waar die industriële skole in Kaapland in die onderwysjaarverslae bespreek is, dit altyd in verband met armbankes en behoeftiges gedoen is. Selfs die finansiële verslae is onder hierdie hoof ingedeel. In die jaarverslag vir 1899 ⁴⁾ word byvoorbeeld vermeld dat daar £500 toegestaan is vir „Buildings for Industrial Training for Poor Whites” vir elk van die dogterskole te Wellington en Graaff-Reinet.

Staatstoelaes was ontoereikend en beroepsonderwys is duur. Seunskole kon deur verkopings van vervaardigde artikels die mas opkom en sommige het ook redelik goed gedoen ⁵⁾ maar in

-
- 1) Notules van Raadsvergaderinge van die Hoër Huishoudskool, Adelaide, 1925 - 1928.
 - 2) Rapport van de Direkteur van Onderwys, Oranje-Vrystaat, 1912, 12.
 - 3) Du Plessis : Die Huishoudskool, M.Ed.-verhandeling, 79.
 - 4) Report of the Superintendent-General of Education, Cape of Good Hope, 1899, Appendix III, 4c.
 - 5) Report of the Committee on Industrial Education, 1916, Appendix II, 23.

daardie gevalle het die kommersiële aspek die onderwys oorheers tot groot skade van die beoogde tegniese opleiding.¹⁾ Met finansiële kwellinge om die hoof te bied, kon hoofde en leerkragte nie hul onverdeelde aandag aan die werk wy nie. Die leerlinge van daardie skole was juis uit 'n milieu van armoede en behoefte en die skole moes tenminste 'n goeie omgewing bied om vir die sosiale agterstand van leerlinge te vergoed. Onder die sukkelende omstandighede kon die skole dit nie voorsien nie.

Dit is moeilik om te verklaar waarom die Kaapse Onderwysdepartement so traag was om self industriële skole op te rig of om voldoende geldelike voorsiening te maak. Die Onderwys-Kommissie ²⁾ van 1912 verwys in onverbloemde taal na die onverskillige houding van die owerhede ten opsigte van beroepsonderwys. Wet No. 53 van 1908 het aan skoolrade die mag verleen om industriële skole te stig of om bestaande skole oor te neem. In 1925 toe beroepskole aan die Unie-Onderwysdepartement oorgedra is, was slegs die skool te Knysna 'n staatsinrigting. Daar is liever weer in 'n ander rigting gestuur. Daar is spesiale koshuise vir behoeftige leerlinge van skoolgaande ouderdom ³⁾ opgerig en in 1921 is magtiging verleen vir die oprigting van een-onderwyser-vakafdelings in verband met koshuise vir „minvermogene kinders.“ ⁴⁾ Hierdie poging van die Onderwysdepartement om beroepsonderwys beskikbaar te stel was onprakties en haas onuitvoerbaar. Dit was om finansiële redes nie moontlik om by elke armkoshuis 'n vakafdeling op te rig nie. Geskikte, opgeleide personeel was ook moeilik bekombaar. Die Onderwys-Administrasie-Kommissie van 1923-24 ⁵⁾ beskou dan ook hierdie een-man-vakafdelings as 'n mislukking en hulle het in 1925 doodgeloop.

1) Report of the Superintendent-General of Education, Cape of Good Hope, 1922, 160.

2) Report of Education Commission Cape of Good Hope, 1912, 170.

3) Ordonnansie No. 11 van 1917.

4) Ordonnansie No. 5 van 1921.

5) Verslag Onderwys-Administrasie-Kommissie 1923-24, 54.

Teen die twintiger jare was dit duidelik dat die industriële skole vir behoeftige leerlinge oor die algemeen nie aan hulle doel beantwoord het nie. Die skole het oor die algemeen nie werk van hoë opvoedkundige gehalte gelewer nie. Daar was ook geen uniformiteit in die land betreffende staats-toelaes, personeeltoesegging of diensvoorwaardes, toelatingsvoorwaardes van leerlinge, leerplanne, duur van opleiding of toerusting nie. Sommige van die skole is deur die kerk gestig, ander deur verenigings of persone, enkele deur onderwysowerhede en die ware nywerheidsskool vir gekommitteerde sorgbehoewende kinders deur die sentrale regering. Selfs die benaming van die skole het verwarring geskep. Daar was ambagskole, huishoudskole, huisvlytskole, maar hulle almal was ook onder die benaming „industriële skool" bekend, en die industriële skole vir wetsbestede kinders.

Hierdie toestand van verwarring kon nie voortduur nie. Oorspronklik gestig met hoë verwagtings het die meeste industriële skole gaandeweg hulle stigters met soveel sorg belaa dat hulle kwalik so kon voortgaan. Toe die Unie-Onderwysdepartement dus in 1925 die skole onder sy sorg geneem het, was daar min tekens van rou by die Provinsiale owerhede. Alleen die Vrystaat ¹⁾ het amptelike besware geopper op grond van die skeiding tussen kulturele en beroepsonderwys en omdat die onderskeiding tussen die twee soorte skole naamlik dié vir behoeftige en dié vir sorgbehoewende kinders onder dieselfde Departement te maklik kon verdwyn en die ouers van die Vrystaat nie graag hulle „moreelgesonde kinders" in aanraking met gekommitteerde kinders sou wou bring nie. Die onderskeid is reeds vroeër ook deur die Superintendent-Generaal van Onderwys van Kaapland ²⁾ aangedui toe hy in sy jaarverslag vir 1907 verwys het na die stigting van 'n industriële skool te Adelaide,

1) Jaarverslag van die Direkteur van Onderwys, Oranje-Vrystaat, 1924, 13.

2) Report of the Superintendent-General of Education, Cape of Good Hope, 1907, 7.

en aangetoon het dat daar onderskei moes word tussen hierdie skole en Britse skole met gelyke benaming : „According to British usage, Industrial Schools and Reformatories are bracketed together, and children whose record is not sufficient to justify detention in a Reformatory are placed by a magistrate's order in an Industrial School. The Cape Industrial Schools are not Industrial Schools in this sense, but are schools for the purpose of teaching trades to the children of parents in poor circumstances, and the pupils are, as a rule, by no means degenerate."

Vir die sorgbehoewende kind is daar op ander wyse voorsiening gemaak. Reeds in 1815 is 'n weeshuis in Kaapstad gestig,¹⁾ blykbaar die eerste in Suid-Afrika, gevolg deur ander stigtings deur die verskillende kerke en kerkgenootskappe. Toe die omstandighede as gevolg van die nasleep van die Anglo-Boereoorlog in nood verander, het die aantal weeshuise en kindertehuise vinnig vermeerder, met 'n verdere merkbare toename na die griep-epidemie in 1918.

Maar Suid-Afrika sou dit ook uiteindelik nodig vind om wetlike voorsiening in belang van die sorgbehoewende kind te maak, soos uit die volgende paragraaf blyk.

(b) Kinderbeskerming deur wetgewing.

In vorige paragrawe is aangedui hoedat Engeland, Nederland en die Verenigde State van Amerika dit in die neentiende en twintigste eeu nodig geag het om wetgewing ter beskerming van kinders in te dien. Ook in Suid-Afrika waar die landsomstandighede en maatskaplike omstandighede veel anders was, het sodanige wetgewing uiteindelik noodsaaklik geblyk. Net soos oorsee die geval was, was die Staat aanvanklik traag om hom met die regte en pligte van die ouer teenoor sy afhanklike kind in te

1) Du Toit : Ons Nederduitse Gereformeerde Kerk, 274 - 280. Vgl. ook Jaarverslag van die Departement van Volkswelsyn 1937-49, 40.

laat, maar geleidelik het die behoeftes van die sorgbehoewende en verwaarloosde kind so sterk onder die openbare aandag gekom dat wetgewing in hulle belang nodig geag is. Die invloed van oorsee is, veral op ons vroeëre wetgewing in hierdie verband, duidelik merkbaar.

In die Kaapse Wet No. 15 van 1856¹⁾, die „Heeren en Dienstboden Wet" vind ons die eerste spore van wetlike beskerming van kinders wat die nodige ouersorg moes ontbeer.

Hierdie wet het onder andere bepaal dat verwaarloosde kinders óf by bevoegde familieleden geplaas kon word óf by geskikte ander persone uitbestee kon word. Seuns kon tot hulle agtiende jaar en dogters tot hulle sestiende jaar ingeboek word. Die kontrak van leerlingskap het voorsiening gemaak vir die besoldiging, onderhoud (insluitende klere) en die onderrig van die kind. Die resident-magistraat moes na elke geval van hierdie aard ondersoek instel en verklaar dat dit na sy mening in die belang van die kind was om hom so uit te bestee. Hy kon ook die loon vasstel indien dit sy mening was dat die arbeid wat die kind verrig het, 'n loon regverdig het. Dit was die plig van die magistraat om te sorg dat die gunstigste voorwaardes vir elke kind verkry word.

Hierdie inboekstelsel was nie iets nuuts nie, intendeel, dit was 'n welbekende stelsel wat dateer uit die Middeleeue en wat, soos vroeër in die hoofstuk aangetoon, reeds sedert 1609 in Engeland wetlik erken is. Ook in die vroeë dae van ons volksbestaan is kinders by pleegouers wat sulke kinders vir die teenprestasie van arbeid by hulle wou neem, geplaas. Dit gee blyke van die opvatting by die werkgewers dat hulle waarde aan nuttige arbeid geheg het en dat gesinsversorging bo inrigtingsversorging verkies is. Hierdie Kaapse wet is verskeie kere gewysig en uiteindelik opgeneem in die Kinderbeskermingswet van 1913. Die be-

1) Statutes of the Cape of Good Hope, Vol. 1, 577 - 580.

paling in verband met die algemene vakleerlingskap van kinders is ook in die Kinderwet van 1937 bestendig as 'n metode om oor sorgbehoewende kinders te beskik.

Uit die aard van die saak het die ou wet hom gere-
delik tot wanpraktyke geleen, want dit was moeilik om behoorlik
toesig te hou oor al die uitbestede kinders. In die praktyk
was die wet veel meer van toepassing op kleurling- en naturelle-
kinders as op blankes. Laasgenoemde feit blyk duidelik uit die
opgawes van die eerste inspekteurs wat in 1919 aangestel is om
ondersoek in te stel na die omstandighede van kinders wat op
hierdie wyse deur kontrakte aan meesters verbind was.¹⁾ Hulle
het, soos te verwagte val, leemtes gevind, sommige van 'n ern-
stige aard. Die stelsel het hom maklik tot uitbuiting geleen,
aangesien die klem so maklik geval het op die nut en waarde van
die kind as arbeidskrag in stede van op sy algemene welsyn, wat
tog in die eerste instansie beoog was. Werkgewers het heel dik-
wels nie hulle deel van die kontrak nagekom nie, en aan die ander-
kant het naturelle en kleurlinge op die platteland veral, maklik
van hulle meesters gedros. Uit die groot totaal van 455 „ingeboek-
te" kinders in Kaapland wat in 1919 besoek ontvang het van die in-
spekteurs was slegs 34 blankes en van hulle was daar 12 wat uit ny-
werheidskole in vakleerlingskap geplaas was.

In 1879 is wetgewing in Kaapland ingedien in verband
met die stigting en beheer van verbeteringsgestigte²⁾ en drie
jaar later is die Porterverbeteringsgestig opgerig. In 1894 is
die wet in verband met verbeteringskole gewysig en is daar be-
paal dat die Minister enige behoeftige (destitute) kind kon oor-
plaas na 'n „industrial home" of indien dit nie prakties was nie,
na 'n verbeteringskool, as hy dit nie moontlik gevind het om so 'n
kind by 'n geskikte persoon, kragtens Wet No. 15 van 1956, in die
leer te plaas nie.³⁾

1) Report of the Secretary for Education, 1919, 54 - 57.

2) Statutes of the Cape of Good Hope, Vol. II, 1596.

3) Statutes of the Cape of Good Hope, Vol. III, 2947.

Hierdie wetgewing ten opsigte van die sorgbehoewende kind in die neëntigerjare val saam met die destydse, algemene openbare belangstelling in die armblanke kind en met die stigting van die eerste industriële skole vir sulke behoeftige kinders. Laasgenoemde kinders het egter onder geen wetlike verpligting gestaan om die industriële skole by te woon nie.

In 1895 is 'n baie belangrike wet in verband met kinderbeskerming in Kaapland op die wetboek geplaas. Hierdie Wet No. 24 van 1895 ¹⁾ het voorsiening gemaak vir die onderhoud, opvoeding en vakleerlingskap van behoeftige kinders. Vir die eerste keer word in Suid-Afrika 'n wetlike omskrywing van die sorgbehoewende kind gegee. Hierdie omskrywing kom in hoofsaak ooreen met dié wat later in die Natalse, ²⁾ Transvaalse ³⁾ en eerste Uniale ⁴⁾ Kinderwetgewing opgeneem is.

Ooreenkomstig hierdie wet sou enige blanke kind 'n sorgbehoewende wees wat 'n gewoontebedelaar is, of wat in openbare plekke aangetref word met die doel om te bedel, wat rond dwaal sonder tuiste of 'n vaste woonplek, wat nie ouers of voogde het om behoorlik toesig te hou of so 'n kind te versorg nie, wat saamwoon of verkeer met persone van onsedelike karakter, of wat omgang hou met persone, anders as hulle ouers, wat hulle skuldig maak aan dronkenskap, diewery of leeglêery.

So 'n kind kon gekommitteer word na 'n inrigting wat deur die Koloniale Sekretaris goedgekeur was, of na 'n openbare skool wat vir die doel beskikbaar was. So 'n skool moes, indien moontlik, in dieselfde dorp of distrik waarin die ouers ten tye van die kommittering gewoon het, geleë gewees het, met hierdie bykomende bepaling dat die bestuur van so 'n skool gewillig moes wees om so 'n kind toelating toe te staan. Dit is belang-

1) Statutes of the Cape of Good Hope, Vol. III, 3507 - 8.

2) Wet No. 38 van 1901 van Natal.

3) Wet No. 38 van 1909 van Transvaal.

4) Wet No. 25 van 1913 van die Unie van Suid-Afrika.

rik om te let op die bepaling dat kinders nie ver weg van hulle ouerhuise gestuur moes word nie. Dit is 'n gesonde opvoedkundige beginsel en dit berus op die gedagte om die band tussen kind en ouerhuis te bewaar en die samewerking van die ouerhuis in die heropvoeding van die kind te erlang.

Dit is duidelik uit bogenoemde bepalinge dat sorgbehoewende kinders ook na bestaande industriële skole vir armblanke kinders kon gestuur geword het. Daar was slegs dié voorbehoud dat die bestuur van so 'n skool toestemming moes verleen. Of van hierdie geleentheid gebruik gemaak is, kon nie met sekerheid vasgestel word nie.

Volgens die mening van die Kaaplandse Onderwyskommissie van 1912 ¹⁾ was bogenoemde bepalinge feitlik onbekend en van die bepalinge is selde gebruik gemaak. Hierdie wet het alleenlik betrekking gehad op blanke kinders onder die ouderdom van vyftien jaar. Sulke kinders kon vir tydperke van nie langer as drie jaar gekommitteer word, en na so 'n periode van aanhouding kon die magistraat hom of haar kragtens die wet op meesters en diensbodes by geskikte persone as vakleerlinge laat inskryf.

Dit is interessant om te sien dat daar voorsiening gemaak word vir die verhalings van die koste of 'n gedeelte van die koste van die ouers of voogde van so 'n kind binne ses jaar vanaf die datum waarop die staatsorg 'n aanvang geneem het. Die ouer was dus nog in 'n mate aanspreeklik vir die versorging van sy kind.

In die tydperk van 1895 tot met die unifikasie van die vier kolonies in 1910 is nog verskeie wette in verband met die lewe en beskerming van kinders op die wetboeke geplaas. So het Wet No. 3 van 1899 in die Oranje-Vrystaat ook voorsiening gemaak vir die behoeftige en verwaarloosde blanke kinders. Hierdie wet het die interessante klousule bevat dat die landdros so 'n kind moes behandel ooreenkomstig sy beste belange en in ooreenstemming

1) Report Education Commission, Cape of Good Hope, 1912, 170.

met die sosiale posisie van die ouers of naasbestaandes.

In 1901 het gevolg Natal se eerste werklike kinderbeskermingswet in Wet No. 38.¹⁾ Hierdie wet het voorsiening gemaak vir die inhegtenisname van 'n sorgbehoewende kind, ten einde die Staat in die geleentheid te stel om voorsiening te maak in sy belang.

In 1907 is in Kaapland die „Wet ter Bescherming van het leven van jonge Kinderen" aangeneem, gevolg in die Transvaal in 1909 deur 'n soortgelyke wet, Wet No. 24 van 1909.²⁾ Die wetgewers wou klaarblyklik benewens die verlening van beskerming aan kinders, deur wetgewing maatskaplike wantoestande op daardie wyse verhelp. Dit was in daardie jare ook die geval in Engeland. Terselfdertyd was daar in hierdie tyd 'n groeiende bewuswording van die noodsaaklikheid om sulke euwels in hulle kern naamlik by die huisgesin, aan te pak. En die Staat het vireers nie inrigtings vir sorgbehoewende kinders self opgerig nie. Die eerste van sy soort sou in 1909 in Transvaal volg op die aanname van die bekende Wet No. 38 van dieselfde jaar. Hierdie wet het strawwe bepaal vir sekere misdade en terselfdertyd voorsiening gemaak vir die opsigting van nywerheidskole vir sorgbehoewende kinders soos deur genoemde wet omskryf. Omdat die geskiedenis van die nywerheidskool in die volgende hoofstuk behandel word, sal hier volstaan word.

6. SAMEVATTING.

In Engeland veral het die nywerheidsomwenteling ernstige maatskaplike vraagstukke geskep. Die radikale verandering van die ekonomiese struktuur van die land het as nasleep ge-

1) Votes and Proceedings Natal Legislative Council Vol. X, 1901.

2) Statutes of the Transvaal 1909, 102 - 107.

had 'n grootskaalse ontwrigting van die gesinslewe. Kinderarbeid is uitgebuit en kinders is as volwassenes deur die strafreg handel.

Met die toenemende insig in die kindersiel en die groeiende filantropisme het daar geleidelik meer belangstelling in die kind na vore gekom en veral in die verwaarloosde, sorgbehoewende kind. Op verskillende wyses is voorsiening probeer maak : deur inboeking, deur die oprigting van tehuse, deur pleegouerskap, deur die stigting van nywerheid- en verbeteringskole en deur beskermende wetgewing.

Hierdie toenemende belangstelling het hom eintlik sterk openbaar teen die helfte van die vorige eeu. Die belangrikste wetgewing in verband met Kinderbeskerming en onderwys is gedurende die laaste kwart van die vorige eeu toegedien. Dit het gekulmineer in die bekende „Children's Charter" van 1908, gevolg in 1933 deur die tans bestaande „Children and Young Persons' Act."

In Engeland, Nederland en Amerika berus kindersorg en skole vir sorgbehoewendes byna uitsluitlik in die hande van private inisiatief, gesteun deur die Staat.

In Suid-Afrika het die ekonomiese omwenteling eers teen die einde van die vorige eeu ingetree. Saam daarmee het geval die verarming van groot gedeeltes van die plattelandse bevolking. In die neëntigerjare het politieke en kerklike leiers dus te doen gehad met die probleem van behoeftigheid én die van sorgbehoewendheid. Onder meer sou opgesien word na beroepsonderwys vir albei groepe.

Beroepsonderwys is reeds sedert 1860 aan naturelle verskaf. In 1895 is die eerste industriële skole vir armblanke kinders opgerig. In dieselfde jaar is ook die eerste belangrike wetgewing ten opsigte van die verwaarloosde kind in Suid-Afrika aangeneem, nl. Wet No. 24 van 1895. Dit is gevolg deur ander beskermende wetlike maatreëls. Verder is min of meer in die voet-

spore van oorsese optrede gevolg. Wetlike voorsiening is gemaak vir inboeking, wees- en ander kinderinrigtings is opgerig, 'n verbeteringskool is gestig en nywerheidskole sou ook uiteindelik volg. Vir die bloot behoeftige kind is koshuise opgerig en beursstelsels ingevoer.

Daar was min blyke van belangstelling van die kant van die Provinsiale owerhede in die industriële skole vir behoeftige leerlinge en daardie skole is in 1925 na die Unie-Onderwysdepartement oorgeplaas en staan tans as hoër tegniese en hoër huishoudskole bekend.

Die eerste nywerheidskool vir die sorgbehoewende kind sou in 1909 opgerig word en daarmee 'n nuwe fase in die onderwys in Suid-Afrika inlui.

HOOFSTUK III.

DIE ONTSTAAN EN ONTWIKKELING VAN DIE STAATSNYWERHEIDSKOOL IN SUID-AFRIKA.

1. INLEIDING.

In die vorige hoofstuk is aangetoon hoedat landsomstandighede omstreeks die begin van die twintigste eeu in Suid-Afrika radikaal verander het. Die hoofsaaklik pastorale lewemoes plek maak vir 'n streng wedywerende kapitalistiese ekonomie; die stedelike bevolkings het vinnig aangewas, dikwels met mense van die platteland wat hulle moeilik aangepas het en sodoende nuwe maatskaplike probleme geskep het. Die ouerdisipline het ontwrig geraak en bygedra daartoe dat die land vir die eerste keer te kampe gehad het met 'n ernstige probleem van kinderverwaarloosing en onbeheerbaarheid onder die jeug. Private inisiatief het, net soos in ander lande, die voortou geneem en vir baie van hierdie kinders voorsiening gemaak. Die Staat sou volg met die stigting van nywerheidskole.

2. ONDER DIE DEPARTEMENT VAN JUSTISIE 1909 - 1917.

In 1909 is in die Transvaal, toe 'n selfregerende Britse Kolonie, 'n wet byna soortgelyk aan die Engelse „Children's Act" van 1908 op die wetboek geplaas en op 1 Oktober 1909 het die eerste nywerheidskool vir sorgbehoewende, blanke wetsbestede kinders in Suid-Afrika kragtens Kennisgewing No. 1095 van die Transvaalse Staatskoerant van 24 September 1909, in Standerton tot stand gekom. Natal, die Kaap-kolonie en die Oranje-Vrystaat het almal voor daardie tyd reeds wette gepasseer om voorsiening te maak vir verwaarloosde kinders, maar hulle het nog geen inrigtings onder die beheer van die Staat opgerig nie. Wet No. 38 van 1909 van Transvaal het nie alleen sorgbehoewendheid by kinders omskryf nie, dog terselfdertyd voorsiening gemaak vir die oprigting en

instandhouding van staatsnywerheidskole vir sulke kinders. Hierdie skole sou voortaan parallel bestaan met die ander „industriële” of ambagskole wat sedert 1895 tot stand gekom het vir behoeftige kinders en uiteindelik tot hoër tegniese skole ontwikkel het.

'n Beheerraad, bestaande uit die magistraat en ander vooraanstaande persone in Standerton, is vir die skool benoem. ¹⁾

(a) Ontstaan en groei.

Die eerste nywerheidskool was vir dogters bedoel, maar met die stigting was daar ses seuns op die rol en net een dogter. ²⁾ Dit was dus 'n gemengde skool. Die getalle het gou aangewas sodat daar in 1910 reeds 75 seuns en 44 dogters was ³⁾ en op 1 Januarie 1911, 82 seuns en 49 dogters. ⁴⁾ Probleme verbonde aan die gemengde nywerheidskool het die owerhede genoodsaak om 'n skool vir slegs seuns op te rig. So 'n seunskool is aan die begin van 1912 tot stand gebring toe die seuns van Standerton oorgeplaas is na Emmasdal, digby Heidelberg, Transvaal, wat oorspronklik op 1 Maart 1909 as 'n verbeteringskool vir blanke seuns gestig is. ⁵⁾ Nog in dieselfde jaar is aangevang met die aanbou van doeltreffende koshuise van die „cottage”-tipe. ⁶⁾ Akkommodasie was gou onvoldoende ⁷⁾ en op 1 Desember 1912 is 'n nywerheidskool vir seuns in George, die eerste van sy soort in Kaapland, gestig. Gebruik is voorlopig gemaak van bestaande ou geboue, maar daar is spoedig met die bou van goeie, doeltreffende koshuise 'n aanvang geneem. ⁸⁾

1) Kennisgewing No. 1096 van die Transvaalse Staatskoerant van 24 September 1909.

2) Report of the Under Secretary for Education 1918, 69.

3) Ibid., 69.

4) Report of the Department of Justice 1911, 32.

5) Ibid., 32. Vgl. ook Report of the Under Secretary for Education 1918, 69.

6) Report of the Department of Justice 1912, 281.

7) Ibid., 281. Vgl. ook Child Welfare Conference 1917, 81.

8) Ibid., 282. Ook Report of the Under Secretary for Education, 1918, 69.

Op 1 Oktober 1915 is nog 'n skool in Kaapland opgerig. Dit was 'n skool vir dogters wat in Paarl tot stand gekom het. Akkommodasie was ook daar spoedig 'n probleem met die gevolg dat nuwe geboue ook daar opgerig moes word.¹⁾

Dit is treffend dat die Departement van Justisie so spoedig nuwe doeltreffende geboue tot stand kon bring gedurende die moeilike jare van die Eerste Wêreldoorlog. Hulle geboue is selfs vandag nog 'n sieraad en het nog nie hulle doeltreffendheid verloor nie. Sedertdien, soos verderaan aangetoon sal word, was dit uiters moeilik om geskikte nuwe geboue vir nywerheidskole te bekom.

Daar was gelyktydig met die toename van die aantal skole ook 'n vinnige toename in die leerlingtal soos die tabel hieronder weerspieël en talle van leerlinge moes toelating geweier word weens beperkte akkommodasie.²⁾

TABEL II. ³⁾

Die aantal leerlinge in Nywerheidskole in Suid-Afrika gedurende die jare 1910 - 1917.								
	1910	1911	1912	1913	1914	1915	1916	1917
Standerton-Seuns	75	115						
Dogters	44	67	75	112	147	153	152	151
Heidelberg - Seuns	-	-	143	154	163	212	239	247
George - Seuns	-	-	-	25	70	75	83	99
Paarl - Dogters	-	-	-	-	-	13	40	45
TOTAAL:	119	182	218	291	380	453	514	542

Tydens 'n konferensie in verband met kinderswelsyn⁴⁾ in 1917, is verklaar dat Heidelberg in 1913 slegs vyf seuns kon

-
- 1) Report of the Department of Justice 1916, 194, en Report of the Secretary for Education 1918, 69.
 - 2) Report of the Department of Justice 1912, 281. Vide ook Child Welfare Conference 1917, 81.
 - 3) Report of the Under Secretary for Education 1918, 69.
 - 4) Child Welfare Conference 1917, 81.

opneem van die Johannesburgse „Children's Aid Society" en slegs deur spesiale reëling kon die nywerheidskool van George twaalf seuns toelaat. Genoemde kinder-hulpvereniging het deur sy bemiddeling gedurende die jare 1910 - 1916 na die verskillende nywerheidskole 111 dogters en 187 seuns gestuur. ¹⁾

Artikel 33 van die Kinderbeskermingswet No. 25 van 1913 het voorsiening gemaak vir die oprigting van staatsnywerheidskole en het Wet No. 13 van 1911 sodoende vervang. Die nywerheidskole sou voortaan bedoel wees vir die behoeftige, die hawelose en verwaarloosde kinders en sulke kinders wat die hof dit nodig sou vind om daarheen ooreenkomstig artikel 34 te kommitteer ten einde te verhoed dat hulle in misdaad verval en om hulle op te lei en op te voed. Dit is aan die diskresie van die magistraat oorgelaat om te beslis of 'n kind sorgbehoewend was of 'n jeugmisdadiger, indien sulke gevalle sou voorkom. Die jeugmisdadiger is kragtens die „Gevangenissen en Verbetergestichten Wet" van 1911 na 'n verbeteringskool gevonnissen terwyl die sorgbehoewende kind na 'n nywerheidskool of gesertifiseerde inrigting gestuur kon word. Die beslissing het by die hof berus en was bepaald nie altyd 'n maklike nie, aangesien, volgens die sienswyse van die Onder-Sekretaris van Onderwys oor die praktiese implikasies van die Kinderbeskermingswet „the borderline between committing children in some cases to a reformatory and in others to an industrial school is often more than imaginary depending on the personality or the humour of the individual magistrate, conditioned again by his interest in child welfare and his understanding of child nature." ²⁾

Daar het dan ook by hom nie enige twyfel bestaan dat kinders verkeerdelik na verbeteringskole gevonnissen is vir oortredings geringer as dié waarvoor ander kinders na nywerheidskole gestuur is. Welsynsdienste was in die beginjare van hulle ontwikkeling en 'n staatsdepartement van volkswelsyn met opgeleide

1) Child Welfare Conference 1917, 81.

2) Report of the Under Secretary for Education 1918, 64.

werkers wat die geskiedenis en agtergrond van die kind kon bestudeer en aan die magistraat voorlê, het nie bestaan nie.

Magistrate kon dus foute begaan, want die beslissing na watter soort skool 'n kind gestuur moes word, het berus op die subtiële onderskeiding tussen die misdadige kind en die kind wat wel 'n wetsoortreding begaan het, maar sorgbehoewend was weens sy omstandighede en in die nywerheidskool geplaas moes word „ten einde ze tegen een misdadig leven te vrywaren en ze op te leiden en op te voeden.” ¹⁾

Alhoewel artikel 33 van die Kinderbeskermingswet van 1913 bepaal het dat nywerheidskole opgerig kon word „voor de aanhouding van verwaarloosde en verlaten kinderen” het artikel 34(i) bepaal dat ook sulke kinders wat „ter zake van een misdaad of overtreding beschuldigd staat of binnen de laatste zes maanden beschuldigd is” na sulke skole gekommitteer kon word. In hierdie laaste gevalle veral moes die magistrate op grond van hulle kennis van die omstandighede van die kind besluit of so 'n kind na 'n verbeteringsgestig of 'n nywerheidskool gestuur moes word.

Volledige amptelike opgawes ten opsigte van die redes waarom kinders na nywerheidskole gekommitteer is, is egter nie beskikbaar nie en daar kan dus nie vasgestel word watter persentasie leerlinge hulle weg na nywerheidskole gevind het op grond van oortredings nie. Dat die skole wel met gedragsafwykende kinders te doen gehad het, blyk uit verwysings daarna in die amptelike verslae. In 1911 moes die Standertonse skool drie leerlinge na die verbeteringskool stuur weens onaanpasbaarheid ²⁾ en Heidelberg het in die volgende jaar ses daarheen oorgeplaas en die dogterskool in Standerton een. ³⁾

1) Artikel 33 van Wet No. 25 van 1913.

2) Report of the Department of Justice 1911, 32.

3) Report of the Department of Justice 1912, 281 - 282.

Van die leerlinge van die nywerheidskool te George skryf die voorsitter van die Beherende Raad egter in die amptelike verslag vir 1914: „at present the class is a very decent one and it would be unfortunate if boys of a doubtful character were sent to the school from the large centres." 1)

Ook in 1916 word na die goeie hoedanighede van hierdie skool se leerlinge verwys en word o.a. die „cleanliness, alertness and pleasing demeanour" genoem, alhoewel dissiplinêre stappe soos lyfstraf, verbeuring van goeiegedragpunte en opsluiting vir skool-oortredings ook vermeld word. 2)

In ander gevalle word verwys na oneerlikheid en 'n vlag van geslagtelike wanpraktyke wat onder die seuns voorgekom het. 3)

Wat egter tref, is die pogings, onder moeilike pioniersomstandighede, tot positiewe opvoedkundige werk by hierdie eerste nywerheidskole onder die Subdepartement van Gevangenis. Hierdie aspek en enkele probleme waarmee die skole te kampe gehad het, word in die volgende paragraaf behandel.

(b) Onderwys en opvoeding in die eerste nywerheidskole.

Ooreenkomstig die regulasies uitgevaardig kragtens artikel 34 van die Kinderbeskermingswet van 1913, moes die nywerheidskole voorsiening maak vir onderrig in lees, skryf, rekene, beginsels van geskiedenis en aardrykskunde (veral Suid-Afrikaanse geskiedenis) en in die beginsels van boekhou. 4)

Verder is bepaal dat skole ook voorsiening moes maak vir praktiese onderrig en dat vakopleiding vir die seuns moes

1) Report of the Department of Justice 1914, 256.

2) Report of the Department of Justice 1916, 194.

3) Report of the Department of Justice 1914, 255.

4) Artikel 61 van die „Regulasies" kragtens Wet No. 25 van 1913.

„bestaat in boerdery en tuinwerk en zulke andere beroepen en ambachten als gemakkelijk onderwezen kunnen worden." Die dogters moes opgelei word in sulke vakke binnenshuis en buitenshuis waaruit hulle later 'n selfstandige bestaan kon maak. Aan die praktiese en gewone skoolwerk moes daaglik gesamentlik ses ure gewy word en vier ure Saterdag. 1)

Die praktiese opleiding het bestaan uit onder-
rig in skryfwerk, sagte metaalwerk, loodgieterswerk, kleremakery, skoemakery, boerdery en in enkele gevalle ook kantoorwerk. Dogters het opleiding ontvang in huishoudkunde, waskunde en naaldwerk. 2)

Sommige skole het drie uur daaglik aan praktiese werk gewy en drie uur aan skoolwerk soos in die geval van Standerton,³⁾ terwyl George slegs twaalf uur per week aan praktiese werk gewy het. 4)

Benewens die voorgeskrewe skool- en praktiese werk is ook buite die skoolroetine in belang van die kinders opgetree. Aansluiting met die buitewêreld is bewerkstellig op die volgende wyse: Deelname Sondag aan die eredienste van die kinders se onderskeie kerke alhoewel selfs daarin tekens van regimentasie, so eie aan die Gevangenisdepartement, voorkom, want die verslag lui in verband met George dat „on Sundays the boys were marched from church parade to the various churches, and presented a very smart appearance." 5) Leraars van die verskillende kerke het besoek aan skole gebring en minstens in een skool was daar 'n sterk tak van die Christen Studentevereniging. 6) Deur die kerklike lewe en lidmaatskap van 'n universele godsdienstige vereniging vir skoliere en studente moes geleentheid vir kontakte

1) Artikel 62 van die „Regulasies" kragtens Wet No. 25 van 1913.
2) Report of the Department of Justice 1912, 281.
3) Report of the Department of Justice 1916, 194.
4) Ibid., 194.
5) Ibid., 194.
6) Ibid., 193.

buite die skool geskep word, maar moes die kinders veral godsdienstige bearbeiding geniet. Godsdiensonderrig en godsdiensoefeninge in die skole en koshuise het gereeld plaasgevind. ¹⁾

Die seunskole het kadetafdelings gehad waardeur ook aansluiting na buite bewerkstellig is. In 1911 word vermeld dat sewentig seuns en drie offisiere van die Standertonse skool aan 'n kamp vir skoolkadette deelgeneem het en tweede plek verower het in 'n kompetisie vir die beste afdeling. ²⁾

Die volgende jaar is trofeë vir goeie prestasies in die skietkuns teenoor ander skole behaal, en is pryse tydens 'n skrynwerkuitstalling op 'n skou verower. ³⁾ Dogters het terselfdertyd ook met hulle naaldwerk diplomas op dieselfde tentoonstelling verower.

'n Begin is ook gemaak met die opbouing van skoolbiblioteke, en onderrig is gegee in gimnastiek en swem. Die Departement het selfs aan die Heidelbergse skool 'n klavier voorsien. ⁴⁾

Die skole het egter met baie ernstige opvoedkundige probleme te kampe gehad. Dit het hoofsaaklik gespruit uit die volgende omstandighede:-

- (1) die skole was in hulle pionierstadium;
- (2) geskikte personeel was moeilik bekombaar, en
- (3) daar was 'n totale gebrek aan 'n behoorlike stelsel van klassifikasie, wat ook maar weer nou saamhang met die eerste.

Omdat die skole die eerste van hulle soort in Suid-Afrika was, moes hulle gaandeweg uit eie ervaring put en uit kennis van soortgelyke skole oorsee. Na die uiterlike organisasie is oorsese modelle gevolg maar in die werklike praktyk moes die ondervinding leer. Die probleem van kinderverwaarlosing het

1) Report of the Department of Justice 1916, 193.
2) Report of the Department of Justice 1911, 32.
3) Report of the Department of Justice 1912, 282.
4) Report of the Department of Justice 1916, 193.

Suid-Afrika as't ware eensklaps oorweldig. Die probleem van die verwaarloosde kind is 'n verskynsel wat saamhang met die meer omvangryke en dieperliggende probleem van maatskaplike wantoestande. Oorsee het soortgelyke toestande oor baie dekades gestrek alvorens openbare optrede bewerkstellig is. In Suid-Afrika het die soeklig teen die einde van die vorige eeu reeds skerp op maatskaplike vraagstukke geval, maar die openbare mening is op daardie tydstip en vir 'n geslag of twee daarná deur materiële sake en politieke gebeurtenisse gedomineer. Die twintigste eeu is deur 'n verwoestende oorlog ingelui, gevolg deur verarming op grootskaal, verbittering, 'n hewige politieke stryd en in 1914 die Eerste Wêreldoorlog, wat verdere ontwrigting in maatskaplike toestande meegebring het. Die nood was wesenlik groot en optrede in belang van die talle verwaarloosde kinders was so 'n dringende saak dat verdere uitstel onmoontlik was.

Opgeleide persone vir die gespesialiseerde werk in nywerheidskole het op daardie tydstip in Suid-Afrika nie bestaan nie. Selfs gewone gekwalifiseerde onderwysers is moeilik verkry, veral soos C.J. Muller dit stel, weens „die feit dat dit (nl. die skole) onder Justisie gestaan het.”¹⁾ Van ongekwalifiseerde leerkragte moes dus soms gebruik gemaak geword het.²⁾

Die meeste opvoedkundige probleme het egter voortgevloei uit die volslae gebrek aan 'n doeltreffende stelsel van klassifikasie van leerlinge.

Die nywerheidskole het te doen gehad met die arm en verwaarloosde kind sowel as met gedragsafwykendes. Dit het ook te doen gehad met kinders van feitlik enige ouderdom tot met die vasgestelde maksimum ouderdom van agtien jaar. 'n Minimum ouderdom vir toelating aan 'n nywerheidskool is nie deur

1) In 'n artikel in "Werk" Desember 1940, 7 - 9. Muller is 'n oud-onderwyser uit daardie tydperk.

2) Report of the Department of Justice 1914, 255.

die Kinderbeskermingswet bepaal nie met die gevolg dat skole ook kleuters op die rol gehad het. Ouderdomme van nuwelinge aan die nywerheidskool te George in 1914 het gewissel van drie tot sestien jaar.¹⁾ In daardie selfde jaar was daar 113 leerlinge onder die ouderdom van tien jaar in die Heidelbergse nywerheidskool, 26 tussen tien en twaalf jaar, 82 tussen twaalf en sestien jaar en 42 oor sestien jaar.²⁾ In die geval van Heidelberg was die posisie in 1916 effens gunstiger want toe was daar slegs 13 leerlinge jonger as tien jaar oud, 38 tussen tien en twaalf jaar, 111 tussen twaalf en sestien en 51 tussen sestien en agtien jaar.³⁾

Die implikasies van hierdie ouderdomsverspreiding van leerlinge in dieselfde skool is duidelik. Dit sou nie moontlik wees om aan die kleuters en ander klein kindertjies se behoeftes te voorsien nie. Hulle het ook nie ingepas in 'n skool waar praktiese onderrig aan leerlinge deur regulasie voorgeskryf was nie.⁴⁾ In 'n poging om in daardie opsig tot beter klassifikasie te geraak, het die Heidelbergse nywerheidskool se Beheerraad aanbeveel dat aan daardie skool slegs leerlinge bokant die ouderdom van twaalf jaar toegelaat moes word, leerlinge wat voordeel uit die praktiese opleiding kon haal; die duur ambagsopleiding was vermors op die „babies and young children" na die mening van die Raad.⁵⁾ Geen verandering kon egter aangebring word nie.

Wyl die minimum-ouderdom vir toelating aan nywerheidskole nie vasgestel was nie, was daar egter wel 'n maksimum-ouderdom. Die tydperk van aanhouding in die nywerheidskool is deur die hof bepaal,⁶⁾ maar 'n magistraat was gebonde om 'n kind tot sy agtiende jaar te kommitteer,⁷⁾ dog artikel 82 van die re-

1) Report of the Department of Justice 1914, 256.

2) Ibid., 255.

3) Report of the Department of Justice 1916, 193.

4) Artikel 62 van die „Regulasies" kragtens Wet No. 25 van 1913.

5) Report of the Department of Justice 1912, 281.

6) Report of the Department of Justice 1914, 256.

7) Verduideliking deur Onder-Sekretaris van Onderwys in amptelike jaarverslag 1918, 61.

gulasies het voorsiening gemaak daarvoor dat die Beheerraad van 'n skool 'n kind „onder licentie op proef” ¹⁾ kon ontslaan en kon terugroep na die skool indien hy 'n mislukking maak.

Die maksimum-ouderdom van agtien jaar het die opvoedkundige werk van die skole gestrem in dié opsig dat leerlinge op daardie ouderdom dikwels nog nie gereed was vir uitplasing nie. Die skool het egter geen keuse gehad nie; ooreenkomstig die bepalings van die wet moes die kind ontslaan word.

(c) Uitplasing en nasorg.

Die voorafgaande dui op een van die aktuele probleme wat in verband gestaan het met die uitplasing van leerlinge en nasorgwerk. Wanneer 'n leerling ryp was om uitgeplaas te word, of die ouderdom van agtien jaar bereik het, moes die huisvader of huismoeder, soos die hoofde van die skole genoem is, ooreenkomstig die bepalings van artikel 84 van die regulasies ingevolge die Kinderbeskermingswet „zicht bemoeien om ieder ontslagen leerling een plaats te bezorgen waar hy zyn lewensonderhoud kan verdienen.” As dit moontlik was, moes 'n kind nie sonder die vooruitsigte van 'n betrekking ontslaan word nie.

Die amptelike verslae verstrek nie volledige besonderhede oor ontslane leerlinge nie, maar daar is tog duidelikeheid ten opsigte van die beleid en die pogings deur skole aangewend om in voeling met leerlinge te bly.

In 1912 het Standerton 10 dogters ontslaan met die bereiking van die ouderdomsgrens: Een is oorgeplaas na 'n verbeteringskool, 8 is terug na ouers en voogde en een na bloedverwante. ²⁾

In 1914 rapporteer dieselfde skool dat 9 dogters by hulle ouers uitgeplaas is, 3 na 'n verbeteringskool gestuur is,

1) Artikel 82 van die „Regulaties” kragtens Wet No. 25 van 1913.

2) Report of the Department of Justice 1912, 282.

en 5 onder kontrak as huisbediendes ingeskryf is. Van die 9 onder toesig van hulle ouers het net een 'n sukses geblyk en van die 5 ingeskrewe dogters moes drie terugkeer. ¹⁾ Elf uit veertien was dus 'n mislukking. Die huismoeder soek die oorsaak in die feit dat die dogters oor die algemeen nog nie ryp vir uitplasing was nie. 'n Nywerheidskooldogter was op agtienjarige leeftyd nog te onstabiel om op eie bene te staan, veral indien haar huislike omstandighede haar nie steun nie. ²⁾ Hierdie sienswyse is onderskryf deur 'n konferensie van Kinderwelsynverenigings in 1917. ³⁾ Om hierdie uitgeplaasde dogters onder beskermde en beheerde omstandighede losies te bied, het die „Children's Aid Society" van Johannesburg 'n koshuis vir werkende nywerheidskooldogters opgerig, maar die Gevangeniswese wou dit nie sertifiseer nie, en hierdie nuttige poging tot nasorg het dus misluk. ⁴⁾

In 1916 het Standerton 14 dogters onder kontrak ingeskryf, waarvan 10 suksesvol was. Alhoewel talryke aansoeke om dogters van Johannesburg ontvang is, het die Raad besluit om, weens die velerlei mislukkings van uitgeplaasdes aldaar, geen leerlinge in daardie geweste te plaas nie. ⁵⁾

Die seunskole het ook jaarliks leerlinge uitgeplaas. Behalwe getalle wat aangegee word, is weinig besonderhede beskikbaar. Heidelberg het in 1912, 1914, 1916, twaalf, ses-en-twintig en sewe-en-dertig leerlinge onderskeidelik ontslaan. George het in 1916 tien leerlinge ontslaan. Ses is onder toesig van hulle ouers in die werk geplaas en vier onder toesig van die werkgewer, nl. die verdedigingsmag. Een is in diens van die spoorweë geplaas, twee as leerlingskrynwerkers, een as 'n leerling-

1) Report of the Department of Justice 1914, 257.

2) Ibid., 257.

3) Child Welfare Conference 1917, 85.

4) Ibid., 85.

5) Report of the Department of Justice 1916, 194.

haarkapper en een by sy vader in diens. ¹⁾

Die vernaamste leemte naas die ouderdomsgrens van agtien jaar wat te vroeg was, het bestaan in verband met nasorgdienste. Die Kinderbeskermingswet het aan skole die gesag verleen om toesig oor leerlinge wat uitgeplaas was te hou tot met hulle een-en-twintigste verjaarsdag, maar die nodige masjinerie om die nasorgdienste doeltreffend te maak, het ontbreek. Die nodige personeel was nie beskikbaar nie. Die konferensie van Kinderwelsynsorganisasie het die feit benadruk dat dit rampspoedig was om dogters op agtienjarige leeftyd van die skool af terug te stuur na die slegte omgewing vanwaar hulle gekom het. ²⁾ Ook die seunskole het die behoefte aan goeie toesigdiens sterk bepleit en in sy jaarverslag het die Beheerraad van die Heidelbergse nywerheidsskool in 1914 versoek dat personeel aangestel word met die oog op doeltreffender uitplasingsdienste en om met die uitgeplaasde leerlinge in kontak te bly. ³⁾

Van die wenke en versoeke het egter niks tereg gekom nie.

(d) Oordrag van die nywerheidskole aan die Unie-Onderwysdepartement.

Die uitplasings- en nasorgprobleme van die nywerheidskole het sterk bygedra daartoe dat die administrasie van die skole aan die Unie-Onderwysdepartement opgedra is. ⁴⁾ Volgens Patrick Duncan, toenmalige Minister van Onderwys, ⁵⁾ en J. E. van Zyl, 'n latere Onder-Sekretaris van Onderwys, ⁶⁾ is die skole onder Gevangenisgeplaas bloot om persoonlike redes. Die Direkteur van Gevangenisgeplaas, J. de V. Roos, was hoofsaaklik verantwoordelik vir die formulering van die Kinderbeskermingswet van 1913 en hy

1) Report of the Department of Justice 1916, 194.

2) Child Welfare Conference 1917, 84.

3) Report of the Department of Justice 1914, 256.

4) Child Welfare Conference 1917, 74.

5) Ibid., 74.

6) In 'n rede deur J. E. van Zyl gehou tydens 'n kongres van die S.A. Vakskoolvereniging en gepubliseer in WERK, Maart 1946, 9 - 11.

wou nie graag van die skole afstand doen nie.

Hoe goed die bedoeling ook was, en daar bestaan min twyfel oor die belangstelling van J. de V. Roos in die skole, want ook deur sý toedoen is die eerste skool in Standerton gestig; nogtans was dit uit 'n opvoedkundige oogpunt 'n baie kortsigtige beleid om die skole onder Gevangenisse te plaas. Dit sou, weens die gespesialiseerde aard van die werk en die talle opvoedkundige probleme daaraan verbonde, die hoogste eise aan enige onderwysdepartement gestel het. Dat verwag is dat 'n gevangenisdepartement, waar die klem nog grotendeels op straf i.p.v. hervorming geval het, die opvoedkundige probleme na behore sou kon hanteer, was onbegryplik.

Ten spyte van die pogings van die Gevangenisdepartement om van die skole opvoedkundige inrigtings te maak, soos in voorafgaande paragrawe aangedui, kon van die feit dat die skole aan die tronke gekoppel was, nie weggekom word nie. Oral was die stempel maar te duidelik. In die verslae word voortdurend verwys i.v.m. weglopery van leerlinge na ontvlugtings ("escapes") en na „lockups." In die personeel is nagwagte en dissiplinêre beamptes aangetref, ¹⁾ en in die ou leerlingomslae van voor 1918 vind 'n mens nog die ou „weight record"-vorm van die gevangenis (P.D.100) wat ook in verband met nywerheidskoolleerlinge gebruik is. Bo-aan so 'n vorm staan: „This record should be completed monthly for all convict/prisoners with sentences of six months and upwards and should be filed with his Historical Register and should accompany him on his transfer."

Dit was 'n onbevredigende toestand. Die belange van die kind was immers deurslaggewend en dit was ook van toepassing op die sorgbehoewende kind. Daarom moes die opvoedkundige aspek voorop gestel word; in die woorde van die destydse Minister

1) Report of the Under Secretary for Education 1918, 71.

van Onderwys ¹⁾ moes die inrigtings ware skole wees en nie plekke van aanhouding nie.

Dit was dus nie enkel om administratiewe redes dat skole op 1 September, presies net agt jaar na die stigting van die eerste nywerheidskool, aan die Unie-Onderwysdepartement oorgedra is nie. Dit was hoofsaaklik om redes van suiwer opvoedkundige aard.

Saam met die vier skole t.w. Standerton (dogters), Heidelberg (seuns), George (seuns) en Paarl (dogters) is ook die talryke probleme van die nuwe skole oorgedra. Daar was egter groot geesdrif in die Unie-Onderwysdepartement vir die nuwe taak. Die saak van die minderbevoorregte, verwaarloosde kind het die Onder-Sekretaris, George Hofmeyr, na aan die hart gelê. ²⁾ Volgens dr. W.D. Marais het in 1917 „'n gloed van nuwe lewe die industriële skole besiel onder die nuwe bewind en deur die inspirasie van wyle mnr. George Hofmeyr“ ³⁾

Onder hierdie blyke van geesdrif het die nywerheidskole wat uit die gevangeniswese gebore is, in 1917 'n nuwe bedeling binnegetree.

3. ONDER BEHEER VAN DIE UNIE-ONDERWYSDEPARTEMENT : DIE TYDPERK 1917 - 1937.

Die Onder-Sekretaris van Onderwys het die omvang en probleme van sy nuwe taak terdeë besef, maar ook die belangrikheid daarvan. Sy erns en diepgaande studie van die onderwys blyk uit sy breedvoerige aanhalings en verwysings in sy jaarverslae na standaardwerke oor die onderwys en praktyke in verband met die verwaarloosde kind oorsee. ⁴⁾ Uit hierdie besielende dokumente skyn terselfdertyd sy groot geesdrif en warme gevoel vir die kinders wie se regte en voorregte van kindskap beskerm moes word ten

1) Child Welfare Conference 1917, 74.

2) Van Zyl in WERK, Maart 1946, 9 - 11.

3) Marais in WERK, Junie 1942, 22.

4) Vide die amptelike jaarverslae van die Unie-Onderwysdepartement vir die jare 1917, 1918 en 1919.

einde goeie burgers en mense van hulle te maak.

Hy het hom deur verskeie besoeke aan die skole persoonlik vergewis van die omstandighede by elke skool asook by 'n aantal weesinrigtings.¹⁾ Daarbenewens het hy die dienste verkry van prof. G.G. Cillie van Stellenbosch om die skole te inspekteer. Laasgenoemde het die skole in Desember 1917 besoek en die Departement van 'n belangrike dokument oor die omstandighede, soos uit die oogpunt van 'n opvoedkundige gesien, voorsien.²⁾ Hierdie paar skole was die enigste onder die beheer van die Unie-Onderwysdepartement en aan hulle sou die Departement in die eerste aantal jare hoofsaaklik aandag skenk.

'n Inspekteur vir Inrigtings om deeglike inspeksie aan die skole uit te voer, was een van die eerste benoemings na die oorname van die skole.³⁾

Die Onder-Sekretaris het in sy jaarverslae nie alleen die omvang van sorgbehoewendheid aangedui nie, maar ook op nugtere wyse die beleid van sy Departement ten opsigte van personeelaangeleenthede, uitbreiding, vakleerlingskap, nasorg en klassifikasie.

(a) Personeel.

Die Onder-Sekretaris het die menslike faktor t.o.v. die werkers sowel as die kinders in hulle sorg voorop gestel en personeelaangeleenthede sou voorrang geniet want, om sy woorde te gebruik, „given the right staffs, other problems would be solved in time.”⁴⁾ Hy het hoë eise van toewyding en bekwaamheid gestel, maar het terselfdertyd verwag dat die Departement en Beheerrade die diensvoorwaardes, insluitende salaris en verlofvoorregte sowel as skoolpligte en residensiële omstandighede so aantreklik moontlik moes maak.

1) Report of the Under Secretary for Education 1917, 73.

2) Ibid., 73.

3) Ibid., 73 - 74.

4) Ibid., 74.

Persone wat as besonder geskik vir die werk aan nywerheidskole geag is, is van tyd tot tyd genader om betrekings aan die skole op te neem. Op daardie wyse is in sommige gevalle daarin geslaag om persone te werf wat nie alleen goeie diens aan die Onderwysdepartement gelever het nie, maar ook as opvoedkundiges buite hulle kring aansien verwerf het. ¹⁾

Verbeterde salarisskale en diensvoorwaardes is so gou as moontlik aangekondig. Alhoewel onvoldoende na sy mening, het die Onder-Sekretaris gehoop dat dit sou help om die personeeltekort op te los.

Die nuwe skale word hieronder aangetoon: ²⁾

Huisvaders (Hoofde van die skole)	£450x20-550. £400x20-500.
Huismoeders (Hoofde van dogter- skole)	£150x15-240.
Manlike onderwysers	£250x20-350. £170x15-245. £140x10-200.
Onderwyseresse	£150x15-240. £130x10-150. £100x10-140.
Ambagsinstrukteurs	£200 en £180 vas.
Instruktrises	£ 80x10-100.
Dissiplinêre beamptes	£130x10-150.
Klerke vir huisvaders	£150.
Klerke vir huismoeders	£ 80x10-100.
Verpleegsters	£ 80x10-100.
Nagwagte (manlik en vroulik)	£ 80x10-100.
Handlangers	£ 80x10-100.
Matrones	£50.
Assistent-Matrones	£ 36x 6-42.
Persoon wat die wasgoed gewas het	£42.

Gunstige veranderinge in diensvoorwaardes is ook aangebring. Die wysiginge werp interessante lig op die werksomstandighede aan die skole. So is vorige diens onder 'n ander onderwysowerheid vir die vasstelling van 'n salariskerf erken, alle amptenare sou vry mediese diens ontvang, vroulike amptenare sou vry losies geniet, persone wat koshuisdiens verrig het, sou vry losies geniet en indien sulke mans se eggenotes as matrones

1) Uit onderhoude met oud-hoofde van skole.

2) Report of the Under Secretary for Education 1918, 72.

opgetree het, sou 'n addisionele vergoeding van £50 per jaar betaal word. ¹⁾

Vakansie-voorregte is ook verbeter. ²⁾ In die somer sou leerkragte vyf weke ontvang in plaas van twee soos vroeër en in die winter twee soos vroeër. Voorheen moes onderwysers tydens vakansies aan diens bly om met toesig behulpsaam te wees, want die seuns is gewoonlik op die landerye besig gehou bedags en die dogters met naaldwerk of tuinwerk aangesien die Kinderbeskermingswet nie voorsiening daarvoor gemaak het dat kinders tydens vakansies na hulle ouers gaan nie. 'n Wysiging in die wet om daardie voorreg aan kinders te verleen is in 1921 eers aangebring. ³⁾ Onderwysers wat vakansiediens verrig het, kon op ander tye verlof neem en hulle kollegas moes dan hulle pligte dra. Die nuwe diensvoorwaardes het ook hierin verandering aangebring.

Nieteenstaande die verbeterde salarisskale en diensvoorwaardes het die personeelvoorsiening vir die gespesialiseerde werk aan die nywerheidskole, hetsy deur persoonlike eienskappe of spesifieke opleiding, 'n ernstige probleem gebly. Tabel III op die volgende bladsy dui min of meer aan hoeveel personeellede in 1918 benodig was, sowel as die verskeidenheid en die uiteenlopende aard van hulle pligte en terselfdertyd die uiteenlopende eise wat aan die hoofde van die skole gestel is.

Bedankings, dikwels op kort kennisgewing, was talryk en skole is soms erg in die verleentheid gestel. 'n Mens kan slegs die ou regulasies ⁴⁾ lees om onder die indruk te kom van die omstandighede waaronder gewerk is. Van die onderwysers is byvoorbeeld ook verwag om klerklike werk te verrig, en hulle kon

1) Report of the Under Secretary for Education 1918, 72.

2) Ibid., 79.

3) Report of the Secretary for Education 1921, 21.

4) Regulasies opgestel kragtens Wet No. 25 van 1913.

1)
TABEL III
Tabel aantoonende die aantal personeellede aan nywerheidskole verbonde en die aard van betrekings beklee 1918.

	Huisvader	Huismoeder	Onderwyssers	Onderwyssersse	Instr. Skrynwerk	Instr. Skoennakery	Instr. Loodgietersy	Instr. Wamakery	Instr. Boerdery	Wassery: Mans	Wassery: Vroue	Instr. Kookkuns	Naaister	Disiplinêre Beampste	Narwas: Mans	Narwas: Vroue	Handlangers	Klerklike assistent	Koshuismatrone	Assistentmatrone	Verpleegstershulp	TOTAAL: MANS	TOTAAL: VROUE	GROOTTOTAAL
HEIDELBERG	1	-	4	1	1	1	1	-	2	-	-	-	-	1	1	-	-	1	6	6	-	13	13	26
STANDERTON	-	1	-	3	-	-	-	-	-	-	1	1	2	-	-	1	1	1	1	1	-	1	11	12
GEORGE	1	-	3	-	2	1	-	1	-	1	-	-	-	1	1	-	1	-	2	2	-	12	4	16
PAARL	-	1	-	1	-	-	-	-	-	-	1	1	1	-	-	-	-	-	-	-	-	-	5	5
DEWETSDORP	1	-	1	-	-	-	-	-	2	-	-	1	-	1	1	-	1	-	1	-	-	7	2	9
TOTAAL	3	2	8	5	3	2	1	1	4	1	2	3	3	3	3	3	1	3	9	9	-	33	35	68

1) Report of the Under-Secretary for Education 1918, p.71

behalwe hulle gewone taak as onderwyser, „zo dikwels zy daartoe geroepen worden, op diens geplaats wordend." Met spesiale toestemming kon hulle 'n dag per week verlof ontvang en hulle kon alleenlik met verlof die inrigting verlaat. Hierdie regulasies wat onder die Gevangenisdepartement opgestel is, het van krag gebly nadat die Onderwysdepartement die skole oorgeneem het, en alhoewel die meeste later nie meer nageleef is nie, het die strekking en die gees daarvan tog nog dikwels voortgewerk. Dat onderwysers die provinsiale skole met hulle korter en vaste werksure, makliker tipe leerling en aantrekliker salarisskale aanlokliker gevind het, is dus nie in die minste verbasingwekkend nie.

In 1919 was die toestand nog eens so erg en persone is noodgedwonge as leerkragte aangestel met kwalifikasies „undesirably meagre." 1)

Steeds is aangedring op salarisse minstens uniform met dié van provinsiale skole, maar ten spyte van verbeterings in 1928 en 1935 wys die Sekretaris van Onderwys in laasgenoemde jaar weer op die onderskeid in salarisse, op die nadelige invloed ten opsigte van personeelwerwing vergeleke met die provinsiale administrasies en op die veeleisende taak van die nywerheidskoolleerkrag met sy groot verantwoordelikheid en moeilike werk, aangesien hy so dikwels werk met die verwaarloosde, die afwykende, die wanaangepaste of verstandelik subnormale leerling.

Die Unie-Onderwysdepartement het op ander wyses vir salarisverskille probeer vergoed. Goeie diens is beloon met bevordering na hoofposte ongeag senioriteit. Persone met besondere kwalifikasies is ook buite die skole gewerf en as hoofde

1) Report of the Secretary for Education 1919, 43.

2) Report of the Department of Education 1935, 16.

aangestel. 1)

Omdat die skole min was en die aantal leerkragte nie baie nie, kon daar 'n hegte en intieme samewerking en verhouding tussen die Departement en skole wees wat andersins nie moontlik sou gewees het nie. Dit het beslis bygedra tot die vorming van 'n gesonde opvoedkundige gees en atmosfeer. 'n Konferensie met hoofde is in 1918 gehou 2) en weer in 1927. 3) Die Departement wou graag leiding gee en groter uniformiteit van metodes en doelwitte by skole bewerkstellig. 4)

'n Kursus vir instrukteurs is in Junie 1930 deur die Departement georganiseer. Die doel was om die leerkragte wat hoofsaaklik met die praktiese sy te doen gehad het, in te lei tot die teoretiese. 5) Dit was dus 'n stelsel van opleiding in diens.

Die Departement het ook aangedring op gereelde personeelvergaderings, waar hoofde leiding en voorligting aan die personeel moes verskaf. 6) Ou notules en jaarverslae uit daardie tydperk bring 'n mens sterk onder die indruk van die houding van sommige hoofde teenoor hulle werk en van die besieling wat daar van hulle tot hulle personeel moes uitgegaan het. 7)

In 1922, vyf jaar na die oorname van die skole, kon die Sekretaris van Onderwys rapporteer dat twee van die hoofde van die ses nywerheidskole universiteitsgrade besit het, en dat hulle 'n sukses van hulle werk, veral ten opsigte van die selfregeringstelsel wat ingevoer is, maak. Volgens die Sekretaris was die nywerheidskole eindelik besig om te ontwikkel weg van semi-strafinrigtings na suiwer opvoedkundige instellings. 8)

Dit was egter nie slegs die doserende personeel wat van belang was nie. Daar was ook persone nodig wat buite skoolure

1) Report of the Secretary for Education 1926, 66.

2) Marais in WERK, Junie 1942, 22.

3) Jaarverslag van die Sekretaris van Onderwys 1927, 60.

4) Ibid., 60.

5) Jaarverslag van die Unie-Onderwysdepartement 1929, 41.

6) Report of the Secretary for Education 1919, 54.

7) Skrywer verwys hier in besonder na verslae van King William's Town, 1925 - 1927.

8) Report of the Secretary for Education 1922, 28.

in ouerlike verband tot die leerlinge kon staan. Van die begin af is gebruik gemaak van getroude amptenare en hulle eggenotes. Op opvoedkundige kwalifikasies kon uit die aard van die omstandighede nie aangedring word nie, en hierdie leemte het dikwels aanleiding gegee tot ernstige dissiplinêre en ander moeilikhede. Dit is 'n toestand wat vandag nog op 'n oplossing wag.

(b) Groei.

Saam met die probleem van genoegsame personeelvoorsiening was daar vraagstukke van akkommodasie vir die steeds toenemende aantal sorgbehoewende kinders. In 1910 was daar 119 leerlinge in die een skool te Standerton; in 1918 was daar 583 ¹⁾ in die vier skole en talle wat op toelating gewag het. Die Eerste Wêreldoorlog wat in 1918 ten einde geloop het en die groot griep-epidemie het skielik nuwe behoeftes geskep en voorsiening moes gou gemaak word.

In 'n poging om verligting te bring, word weer gebruik gemaak van ou bestaande geboue toe die eerste landbouwywerheidsskool op Roodepoort naby Dewetsdorp, op 1 Augustus 1918 gestig word. ²⁾ Die skool is op 'n groot plaas van meer as drieduisend morge geleë en het vroeër as nedersetting gedien vir troepe van die Imperiale Regering na die Anglo-Boereoorlog. Die skema was 'n mislukking en die geboue was beskikbaar, alhoewel erg bouwellig en verwaarloos.

Die gewone ambagte sou nie aan hierdie skool ingestel word nie. Die pragtige plaas het hom geleen tot opleiding in boerdery en die Departement het verlang dat die klem daarop moes val en op ambagte soos skrynwerk en grofsmedery wat in verband met boerdery gestaan het. Magistrate was egter onkundig hieromtrent en talle klein seuntjies wat geen baat uit hierdie soort opleiding kon haal nie, is na die skool toe gestuur. ³⁾

1) Report of the Under Secretary for Education 1918, 69.

2) Ibid., 73.

3) Ibid., 70.

In Januarie 1921 word die tweede nywerheidsskool in die Vrystaat in Bloemfontein gestig. ¹⁾ Gebruik is in hierdie geval ook gemaak, onder noodomstandighede, van ou ontruimde militêre barakke. Dit was 'n voorbereidende skool vir seuns en dogters onder dertien jaar en die skool moes terselfdertyd as klaringskool vir ander skole, 'n deurgangsskool na ander skole volgens die eise en behoeftes van die kind, dien. Dit was 'n besonder versierende gedagte en dit kon van veel nut gewees het. Sonder opgeleide, geskikte personeel was dit egter sy tyd vooruit, en die proefneming het in 1927 ten einde geloop toe die seuns na ander skole toe oorgeplaas is. ²⁾

Teen die einde van 1921 was daar reeds 153 leerlinge in Tempe wat die groottootaal in die ses nywerheidsskole op 870 te staan gebring het. ³⁾

Aansoeke om toelating het nog steeds ingestroom en vroeg in 1925 is die sewende nywerheidsskool in King William's Town gestig. 'n Hoof en personeellede van ander nywerheidsskole is daarheen oorgeplaas en vir die eerste keer kon daar werklik gebruik gemaak word van ervare, hoewel nog jong, personeel wat bekend was met die doelwitte en gees van 'n nywerheidsskool, by die stigting van 'n nuwe skool. ⁴⁾

Welke belang destyds aan hierdie soort skool geheg is, blyk uit die feit dat Generaal J.B.M. Hertzog, toe Eerste Minister van die Unie, vergesel van sy Minister van Finansies, die skool op 3 September 1925 gaan open het. Die plaaslike magistraat het verduidelik dat die keuse op King William's Town geval het omdat doelmatige geboue beskikbaar was. Daar was ook fabrieke waar die leerlinge moontlik opgeneem kon word. ⁵⁾ Uit 'n toespraak van

1) Report of the Secretary for Education 1921, 21.

2) Report of the Union Education Department 1926, 45.

3) Report of the Secretary for Education 1921, 21.

4) Report of the Secretary for Education 1924, 3.

5) The Cape Mercury, King William's Town, 4 Sept. 1925.

die burgemeester het dit geblyk dat die besonder geskikte geboue deur die Imperiale troepe gedurende die Kafferoorloë in die vorige eeu gebruik is. Daarna het die Cape Mounted Rifles dit as kwartiere gebruik en na hulle die South African Mounted Rifles „who protected the community. Now the buildings were filled with boys requiring protection." 1)

Die geboue en terrein het egter vir twaalf jaar verlate gelê. Dit was woest en vervalte. Dr. W.D. Marais, eerste hoof, gee die volgende beskrywing daarvan: „'n see van onkruid buite sover as die oog kon sien; en gebou op gebou met onafgewerkte boomstompe vir pilare, en ongepleisterde, growwe baksteenmure buitekant, was ons ontvangs. Die wêreld was woest en wild. Geboue het uitgestrek gelê oor 'n paar morge waar braambos en onkruid welig vir twaalf jaar die omgewing ingeneem het." 2)

'n Groot taak is dus aan hierdie baanbrekers gestel. Hulle moes, volgens mev. D. Wessels, raadslid sedert die stigting van die skool, nie alleen die skool uit 'n sigbare puinhoop ophou nie, „maar ook die onsigbare mure van vooroordeel en agterdog by die publiek afbreek." 3)


In 1926 was daar reeds 238 leerlinge op die rol van die skool. 4)

Gedurende die volgende veertien jaar is geen verdere skole gestig nie en het die leerlingtal ook min of meer konstant gebly soos aangedui op Grafiek I op die volgende bladsy.

Dr. S.F.N.Gie het G. Hofmeyr in 1925 as Sekretaris van Onderwys opgevolg; die land het 'n ernstige ekonomiese depressie ingegaan en aan uitbreiding kon nie verder gedink word nie. Daar was gevolglik tyd vir konsolidasie en proefneming na die ervaring sedert 1917 opgedoen.

-
- 1) The Cape Mercury, King William's Town, 4 Sept. 1925.
 - 2) W.D. Marais in die Kwarteeufeesblad van die Nywerheidskool King William's Town, 8.
 - 3) Ibid., 33.
 - 4) Jaarverslag van die prinsipaal, Nywerheidskool King William's Town, 1926.

- GRAFIEK 1 -



LEERLINGTAL AAN NUWERHEIDSKOLE
GEDURENDE DIE JARE 1917 - 1937

(c) Opvoedkundige Probleme.

Met die oorname van die nywerheidskole van die Gevangeniswese in 1917 het die Onder-Sekretaris met verbasende helderheid van insig die meeste probleme in verband met die nywerheidskool en sy leerling aangedui.¹⁾ In die daaropvolgende aantal jare sou aandag daaraan geskenk word en sou gepoog word om geleenthede te verskaf ooreenkomstig die behoeftes van die kind. In 1919 verklaar George Hofmeyr²⁾ dat die opvatting dat enige vorm van onderwys, of 'n minderwaardige onderwys goed genoeg is vir die nywerheidskoolkind, nie meer steek hou nie. Elke kind het die onwrikbare reg om aanspraak te maak op onderwys ooreenkomstig sy aanleg en vermoëns en die Departement sou in die toekoms voorsiening moes maak „for educational facilities as will enable every child to benefit to the full from any capacity he may possess."

Staatsdepartemente beweeg egter langsaam en dit sou ruim vyftien en twintig jaar neem voordat die ideale wat deur George Hofmeyr gestel is, verwesenlik sou word. Hy en sy opvolgers sou egter voortdurend op sekere essensiële beginsels aandring. 'n Behoorlike stelsel van klassifikasie was 'n dringende noodsaaklikheid. In 1918 was die leerlinge aan die vyf nywerheidskole versprei soos in Tabel IV aangedui.

1) Vide Jaarverslae van die Unie-Onderwysdepartement in die jare 1917, 1918 en 1919 veral.

2) Report of the Secretary for Education 1919, 52.

1)
TABEL IV.
Distribusie van leerlinge volgens Ouderdom, Skoolstanderd en Ambagte,
1918.

Standers.	Ouderdom.		Ambagte												
	Seuns	Dogters	5 - 10 jaar	10 - 15 jaar	15 - 18 jaar	Oor 18 jaar	Skrynwerk	Skoenmakery	Loodgietersy	Boerdery	Handel	Huishoudkunde	Kleremakery	Wasmakery	Klerklike Assistentie
Substanderd	70	17	24	59	4	1	1	1	1	20	1	7	1	1	1
Standerd 1	49	33	6	59	15	2	2	1	1	18	1	7	1	2	1
Standerd 2	68	26	6	71	17	1	4	6	1	24	1	31	1	1	1
Standerd 3	72	24	1	63	32	1	14	16	8	30	1	24	1	4	1
Standerd 4	59	43	1	54	48	1	13	10	7	26	10	43	1	2	1
Standerd 5	48	28	1	28	47	1	13	7	9	15	8	28	1	2	1
Standerd 6	21	6	1	3	22	2	9	2	1	8	8	6	1	1	1
Standerd 7	15	1	1	3	12	1	5	1	2	1	9	1	1	1	4
Hele dag ambag	2	1	1	1	2	1	1	1	1	2	1	1	1	1	1
Totaal	404	177	37	340	199	5	61	43	27	144	35	146	3	10	6

1) Report of the Under Secretary for Education 1918, 90.

'n Studie van die voorgaande tabel weerspieël al dadelik die opvoedkundige probleme waarmee die Onderwysdepartement te doen gehad het. Daar was kinders vanaf vyf jaar tot agtien en ouer in die skole en vanaf die sub-standerds tot standerd VII. Die grootste aantal kinders was laer as standerd vyf waaronder nie minder as 116 onder die ouderdomsgroep 15 - 18 geresorteer het nie. Daar was dus aanduidings van ernstige skoollastiese en verstandelike vertraging by 'n groot aantal leerlinge. In 1919 ¹⁾ is daarop gewys dat 63% van die 696 leerlinge een of meer jaar vertraag is en in 1925 ²⁾ het 61% 'n vertraging van meer as twee jaar getoon.

Om die probleem te verswaar het die benaming nywerheidsskool nie alleen die suggestie van vak- of ambagsopleiding ingehou nie, maar artikel 62 van die „Regulasies" opgestel kragtens die Kinderbeskermingswet van 1913 het duidelik bepaal dat die „vakopleiding van die jongens bestaan in boerdery en tuinwerk en sulke andere beroepen en ambachten als gemakkelijk onderwezen kunnen worden."

In die howe was dit feitlik onmoontlik om te differensieer aangesien gegewens te skraal was. Daar was ook 'n aansienlike mate van verwarring ten opsigte van die vertolking van die Kinderbeskermingswet. ³⁾ En daar het ook te min skole bestaan om 'n stelsel van behoorlike klassifikasie deur te voer. 'n Stelsel van klassifikasie was egter onontbeerlik. Die totstandkoming van die nywerheidsskool in sigself was 'n uiting van die klassifikasiegedagte aangesien die skole voorsiening moes maak vir sulke kinders wat in die gewone maatskaplike en onderwysstelsels nie ingepas het nie.

Om vir die jonger kinders voorsiening te maak, is die skool te Tempe gestig in 1921. Leerlinge bo 5 jaar sou

1) Report of the Secretary for Education 1919, 20.

2) Verslag van die Sekretaris van Onderwys 1925, 66.

3) Report of the Under Secretary for Education 1918, 64.

slegs gewone onderwys ontvang en na hulle twaalfde jaar opleiding in handewerk. ¹⁾ Gedurende die volgende jaar is die stelsel van drie uur skool en drie uur handewerk per dag afgeskaf. Tot die kind se vyftiende jaar sou hy skoolonderwys ontvang met handwerk as aanvullende vormende vak. Tot sy agtiende jaar sou hy vak-onderrig geniet en die klem sou val op beroepsopleiding. Praktiese ure sou 18, 21 en 24 uur per week onderskeidelik vir die eerste, tweede en derde jare van opleiding wees. Tussen 14½ en 15 jaar kon hy verskillende ambagte probeer om sodoende sy begeerte en aanleg vas te stel. Die doel met hierdie skema was om aan die kind eers 'n opvoedkundige en kulturele agtergrond te verskaf alvorens met werklike beroepsopleiding aangevang word. Na 'n driejarige opleiding moes die leerling sy kursus deur vakleerlingskap in die buitewêreld voltooi. ²⁾ Hier tref ons dus nie alleen 'n nuwe basis van klassifikasie aan nie, maar terselfdertyd die eerste poging om beroepsseleksie en -voorligting binne die nywerheidskole te verskaf. Die wyse waarop dit geskied het, was proefondervindelik en prakties. Dit was 'n prysenswaardige poging om die leerling sover doenlik, met die enigste beskikbare opvoedkundige middele, in die regte beroep te plaas. Die Departement het wel deeglik besef dat 'n groter verskeidenheid van ambagte nodig was, maar het besluit om sekere ambagte in sekere skole te konsentreer, en in 1925 is bepaal dat leerlinge oorgeplaas kon word na skole met die ambagte van hulle keuse. In daardie jaar was daar 113 oorplasings van leerlinge om hulle in die geleentheid te stel om die ambag van hulle keuse te volg. ³⁾ Die stelsel het ernstige leemtes openbaar. Vireers was dit duur om kinders oor groot afstande te verplaas en dan was daar nog geen

1) Report of the Secretary for Education 1921, 21.

2) Report of the Secretary for Education 1922, 25.

3) Verslag van die Sekretaris van Onderwys 1925, 59.

sekerheid dat die keuse korrek was nie. Dit het te veel op die wil en sin van die onrype kind berus. Die ambagskeuse was ook baie beperk want in 1926 was daar slegs opleiding in tien verskillende ambagte, en die gewilde ambagte was gewoonlik vol. In 'n poging om tot 'n meer wetenskaplike basis van beroepsvoorligting te geraak, is die hulp van die Fakulteit Sielkunde aan die Universiteite van Pretoria en Stellenbosch om beroepstoetse te ontwikkel, in 1926 ingeroep. ¹⁾

In 1922 is gepoog om handelsklasse vir die dogters in Standerton in te stel, ten einde 'n ruimer keuse aan die dogters wat tot daardie tyd slegs in huishoudkundige vakke opgelei is, te bied. Dit was 'n mislukking en daar is toe besluit om die intelligenter leerling in die geleentheid te stel om hoër onderwys te geniet deur sulke leerlinge aan die plaaslike skole in te skryf. In 1922 was daar 14 in Standerton, 14 in Paarl en 14 in Heidelberg in die provinsiale hoërskole. ²⁾ In 1926 was daar 72 sulke leerlinge in hoërskole en 90% van hulle het geslaag. ³⁾

Vanaf 1924 sou George ⁴⁾ slegs seuns bo standerd IV toelaat en Paarl ⁵⁾ alleenlik dogters bo die ouderdom van veertien jaar. Daar is ook 'n ooreenkoms aangegaan dat gesertifiseerde inrigtings die jonger kinders in hulle sorg sou hou en hulle na die veertiende verjaarsdag na die nywerheidskole kon oorplaas. In 1925 is 141 sulke leerlinge vanaf gesertifiseerde inrigtings oorgeplaas. ⁶⁾ Nywerheidskole sou dus suiwer beroepskole word en sou kosskole bly. Op 23 Maart 1931 het die Raad van Beheer ⁷⁾ van die Heidelbergse nywerheidskool die Departement versoek om dertig bevoegte leerlinge van die naby-geleë Rensburgdorp as dagskoliere

1) Verslag van die Sekretaris van Onderwys 1926, 56.

2) Report of the Secretary for Education 1922, 27.

3) Report of the Secretary for Education 1926, 49.

4) Report of the Secretary for Education 1924, 50.

5) Ibid., 3.

6) Jaarverslag van die Sekretaris van Onderwys 1925, 58.

7) Departementele lêer.

toe te laat. Sulke leerlinge sou minstens standerd ses afgelê het, nie ouer as sestion jaar wees by toelating nie en hulle sou dan 'n driejarige kursus volg. Alhoewel gerugsteun deur 'n soortgelyke aansoek van die plaaslike magistraat, sou die Departement die versoek nie toestaan nie, omdat dit die beleid is dat nywerheidskole kosinrigtings is.

In die nywerheidskole is die opvoedingswerk al die jare steeds belemmer deurdat in dieselfde inrigtings leerlinge met ernstige afwykende gedrag, psigopaties aangelegde leerlinge saam met kinders van vrywel normale gedrag versorg moes word. Die behoefte aan so 'n inrigting vir seuns is reeds in 1921 sterk beklemtoon ¹⁾ en 'n skool tussen die gewone nywerheidskool en 'n verbeteringsgestig is in die vooruitsig gestel. Weer was die teorie die praktyk vër vooruit, want so 'n skool sou eers agtien jaar later tot stand kom en word verderaan behandel. Moeilike dogters kon, volgens ooreenkoms, sedert 1924 egter na 'n private inrigting te Durbanville gestuur word. ²⁾

In 1921 is die eerste poging aangewend om spesifiek in die behoeftes van die subnormale leerling te voorsien toe daar in Standerton 'n skool en 'n koshuis vir verstandelik agterlike dogters gestig is. ³⁾ 'n Dame met spesiale kwalifikasies in daardie verband is tot hoof benoem. Die skema is egter die volgende jaar laat vaar.

Die tydperk 1917 - 1937 kan dus tereg as die tydperk van proefneming bestempel word. Daar is oor min praktiese kennis en ervaring beskik toe die nywerheidskole in 1917 oorgedra is aan die Onderwysdepartement.

Gebrek aan ervaring is egter vergoed deur gloeiende geesdrif vir die werk veral in die aanvangsjare en alhoewel slegs

-
- 1) Report of the Secretary for Education 1921, 22.
 - 2) Report of the Secretary for Education 1923, 35.
 - 3) Report of the Secretary for Education 1921, 22.

drie skole in ou geboue in twintig jaar tot stand gekom het, is op velerlei terreine van die opvoedkunde geëksperimenteer. Die skole moes suiwer opvoedkundige inrigtings word, ¹⁾ is in 1924 verklaar, en klem is gelê op die gehalte van die personeel, sowel as op die kulturele en morele vorming van die kind.

Aandag is gewy aan musiek, sang en sport, ²⁾ kadetwerk, ³⁾ mediese dienste, ⁴⁾ en goeie voeding. Groter vryheid is aan leerlinge toegestaan ⁵⁾ en leerlingrade is by skole ingestel. Die laaste nagwag en skakel met die gevangeniswese is in 1924 in George afgeskaf. ⁶⁾

Skole het ook belangrike proefnemings gemaak met nuwe onderwysmetodes en stelsels. Heidelberg ⁷⁾ het in 1926 die Dalton-stelsel probeer toepas, beroepstoetse is opgestel ⁸⁾ en pogings tot deegliker nasorgwerk is aangewend. ⁹⁾ Daar is selfs 'n tweetalige skoolblad „Het Industriële School Nieuws/The Industrial School News" in die lewe geroep. ¹⁰⁾ Van hierdie blad kon skrywer ongelukkig nie 'n eksemplaar opspoor nie. Dit is dus nie duidelik wat die inhoud was en hoelank dit bestaan het nie.

Ondervinding in die administrasie van die Kinderbeskermingswet van 1913 vir twintig jaar sedert die oorname van die nywerheidskole het die noodsaaklikheid van 'n algehele hersiening van die wet aangetoon, sowel as sekere leemtes in die nywerheidskoolwese. ¹¹⁾ Die Kinderwet van 1913 is hersien en in ooreen-

-
- 1) Report of the Secretary for Education 1924, 28.
 - 2) Report of the Under Secretary for Education 1918, 78.
 - 3) Report of the Secretary for Education 1919, 34.
 - 4) Report of the Secretary for Education 1922, 27.
 - 5) Report of the Secretary for Education 1919, 33.
 - 6) Report of the Secretary for Education 1924, 51.
 - 7) Jaarverslag van die Sekretaris van Onderwys 1925, 66.
 - 8) Jaarverslag van die Sekretaris van Onderwys 1927, 50.
 - 9) Report of the Secretary for Education 1923, 34.
 - 10) Report of the Secretary for Education 1922, 28.
 - 11) Vgl. Memorandum i.s. die Kinderwet No. 31 van 1937. Sirkulêre No. 2 van 1937 en Verslag van die Interdepartementale Komitee insake Behoeftige, Verwaarloosde, Onaanpasbare en Misdadige kinders en Jongmense, 1934 - 37, 9.

stemming gebring met die ontwikkeling hier en oorsee ten opsigte van die idees en gebruike in verband met kinderswelsyn. Die aanname van hierdie wet vorm dus 'n natuurlike mylpaal in die geskiedenis van die nywerheidsskool omdat dit die inleiding tot 'n meer wetenskaplike benadering van die opvoedkundige probleme in hierdie skole is.

4. DIE TYDPERK 1937 - 1952.

Aangesien die huidige posisie van die nywerheidsskool in die volgende hoofstukke min of meer volledig behandel word, sal onder bostaande hoof slegs die ontwikkeling en rigtings sedert 1937 aangedui word.

Die nuwe Kinderwet, Wot No. 31, het in 1937 van krag geword ¹⁾ en 'n nuwe Staatsdepartement, ²⁾ die Departement van Volkswelsyn, is verantwoordelik gestel vir die administrasie van die wet, behalwe in die geval van nywerheid- en verbeteringsskole wat nog onder die Unie-Onderwysdepartement geressorteer het. Laasgenoemde Departement sou dus van 'n groot taak, nl. die administrasie in verband met kindersorg in die algemeen, verlig word. 'n Hernieuwe belangstelling in die nywerheid- en verbeteringskole sou in hierdie tyd na vore tree.

In die verslag van die Inter-Departementele Komitee insake Behoeftige en Verwaarloosde Kinders ³⁾ is gewys op ernstige leemtes in die nywerheidsskoolwese en in 1935 skryf die Sekretaris van Onderwys: ⁴⁾ „In the case of industrial schools and reformatories the education given must either be done well or not at all; any half-hearted attempts at rehabilitating the inmates of these institutions would be a waste of money." ⁵⁾ Dit word in

1) Prok. No. 754 van die Buitengewone Staatskoerant No. 2440 van 18 Mei 1937.

2) Report of the Department of Education 1936, 36.

3) Verslag van die Interdepartementele Komitee insake Behoeftige, Verwaarloosde, Onaanpasbare en Misdadige Kinders en Jongmense 1934 - 37, 9.

4) Report of the Department of Education 1935, 16.

5) Report of the Department of Education 1935, 19.

die vooruitsig gestel dat die Nasionale Buro vir Opvoedkundige en Maatskaplike Navorsing behulpsaam sou wees om leerlinge te toets met die oog op 'n doeltreffende klassifikasiestelsel in die skole.

In 1937 stel die Departement weer sy beleid ten opsigte van die nywerheidskool.¹⁾ Die volle geestelike rehabilitasie van elke leerling word beoog langs die weg van 'n grondige studie en doeglike kennis van die swakhede en behoeftes van elke leerling. Die organisasie van die inrigting en die metode van onderwys moet aanpas by die besondere geestesbehoeftes van die kind. 'n Aanvang met 'n stelsel van individuele onderwys is by enkele skole gemaak, en personeel wat in die besonder vir die werk gekwalifiseer was, is aangestel.

Die eerste onderwyser-sielkundige is in 1939 benoem. Hy moes die sielkundige werk stelselmatig ontwikkel en ten einde die personeel in die geleentheid te stel om hulleself te oriënteer ten opsigte van die sielkundige aspekte van hulle werk, is daar by sommige skole met studiekursusse begin.²⁾

'n Natuurlike uitvloeisel van die nuwe benadering tot die behoeftes van die kind sou 'n daadwerklike poging tot 'n doeltreffende klassifikasie van skole wees. Uiteindelik kon die praktyk die teorie weer inhaal.

„Die Vlakte“ wat sedert 1934 as aparte klasse van die Standertonse nywerheidskool gefunksioneer het, het in Januarie 1938 'n selfstandige skool vir verstandelike agterlike dogters geword.³⁾ Die Departement het ook 'n klaringskool beoog vir direkte kommitterings. In so 'n skool sou kinders getoets en waargeneem word alvorens hulle na nywerheidskole wat na hulle individuele behoeftes die geskikste beskou is, gestuur sou word.⁴⁾ Van hierdie plan het uiteindelik niks tereggekom nie.

1) Report of the Department of Education 1937, 28 - 31.
2) Jaarverslag van die Unie-Onderwysdepartement 1938, 28.
3) Report of the Department of Education 1937, 29.
4) Ibid., 31.

Om ook vir subnormale seuns voorsiening te maak, is die landbou-nywerheidsskool naby Dewetsdorp in Januarie 1939 omskep in 'n „ambagsindustrieskool.“¹⁾ Leerlinge sou opgelei word in eenvoudige messel- en dekoreerwerk, metaal- en houtwerk of in skoenmakery en bekleewerk, benewens praktiese kennis in verband met alledaagse plaaswerkzaamhede. Daar is gemeen dat laasgenoemde kennis so 'n seun nuttig te staan kon kom in sy latere lewe. Verder moes die landbouopleiding as praktiese hulpmiddel dien in die opleiding van die subnormale seun. Sien-en-doen-situasies was veelvuldig op die plaas.

In Augustus 1939 is die tweede spesiale nywerheidsskool op die ou landbou-proefplaas by Rustenburg gestig.²⁾ Die doel met die skool was om voorsiening te maak vir 'n sekere tipe sorgbehoewende kind wat weens uitgesproke sielkundige moeilikhede, baie lastig, onbeheerbaar of onaanpasbaar in die gewone nywerheidsskool is. Sulke leerlinge was dikwels 'n gevaar vir ander leerlinge in die skool en tog het hulle gedrag nie 'n oorplasing na die verbeteringskool geregverdig nie.

Intussen het die Tweede Wêreldstryd ontbrand, maar dit het die Departement nie weerhou om voort te gaan met die stigting van nuwe skole nie.³⁾

In 1942 is die Houtpoort-verbeteringskool omskep in 'n tweede spesiale nywerheidsskool vir subnormale seuns. Die skool sou bekend staan as die J.W. Luckhoff-skool en sou voorsiening maak vir 120 leerlinge.

Tot 1943 was Die Vlakte-skool die enigste van sy soort vir dogters. Die Departement het toe besluit om die huishoudskool te Tweespruit te omskep in 'n spesiale nywerheidsskool vir subnormale dogters. Vroeg in 1944 is hierdie skool oorgeplaas na Ladybrand waar plek aan 48 dogters gebied is.

1) Jaarverslag van die Sekretaris van Onderwys 1938, 27.

2) Ibid., 28.

3) Jaarverslag van die Sekretaris van Onderwys 1941-45, 8.

In 1944 het die meisies van die Standertonse nywerheidskool wat sedert 1909 van die ou militêre geboue gebruik moes maak, verhuis na hulle nuwe skoolgeboue en is daar besluit, weens die groot behoefte aan meer huisvesting vir seuns, om die ou geboue wat deur die dogters ontruim is, te gebruik vir die stigting van 'n nywerheidskool vir seuns. Die skool, bekend as die Vaalrivier-nywerheidskool, het in 1944 tot stand gekom en kan 130 leerlinge huisves.

In Januarie 1946 is die voormalige Britse lugmagkamp te Queenstown aan die Onderwysdepartement oorgedra en is 'n nywerheidskool vir seuns daar gestig. ¹⁾ Hierdie skool sou aanvanklik dien as klaringskool, maar het uiteindelik in 'n gewone nywerheidskool ontwikkel.

'n Spesiale nywerheidskool vir dogters is in 1947 in Oudtshoorn gestig in die ontruimde geboue van die hoër tegniese skool wat na 'n nabygeleë militêre kamp verhuis het. Die Departement het ook planne gekoester om in Knysna 'n spesiale skool vir gedragsmoeilike dogters te stig. Gebruik sou gemaak word van die ontruimde geboue van die hoër tegniese skool wat na Oudtshoorn oorgeplaas is. 'n Hoof is benoem, maar nadat hy die aanvoorwerk gedoen het en vir 'n jaar sonder leerlinge daar vertoef het, is van die skema afgesien.

Om in 'n ernstige enlank gevoelde behoefte te voorsien, is daar in April 1948 'n nywerheidskool vir kleurlingseuns te Ottery, naby Kaapstad, opgerig. ²⁾ Dit was die eerste van sy soort in Suid-Afrika.

Aan die begin van 1951 is 'n vierde spesiale nywerheidskool vir subnormale dogters in Wolmaransstad opgerig. ³⁾ Intrek is geneem in geboue wat ontruim is met die sluiting van

1) Jaarverslag van die Departement van Onderwys 1946-47, 15.

2) Jaarverslag van die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap 1948, 12.

3) Jaarverslag van die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap 1951, 22.

die huishoudskool aldaar.

In die kort bestek van twaalf jaar sedert die begin van 1939 het daar dus nege nywerheidskole tot stand gekom teenoor die sewe in die vorige dertig jaar. Dit het die aantal nywerheidskole op die huidige sestien te staan gebring en die leerlingtal op ongeveer tweeduisend. Grafiek II gee 'n beeld van die groei van die skole.

5. BELANGRIKE BAKENS IN DIE ONTWIKKELINGSGANG VAN DIE NYWERHEIDSKOOL IN SUID-AFRIKA.


- (a) 1860 - Eerste spore van beroepsonderwys in sendingskole vir inboorlinge in die Kaap-Kolonie.
- (b) 1895 - Wet No. 24 van 1895 het voorsiening gemaak vir die sorgbehoewende kind. Ter onderskeiding is in dieselfde jaar ook voorsien vir die behoeftige kind deur die stigting van die eerste industriële of ambagskole in Kaapland.
- (c) 1909 - Wet No. 38 van 1909 van Transvaal het sorgbehoewendheid duidelik omskryf en voorsiening gemaak vir die oprigting van nywerheidskole. Eerste nywerheidskool daardie jaar in Standerton gestig.
- (d) 1911 - Wet No. 13 van 1911 (Gevangenissen en Verbetergestichten Wet). 'n Konsolidering van sekere wette in verband met kinderbeskerming wat in die kolonies van krag was deur Unie-wetgewing. Voorsiening is onder meer gemaak vir die oprigting van staatsnywerheidskole.
- (e) 1913 - Die bekende Kinderbeskermingswet, Wet No. 25 is met enkele wysigings, 'n weergawe van die Engelse „Childrens Charter" van 1908. Feitlik elke terrein van die kinderlewe is deur hierdie wetgewing geraak en beskerm.
- (f) 1917 - Oordrag van die administrasie van die Kinderbeskermingswet van 1913 van die Subdepartement van Gevangene

nisse na die Unie-Onderwysdepartement. Vier nywerheidskole is oorgeplaas.

- (g) 1921 - Wet No. 26 van 1921. Deur hierdie wet is voorsiening gemaak vir die uitbetaling van moederspensiene. Dit was 'n strewe na die behoud van die gesinslewe en 'n teenwerking van inrigtingsorg.
- (h) 1931 - Die Unie-Onderwysdepartement verklaar in antwoord op aansoek van die Beheerraad van die Heidelbergse nywerheidskool dat dit teen sy beleid is om dagskoliere aan nywerheidskole toe te laat. Alleenlik as kosgangers word leerlinge opgeneem.
- (i) 1934 - Wet No. 27 van 1934 het voorsiening gemaak vir die oordrag van verbeteringskole aan die Unie-Onderwysdepartement. Dit het bygedra tot 'n doeltreffender stelsel van klassifikasie aangesien karaktermoeilike nywerheidskoolleerlinge nou na verbeteringskole oorgeplaas kon word.
- (j) 1934 - Benoeming van die Interdepartementale Komitee insake Behoeftige, Verwaarloosde, Onaanpasbare en Misdadige Kinders en Jongmense (Verslag 1934 - 37) om 'n nuwe wetsontwerp in verband met kinderbeskerming en -sorg op te stel. Daaruit het gevloei in
- (k) 1937 - die aanname van Wet No. 31 van 1937, die huidige Kinderwet van Suid-Afrika;
- (l) 1937 - die totstandkoming van die Departement van Volkswelsyn aan wie die administrasie van die Kinderwet, behalwe nywerheid- en verbeteringskole opgedra is, en sedert
- (m) 1939 - 'n nuwe benadering van die opvoedkundige en sielkundige probleme van die nywerheidskoolkind.

'n Volledige uiteensetting van die klassifikasie en 'n beknopte weergawe van die ontwikkeling van die nywerheidskole word op bladsy 100 aangegee.

- GRAFIEK II -



GRAFIEK AANTONENDE DIE JARE
WAARIN NIJWERHEIDSKOLE GESTIG IS
EN DIE AANTAL LEERLINGE IN DIE
SKOLE OP DAARDIE TYDSTIP.

○ Dui die AANTAL SKOLE AAN

STIGTINGSDATUMS

TABEL V. OPSOMMING VAN DIE ONTWIKKELING VAN DIE NYWERHEIDSKOOL IN SUID-APRIKA

Stigtings- datum.	Naam van skool en Plek.	Ras.	Geslag.	Tipe Leerling toegelaat.	Gestig onder die Be- heer en kragtens.	Aantal leer- linge op 1.6.52.
1. 1.10.1909	George Hofmeyr, Standerton.	Blank	Eers M&V tans V.	Alle standerds. Normale leerlinge.	Beheerraad. Wet No. 38 van 1909	115
2. 31.1.1912	Emmasdal, Heidelberg, Tvl.	Blank	M.	Alle standerds. Normale leerlinge.	Beheerraad. Wet No. 13 van 1911.	275
3. 1.12.1912	George	Blank	M.	Na St. V. Tans Hoër Nywerheidskool	Beheerraad. Wet No. 13 van 1911.	193.
4. 1.10.1915	Paarl	Blank	V.	Na St. V. Tans Hoër Nywerheidskool	Beheerraad. Wet No. 25 van 1913.	156
5. 1.8.1918	Dewetsdorp	Blank	M.	Vroeër Landbou-Nywerheid- skool. Tans subnormales	Beheerraad. Wet No. 25 van 1913.	165
6. 21.1.1921	Tempe, Bloemfontein	Blank	Eers M&V tans V.	Alle standerds, ook Handel. Normale leerlinge.	Beheerraad, Wet No. 25 van 1913.	139
7. 1.4.1925	Excelsior King William's Town	Blank	M.	Alle standerds. Normale leerlinge.	Beheerraad. Wet No. 25 van 1913.	234
1.1.1934 1.1.1938	Die Vlakte, Standerton.	Blank	V.	Eers afdeling George Hofmeyr 1.1.1939 selfstandig. Sub- normales.	Beheerraad. Wet No. 25 van 1913.	54
9. 1.7.1939	Rustenburg.	Blank	M.	Alle standerds. Leerlinge met gedragsprobleme. Tussen nywerheid-en verbeteringsk.	Beheerraad. Wet No. 31 van 1937.	72
10. 1.7.1942	J.W. Luckhoff Heidelberg, Tvl.	Blank	M.	Tot 1942 verbeteringskool. Subnormale leerlinge.	Beheerraad. Wet No. 31 van 1937.	109.
11. 1.7.1943 1.1.1944	Eendrag, Ladybrand.	Blank	V.	1.7.1943 te Tweespruit. - Oorgeplaas. Subnormales.	Beheerraad. Wet No. 31 van 1937.	50
12. 1.8.1944	Vaalrivier. Standerton.	Blank	M.	Alle standerds. Normale leerlinge.	Beheerraad. Wet No. 31 van 1937.	135
13. 1.1.1946	Queenstown.	Blank	M.	Alle standerds. Normaal en subnormaal	Beheerraad. Wet No. 31 van 1937	344
14. 1.1.1947	Oudtshoorn.	Blank	V.	Subnormales	Beheerraad. Wet No. 31 van 1937.	55
15. 1.1.1948.	Ottery	Kleurling	M.	Alle standerds. Normales.	Beheerraad. Wet No. 31 van 1937.	332
16. 1.1.1951	Wolmaransstad.	Blank	V.	Subnormales	Beheerraad. Wet No. 31 van 1937.	46

Tot 31 Augustus 1917 is die nywerheidskole in Suid-Afrika kragtens Wet No. 25 van 1913 deur die Departement van Justisie se subdepartement Gevangenisge-administreer. Op 1 September 1917 is hulle aan die Unio-Onderwys-departement, tans Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap, oorgedra en word op die oomblik kragtens Wet No. 31 van 1937 ge-administreer

HOOFSTUK IV.

DIE DOEL VAN DIE NYWERHEIDSKOOL.

1. NOODSAAKLIKHEID VAN 'N DUIDELIKE DOELSTELLING.

Voordat ondersoek ingestel word na die doelstellinge van die nywerheidskool in Suid-Afrika, sal dit gepas wees om kortliks aan te dui wat onder doel verstaan word en te wys op die noodsaaklikheid van 'n duidelik geformuleerde doelstelling vir elke opvoedingsinrigting.

'n Doel kan omskrywe word as die „ordelike, bewusnagestrewende, voorafbepaalde en vooruitgesiene end of beëindiging van ons handeling.“¹⁾ Dit geld vir lewe en opvoeding en na aanleiding van die voorafgaande definisie kan aangevoer word dat daar met 'n doel opgevoed word, alleenlik as die opvoeder vooraf weet waartoe hy die kind wil opvoed, en as hy met daardie doelwit voor oë, met doelgerigtheid en op sistematiese wyse, die opvoedende werksaamheid so inrig dat daar stapsgewyse, aaneenlopend en in op-eenvolgende wyse gevorder word op die weg wat lei na die bereiking van die voorafbepaalde doelpunt.

Eers as daar helderheid oor die doelpunt is, kan daar vooruit beplan word, kan oor 'n weg besluit word, kan middele gekeur en op geordende wyse aangewend word. Die opvoedingsdoel bepaal dus tot 'n groot mate die opvoedingsinhoud, die metode, sowel as die organisasie en stelsel van die onderwys en opvoeding.

Dit kan dus nie sterk genoeg gestel word hoe noodsaaklik dit vir elke opvoedingsinrigting is om 'n duidelik geformuleerde opvoedingsdoel te hê nie. En indien die nywerheidskool waarlik wil opvoed, is dit 'n dringende noodsaaklikheid dat daar klaarheid sal wees oor sy doelstelling of doelstellinge. Sonder 'n voorafbepaalde, duidelik omlynde doelwit, kan geen menslike arbeid waarlik tot welslae gevoer word nie; daarsonder is ware opvoeding ook net nie moontlik nie.

1) Coetzee : Vraagstukke van die Opvoedkundige Politiek, 30.
Vgl. ook sy Inleiding tot die Algemene Teoretiese Opvoedkunde 267 - 268.

2. FORMULERING VAN 'N ALGEMENE DOELSTELLING.

By die formulering van 'n doelstelling van die opvoeding speel die onderliggende lewens- en wêreldbeskouing van die opvoeder 'n belangrike rol. Die algemene doel van die opvoeding wil sekere lewenswaardes verwesenlik en oor hierdie dinge wat waarde in die lewe het, heers daar verskil van mening omdat daar by opvoedkundige denkers onderling verskillende lewens- en wêreldbeskouings gehuldig word. Hierdie verskil in sienswyse oor die doel van die opvoeding wissel ook met die tyd en hou verband met die sosiale, kulturele, wysgerige en godsdienstige oortuigings van die denkers van daardie tyd.

J. S. Brubacher ¹⁾ en L.C.T. Bigot ²⁾ wys dan ook tereg daarop hoe daar by verskillende volke op verskillende tye ander doelstellinge van die opvoeding beklemtoon is. Die opvoedingsdoel is op talle maniere omskryf, die logiese gevolg van die feit dat daar net soveel lewensinsigte en lewensopvattinge was. Vir die ou Grieke was die opvoedingsdoel om goeie burgers, en vrye harmonieus-ontwikkelde mense te kweek. Die Romeine het die gesin as middelpunt gestel en hulle opvoedingsideaal was die praktiese bekwaamheid wat die staatsburger moes besit vir die beoefening van sy pligte en werksaamhede, sowel as dapperheid en waardigheid as gesinshoof. Die vroeë Christene het die religieuse doelstelling vooropgestel, so ook die Middeleeuse skolastiek; die humanisme weer die mens as individu. Hierdie individualistiese pedagogiek wat sy ontstaan gelyktydig met en in die Renaissance het, het die mens as uitgangspunt, middelpunt en doelpunt van die opvoeding gestel. In die vroeë Christelike tydperk en deur die Middeleeue heen was die één heersende, gangbare teorie van die opvoeding die God-verankerde, die teosentriese. Met die Re-

1) Brubacher : A History of the Problems of Education, 1-20.

2) Bigot : Paedagogische Feiten en Beschouwingen, 3-9. Vgl. ook Coetzee : Opvoedkundige Teorie en Praktyk deur die Eeue.

naissance het die anthroposentriese, die mensgerigte, die plek van die teïstiese ingeneem.

Die nuwe humanistiese teorie het gekom om die heersende opvatting in die daaropvolgende eeue tot die huidige te bly. Slegs enkeles het sedertdien van tyd tot tyd die teïstiese siening van die opvoeding bepleit; die groot meerderheid opvoedkundige denkers en geleerdes het min of meer volslae humaniste in hulle denke en optrede geword. So is die opvoedingsteorieë van die realisme, die naturalisme, die rasionalisme, sowel as die van die psigologisme, sosiologisme, scientisme, almal humansties georiënteerd.

In die opvoedingswêreld het die kind nou die middelpunt geword, en in hierdie „eeu van die kind“, na die woorde van die Sweedse skryfster Ellen Key, bestaan feitlik alles en almal vir die kind. Opvoeding het geword „nie 'n daad van leiding en vorming van onvolwasse mense deur volwassenes nie, maar 'n aktiewe, dinamiese proses van groei en ontwikkeling van die onvolwassene.“¹⁾

Vir John Dewey, ²⁾ in lewe pragmatistiese leier van die moderne opvoedkundige denke en grootste woordvoerder van die nuwe rigting, is daar in die opvoeding dan ook geen ander doel as dié in die opvoedingsproses self nie. „The aim of education,“ na sy mening, „is to enable individuals to continue their education.....the object and reward of learning is continued capacity for growth.“

Maar daar is ook soveel ander opvoedingsdoeleindes, want 'n kenmerk van die moderne opvoedingsbeweging is juis die verskeidenheid van denke in die kring van die humanistiese opvoedkundiges. Daar is dan ook 'n duidelike verskil in die opvoedkundige teorieë en praktyke waar te neem tussen die verskillende denkrigtings na gelang van watter lewensbeskouing gehuldig word of watter lewenswaardes nagestreef word. Oor een saak is daar by die huma-

1) Coetzee : Die Moderne Opvoeding, 25.

2) Dewey : Democracy and Education, 117.

niste egter eenstemmigheid, nl. dat die hoofklem in die opvoeding op die mens self moet val. Vir hulle is die doel van die opvoeding, die uitgangspunt daarvan, die metode en al die fundamentele vraagstukke in verband daarmee om die mens gesistematiseer: „vir die mens, uit die mens, deur die mens.”¹⁾ En as maatstaf van die waarheid het gekom die ervaring van die mens.

Die opvoedkundige teorie en praktyk het baie geleer by die humanisme en die nuwe opvoeding, want dit het veel bygedra om die opvoeding meer psigologies in te stel en meer menskundig te maak. Waardevolle bydraes is ook gelewer ten opsigte van die metode, inhoud, inrigting, die plok van die skool en die onderwyser en die vasstelling van skoolprestasie. Baie van die goeie resultate van die hedendaagse praktiese onderwys is die vrugte daarvan.

Tog stel die doelstellings van die humanistiese opvoedkundige denkrigtings nie volkome tevrede nie. In sy omvang is die doelstelling te beperk; in sy wese is dit te aards- en mensgerig. Daar stel die Christelike opvoedingsideaal meer tevrede, want dit sien ook die dieper betekenis van die bestaan van die mens en wil derhalwe ook 'n uiteindelijke doel vir die opvoeding stel. Die hele mens moet omvat word en in die opvoedingsdoelstelling moet die kind gesien word in verband met homself, met die natuur, met sy gemeenskap en in verband met God.²⁾ Daar moet by die opvoeding van die kind uitgegaan word van sy vermoëns, aanlog, neigings, belangstellings, aktiwiteit, en aan die hand daarvan as doel gestel word die instandhouding van sy lewe, die ontwikkeling van sy liggaam, sy goestelike of psigologiese versorging, sy sosiale en staatsburgerlike ontwikkeling, sowel as die ontwikkeling en vorming van sy verstand. Daar moet egter ook 'n

1) Coetzee : Die Moderne Opvoeding, 13.

2) Bavinck : Paedagogische Beginselen, 12.

Breuer : Gestichtsoopvoeding, 60.

Coetzee : Inleiding tot the Algemene Teoretiese Opvoedkunde, 267 - 85.

Fitzpatrick : How to Educate Human Beings, 31.

Waterink : Theorie der Opvoeding, 18.

etiese doelstelling in die opvoeding wees, sowel as 'n estetiese en filosofiese en uiteindelik 'n religieuse. Vir die gelowige is God die einddoel van sy lewe en ook die einddoel van die opvoeding. Die kind moet dus ook religieus gevorm en ontwikkel word en gebring word om God te ken wat hom geskape het.

Uit die voorafgaande kan, soos tereg deur J. Chris Coetzee ¹⁾ opgemerk, onderskei word tussen nabysynde, meer verwyderde en die uiteindelijke doelstellinge van die onderwys en opvoeding. Die nabysynde oogmerke is in die meeste gevalle min of meer onmiddellik bereikbaar en hieronder ressorteer die verstandelike, die sosiale, die geestelike, die fisiologiese en biologiese vorming en ontwikkeling van die kind. As verwyderde doelstelling staan die etiese, die estetiese en filosofiese versorging van die kind en uiteindelik die allesomvattende religieuse doelstelling. Hierdie religieuse doel staan egter nie los van die ander meer nabysynde doeleindes nie, inteendeel, omdat die Christen se opvoedingsdoel gefundeer is op sy Christelike lewens- en wêreldbeskouing, daarom sal daar niks wees in die opvoeding wat nie deur sy religieuse doel bepaal word nie, daarom is die religieuse doel vanaf die begin in die opvoeding aanwesig en bly dit die hele opvoeding beheers. Dit is innig ineengewef met die ander doelstellinge en vorm saam daarmee 'n onlosmaaklike eenheid. Niks mag in stryd met die religieuse doelstelling staan nie; die ander doelstellinge moet eerder daarop gegrond wees. Op elke terrein eis die Christelike opvoedingsideaal die volste en mooiste ontwikkeling van die menslike vermoëns, maar alles in die raamwerk van die religieuse vormingsideaal as die allesomvattende en allesbeheersende uiteindelijke doelwit.

As skool sal die nywerheidsskool hom aansluit by hierdie algemene doelstelling van die opvoeding, maar omdat dit 'n spesiale skool is, sal dit ook 'n eie, spesifieke doelstelling moet hê. Na hierdie doelwit sal in die volgende paragrafe onder-

1) Coetzee : Inleiding tot die Algemene Teoretiese Opvoedkunde, 269.

soek ingestel word.

3. DIE DOELSTELLING VAN DIE NYWERHEIDSKOOL.

Ten spyte van die feit dat die eerste nywerheidskole in Suid-Afrika deur die Subdepartement van Gevangenisgeadmistrasie is, wou die owerhede dit graag duidelik stel dat die inrigtings skole was en nie junior tronke nie. 'n Studie van die regulasies ¹⁾ opgestel kragtens die Transvaalse Wet No. 38 van 1909 en die latere regulasies ²⁾ wat op die Kinderbeskermingswet No. 25 van 1913 gevolg het, toon duidelik die opvoedkundige strowe van die owerhede. Ooreenkomstig artikel 27 van die „Regulasies“ van 1913 het die nywerheidskool sig ten doel gestel „de leerlingen aan tucht en arbeidzaamheid te gewennen, liefde voor arbeid en afkeer aan luiheid en onverschilligheid by hen aan te kweken, ze een nuttig ambacht of beroep te leeren waarmede ze op eerlike wyze hun kost kunnen verdienen, en in't algemeen ze tot goede en oppassende burgers op te leiden.“ ³⁾ 'n Belangrike opvoedkundige aspek word ook in artikel 63 van dieselfde regulasies aangeraak waar bepaal word dat „het hoofdoel van de school niet is om artikelen te vervaardigen maar om de leerlingen het vervaardigen daarvan to leeren“ Die feit dat hier van „school“ melding gemaak word i.p.v. inrigting of gestig dui reeds op die onderliggende opvoedkundige strewe met die skole. Die skole sou ook nie fabriek wees nie; dit moes plekke wees waar die kinders geleer word, en die doelstelling, alhoewel beperk in sy omvang, wou die deugde van arbeidzaamheid en vlytigheid by die leerlinge gekweek hê. Die leerlinge moes deur die aanleer van 'n beroep tot selfstandigheid en sosiale bruikbaarheid gebring word, en tot goeie

1) Staatskennissgewing No. 1095, Tvl. Gazette van 24.9.1909.

2) Staatskoerant No. 419, Vol. XIV van 3.10.1913.

3) Regulatios ingevolge Artikel 34 van de Wet ter bescherming van Kinderen No. 25 van 1913.

burgers van die staat. Artikel 29 dra aan die huisvader - die destydse hoof - op om ook voorsiening te maak vir die onderwys, m.a.w. vir die verstandelike vorming, en sedelike vorming van die leerlinge tydens hulle verblyf aan die skool.

Onder die omstandighede was dit inderdaad heeltemal 'n verligte doelstelling, en sou dit kon voldoen aan die eise van die meeste nabysynde oogmerke van algemene aard, soos in die vorige paragraaf gestel.

Die stigters van die eerste nywerheidskole het 'n baie duidelike opvoedkundige strewe gehad. Hierdie strewe sou verder gevoer en meer omvattend gestel word deur die Unie-Onderwysdepartement onmiddellik nadat die nywerheidskole in 1917 van Gevangenisgevangenis oorgeneem is. Na 'n sorgvuldige en diepgaande studie van die probleem van kinderverwaarlosing en sorgbehoewendheid in Suid-Afrika en met 'n deeglik verworwe kennis van oorsese opvattinge en praktyke t.o.v. die sorgbehoewende kind, lê die Onder-Sekretaris in daardie jaar nuwe doelstellinge vir die nywerheidskool neer. Woens die belangrike strekking daarvan word dit volledig aangehaal. In sy amptelike jaarverslag skryf hy: „We aim at their protection against the evil and insidious influences of a diseased society, of unnatural and vicious homes and the temptations of the streets; at sheltering them; at nurturing them physically, morally, intellectually, and as far as possible vocationally, ... and equipping them as men and women, competent to fulfil intelligently and honourably their duties, as well as builders of comfortable and happy homes. These schools are called upon to perform a well-nigh impossible task in furnishing substitutes for the natural home.” 1)

Ooreenkomstig die hoofbeginsel van die Kinderbeskermingswet van 1913 moes die nywerheidskool die kinders beskerm

1) Report of the Under Secretary for Education 1917, 75.

en die beskerming het in die eerste instansie daarin bestaan dat die kind tydelik onttrek moes word aan die skadelike inwerking en invloed van sy bedorwe ouerhuis en kwade omgewing.

Benewens die beoogde doelstelling van fisiese, sedelike, intellektuele opvoeding en beroepsopleiding en die taak om sy leerlinge tot nuttige en eerbare burgers te vorm, is 'n verdere en veel diepergaande funksie aan die nywerheidskool opgedra. Dit moes die natuurlike ouerhuis in sy taak van opvoeding vervang. Tot 'n groot mate moes die skool dus 'n dubbele funksie vervul.

Sy werk sou verder bemoeilik word deur die feit dat daar nie, soos gebruikelik die geval in die gewone skool is, voortgebou kon word op gesonde fondamente wat in die vroeë jare van die kinderlewe in 'n goeie ouerhuis gelê is nie.

Die owerhede het die hoë eise en die omvang van die nuwe verantwoordelikheid raakgesien, maar ook die probleme. Ruimer geldelike voorsiening was nodig, en wetenskaplike metodes deur spesiaal opgeleide personeel was 'n vereiste vir sukses. Genoegsame fondse was egter nie beskikbaar nie, nog minder voorsiening vir die wetenskaplike opleiding van die werkers.¹⁾

In 1926 verwys die Sekretaris van Onderwys²⁾ weer na die jammerlike omstandighede waaronder sorgbehoewende kinders opgroei en sien daarin genoeg regverdiging vir die voortbestaan van die nywerheidskool wat gepoog het om die leemte, veroorsaak deur armoede en ouerlike verwaarlosing, te oorbrug en aan te vul.

Vir 'n kort tydjie verskuif die klem egter na die vakopleiding. Die skole moes nie slegs bedrewe praktiese werksmense lewer wat die tegniek van hulle bedryf verstaan nie, maar

1) Report of the Under Secretary for Education 1917, 75.

2) Report of the Secretary for Education 1926, 50.

beskaafde werkers. ¹⁾ Die Sekretaris van Onderwys verduidelik ook dat die nywerheidskole in die verlede beskou is as inrigtings vir jeugdige misdadigers waar tug die vernaamste doel was. Vir hom was die nywerheidskole egter skole vir jeugdige persone in hulpbehoewende omstandighede. Uit 'n opvoedkundige oogpunt moes die vak-, d.w.s. die ambag- en huishoudskole van destyds, en industrieskole as 'n enkele groep beskou word. Die doel van die kursus en die grondslag van die leerplanne was dieselfde, en die hoofdoel was om 'n voorbereidende opleiding te verskaf aan vakleerlinge wat graag ambagsmanne wou word. ²⁾

Gebeurtenisse in die vroeë dertiger jare sou egter weer spoedig 'n veranderde sienswyse te weeg bring in verband met die doelstelling van die nywerheidskool en die opvoedkundige behandeling van die sorgbehoewende kind.

Die Kinderbeskermingswet van 1913 is deur Wet No. 26 van 1921 gewysig en nogeens deur Wet No. 9 van 1931. Ondervinding in die administrasie van die oorspronklike wet oor 'n tydperk van twintig jaar het die noodsaaklikheid aangetoon van 'n algehele hersiening ten einde die wet in ooreenstemming te bring met die ontwikkeling in Suid-Afrika, sowel as oorsee, van nuwe idees en praktyke ten opsigte van kindersorg.

Twee belangrike kommissies is in 1934 aangestel om ondersoek in te stel na sekere aspekte van kinderwetgewing en kindersorg in Suid-Afrika. Die Interdepartementele Komitee insake Behoeftige, Verwaarloosde, Onaanpasbare en Misdadige Kinders en Jongmense het veral die Kinderwet ondersoek en was behulpzaam met die opstel van 'n nuwe Kinderwet. Hierdie kommissie wat baie grondig op al die verskillende aspekte ingegaan het, het die mening geuit dat daar 'n „essensiële eenheid is in die vraag-

1) Jaarverslag van die Unie-Onderwysdepartement 1927, 58.

2) Report of the Union Education Department 1928, 70.

stukke van behoefte, verwaarloosende en misdadigheid. " 1)

Die Komitee was sterk gekant teen die verwydering van kinders uit hulle ouerhuise anders as om die allernoodsaaklikste redes. Slegs in gevalle waar die kind se onaanpasbaarheid tekens openbaar van diepgewortelde afwykings waar behandeling vereis word wat nie in die samelewing self behoorlik verskaf kon word nie, kon verwysing na 'n inrigting aanbeveel word.

Die opvoedkundige waarde van die bestaande nywerheidsskole is in twyfel getrek, omdat hulle te groot was vir individuele werk, te geïsoleerd van die samelewing waarin die kinders teruggeplaas moes word. Na die Komitee se mening was die nywerheidsopleiding ook te elementêr en nasorg gebrekkig. 2)

Verbeteringskole is in 1934 oorgeplaas van Gevangenis na die Departement van Unie-Onderwys. Sielkundig beskou, was daar vir die owerhede geen essensiële verskil meer tussen die kind wat aktueel met die geregtelike botsing gekom het en die kind wat anti-sosiale neigings as gevolg van verwaarloosende en behoefte ontwikkel het nie. Voortaan sou meer aandag in die behandeling van sulke kinders geskenk word aan die opbouwende beginsels van heropvoeding, geestes higiëne en maatskaplike rehabilitasie. 3)

'n Provinsiale Komitee van Onderzoek 4) het in 1934 ook verslag uitgebring in Transvaal en onder meer verwys na die neiging in Suid-Afrika om sorgbehoewende kinders maklik na inrigtings te verwys; na hulle mening 'n verkeerde praktyk.

Die ou Kinderbeskermingswet van 1913 is in 1937 deur die nuwe Kinderwet No. 31 vervang en daarmee het 'n nuwe beveling vir die verwaarloosde en sorgbehoewende kind in Suid-Afrika aangebreek. Ook vir die nywerheidsskool.

-
- 1) Verslag van die Interdepartementale Komitee insake Behoeftige, Verwaarloosde, Onaanpasbare en Misdadige Kinders en Jongmense 1934-1937, 7.
 - 2) Ibid., 36.
 - 3) Memorandum insake die Kinderwet No. 31 van 1937. Sirkulêre No. 2 van 1937 (E.47).
 - 4) Verslag van die Provinsiale Komitee van Onderzoek in Sosiale en Liefdadigheidswerk op die Witwatersrand 1934, 21.

Die opvoedkundige praktyk sou sy agterstand op die teorie van die vorige ongeveer twintig jaar grotendeels inhaal.

In sy eerste rapport na die aanname van die nuwe Kinderwet, verwys die Sekretaris van die Unie-Onderwysdepartement na die openbare onkunde betreffende die nywerheidskole,¹⁾ en na die groot behoefte aan intensiewe sielkundige werk aan laasgenoemde skole in verband met die persoonlike probleme van individuele leerlinge.²⁾ Hy herformuleer ook die doelstelling van die nywerheidskool na aanleiding van die ontwikkelinge en gebeurtenisse van die afgelope jare. Die hoofdoel van die nywerheidskool het nou geword die volle geestelike rehabilitasie van die leerling deur middel van karaktervorming en die persoonlike opheffing van elke leerling op grond van 'n intensiewe studie en kennis van sy swakhede en behoeftes.

Daar word voortgebou op die ideale van 1917. Liggaamlike versorging deur voeding, kleding en huisvesting was nodig, ook skolastiese kennis en ambagsvaardigheid waarmee 'n selfstandige bestaan in die latere lewe gevoer moes word. Die hoofsaak egter, was om geestelike ewewig te probeer bewerkstellig by die leerlinge en aanpassing by die gemeenskap. Daar sou dus in die skole op gesonde sielkundige en opvoedkundige grondslae te werk gegaan moes word en die organisasie, sowel as die metodiek van die skole sou moes aanpas by die besondere geestelike behoeftes van die leerlinge.³⁾

As vernaamste aspek van die doelstelling van die nywerheidskool sou heropvoeding van die leerling voortaan voorge-

1) Report of the Union Education Department 1937, 26.

2) Ibid., 28.

3) Ibid., 29.

hou word. „The main task of the schools of industries is, therefore, to re-educate pupils and to help them to adjust themselves firstly by teaching them to find wholesome and permissible gratifications for their urges and to cultivate good habits, and secondly, to assist them to build up normal sentiments," skryf die Sekretaris van Onderwys ¹⁾ in 1949.

Die nywerheidskool streef egter ook 'n religieuse doel na. ²⁾ Dit vorm immers die sluitsteen van die algemene opvoedkundige doel volgens die Christelike lewensbeskouing soos in die vorige paragraaf gestel, waarsonder die opvoedende werksaamheid van die nywerheidskool onvolkome en sy doelstelling onvolledig sou wees. Daar word derhalwe nie alleen voorsiening gemaak vir formele Bybel- en godsdiensonderrig in die klaskamer nie, maar elke leerling word in die geleentheid gestel om die eredions in sy kerk by te woon, sowel as die Sondagskool of katekisasieklas, en om as lidmaat van sy kerk aangeneem en voorgestel te word voordat hy die skool verlaat. Daarbenewens bestaan daar verenigings met godsdienslike inslag aan die skole en is daar personeellede aan feitlik elkeen van die skole wat deur persoonlike bearbeiding leerlinge wil bring tot die vrese van die Here.

By die behandeling van die doelstelling van die nywerheidskool moet egter ook die spesifieke aard van hierdie soort skool benadruk word. 'n Opname van die doelstellinge wat hoofde van nywerheidskole voorophou, is in 1949 en 1950 gemaak en het aan die lig gebring dat sommige skole die morele, intellektuele en praktiese opleiding beklemtoon (Standertonse Meisieskool, Rustenburg, Tempe, Paarl), ander wil weer beskerming verleen aan die hawelose, verwaarloosde kinders en hul na hulle liggaamlike en geestelike behoeftes opvoed (Rustenburg, Oudshoorn, Paarl,

1) Annual Report Department of Education, Arts and Science 1949, 14.

2) Ibid., 14.

Heidelberg, J. W. Luckhoff, King William's Town). Hoofde het ook spesifieke oogmerke soos opvoeding van die gedragsafwykende (Rustenburg), voorsiening vir die subnormale leerling (Ladybrand, Dewetsdorp) voorgehou en wat die dogters betref, „om hulle op te lei in die beginsels van huisbestuur sodat hulle as eerbare en bekwame moeders en huisvrouens later kan optree; ook om dogters verfynd op te voed en te veredel en ander maatskaplike deugde by hulle aan te kweek." ¹⁾ Spesifieke aspekte word hier deur bepaalde skole benadruk na gelang van die skool se spesifieke funksie en die opvatting van die hoof.

Uit die voorafgaande is dit egter duidelik dat die nywerheidskool wat 'n besondere soort skool vir 'n bepaalde soort kind is, 'n antwoord probeer vind op die vraagstuk van die doelstelling van die opvoeding en as uitgangspunt neem die besondere behoeftes van die kind. Omdat die nywerheidskool in die eerste instansie 'n skool is, en dit nog altyd wou wees, sal die algemene doelstellings van die opvoeding daar van toepassing wees, Dit blyk dan ook baie duidelik uit die formulering van die doelstellinge soos van tyd tot tyd aangekondig en soos kortliks hieronder saamgevat.

Die nywerheidskool wil, met die kind as uitgangspunt, deur intensiewe studie kom tot 'n deeglike kennis van die behoeftes en swakhede van die kind wat aan sy sorg toevertrou is en wil daardie kind deur middel van onderwys en opvoeding bring tot die aankweking van sekere ideale en houdinge; dit wil hom sekere bekwaamhede en vaardighede aanleer; dit wil hom bring tot ewewigtige geestesvorming, individuele ontwikkeling en sosiale aanpassing, verstandelike ontwikkeling en voorbereiding vir arbeid waarmee later 'n selfstandige bestaan gevoer kan word. In die laaste aspek sluit die nywerheidskool aan by die inrigtings wat

1) Nywerheidskool Paarl : Opname op 17.2.1950.

in Suid-Afrika bekend staan as vak- of beroepskole waar die kind deur tegniese of handelsonderrig spesifiek vir 'n beroep voorberei word.

Die taak van die nywerheidskool strek verder as die van die gewone skool. Omdat sy leerlinge almal wetsbestee is en aan die ouerhuis onttrek is, as gevolg van die feit dat laasgenoemde nie voldoen het aan die eise wat die samelewing aan die ouerhuis stel t.o.v. kinderversorging en kinderopvoeding nie, moet die nywerheidskool 'n veel groter deel van die opvoedingstaak as wat gewoonweg aan die skool toegeken word, op hom neem. In sy doelstelling wil die nywerheidskool hom dan ook daarop rig om as tydelike plaasvervanger vir die natuurlike ouerhuis van die kind op te tree en aanvaar hy ook die taak van die etiese en religieuse vorming van die kind; 'n plig wat gewoonweg by die ouerhuis tuis hoort. Onder sy leerlinge is daar steeds 'n aantal wat sosiaal swak of wanaangepas is. Hulle wil die nywerheidskool heropvoed, terugbring op die regte weg en as sosiaal-aangepas of -aanpassend in die samelewing terugplaas : „terug te geven aan de maatschappy wat haar eers werd ontnomen," soos J. H. Breuer ¹⁾ dit op treffende wyse stel in verband met die inrigtingskind. Met hierdie bykomende, maar baie belangrike doelwit van die aanpassing van die individu by die algemeen aanvaarde maatskaplike norme en van heropvoeding stem die nywerheidskool in Suid-Afrika in groot mate ooreen met die min of meer soortgelyke inrigtings oorsee. ²⁾

4. SAMEVATTING.

Vir die persoon wat waarlik wil opvoed is 'n duidelike doelstelling onontbeerlik, en as vername grondvereiste geld dat so 'n opvoedingsideaal gefundeer sal wees op die lewens- en wêreldbeskouing van daardie persoon. Die Christen sal dus sy

1) Breuer : Gestichtsoopvoeding, 99.

2) British Home Office : Report of Committee on Approved Schools and Remand Homes, 4 - 5. Vgl. ook U.S. Office of Education: Education in Training Schools for Delinquent Youth, 7; The Children's Village, 2. (Brochure).

doelstellinge laat rig deur die religieuse en niks in die opvoedende werksaamheid in stryd daarmee stel nie.

As onderwysinrigting sluit die nywerheidskool sig aan by die Christelike opvoedingsideaal wat nie slegs die naby-synde en verwyderde doelstellinge van die humanisme nastrewe nie, maar ook die uiteindelijke, nl. die religieuse. Vroeg in sy geskiedenis was daar reeds 'n duidelike strewe na suiwere opvoedkundige optrede t.o.v. die kind in sy sorg by die nywerheidskool aanwesig. As opvoedingsinrigting beoog dit nog steeds die ontwikkeling van die kind met al sy vermoëns en talente, maar omdat dit 'n besondere skool vir 'n bepaalde soort kind is, sal dit ook sy spesifieke oogmerke met die opvoeding van die kind hê. Onder laasgenoemde word saamgevat daardie doelwitte wat voortvloei uit die nywerheidskool se funksie as tydelike plaasvervanger van die ouerhuis, as beroepskool, en as Kinderwetskool wat die kind moet heropvoed as hy afgewyk het van die maatskaplik aanvaarde weg.

Die nywerheidskool wil soos enige gewone skool die kind liggaamlik en verstandelik vorm, maar wil ook in sy hoedanigheid as plaasvervangende ouerhuis die belangrike ouerlike taak op hom neem om die kind eties en religieus te vorm.

HOOFSTUK V.

DIE LEERLING VAN DIE NYWERHEIDSKOOL.

1. INLEIDING.

Alvorens 'n kind na 'n nywerheidskool gekommitteer kan word, moet hy/sy in terme van die bepalings van die Kinderwet sorgbehoewend verklaar word. So 'n verklaring word gedoen na 'n behoorlike ondersoek deur 'n kommissaris van kindersorg in 'n kindertehof, gewoonlik as gevolg en na aanleiding van gegewens verstrek deur 'n proefbeampte, 'n belangstellende persoon of vereniging oor die omstandighede waaronder so 'n kind leef en verkeer.

Die begrip sorgbehoewendheid is na sy wetlike sin reeds in Hoofstuk I omskryf. Ter aanvulling en alvorens oorgegaan word tot 'n noukeuriger ontleding van die redes waarom kinders na die nywerheidskool gekommitteer word, is dit egter wenslik om te wys op die tweërlei aard van die omstandighede wat 'n rol speel by die verklaring van 'n kind tot sorgbehoewende.

In 1918 omskryf die Onder-Sekretaris van Onderwys ¹⁾ sorgbehoewendheid as volg: „By destitution we mean the condition of being without one or other of the necessities of life, in such a way that health and strength and even vitality is so impaired as eventually to imperil life itself. It is indeed a special feature of destitution in modern urban communities that it means not merely a lack of food, clothing or shelter, but also a condition of mental degradation.”

In 'n brief van die Unie-Onderwysdepartement op 1 November 1927 verduidelik die Sekretaris van Onderwys ²⁾ aan die

1) Report of the Under Secretary for Education 1918, 3.

2) Uit die amptelike lêers van die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap, 1927.

Presidente van die Ficksburgse Kinderwelvaartvereniging dat armoe-dige omstandighede waaronder 'n kind leef alleen nie genoegsame grond vir kommittering na 'n nywerheidsskool is nie. Die wesenlike gevaar dat die behoeftige omstandighede die oorsaak kan wees dat die kind in misdaad kan verval, moet aanwesig wees.

In die verslag van die Inter-departementele Komitee oor Afwykende Kinders ¹⁾ wat in 1945 gepubliseer is, word ook daarop gewys dat 'n kind onder die Kinderwet sorgbehoewend is weens tweërlei omstandighede. Eerstens kan uiterlike oorsake, buite sy beheer, 'n slegte of ongunstige uitwerking op die kind hê. Hieronder val byvoorbeeld armoede, 'n swak omgewing, of gebrekkige toesig en beheer oor die kind deur sy ouers. So 'n kind verkeer in omstandighede van verwaarlosing en uit die toestand van verwaarlosing kan gedragsafwyking of wangedrag spruit. Daar kan in die tweede instansie ook wanaanpassing voortvloei uit die omstandighede hierbo genoem, maar as gevolg van konstitusionele en psigopatiese aanleg.

'n Ontleding van die oorsake wat aanleiding gee tot die kommittering van kinders tot die nywerheidsskool beklemtoon die feit dat die skool te doen kry met die behoeftige, verwaarloosde kind wat beskerming nodig het, maar ook met die wanaangepaste en gedragsafwykende kind. ²⁾

2. REDES VIR TOEWYSING.

Volgens die amptelike jaarverslae van die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap ³⁾ word die vernaamste redes vir kommittering onder die volgende hoofde ingedeel: (1) Behoeftigheid, (2) geen ouer of voog, (3) gevind in die sorg van 'n persoon wat

1) Verslag van die Inter-departementele Komitee oor Afwykende Kinders 1945, 163.

2) Kyk Tabel VI op bladsy 119.

3) Vgl. o.a. Jaarverslag van die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap 1952, 48.

skuldig bevind is aan 'n misdad teenoor die kind, (4) onbeheerbaarheid, (5) stokkiesdraai, (6) diefstal, (7) omgang met 'n onsedelike en slegte persoon, (8) bedel of onder die ouderdom van sestien jaar straathandel dryf, (9) wat weg van die ouers onderhou word onder nadelige huislike omstandighede, (10) aanranding (gewone).

Vir doeleindes van hierdie studie is 'n ontleding gemaak van die redes wat in die kinderhof aangevoer is vir die toewysing van sewehonderd seuns na nywerheidskole gedurende die jare 1947 - 1952 en wat op laasgenoemde datum reeds weer die skool verlaat het.

Daar moet vooraf daarop gewys word dat bevindings in hierdie verband moontlik van navorser tot navorser kan verskil, alhoewel die verskil gering behoort te wees, aangesien 'n leerling soms onder meer as een hoof ingedeel kan word. 'n Kind kan byvoorbeeld onder armoedige omstandighede woon, maar terselfdertyd stokkiesdraai. Omdat die verslae nie altyd presies aandui op welke van die verskillende gronde die kommissaris van kindersorg 'n kind gekommitteer het nie, moet die ondersoeker sy diskresie gebruik om te bepaal watter aspek die swaarste moes geweeg het by die hofondersoek. Opvallend behoort die verskille egter nie te wees nie, omdat dit gewoonlik heeltemal duidelik is om watter rede 'n kind in die kinderhof verskyn het.

Tabel VI weerspieël die gegewens wat in hierdie verband verkry is.

TABEL VI.

Nywerheidskoolleerlinge geklassifiseer volgens Gronde van Toewysing.

Redes vir Toewysing.	Aantal.	Persentasie.
1. Behoeftigheid	399	57
2. Geen ouer of voog	49	7
3. Gevind in die sorg van 'n persoon wat skuldig bevind is aan 'n misdaad teenoor die kind	0	0
4. Onbeheerbaarheid	153	21.8
5. Stokkiesdraai	34	4.8
6. Diefstal	40	5.8
7. Omgang met onsedelike en slegte persone	12	1.8
8. Bedel of onder die ouderdom van ses-tien jaar straathandel dryf	7	1
9. Weg van die ouers onderhou onder nadelige huislike omstandighede	6	.8
10. Aanranding (gewone)	0	0
TOTAAL	700	100%

Die redes, soos aangedui in Tabel VI, vorm dan die grondoorsake van sorgbehoewendheid en die volgende afleidings kan daaruit gemaak word: (1) Behoeftigheid, waaronder ook verwaarlo-sing en armoede ingesluit is, dra die meeste by tot die verskynsel van sorgbehoewendheid. As daarby nog gevoeg word die 7% kinders wat haweloos is, d.w.s. sonder ouers of ander sorg, dan beteken dit dat 64% van die nywerheidskoolkinders behoeftig, nooddruftig, arm, verwaarloos of sonder behoorlike sorg was.

(2) Die volgende belangrike grondoorsaak van sorgbehoewendheid is onbeheerbaarheid (21.8%) gevolg deur diefstal (5.8%) en stokkiesdraai (4.8%). Aangesien laasgenoemde twee neigings nou verwant is en 'n vorm van onbeheerbaarheid is, kan dit maklik daarby gevoeg word en daar kan derhalwe afgelei word dat 32.4% van die leerlinge aan die nywerheidskool, in hierdie

geval seuns, onbeheerbaar was voordat hulle na die nywerheidskool verwys is. 'n Verdere ontleding van onbeheerbaarheid het aangetoon dat 82 gevalle aanduidings gegee het van duidelik gebrekkige beheer tuis. Hierdie 82 uit die totaal van 153 het ingewoon by grootouers, of slegs by 'n moeder, of het 'n sieklike vader gehad of onder huislike omstandighede gelewe wat beheer oor die kind verswak het. Dit wil dus voorkom of meer as die helfte onbeheerbare seuns weens gebrekkige dissipline buite beheer geraak het. In die geval van die oorblywende 71 gevalle word die omgewingsinvloed nie so sterk in die verslae op die voorgrond gestel nie, alhoewel daar aanduiding is dat dit tot 'n groot mate die blaam moet dra vir die wanaangepastheid van die kind. In elkeen van hierdie gevalle was daar kennelike gevaar egter dat die kinders in misdaad kon verval weens hulle onbeheerbaarheid, net soos die 4.8% wat op grond van werklike diefstal in die kindershof beland het. Ook in die geval van laasgenoemde speel die omgewingsfaktore 'n sigbare vormende rol soos uit die hofverslae blyk.

Alhoewel nie wetenskaplik bewese, moet geredelik aanvaar word dat die nywerheidskool egter ook te doen het met die suiwer misdadige tipe en psigopaat. Daar is leerlinge wat hoegenaamd nie gunstig reageer op die behandeling in die nywerheidskool nie en volhardend dros of na die verbeteringskool oorgeplaas word. Gegewens in hierdie verband het egter getoon dat slegs ongeveer 1.4% van die nywerheidskoolleerlinge jaarliks na die verbeteringskool oorgeplaas word en nog minder as hierdie aantal jaarliks ontslaan word weens misdaad nadat hulle van die skole gedros het.¹⁾ Dit wil dus voorkom asof die aantal leerlinge wat na die nywerheidskool gekommitteer word op grond van inherente misdadige neigings minimaal is.

1) Soos blyk uit die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap se jaarverslae 1948 - 1952.

Die ander oorblywende oorsake, soos wat in Tabel VI aangedui word, dra slegs 3.4% by tot die vorming van sorgbehoewendheid. Dit is derhalwe baie duidelik dat die hele aangeleentheid van sorgbehoewendheid innig verband hou met die huislike omstandighede van die kind. Omdat dit belangrik is dat die opvoeder die opvoedeling so goed moontlik sal begryp en omdat die nywerheidsskoolleerling tydelik uit sy ouerhuis verwyder word en die skoolgrootliks die ouers se taak oorneem, is verdere ondersoek in daardie opsig geregverdig en noodsaaklik. Daarby word egter in 'n volgende paragraaf stilgestaan.

Die vormende invloed van die ouerhuis op die lewe en persoonlikheid van die kind is onberekenbaar groot. Dit word alhierweë erken. Alvorens daar dus oorgegaan word tot 'n verdere ontleding van die ouerhuis van die nywerheidsskoolkind word dit wenslik geag om aan die hand van die beskouings van sosioloë, pedagoë en psigoloë kortliks te wys op die eienskappe van die goeie ouerhuis en op die invloed wat daarvan op die lewe van die kind uitgeoefen word en dit dan in verband te bring met die ouerhuis van die nywerheidsskoolleerling sowel as die taak en doelstelling van die skool.

3. DIE VORMENDE INVLOED VAN DIE OUERHUIS.

(a) Die wese van die gesin.

'n Gesin is 'n maatskaplike groepie wat, om volledig te wees, bestaan uit 'n vader, 'n moeder en 'n kind of kinders. Hierdie intieme, gebonde menslike groepie is in baie opsigte die belangrikste van alle sosiale groepe. ¹⁾ Volgens Christelike beskouing is dit 'n instelling van God en kom dit uit die Skepping self voort. ²⁾ Uit die huwelik van die vader en moeder ontvang die kind al sy erflike eienskappe, d.w.s. daardie trekke of kenmerke wat die kind eerstens as mens van andersoortige wesens on-

1) Bogardus : Sociology, 57.

2) Coetzee : Vraagstukke van die Opvoedkundige Politiek, 36.

derskei, en wat hom as individu, as mens van ander mense onderskei na liggaam en na siel. ¹⁾ In die gesin word hy sosiaal en geestelik gevorm, want die kind bring sy ontvanklikste jare, sy plastiese eerste lewensjare in die boesem van die gesin deur. Die invloede wat in daardie jare op die kindergemoed inwerk, het die allergrootste betekenis vir sy geestes- en persoonlikheidsvorming. ²⁾

Die huisgesin is 'n geslote, samehorige eenheid. Al die kinders in die gesin word versorgend, beskermend saamgebind deur die liefde van hulle ouers en almal deel weer in hulle gevoelens van eerbied en liefde teenoor hulle ouers. As 'n samehorige groep bewoon die gesin gewoonlik 'n huis saam, en het almal deel aan die inkomste wat die vader deur sy arbeid verdien. Die gesin is 'n natuurlike instelling, maar veel meer; dit is ook 'n sedelike instelling. ³⁾

As belangrikste primêre groep is die gesin ook die eenheid waaruit die menslike samelewing opgebou is. Vir sy verdere voortbestaan is die samelewing afhanklik van die gesonde gesinslewe van die volk en die opgevoede individu wat daaruit voortkom. Uit die aard van sy wese en samestelling is die gesin die eerste en natuurlike opvoedingsgemeenskap, ook die ideale en beste, en altyd bly dit die basis van die kind se opvoeding. ⁴⁾ Die kind bly gewoonlik lank in sy ouerhuis en die gesinsinvloed het dus 'n volgehoue, konsekwente uitwerking op die kindergemoed oor 'n aantal jare totdat volwassenheid en selfstandigheid bereik is, en selfs daarna is die invloed van die ouerhuis nog aanwesig.

-
- 1) Bogardus : Sociology, 57. Coetzee : Inleiding tot die Algemene Empiriese Opvoedkunde, 85.
 - 2) National Education Association of the United States and the American Association of School Administrators : The Purpose of Education in American Democracy, 79.
 - 3) Coetzee : Vraagstukke van die Opvoedkundige Politiek, 38.
 - 4) Coetzee : Inleiding tot die Algemene Teoretiese Opvoedkunde, 362; Keyter : Dringende Vraagtekens in ons Opvoeding en Onderwys, 79.

In die intieme aard van die gesinsverhouding, in die direkte verwantskap en natuurlike liefde, in die vertroue en onderlinge simpatie lê die krag van die huislike opvoeding. In sy diepste wese het die kind, veral in sy kleinkinderjare, 'n diepgevoelde behoefte aan die versorgende, opvoedende invloed van die ouerlike huis en gesin. Daarin lê 'n besondere taak vir die ouerhuis.

(b) Sosiale en opvoedkundige funksies van die gesin.

(i) Ordelikheid en reëlmaat.

Die kind is besonder hulpeloos en afhanklik wanneer hy in die wêreld kom en dit is die eerste taak van die ouers om die kind na die liggaam te versorg, te voed en te beskerm sodat hy liggaamlik kan groei en verstandelik en geestelik kan ontwikkel. Sonder voeding en beskerming sal die jong kindjie sterf. ¹⁾ Die kind moet egter ook opgevoed word.

Die ouerhuis is die eerste en aangewese plek waar die kind ordelikheid en reëlmaat in die daaglikse lewe aanleer, ook goeie maniere en gewoontes. Daarin speel die voorbeeld, die manier van lewe wat die ouers aan die kind illustreer, die standaarde wat die ouers stel, 'n belangrike rol, want die kind is 'n nabootser en is besonder vatbaar vir die voorbeeld van die ouers en hulle invloed. In die blote saamlewe in die gesin leer hy die kuns om te lewe en volg hy die ouerlike patroon. ²⁾

(ii) Taalbeheer en verstandelike ontwikkeling.

Die kind leer in sy ouerhuis eerste die gebruik van

1) Coetzee : Die Algemene Teoretiese Opvoedkunde, 361.

Folsom : Youth, Family and Education, 29.

Van Waters : Youth in Conflict, 63 - 64.

2) Bowley : The Psychology of the Unwanted Child, 2.

Coetzee : Vraagstukke van die Opvoedkundige Politiek, 42.

Keyter : Dringende Vraagtekens in ons Opvoeding en Onderwys, 79 - 80.

Meek : The Personal-Social Development of Boys and Girls, 37.

Roucek : Sociological Foundations of Education, 111.

sy moedertaal aan. ¹⁾ In die intieme omgang tussen moeder en kind veral, word die eerste geestelike ontwikkeling geprikkel, word die sintuie en verstand ontwikkel. ²⁾ Daar word die kind geoefen in die gebruik van sy taal. Sy taalbeheer en -begrip hang grotendeels af van wat hy in die ouerhuis ondervind en van die gesin se taalgebruik en woordeskat. ³⁾

Die ouerhuis was nog altyd die vernaamste kanaal waarlangs kulturele vorming die kind bereik het en die belangrikste prikkel in die vroegste ontwikkeling van sy verstand. Die goeie ouerhuis gaan selektief te werk in verband met die oordrag van geestes- en kultuurgoedere. Dit keur, interpreteer vir die kind en evalueer, met die gevolg dat die kind 'n eie, kritiese sin vir waardes aankweek, en daarmee 'n sin vir sosiale gedrag. ⁴⁾

(iii) Sosiale vorming.

Vir die staatkundige, sowel as die sosiale lewe is die huislike opvoeding van groot betekenis, want die ouerhuis is die vernaamste leerskool waar die kind eerbied vir gesag, dié van sy vader en moeder, leer en 'n besef van plig aankweek. ⁵⁾ In die innige verhouding tussen ouers en kind en tussen broers en susters vind die eerste sosialiserende vorming plaas en word die kind gevorm tot 'n bruikbare en nuttige lid van die samelewing, kerk en volk. Die ouerhuis is 'n kragtige instrument om die kind se gedrag in maatskaplik aanneemlike kanale te lei en om hom te leer om met ander persone buite die gesin oor die weg te kom en hom aan te pas by die gedragskodes van 'n wyer buitewêreld. ⁶⁾

1) Coetzee : Vraagstukke van die Opvoedkundige Politiek, 42.

2) Keyter : Dringende Vraagtekens in ons Opvoeding en Onderwys, 79.

3) Roucek : Sociological Foundations of Education, 111. White House Conference, 138.

4) Horrocks : The Psychology of Adolescence, 34-35.

Meek : The Personal-Social Development of Boys & Girls, 28.

5) Coetzee : Vraagstukke van die Opvoedkundige Politiek, 42.

6) Ibid., 39. Ook White House Conference, 140-141.

Horrocks : The Psychology of Adolescence, 34-35.

National Education Association of the United States and the American Association of School Administrators: The Purposes of Education in American Democracy, 80.

Van Waters : Youth in Conflict, 64.

L. H. Meek ¹⁾ meen die gesin se rol in hierdie verband is belangrik om drie redes veral:-

- (1) Die gesin is 'n klein gemeenskap waar die eerste maatskaplike aanpassing op 'n natuurlike wyse geskied;
- (2) die gesinsinvloed strek gewoonweg oor 'n langer tydperk as die van die skool of ander liggame; en
- (3) die vorming van die kind geskied in 'n innig emosionele atmosfeer waar daar ruim geleentheid bestaan vir identifikasie met die ouer.

(iv) Die vorming van die kind se gemoed.

Wat die kind uiteindelik in die lewe word, watter lewens- en wêreldbeskouing hy gaan huldig en wat sy algemene opvatting gaan wees, hang hoofsaaklik af van die ouerhuis waarin hy grootword, want die ouerhuis is die eerste en vernaamste plek waar sy gemoed gevorm word, waar die oorsprong van sy sedelike begrippe en norme lê, sowel as van sy sentimente en vooroordele. Volgens die lewenswyse en voorbeeld van die gesin waarvan hy lid is, vorm die kind sy gesindhede, lewensfilosofie en godsdienssin. ²⁾

Die ouerhuis is in sy kern en wese by uitstek geskik om die gemoed te vorm en in die boesem van die gesin vind die kind bevrediging en vervulling vir sy diepste geestelike behoeftes.

Die ouerhuis en gesin besit sekere eienskappe wat deur opvoedkundige denkers ³⁾ beskou word as die ideale en beste vir die vorming van die persoonlikheid en karakter van die kind.

-
- 1) Meek : The Personal-Social Development of Boys and Girls, 37-38.
 - 2) Coetzee : Vraagstukke van die Opvoedkundige Politiek, Burgess : The Family as a Unity of Interacting Personalities. FAMILY 1926, Vol. 7, 3 - 9.
Keyter : Dringende Vraagtekens in ons Opvoeding en Onderwys, 79.
 - 3) Banay : Youth in Despair, 71.
Bowley : The Psychology of the Unwanted Child, 9.
Burgess; Environment and Education, 34.
Faris : The Nature of Human Nature, 234-240.
Horrocks : The Psychology of Adolescence, 36-38.
Plant : Personality and the Culture Pattern, 150-160.
Roucek : Sociological Foundations of Education, 109-110.
Symonds : The Psychology of Parent-Child Relationships, 148-150.

Weens sy aard en samestelling verskaf die gesin aan die kind 'n klein, natuurlike, intiemverbonde groep, bestaande uit persone van gemeenskaplike afkoms, deur bande van liefde gebind, met wie hy hom kan identifiseer, en van wie daar simpatieke begrype en intuïtiewe meegevoel uitgaan.

Omdat die gesinsgroep klein is, is dit innig verbonde, is daar onderlinge afhanklikheid en aanhanklikheid en vertroue; heers daar spontane wisselwerking tussen gesinslede, 'n interspel van persoonlikhede; is die menslike verhoudings eenvoudig en liefdevol, kom die kind met velerlei sosiale situasies in aanraking en word hy gelei om dit te verstaan en dra hy in hom die wete dat hy ook verstaan word en dat hy omring is van 'n groep mense wat hom onder alle omstandighede, of dit goed gaan of sleg, sal bystaan, ondersteun en beskerm; voel hy hom in sy diepste wese veilig en is hy sonder geestesspanninge.

In die eenheid van die gesin, in sy stabiele, sekere, veilige, beskermende atmosfeer, lê sy sterkste en grootste vormende krag en sy belangrikste sielkundige funksie ten opsigte van die opvoeding van die kind. Vir die gesonde emosionele ontwikkeling van die kind is hierdie gevoel van veiligheid en die wete dat hy aan 'n groepie behoort wat hom liefhet en as een van die gesin beskou, van die hoogste belang. Om seker te wees van die liefde van sy ouers is die diepste behoefte van die jong kind en die beslissende faktore in sy gemoedsvorming en persoonlikheidsontwikkeling is die emosionele verhoudings tussen hom en die ander lede van die gesin.

In die huisgesin word die grondslae gelê van die kind se etiese en religieuse vorming.

4. DIE GESINSAGTERGROND VAN DIE NYWERHEIDSKOOLLEERLING.

In aansluiting by die voorafgaande paragrawe oor die vormende invloed van die goeie ouerhuis, sal daar nou 'n ontleding gemaak word van die gesinsagtergrond van die nywerheidskoolleerling ten einde te probeer bepaal uit watter soort huisgesin

hy afkomstig is om langs daardie weg die leemtes en tekortkominge in sy opvoeding aan te dui en te wys op die taak van die nywerheidskool in daardie verband.

(a) Die Beroepsfeer waaruit die nywerheidskoolleerling kom.

Deur arbeid en inspanning word die mens in staat gestel om in sy eie behoeftes en die van sy afhanklikes te voorsien. Arbeid gee betekenis aan die lewe en deur werk kan 'n mens sy lewensomstandighede beheer. Die beroepstatus wat aan 'n bepaalde werk geheg word, bepaal nie alleen tot 'n mate die lewensstandaard van die individu nie, maar beïnvloed ook die sosiale posisie wat hy in die samelewing inneem. 'n Ontleding van die beroepe wat beoefen is deur die vaders van nywerheidskoolleerlinge ten tye van hulle kommittering tot die skole kan dus waardevolle gegewens verstrek in verband met die lewensstandaard en sosiale status van die gesinne waaruit daardie leerlinge afkomstig is.

Die gegewens wat sewehonderd gevalle dek, was baie uiteenlopend en 'n klassifikasie is gemaak deur beroepe wat min of meer gelyksoortig is onder dieselfde hoofde te plaas. Besonderhede kon verkry word van 652 gevalle, d.w.s. van 93.1%. Tabel VII weerspieël die posisie.

Uit die gegewens blyk die volgende:

- (1) In 68 of 9.7% van die gevalle is die vaders oorlede en was die gesin afhanklik van gesinstoelaes en ander hulp.
- (2) In 59 of 8.4% van die gevalle was die vaders werkloos of werksku sodat daar ook geen gesinsinkomste was nie. In 14 of 2% van die gevalle was die vaders in die tronk of in 'n gestig en die gesin sonder inkomste. In ongeveer 21% van die gevalle was die gesinne dus sonder 'n werklike broodwinner en moes van toelaes geleef word. Verder was byna 8% van die vaders ongeskik vir gereelde werk en was die gesinne van pensioentoelaes afhanklik.
- (3) Die meeste, nl. 137 of 19.6% van die gevalle, was ongeskoolde

arbeiders en dagloners, terwyl 9.4% ambagsmanno was, hoofsaaklik uit die boubedryf.

(4) Beroepe met die kleinste inkomste soos die van arbeiders, delwers, vissers, houtryers, veewagters, loswerkers, plaaswerkers word deur 252 of 36% van die gevalle beoofen, terwyl die meer lonende beroepe soos die van ambagsmanne, soldate, mynwerkers, vervoerbeampies, masjiniste, klerklike werkers en klein sakemanne deur 194 of byna 28% van die gevalle beoofen word.

TABEL VII.

Beroepe van Vaders van Nywerheidskoolleerlinge.

		%
1. Arbeiders en ander ongeskoolde werkers, hoofsaaklik dagloners, soos handlangers, munisipale arbeiders, arbeiders op die spoorweë, ens.	137	19.6
2. Geskoolde ambagsmanne, hoofsaaklik uit die boubedryf soos messelaars, skilders, ens.	66	9.4
3. Plaaswerkers soos kleinboere, erfhouers, bywoners, deelsaaiers.	48	6.9
4. In die leër	44	6.3
5. Mynwerkers	26	3.7
6. Loswerkers	39	5.6
7. Vervoerdienste, soos bus- en vragmotorbestuurders, tremkondukteurs en -drywers	18	2.6
8. Masjiniste, rangeerders, ploegbase - spoorweë	15	2.1
9. Werktuigkundiges	6	.8
10. Veewagters, knegte, plaashulp	9	1.3
11. Houtryers, houtverkopers, venters	8	1.1
12. Werkloos, werksku, rondlopers, meesal sonder verdienste	59	8.4
13. In die tronk	8	1.1
14. In die sielsieke-inrigting	6	.8
15. Fabriekwerkers	17	2.4
16. Eienaar van klein saak	5	.7
17. Vissers	7	1.0
18. Delwers	4	.6
19. Klerklike werk, amptenare	14	2.0
20. Invalides - ouderdoms- of ander pensioene	48	6.9
21. Vader oorlede - sonder gereelde inkomste	68	9.7
22. Onbekend	48	6.9
TOTAAL	700	100.0

Die nywerheidskoolleerling is dus afkomstig in die oorgrote meerderheid gevalle uit die beroepsgroepe waaraan 'n laer inkomste of besoldiging verbonde is, en uit huisgesinne waar daar nie 'n vaste inkomste is nie.

Ten einde die ekonomiese beeld van die gesin nog duideliker te stel, word in die volgende paragraaf 'n ontleding van die gesinsinkomste van die nywerheidskoolleerling gemaak.

(b) Die ekonomiese sfeer waaruit die nywerheidskoolleerling afkomstig is.

Die ekonomiese omstandighede van 'n persoon bepaal tot 'n groot mate sy leefswyse en lewenstandaard. Dit is ook van toepassing op die gesinsgroep. Die ekonomiese peil van die gesin beïnvloed die gesinslewe op velerlei wyses en raak ook die opvoeding en ontwikkeling van die kind.

Tabel VIII hieronder toon die inkomstegroep vir sewehonderd gevalle wat nagegaan is, aan. „Minder as £10" is as die eerste groep geneem en daarna is intervalle van £10 geneem omdat dit die bedoeling is om die inkomsteverspreiding in breë trekke aan te dui. Spesifieke syfers is nie altyd moontlik nie, omdat sommige werkers se loon per werksdag aangedui word en ander per week, wat 'n benaderde inkomste binne £10 verstrek. Daar was 43 gevalle waar die inkomste onbekend was. Dit was gevalle waar kinders haweloos gelaat is of omdat moeders- en ander toelaes nie in spesifieke syfers aangedui is nie.

TABEL VIII.

Gesinsinkomste.

Minder as £10 per maand	164	23.4%
£10 - £19 - 19 - 11 per maand	205	29.3%
£20 - £29 - 19 - 11 per maand	135	19.3%
£30 - £39 - 19 - 11 per maand	83	11.8%
£40 - £49 - 19 - 11 per maand	37	5.3%
£50 en hoër per maand	33	4.8%
Onbekend	43	6.1%
TOTAAL	700	100.0

Uit die syfers van Tabel VIII blyk dit dat ongeveer 23% van die gesinne van die nywerheidskoolleerlinge ten tye van die kommittering van die kind op 'n maandelikse inkomste van minder as £10 moes bestaan. Ongeveer 73% of byna driekwart van die gesinne het 'n maandelikse inkomste van minder as £30 gehad. As die feit in ag geneem word dat dit veral gaan oor die na-oorlogse tydperk toe inkomstes oor die algemeen aansienlik vermeerder het, dan is dit nie 'n groot inkomste nie, veral nie wanneer die hoë lewenskoste in gedagte gehou word nie. In sommige gevalle was omstandighede moontlik slegs tydelik ongunstig, maar dit mag ook wees dat die omstandighede in sommige gevalle net tydelik gunstig was.

In die jare ná die jongste Wêreldoorlog was werksgeleenthede volop. Veel rede, anders as siekte, ouderdom of onwilligheid, het daar dus nie bestaan vir werkloosheid nie.

Die nywerheidskoolkind kom in die groot meerderheid gevalle uit die gesin met 'n lae inkomste. Die beroepsarbeid van die vaders het dit reeds aangedui. In die volgende paragraaf sal die ekonomiese posisie van die gesin uit nog 'n ander oogpunt benader word en sal die grootte van die gesin ondersoek word en in verband met die gesinsinkomste gebring word ten einde die implikasies daarvan te probeer bepaal.

(c) Die grootte van die gesin.

Daar is noue verband tussen die beroepsarbeid van die broodwinner van die gesin, die gesinsinkomste en die grootte van die gesin. As die inkomste klein is, kan slegs beperkte huisvesting verkry word. Is die gesin na verhouding weer groot, kan oorbevolking ontstaan en armoede, met die implikasies wat daarmee gepaard gaan.

S. en E. Glueck ¹⁾ wys daarop dat in die oorbevolkte

1) Glueck : Unravelling Juvenile Delinquency, 120.

huis daar meer wedywering tussen die kinders om die aandag van die ouers bestaan, meer moontlikheid vir emosionele spanninge, wrywinge; minder privaathoid en meer ervaring ten opsigte van geslagsake onder die kinders. C. Burt ¹⁾ vind 'n hoë korrelasie-koëfisiënt tussen oorbevolking en jeugmisdaad, naamlik .77. Hy wys terselfdertyd op die skadelik vormende invloed op die kind in so 'n oorbevolkte woning. Die kinders word maklik op straat gedwing, waar gewoonlik ook nie voldoende speelruimte bestaan nie, met die gevolg dat dit geredelik maklik tot wanpraktyke lei. Burt sien in oorbevolking die belangrikste gepaard gaande verskynsel van armoede. ²⁾

Tabel IX dui die posisie aan ten opsigte van die aantal kinders in die huisgesinne waaruit die nywerheidskoolkind afkomstig is.

TABEL IX.

Getal kinders in Gesinne waaruit Leerlinge kom.

1 Kind	37	5.3%
2 Kinders	52	7.4%
3 Kinders	80	11.4%
4 Kinders	106	15.2%
5 Kinders	87	12.4%
6 Kinders	92	12.1%
7 Kinders	67	9.4%
8 Kinders	69	9.8%
9 Kinders	41	5.9%
10 Kinders	26	3.7%
11 Kinders	15	2.1%
12 Kinders	7	1.0%
13 Kinders	7	1.0%
14 Kinders	1	.1%
15 Kinders	0	.0%
16 Kinders	2	.3%
17 Kinders	1	.1%
Onbekend	10	1.4%
TOTAAL	700	100.0%

1) Burt : The Young Delinquent, 88.

2) Ibid., 88.

Uit die gegewens van Tabel IX blyk dit duidelik dat die nywerheidskoolkind uit gesinne kom wat oordie algemeen groter is as wat die normale gesin vandag is. Slegs 39% is afkomstig uit gesinne van vier en minder kinders, en aangesien die enkel kinders in die meeste gevalle buite-egtelik is, kan daardie groepie nie eintlik as ware gesinsamestellings bereken word nie. Van die monster was 32 buite-egtelik en hulle het in die meeste gevalle reeds vroeg in hulle lewe in inrigtings beland. Ongeveer 61% van die kinders is dus afkomstig uit huise van meer as vier kinders per gesin en die gemiddelde aantal kinders per gesin vir die hele monster is 5.5.

Dit is ook die bevinding van die Kommissie van Onderzoek van die Gefedereerde N.G. Kerke na kerklike en godsdienstige toestande in die stede van Suid-Afrika dat „groot gesinne die reël by ons sorgbehoewendes is, gesinne wat loop van vyf tot veertien kinders in een familie ...”¹⁾ Die groot gesinne is dikwels die gevolg van die samevoeging van twee en selfs meer groepe kinders omdat, soos later aangedui sal word, 'n tweede en selfs derde huwelik van 'n ouer 'n aanmerklike rol in die gesinslewe van die nywerheidskoolleerling speel.

Ons het reeds gesien dat ongeveer 73% gesinne van inkomstes minder as £30 per maand lewe en die feit dat meer as 61% van die gesinne uit meer as vier kinders bestaan, dui daarop dat armoede en ontbering in die meeste huise waaruit die nywerheidskoolleerlinge kom, in ernstige mate moet voorkom. Dit dui ook op oorbewoning.

Die soort woning van die nywerheidskoolkind en sy ouers word in die volgende paragraaf ondersoek.

1) Verslag van die Kommissie van Onderzoek van die Gefedereerde N.G. Kerke na kerklike en godsdienstige toestande in die nege stede van die Unie van Suid-Afrika, 328.

(d) Die woning van die nywerheidskoolleerling.

Ten tye van die kommittering van die kind was 307 gevalle uit die monster van 700 van die platteland afkomstig, d.w.s. 43.8%, en 393 of 56.2% van die gevalle was uit die ver- naamste groot stede van die Unie van Suid-Afrika, t.w. Kaapstad, Port Elizabeth, Oos-Londen, Durban, Pietermaritzburg, Bloemfontein, Pretoria, Kimberley en die Witwatersrand. 'n Studie van die toewysings toon dat leerlinge van oor die lengte en breedte van die land kom en feitlik elke dorp in die Unie het sy sorg- behoevende gesin of gesinne.

Die huise of wonings was van 'n wyduiteenlopende aard en 'n klassifikasie daarvan volgens voorkoms en aard was nie moontlik nie. In feitlik elke geval is daar egter ten tye van die ondersoek deur die kinderhof 'n beskrywing gegee van die woonomstandighede van die betrokke kind en daarvolgens is 'n al- gemene klassifikasie gemaak en die wonings ingedeel in vier hoof- groepe naamlik baie swak, swak, middelmatig, redelik tot goed, ten opsigte van die grootte van die woning, die soort, die toestand van die gebou en omgewing, die netheid of slordigheid en die maatskaplike buurt. Die bevinding word in Tabel X hieronder weergegee.

TABEL X.

Woonomstandighede van die nywerheidskoolkind ten tye van sy kommittering.

Baie swak	238	34%
Swak	198	28.3%
Middelmatig	131	18.7%
Redelik tot Goed	119	17%
Onbekend	14	2%
TOTAAL	700	100%

Die gegewens van die bostaande tabel dui daarop dat ongeveer 62% of byna twee-derdes van die kinders van die nywer-

heidskole uit swak en baie swak wonings kom, of dit nou in die stedelike gebiede of platteland geleë is of nie. Slordigheid en onsindelikheid het in verreweg die meeste gevalle voorgekom en het gedui op verwaarlosing van die kind. Hoewel die mate van oorbevolking nie bepaal kon word nie, dui die ekonomiese en behuisingstoestande en die grootte van die gesinne sterk in daardie rigting.

Swak woningtoestande lei in die meeste gevalle tot sorgbehoewendheid. Die kind se gesondheid, sy lewensuitkyk, gewoontes van uithuisigheid veral word deur die ouerlike woning in 'n groot mate beïnvloed. Met baie mense in 'n beperkte woonruimte is wrywing en emosionele uitbarstings onvermydelik en die kind word so maklik op die straat uitgestoot, dikwels tot verligting van 'n kriewelrige vader en versufte moeder. Vir spel en ontspanning vir die kind is tuis nie plek nie en omdat kinderjare behoefte aan spel het, word dit elders gesoek. Onder die toesig van die ouers uit, lei die volgende stap op 'n natuurlike wyse tot onbeheerbaarheid, wangedrag, jeugmisdaad. Toestande van oorbevolking is die kweekplekke van wanaanpassing.¹⁾

'n Algemene eienskap van die wonings is die bouvaligheid en verweerde toestande, swak sanitêre geriewe en swak sosiale buurt. Wat moontlik 'n bydrae tot hierdie baie ongunstige toestande kon gelewer het, is die nypende woningnood en hoë huurtariewe wat gedurende en kort na die Tweede Wêreldoorlog ontstaan het. Gesinne wat onder die laer inkomste- en arbeidsgroepe geressorteer het, sou tevrede moes wees met die huisvesting wat hulle met hulle beperkte inkomste kon bekostig.

Armoede is egter nie alleen of direkte oorsaak van jeugwangedrag of misdaad nie. Die oorsake moet veeleer gesoek

1) Burt : The Young Delinquent, 88. Vgl. ook Verslag van die Kommissie van Onderzoek van die Gefedereerde N.G. Kerke na kerklike en godsdienstige toestande in die neges stede van die Unie van Suid-Afrika 1948, 328.

word in die subtiële gesinsverhoudinge onderling, in die huislike atmosfeer, in die sedelike opvattinge van die gesin en die buurt.¹⁾ Die emosionele atmosfeer van die ouerhuis het 'n belangrike invloed op die vorming van die kind.²⁾

Dit is derhalwe nodig geag om ook daardie aspekte te ondersoek en dit dan in verband te bring met die ekonomiese en maatskaplike posisie van die gesin.

(e) Die ouers van die nywerheidskoolleerling.

(i) Die ouderdom van die ouers.

Daar is reeds daarop gewys dat die gesin die wieg en kweekplek is van die kind se opvattinge, sentimente, houdinge, en gemoed. Dit kan eweso wees die oorsprong van sy gevoelens van onsekerheid, spanninge en ander emosionele versteurings. Hierin speel die ouers 'n groot rol en dit is dus nodig geag om ondersoek in te stel na wie die ouers van die nywerheidskoolkind is en na die ouer-verhouding tuis.

Daar is noue verband tussen die ouderdom van 'n persoon en sy gesondheid. Dit kan weer in verband gebring word met gereelde arbeid, gereelde gesinsinkomste en beheer van die huislike omstandighede. Uit die gegewens van die monster van sewehonderd gevalle is 'n ontleding gemaak van die ouderdomme van die ouers van die nywerheidskoolleerlinge ten tye van hulle kommittering. Grafiek III op die volgende bladsy toon die tendense en verspreiding aan. Uit die groep van sewehonderd kinders was 68 vaders oorlede en 58 moeders ten tye van die kinderhofondersoek. Die ouderdomme van 125 vaders en 91 moeders kon nie opgespoor word nie. Die monster was egter groot genoeg om verteenwoordigend te wees.

Daaruit blyk dat die meeste ouers in die ouderdomsgroep val wanneer die liggaamskragte in die reël sterk is en die

1) Taft : Criminology, 161-164.

2) Glueck : Unravelling Juvenile Delinquency, 82.

— GRAFIEK III —


OUDERDOMSVERSPREIDING
VAN OUDERS TEN TJE VAN
DIE KOMMITTERING VAN
HULLE KINDERS NA DIE
NIJWERHEIDSKOOL.

— VADERS

- - - - - MOEDERS

MEDIAAN VADERS 44.27

MEDIAAN MOEDERS 38.9



algemene gesondheid goed is. Vir die vaders is die mediaanouderdom 44.27 jaar en in die geval van die moeders 38.9 jaar. Vyfen-sewentig persent van die vaders is jonger as vyftig jaar en een-en-negentig persent van die moeders. Wat die ouderdom betref, is die ouers in die fleur van hulle jare en daar moet dus ander oorsake wees wat bydra tot die onvermoë van die ouers om hulle kinders te versorg. Werklike, kroniese siekte kom min voor. Slegs tien gevalle is teëgekom waar die vader 'n invalide was, d.w.s. ongeveer een persent. Vyftien van die moeders was bedlêend.

'n Verdere ontleding van die gesinstruktuur is dus gemaak en die bevindings word weerspieël in Tabel XI.

(ii) Die gesinstruktuur van die nywerheidskoolleerling.

TABEL XI.

Maritale posisie van die ouers in die gesin van die nywerheidskoolkind ten tye van sy kommittering.

Vader en moeder getroud en leef saam	290	41.4%
Vader alleen met kinders	81	11.5%
Moeder alleen met kinders	125	17.8%
Eie vader met stiefmoeder	36	5.1%
Eie moeder met stiefvader	53	7.5%
Stiefvader en stiefmoeder	20	2.8%
Sonder sorg	35	5%
Ouers lewe buite-egtelik saam	48	6.9%
Posisie nie duidelik	12	1.7%
	700	100%

In die geval van byna 76% van die kinders van die nywerheidskool lewe nog een of albei ouers. Hierby is gereken die 6.9% gevalle waar ouers buite-egtelik saamlewe want hulle is immers die natuurlike ouers van daardie kinders. Ongeveer 30% nywerheidskoolleerlinge het een of albei ouers verloor hetsy deur die dood, gesinsverlating, tronkstraf of as gevolg van behandeling in 'n gestig vir sielsiektes, terwyl 15% in stiefverhoudings tot een of albei ouers staan. Die 5% sonder sorg is absolute wese en kinders wat buite-egtelik gebore is en haweloos gelaat is.

Daar was ook ander faktore aanwesig wat belemmerend ingewerk het op die gesonde huislike lewe van die nywerheidskoolkind soos weerspieël in Tabel XII hieronder.

TABEL XII.

Verskillende faktore wat bygedra het tot 'n toestand van ontreddeering in die ouerhuis van die nywerheidskoolkind.

Egskeiding het voorgekom in	88 gevalle.
Vader het gesin verlaat in	43 gevalle.
Moeder het gesin verlaat in	33 gevalle.
Die vader was kranksinnig in	18 gevalle.
Die moeder was kranksinnig in	15 gevalle.
Die vader was swaksinnig in	16 gevalle.
Die moeder was swaksinnig in	21 gevalle.
Van die vaders was daar op daardie tydstep of tevore in die tronk	42 gevalle.
Van die moeders was daar op daardie tydstep of tevore in die tronk	12 gevalle.

Uit die voorafgaande blyk dit tot hoe 'n mate die huisgesin van die nywerheidskoolkind „gebroke" is. Slegs 41% van die ouers lewe nog in huwelikstaat bymekaar en hierdie toestand moet noodwendig bydra tot swak beheer en dissipline ten opsigte van die kinders. Daar is egter ander faktore wat die kind in sy diepste wese beïnvloed en dit is die omstandighede veroorsaak deur die slegte of bedorwe huis.

(iii) Die versionke, slegte ouerhuis.

Cyril Burt ¹⁾ het in sy ondersoek in verband met jeugmisdaad gevind dat hand aan hand met gesinsarmoede gaan oorbevolking van wonings, gespanne of gebroke gesinsverhoudinge, ondoeltreffende dissipline en die slegte, sedelik versionke huisgesin. Kenmerkend van laasgenoemde is 'n oormatige gebruik van drank. Dit is ook die bevinding van die Kerklike Kommissie ²⁾ van

1) Burt : The Young Delinquent, 87 - 99.

2) Verslag van die Kommissie van Onderzoek van die Gefedereerde N.G. kerke na kerklike en godsdienstige toestande in die nege stede van die Unie van Suid-Afrika, 1948, 321.

1948. Drank maak die deur oop vir twis, egskeiding, misdaad, siekte, immoraliteit en bring met hom mee, in oormaat van gebruik, armoede en ontbering, liggaamlike verwoesting en sedelike agteruitgang. ¹⁾ Vir die vormingsjare van die jong kind is die huisgesin van die dranksugtige die allerslegste. Gebrek en ontbering, onsedelikheid en mishandeling, rusie en gewelddadigheid gaan daarmee saam. Die slegte woord en die slegte daad is die kind se voorbeeld, en op indirekte wyse sowel as direkte wyse, word sy persoonlikheids- en geestesontwikkeling misvorm.

Rusies, onenigheid en immoraliteit, behalwe drankmisbruik, is ander kenmerke van die versoonke huis, in teenstelling met die eenheid, verbondenheid, liefde en sekerheid van die goeie ouerlike huis en gesin.

In 'n ontleding van die huislike omstandighede van die nywerheidskoolleerling speel alkoholisme en onsedelikheid 'n duidelike rol. Tabel XIII dui die posisie aan. Slegs die gevalle waar misbruik van sterk drank en immoraliteit as hoof-oorsake van die kinderverwaarlosing of sorgbehoewendheid aangegee is, kon opgeteken word. Drankmisbruik speel dus waarskynlik 'n veel groter rol in die gesinslewe van die nywerheidskoolkind as wat uit onderstaande gegewens blyk.

TABEL XIII.

Drankmisbruik en immoraliteit in die ouerhuise van die nywerheidskoolkind ten tye van sy kommittering.

	Vader	Moeder	In die gesin.
Ernstige misbruik van drank	128	23	
Onsedelike leefswyse	40	131	
Rusies, onenigheid, vloekery	-	-	126

1) Verslag van die Kommissie van Onderzoek van die Gefedereerde N. G. Kerke oor Stadstoestande 1948, 329; Burt : The Young Delinquent, 100; Bogardus : Sociology, 432.

(iv) Kerklike verband van ouers.

Ter voltooiing van die ondersoek na die huislike agtergrond van die nywerheidskoolkind is ook die kerklike verband van die ouers nagegaan. Die bevinding o.m. was dat 74.3% van die vaders en moeders tot dieselfde kerk behoort het. Verdere gegewens word in Tabel XIV weerspieël.

TABEL XIV.

Kerklike verband van ouers van nywerheidskoolleerlinge.

	<u>Vaders</u>	<u>Moeders.</u>
Lidmaat van 'n gevestigde kerk	74.1%	78.6%
Geen kerklike verband	12.9%	10.8%
Oorlede of posisie onbekend	12.8%	10.5%

Meer as driekwart van die ouers behoort dus nog aan 'n kerk; een van die drie Afrikaanse kerke in ongeveer 70% van die gevalle. Hoe heg daardie verband en hoe wesenlik die betekenis is wat dit vir die gesin inhou, is nie maklik te bepaal nie. Aanduiding van 'n betreklik losse verband is die groot aantal leerlinge wat jaar na jaar gedoop moet word alvorens hulle as lidmate voorgestel kan word, omdat hulle of nie gedoop was nie, of omdat die ouers nie weet waar sulke kinders gedoop is nie.

5. DIE OUDERDOM, SKOLASTIESE PRESTASIE EN VERSTANDSPEIL VAN DIE NYWERHEIDSKOOLKIND.

In die voorafgaande paragrawe is verwys na die sosiale, ekonomiese en huislike herkoms van die nywerheidskoolleerling. Daaruit is afgelei dat die oorgrote meerderheid „versorging” nodig het omdat hul hulle kinderjare deurgebring het onder omstandighede wat bestemd was om hulle op veelvuldige wyses in so 'n mate geestelik te krenk en te vervorm dat daar ernstige gevaar bestaan het dat hulle in 'n lewe van wangedrag en jeugmisdaad kon verval, indien hulle nie tydig na 'n inrigting verwyder is nie.

Die skadelike huislike en ander omstandighede waar-

onder hierdie kinders verkeer, speel 'n groot rol in die vorming van jeugmisdadigers. ¹⁾

Kennis van hierdie agtergrond van die kind is vir die opvoeder van fundamentele belang, want daaruit spruit so dikwels die leerling se vernaamste probleme, en kennis daarvan lei tot 'n beter begrip van die leerling en sy diepste sielsbehoeftes. Vir die nywerheidsskool en sy organisasie is ander feitekennis omtrent die kind egter ewe noodsaaklik. Die skool moet weet in watter ouderdomsgroep of -groepe sy leerlinge val, hoe ver hulle skolas-ties gevorder is en wat hulle verstandelike vermoëns is, want daarvolgens moet klasse ingerig en leerlinge ingedeel word ten einde die skool in staat te stel om sover moontlik aan die in-dividuele behoeftes van die leerling te voldoen.

(a) Kronologiese ouderdom.

'n Ontleding van die ouderdomme van die monster van sewehonderd leerlinge ten tye van hulle toelating tot die nywerheidsskool het die gegewens, soos weerspieël in Tabel XV, aan die lig gebring.

TABEL XV.

Die ouderdomsverspreiding van blanke seuns ten tye van hulle toelating tot die nywerheidsskool.

12 Jaar	3	.4%
13 Jaar	41	5.8%
14 Jaar	264	37.8%
15 Jaar	169	24.1%
16 Jaar	121	17.3%
17 Jaar en ouer	97	13.8%
Onbekend	5	.7%
TOTAAL	700	100.0
MEDIAANOUDERDOM 15.24		


1) Burt : The Young Delinquent, 62 - 206.
Glueck : Unraveling Juvenile Delinquency, 80 - 133.
Healy and Bronner : New Light on Delinquency and its Treatment, 25 - 35.
Willemsse : The Road to the Reformatory, 108 - 109.

Die gegewens van die voorafgaande tabel dui daarop dat verreweg die meeste leerlinge veertien jaar en ouer was ten tye van hul toelating tot die nywerheidskool. Slegs 6.3% van die totaal was jonger as daardie ouderdom, terwyl die grootste enkele groep tussen die veertiende en vyftiende jaar val, soos aangedui in Fig. I op bladsy 143.

Die opvoedkundige implikasies van hierdie bevinding is voor die hand liggend : Die nywerheidskool het as voorwerp van sy onderwys en opvoeding te doen met die rypende jeug, met die kind in sy adolessente jare. Dit sal veral die organisasie, die inhoud en metodiek van die onderwys beïnvloed, want dit is van fundamentele belang dat by die opvoeding en onderwys uitgegaan word van die liggaamlike, verstandelike en geestelike behoeftes en vermoëns van die kind.

Die tydperk van die adolessensie word beskou as 'n baie belangrike fase in die menslike lewe omdat dit die oorgangsjare van kindheid na volwassenheid is; die rypingsjare.¹⁾ Na ongeveer die twaalfde lewensjaar begin veranderinge geleidelik intree, nie altyd ewe sigbaar nie, en verskillend van individu tot individu. Tog is daar die duidelike algemene kenmerke van versnelde fisiese en psigiese groei.²⁾ In geen ander tydperk van die mens se lewe vind sulke snelle veranderinge plaas nie, behalwe gedurende die tydperk voor geboorte en in die eerste lewensjaar.³⁾

-
- 1) Brooks : The Psychology of Adolescence, 434 - 438.
Horrocks : The Psychology of Adolescence, xi.
 - 2) American Youth Commission : Youth and the Future, 106.
Arlitt : Adolescent Psychology, 14 - 31.
Brooks : The Psychology of Adolescence : 1, 18-58, 378-409.
Bolton : Adolescent Education, 61.
Dimock : Rediscovering the Adolescent, 205 - 250.
Horrocks : The Psychology of Adolescence, 309.
Klausmeier : Principles and Practices of Secondary School Teaching, 46 - 48.
Pringle : Adolescence and High School Problems, 44 - 57.
Roels : Handboek deur Psigologie, 70 - 84.
 - 3) Meek : The Personal-Social Development of Boys and Girls with implications for Secondary Education, 17.



OUDERDOMSVERSPREIDING VAN NUWE
LEERLINGE.

Adolessensie (van die Latynse werkwoord „adolescere“, wat beteken om te groei, om tot rypheid te groei) is die benaming wat in verband staan met daardie tydperk van groei in die mens se lewe wat min of meer strek vanaf die dertiende tot die vroeë twintiger jare. Daar is individuele verskille deurdat die proses van grootword by sommige persone vroeër begin as by ander; daar is ook rasverskille en belangrike geslagsverskille, aangesien dogters oor die algemeen 'n jaar of twee vroeër in hulle ontwikkeling as seuns is. Die rypwordingsproses duur min of meer tien jaar totdat volwassenheid bereik is.

Vanaf die puberteitstadium, d.w.s. die aanvang van die adolessensie wanneer geslagsrypheid bereik word, tot die later adolessensie, neem die individu vinnig toe in lengte, gewig, en inwendige struktuur. In die geval van seuns duur die versnelde groei min of meer gelykmatig voort en hulle is gewoonlik langer as dogters in hierdie fase, alhoewel dit voorkom dat dogters dikwels van omtrent dertien tot veertien jaar gemiddeld vinniger in lengte toeneem as seuns van dieselfde ouderdom. Gewig vermeerder gewoonlik merkbaar dwarsdeur adolessensie, maar stadiger in die latere fase. Beenvorming is vinnig en stewig en die verhouding van die gewig van die spiere tot die gewig van die liggaam, veral by seuns, word groter. Met puberteit ontwikkel die geslagsorgane snel in grootte sowel as in samestelling en bereik funksionele rypheid. Dit gaan gepaard met sekondêr seksuele tekens soos stembreking by die seun, harigwording van die liggaam en veranderinge in die liggaamsvorm so onderskeidend en kenmerkend van die manlike en vroulike gestalte. Ander organe soos die maag, lewer ens. groei ook vinniger en in hierdie stadium verkry die kind steeds meer beheer oor sy spiere en openbaar sy motoriese vermoëns sig in groter akkuraatheid van beweging.

Dit is alles 'n geleidelike proses, geen skielike omwenteling nie.

Daar is benewens die liggaamlike groei ook geestelike veranderinge wat hierdie tydperk in die lewe van die mens kenmerk wat vir die opvoeder eintlik belangriker is as die fisiologiese veranderinge.

Eerstens openbaar die adolessent 'n nuwe belangstellingslewe wat beslis verband hou met groter rypheid en aanleg.¹⁾ Namate meer rypheid intree, verander die houding van die adolessent, en uiteindelik is daar byvoorbeeld 'n groot verskil tussen die sosiale en intellektuele belangstellingsrigtings van die latere adolessent en dieselfde kind van voor die puberteit. Hoe ouer die kind word, hoe sterker word sy belangstelling in sekere dinge en hoe meer brei dit uit. Sy belangstelling is beperk binne die grense van sy omgewing, opvoeding, rypheid en aangebore aanleg, maar openbaar sig in verskillende rigtings.²⁾ Daar kan gewys word op die adolessent se veranderde belangstelling in die ontspanningslewe wat uiting vind in verskillende soort aktiwiteite binne en buite die skool. Hy stel in die reël in 'n groot verskeidenheid van spele, spelvorme, sport en atletiek belang. Alhoewel daar aanvanklik nog veel op eie prestasie gelet word, kom spanwerk meer en meer op die voorgrond en die hoogste eer wat die jongmens uiteindelik soek, is dié van sy span of groep. Nou verwant hiermee is 'n belangstelling in die vorming van groepe, klubs of bendes.³⁾ Hulle aktiwiteite begin wyer as die familiekring strek en maats begin 'n sterk invloed op die adolessent uit te oefen. Hy wyk nie graag af van die norme van sy maats nie.⁴⁾ Die huislike omgewing word vir sommige adolessente eentonig en 'n sterk verlange na avontuur ontstaan. Bevreëdiging word dan in die bioskoop, reisverhale en ontspanningslek-

-
- 1) Brooks : The Psychology of Adolescence, 284.
Coetzee : Inleiding tot die Algemene Empiriese Opvoedkunde, 206.
 - 2) Brooks : The Psychology of Adolescence, 275 - 312.
Coetzee : Inleiding tot die Algemene Teoretiese Opvoedkunde, 306.
 - 3) Averill : Adolescence, 194 - 212; Blos : The Adolescent Personality, 248; Dimock : Rediscovering the Adolescent, 92.
Read : The Struggle of Male Adolescents, 132 - 147.
 - 4) Horrocks : The Psychology of Adolescence, 20, 91.

tuur gesoek. Die aktiwiteite kan egter by sommige kinders onder minder gunstige maatskaplike en huislike omstandighede of om ander redes in anti-sosiale praktyke oorgaan soos diefstal, huisbraak, omswerwinge, ens.

C. Burt ¹⁾ wys op die skadelike invloed van slegte maats en W. A. Willemse ²⁾ vind in sy studie oor die onderwerp van misdadervorming by jeugdiges 'n golf van oortredings by die ouderdomsgroep 14 - 16 jaar; 'n verskynsel wat hy onder meer toeskryf aan die aanpassingsprobleme wat vir die kind saamval met die emosionele onstabiliteit van die adolessensie. Die aanloklike, romantiese buitewêreld, soos voorgestel deur die bioskoop en populêre lektuur, staan in skerp kontras met sy eie droewige omgewing. Maats en avontuur lok, en vir die kind wat nie deel het in 'n gesonde, gelukkige huislike lewe nie, mag hierdie jare ondergang bring.

Die skool het in hierdie opsig teenoor die kind 'n groot verantwoordelikheid, want bevrediging vir hierdie drange word gesoek. Gesonde uitinge kan gevind word in kampeerdery, staptoere, pieknieks, danse, volkspele, jeugorganisasies soos die Voortrekkers, Padvinders, ens. Die skool behoort besondere aandag te skenk aan die soort boeke wat die jongmense lees en die regte soort te verskaf.

Een van die vernaamste aspekte in die rypingsproses in die kind se lewe is die belangrike veranderinge in sy gevoelslewe. Die vroeë adolessensie vorm een van die hoogtepunte in die emosionele ontwikkeling van die mens. Die emosionele ontwikkeling is wel 'n voortsetting van die proses sedert die vroegste kindjare, tog vertoon die adolessensie sy eie veranderinge wat die gevolg is van geestelike ryping, lewenskennis en -ervaring en die toename in die sterkte van sekere gevoelens soos die seks- en religieuse gevoel. 'n Gesonde, huislike invloed is vir die gesonde

1) Burt : The Young Delinquent, 129.

2) Willemse : The Road to the Reformatory, 14.

ontwikkeling van hierdie gevoelens van die allergrrootste belang.

Met die ontwaking van die seksgevoel groei daar by die kind 'n sterker belangstelling in lede van die teenoorgestelde geslag wat uiteindelik lei tot normale heteroseksuele aktiwiteite. Hierdie nuwe belangstelling is 'n belangrike kenmerk van die adolessent en kontrasteer skerp met die kind voor puberteit wat hoegeenaamd nie in die ander geslag enige belangstelling toon nie.¹⁾ Liefde tree nou sterk op die voorgrond,²⁾ en vriendskappe wat voortleef, word dikwels gesluit.

Dit is 'n tydperk van heldevereniging en die drang om iemand lief te hê is sterk aanwesig. Hierdie gevoel van die rypende jongmens is, in teenstelling met die egoïstiese liefde van die pre-adolessent, altruïsties, verheewe, verfynd en innig teer.

In hierdie tyd is daar by die adolessent aanwesig 'n ernstige soeke om dinge te verstaan en verklaar. Hy raak meer krities, want in hierdie jare neem sy oordeel en redeneervermoë toe, want sy verstandelike ontwikkeling het tot rypheid gekom. Wanneer dit gebeur is onseker, maar dat die verstandelike groei beeindig word gedurende hierdie fase van die mens se lewe, is onbetwisbaar.³⁾ Dit beteken egter nie dat onderwys hier beeindig moet word nie, intendeel volg dit dat die gemiddelde jeugdige met sy verstandelike rypheid vatbaar is vir 'n groot hoeveelheid verdere kennis en ervaring sy lewe lank.

1) Horrocks : The Psychology of Adolescence, 165.

2) Blos : The Adolescent Personality, 237.

Cole : Psychology of Adolescence, 487.

Dimock : Rediscovering Adolescence, 90.

Iovetz-Tereshchenko : Friendship-Love in Adolescence, 4.

Schwab-Veeder : The Adolescent, his Conflicts and Escapes, 230.

Wheeler : Youth, 40.

3) Coetzee : Verstandsmeting, 131.

Sandiford : Educational Psychology, 147.

Nou verbonde met die adolessent se gevoelslewe staan die religie wat nou 'n persoonlike saak word. Hy begin ernstig nadink oor die ewige dinge en dit neem 'n nuwe betekenis aan. J. Waterink meen daar is „miskien geen periode in het leven, waarin de algemene religie zo sterk spreekt als in de puberteitsworsteling.“¹⁾ Daar is dikwels twyfel en in hierdie jare is die simpatieke, wyse raad van die ouer 'n groot behoefte in die kind se lewe.²⁾

In hierdie tydperk van die jongmens se lewe is be-lydenis van die geloof en bekering twee belangrike verskynsels. Vir die skool wat funksioneer op godsdienstige grondslag en wat die kind wil voer na die uiteindelijke doelstelling van die opvoeding en die lewe, is die religieuse gevoelens van die kind van groot belang.

Opsommend kan die adolessensie in die woorde van J. Horrocks³⁾ as volg saamgevat word: „It is a time of seeking status as an individual; a time of significant physical growth and development; a time of great pre-occupation with group and hetero-sexual activities; a time of intellectual expansion and development; and a time of development and evaluation of values.“ Daar is in hierdie jare 'n strewe na vrywording van die onderhorigheid aan ouerlike gesag en 'n belangstelling in die toekomstige beroep. Die kind word grootmens.

Kennis van die persoonlikheidseienskappe van die adolessent is vir die nywerheidskool belangrik, want sy leerlinge is almal in daardie stadium van hulle lewe, en alhoewel dikwels wanaangepas, bly hulle tog nog menslike wesens, adolessente, met dieselfde basiese drifte en begeertes as die gewone kind.

1) Waterink: Puberteit, 155.

2) Coetsee : Inleiding tot die Algemene Teoretiese Opvoedkunde, 313 - 314.

3) Horrocks : The Psychology of Adolescence, XI.

Die skool het 'n belangrike funksie te vervul teenoor die adolessent omdat volgens H. Bavinck ¹⁾ hulle in die gevaarlike jare „overgaat en aan allerlei verleiding word blootgesteld." Dit is jare wat gekenmerk word deur innerlike en uiterlike konflikte en gebrek aan aanpassingsvermoë. ²⁾ Hierdie konflikte en onsekerheid by die adolessent word veroorsaak deur die volgende omstandighede, volgens die bevindinge van A. Arlitt: ³⁾ Versteuring in sy oorspronklike opvatting van godsdienstige gedrag of onderrig; gebrek aan voldoende losmaking van te sterk huislike bande wat heimwee meebring en ander openbaringe van afhanklikheid; verskil tussen die jongmens se voorstelling van homself en sy ware self; twyfel aangaande sy herkoms; twyfel aan die opregtheid van volwassenes met wie hy omgang het; ruwe behandeling; onreg en misverstand; onbillike reëls en opdragte; verkeerde seksuele voorligting wat verkeerde opvattinge in verband met seks ten gevolg het; gebrek aan sosiale opvoeding; fisiese onaantreklikheid; gebrekkige dissipline gedurende kindheid wat meebring dat die jongmens nie in die vermoë is om sosiaal ongunstige drange te onderdruk nie.

Met hierdie verskynsels in die jeugjare moet die nywerheidskool rekening hou. Dit moet die basis vorm in aansluiting by die kennis van die agtergrond en vermoëns van die leerling vir die organisasie en administrasie van die onderwys; vir die voorsiening van 'n geskikte leerplan en opbouende leerstof wat die belangstelling van die jeugdige sal aangryp en gaande hou; vir leiding en kontrole; vir die geleidelike vorming van selfstandigheid en toesig oor die jeugdige totdat rypheid soveel as moontlik bereik is.

1) Bavinck : De Opvoeding der Rypere Jeugd, 73.

2) Schwab & Veeder : The Adolescent, his Conflicts and Escapes, 70.

3) Arlitt : Adolescent Psychology, 58. Vgl. in hierdie verband ook Dimock : Rediscovering the Adolescent, 141 - 143.

Die nywerheidskoolonderwys het as voorwerp die adolescent; in baie gevalle die adolessent wat vanweë sy biologiese en sosiale herkoms met meer probleme as die normale jeugdige te kampe het. Die skool se dubbele taak as onderwysinstelling en as plaasvervangende ouerhuis moet op psigologiese kennis en grondslag berus. Dit is nie genoegsaam dat die skool kennis dra van die kind se herkoms en van die sielkunde van die rypende jongmense nie. Ook kennis van die kind se vermoëns is nodig.

(b) Skoolstanderd ten tye van toelating.

'n Ontleding van die skoolstanders van die monster van sewehonderd nywerheidskoolleerlinge, soos weerspieël in Tabel XVI, het aan die lig gebring dat meer as negentig persent van die seuns ten tye van hulle toelating nog nie in standerd ses geslaag het nie en 64% was nog onder standerd ses. Die grootste enkele groep, nl. 224 of 32.6% was in Standaard V toe hulle tot die nywerheidskool toegelaat is. Fig. 2 op bladsy 151 skep 'n duidelike beeld van die toestand.

TABEL XVI.

Skoolstanderdverspreiding van blanke nywerheidskoolseuns ten tye van hulle toelating.

Onder Standaard 3	17	2.4%
Standaard 3	51	7.3%
Standaard 4	152	21.8%
Standaard 5	224	32.4%
Standaard 6	209	30.4%
Standaard 7	34	4.8%
Standaard 8 en hoër	6	.9%
Onbekend	7	1.0%
	700	100.0%
Die mediaan lê tussen st. 5 en 6.		

300

200

100

— FIG. 2 —

ONDER ST. III

IN ST. III

IN ST. IV

IN ST. V

IN ST. VI

IN ST. VII

IN ST. VIII
EN HOER


SKOOLSTANDERDVERSPREIDING VAN NUWE
TOELATINGS AAN NIJWERHEIDSKOLE

In verband gebring met die ouderdomsverspreiding van dieselfde groep leerlinge, soos weerspieël in Tabel XV op bladsy 141, dui die voorafgaande gegewens op skolastiese vertraging by die nywerheidskoolkind ten tye van sy toelating tot die skool. Die mediaanouderdom van nuwe leerlinge is 15.24, terwyl die mediaanskoolstander 5.5 is. Normaalweg behoort 'n kind wat sy skoolloopbaan op sesjarige leeftyd begin, stander vyf te bereik op 'n oudrdom van twaalf jaar plus. Die amptelike statistiek vir die Uie van Suid-Afrika vir 1946 dui die mediaanouderdom vir stander yf as 12.89 aan. ¹⁾ Dit weerspieël dan 'n skolastiese vertraging by nuwe toelatings aan die nywerheidskool van 2.35 jaar.

Die nywerheidskool het reeds vanaf sy vroegste jare met dierobleem van skolastiese vertraging te kampe gehad. In 1918 hedie Onder-Sekretaris van Onderwys reeds in sy jaarverslag davan melding gemaak. ²⁾ Daarna is voortdurend in amptelike verslaeerna verwys.

Onderstaande grafiek gee 'n beeld van die omvang van skolasse vertraging onder nywerheidskoolleerlinge ten tye van hulle elating gedurende die jare 1947 - 1952.

GRAFIEK IV. ³⁾



1) etin van Onderwys-statistiek vir die Unie van Suid-Afrika ; 33.

2) rt of the Under Secretary for Education 1918, 77.

3) verslae Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap 1947-1953.

Ongeveer die helfte van alle nuwe leerlinge aan die nywerheidskool skyn dus vertraagd te wees wanneer hulle toegelaat word.

Agterlikheid in verband met skoolvordering is 'n welbekende verskynsel by verwaarloosde, sorgbehoewende kinders en jeugdige misdadigers, wat hoofsaaklik gewyt kan word aan die ongunstige en onstabiele omstandighede waaronder sulke kinders lewe. ¹⁾ Erflike faktore sal egter ook 'n bydrae lewer, want die nywerheidskool het steeds onder sy leerlinge 'n aantal wat verstandelik nie hoog begaafd is nie. Tabel XVII weerspieël die posisie soos gevind in verband met sewehonderd nywerheidskoolleerlinge. Die syfers is verkry van die vorms K.W. 54 wat tydens uitplasing van 'n leerling aan die Onderwysdepartement gestuur word.

TABEL XVII.


I.K.-verspreiding van sewehonderd blanke nywerheidskoolseuns.		
Onder 50	3	.4%
50 - 59	18	2.7%
60 - 69	44	6.3%
70 - 79	72	10.3%
80 - 89	164	23.4%
90 - 99	175	25.0%
100 - 109	162	23.1%
110 - 119	50	7.1%
120 - hoër	7	1.0%
Onbekend	5	.7%
TOTAAL	700	100.0%
Mediaan 92.28		

- 1) Burt : The Young Delinquent, 336.
Gittens : Approved School Boys, 61.
Glueck : Unraveling Juvenile Delinquency, 138.
Murphy : The Dependent Boy, 29 - 31.
Willemse : The Road to the Reformatory, 46.

Grafiek V op bladsy 155 dui aan hoe die intelligensiekwosiënte van die nywerheidskoolleerlinge vergelyk met die normale verspreidingskurwe. ¹⁾ Daar is 'n duidelike neiging tot die dom- en subnormale. M. L. Fick ²⁾ het tydens 'n ondersoek in 1934 daardie neiging ook aangedui. Hy het byvoorbeeld gevind dat die mediaan-intelligensiekwosiënt vir nywerheidskoolleerlinge 91.7 was en wys daarop dat dit die algemene bevinding is dat afhanklike, verwaarloosde en delinkwente kinders oor die algemeen verstandelik agterlik teenoor die normale groep van kinders staan. ³⁾ J. Mursell ⁴⁾ wys ook daarop dat vanaf die vroegste jare dat intelligensietoetse op kinders toegepas is, bevind is dat die toetsprestasies van kinders uit die boonste sosio-ekonomiese lae van die bevolking, d.w.s. daardie kinders wie se ouers hoogstaande beroepe beoefen, wat in goeie huise woon en oor die algemeen goeie sosiale status geniet, beter is as dié van kinders uit die laer sosio-ekonomiese strata. Hy haal aan uit 'n bevinding van Binet dat kinders uit sosiale groepe in „easy circumstances” 1.25 jaar voor kinders uit die arbeidersklasse toets.

'n Interessante tabel wat die verhouding tussen die mediaan-intelligensiekwosiënt vir kinders uit die verskillende beroepsgroepe van ouers aandui, word deur L. Terman en M. Merrill ⁵⁾ aangehaal. In hulle ondersoek het hulle tot die bevinding geraak dat kinders van arbeiders, dagloners, ongeskoolde en halfgeskoolde werkers en persone wat hoofsaaklik hulle brood met hulle „hande” verdien, oor die algemeen 'n laer intelligensiekwosiënt toets as die kinders van ouers wat met hulle „brein” werk.

-
- 1) Soos opgeteken deur Sandiford : Educational Psychology, 162.
 - 2) Fick : The Intelligence of Dependent Children, 22.
 - 3) Ibid., 15.
 - 4) Mursell : Psychology for Modern Education, 412.
 - 5) Terman & Merrill : Measuring Intelligence, 48.



PERSENTASIE - I.K. - VERSPREIDING VAN NIJWERHEIDSKOOLLEERLINGE.

(c) Die moedertaal van die nywerheidskoolkind.

Onderwys geskied op sy beste en in sy suiwerste vorm wanneer dit deur medium van die kind se moedertaal geskied.

Die taalmedium sal dus vir die nywerheidskool ook van aktuele belang wees, veral daar dit te doen het met Afrikaans- en Engelssprekende leerlinge binne dieselfde skool, en as in gedagte gehou word dat die meeste leerlinge ten tye van hul toelating nog in die primêre skoolstanderds is en dat byna vyftig persent skoolasties vertraag is.

Onderzoek na die moedertaal van nywerheidskoolleerlinge het aan die lig gebring dat verreweg die meeste leerlinge Afrikaanssprekend is. Dit wissel in geringe mate van jaar tot jaar en van skool tot skool, maar as geheel geneem, vorm die Engelssprekende leerlinge van twintig tot vyf-en-twintig persent van die groot totaal leerlinge. Die res is Afrikaanssprekend, met enkele andertaliges by wyse van groot uitsondering.

Tabel XVIII is 'n weergawe van die werklike posisie t.o.v. Afrikaanssprekende en Engelssprekende leerlinge aan die skole.

TABEL XVIII. 1)

Aantal Afrikaans- en Engelssprekende leerlinge aan nywerheidskole gedurende die jare 1948 - 1952.					
	<u>1948</u>	<u>1949</u>	<u>1950</u>	<u>1951</u>	<u>1952</u>
Afrikaanssprekend	1490	1544	1566	1603	1609
Engelssprekend	446	477	499	519	527

'n Duidelike beeld van die oorheersende getalle

1) Opgawes van hoofde van nywerheidskole aan die Onderwysdepartement vir die jare 1948 - 1952.

Afrikaanssprekende leerlinge aan die nywerheidskole in Suid-Afrika word deur Fig. 3 op bladsy 158 verskaf.


Moedertaalnywerheidskole bestaan nie in Suid-Afrika nie. Afrikaans- en Engelssprekende leerlinge word na dieselfde skole gestuur en sit in dieselfde klaskamers. Die betreklike klein groepe Engelssprekendes regverdig in die meeste gevalle nie afsonderlike klasse nie, en alhoewel elke nywerheidskool teoreties 'n parallelmediumskool is, is dit in die praktyk Afrikaansmedium. Verduidelikings aan Engelssprekende leerlinge geskied egter afsonderlik of individueel indien nodig.

Die totale aantal Engelssprekende leerlinge regverdig egter minstens een Engelsmediumskool vir seuns en een vir dogters, en waarom daar tot op hierdie tydstip nog nie tot so 'n stap oorgegaan is nie, is nie duidelik nie en kan ook nie regverdig word nie. Na hierdie aangeleentheid word egter ook in die volgende hoofstuk verwys, derhalwe word eers volstaan.

(d) Leerlinge uit die buurstate.

Terwille van volledigheid word hier kortliks verwys na leerlinge van buite die grense van die Unie van Suid-Afrika. Kragtens artikel 48 van die Kinderwet kan leerlinge uit Suidwes-Afrika en die Britse gebiede suid van die ewenaar ook in die nywerheidskole in die Unie van Suid-Afrika opgeneem word. Sulke leerlinge mag egter alleen met die goedkeuring van die Minister van Onderwys, Kuns en Wetenskap weer ontslaan word.¹⁾ Van hierdie geleentheid word selde gebruik gemaak, en waar daar nog leerlinge uit die buurstate afkomstig is, is dit hoofsaaklik van Suid-Rhodesië. Tabel XIX dui aan hoeveel leerlinge jaarliks van buite die grense van die Unie aan die nywerheidskole toegelaat is.

1) Artikel 48 (4) van Wet No. 31 van 1937.



VERHOUDING AANTAL AFRIKAANS - TOT
 ENGELSSPREKENDE BLANKE LEERLINGE IN
 NYWERHEIDSKOLE GEDURENDE DIE JARE

1948 - 1952

A = AFRIKAANSSPREKEND.

E = ENGELSSPREKEND.

TABEL XIX.¹⁾

Aantal blanke leerlinge van buite die Unie toegelaat aan nywerheidskole gedurende 1948 - 1952.				
1948.	1949.	1950.	1951.	1952.
1	5	7	6	5

Uit die groottotaal van 24 nuwe toelatings oor 'n tydperk van vyf jaar aan die vyftien nywerheidskole vir blanke leerlinge, is 9 na die skool vir gedragsafwykende leerlinge te Rustenburg gestuur of oorgeplaas en 7 na skole vir verstandelik subnormale leerlinge.¹⁾ Ernstige gedragsafwyking en verstandelike agterlikheid speel dus die vernaamste rol by toewysing van leerlinge uit die buurstate van die Unie van Suid-Afrika.

6. SAMEVATTING.

Die nywerheidskoolkind is 'n sorgbehoewende kind. Sorgbehoewendheid word nie slegs deur armoede bepaal nie, maar die omstandighede waaronder 'n kind lewe moet van so 'n aard wees dat daar wesenlike gevaar bestaan dat so 'n kind liggaamlik geskaad kan word dat hy in wangedrag of misdad kan verval. Dit is egter baie duidelik uit die voorafgaande gegewens dat armoede en sy korrelate 'n groot bydrae tot sorgbehoewendheid en dus tot die nywerheidskool se kinderbevolking lewer.

Die oorgrote meerderheid nywerheidskoolleerlinge is afkomstig uit armoedige, oorbewoonde ouerhuise in ongunstige buurtes, uit gesinne van bo die gemiddelde grootte, waar geringe gesinsinkomste die reël is weens die feit dat minder lonende be-

1) Jaarverslae van die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap 1949 - 1953.

2) Amptelike opgawes van hoofde van nywerheidskole 1948 - 1952.

roepsarbeid deur die vaders beoefen word en ongereelde arbeid sowel as werkloosheid dikwels voorkom.

In meer as 60% gevalle is die nywerheidskoolkind afkomstig uit die ontredde huis as gevolg van die dood van een of albei ouers, of weens egskeiding of verlating. In baie gevalle word die huislike lewe gekenmerk deur ernstige drankmisbruik, onttug, rusies en botsings met die gereg. Dit en ander omstandighede bring verwaarlosing van die kind mee en kan lei tot sosiale wanaanpassing en jeugwangedrag, want net soos die gesonde gesinsinvloede vormend, opbouend en opvoedend op die jong kind inwerk, so kan die kwade omgewing en die versonke, slegte huis die kind misvorm. Waar tweedrag, gebrokenheid, wrywing, spanning, onsedelikheid en liefdeloosheid heers, kan die kind nie na sy volheid ontwikkel nie. Dit is na die beskouing van J. Chris Coetzee ¹⁾ wesenlik ook geen ware gesin nie, en dit sal derhalwe in die belang van die kind wees, soos trouens deur die Kinderwet beoog, om so 'n kind uit daardie omgewing te verwyder.

Die nywerheidskoolleerling is in sy rypingsjare. Die meeste kom na hulle veertiende jaar by die skool aan en ongeveer vyftig persent is skolasties vertraag, wat toegeskryf moet word aan sy ongunstige huislike en maatskaplike omstandighede, maar ook aan die feit dat verstandelike agterlikheid 'n opmerklike rol speel.

Moedertaalnywerheidskole is onbekend in Suid-Afrika. Afrikaans- en Engelssprekende leerlinge woon dieselfde skole by en vorm respektiewelik ongeveer 75% en 25% van die skoolbevolking. Leerlinge uit die buurstade kan ook na die nywerheidskole binne die Unie gestuur word. Slegs 'n onbeduidende aantal word egter jaarliks gestuur.

1) Coetzee : Vraagstukke van die Opvoedkundige Politiek, 41.

HOOFSTUK VI.

DIE PERSONEEL VAN DIE NYWERHEIDSKOOL.

1. INLEIDING.

In die voorafgaande hoofstukke is o.m. ondersoek ingestel na die doelstellinge van die nywerheidskool en na die leerling wat daarheen verwys word. Dit het duidelik geword dat die nywerheidskool 'n bepaalde soort skool vir 'n bepaalde soort kind is.

Om sy doelstellinge in verband met die leerling te verwesenlik, sal die nywerheidskool van sekeré opvoedkundige middele gebruik moet maak, maar sulke middele sal weinig waarde hê indien hulle nie doelgerig en op doeltreffende wyse aangewend word nie, en hiervoor is nodig onderwysers en ander personeellede met die vereiste persoonlikheidseienskappe, bekwaamheid en opleiding.

Net soos in enige ander opvoedkundige situasie sal ook in die nywerheidskool die vernaamste invloed van die personeel uitgaan. Wie die leermeester aan die nywerheidskool is en hoe die personeel saangestel word ooreenkomstig die funksie en aard van die skool, word in die volgende paragrawe ondersoek.

2. SAMESTELLING.


Die personeelsamestelling van die nywerheidskool word deur heterogeniteit gekenmerk. Dit word meegebring deur die uiteenlopende behoeftes van die leerlinge en die verskeidenheid pligte en take wat daarmee in verband staan, wat weer ten gevolge het dat in dieselfde personeel saamgetrek word mense met uiteenlopende kwalifikasies en agtergrond. Almal staan egter in mindere of meerdere mate in 'n opvoedende hoedanigheid teenoor die leerling.

Benewens die hoof is daar in die nywerheidskoolpersoneel diegene wat onderwys gee, d.w.s. die akademiese en ambags- of vakonderwysers; ¹⁾ diegene wat in die koshuise toesig hou en huishoudelike dienste verrig, d.w.s. die huisouers en hulle as-

1) Die huidige amptelike benaming vir wat voorheen as „instrukteurs" bekend gestaan het.

sistente; diegene wat verantwoordelik is vir die sielkundige dienste; hulle wat sorgdra dat leerlinge die nodige mediese aandag geniet en verantwoordelik gestel is vir die algemene gesondheid van die leerlinge; diegene wat belas is met die algemene administratiewe en magasynpligte; en hulle wat as motorvoertuigbestuurders, algemene hulp, terreinopsigters, plaasassistent of in ander hoedanigheid diens aan die skool lewer.

Diagrammaties kan die personeelsamstelling van die nywerheidsskool op die volgende wyse voorgestel word:



1) Die benaming „Prinsipaal" word neergelê deur artikel 38(6) van die Kinderwet, Wet No. 31 van 1937.

Alles wat in belang van die kind se opvoeding gedoen word vandat hy by die nywerheidskool aankom totdat hy met vergunning of op ander wyse ontslaan word, hetsy in die administratiewe kantoor, in die sielkundige se ontvangskamer, in die klaslokaal, die werkswinkel, in die koshuis, in die siekeboeg, op die sportterrein, deur die verenigingslewe of in die godsdienstige byeenkoms, moet alles beskou word as onderdeel van die nywerheidskool se opvoedkundige taak en elke persoon wat 'n verantwoordelikheid dra teenoor die kind gedurende die vier-en-twintig uur van elke dag dat die kind in die skool se sorg verkeer, is opvoeder en lewer 'n bydrae tot die totale opvoedingsprogram. ¹⁾ Die belangrikheid hiervan word erken en beklemtoon deur die feit dat die Suid-Afrikaanse Vakskoolvereniging, personeelvereniging vir beroepskole onder die beheer van die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap, sy lidmaatskap oopstel aan alle amptenare aan die skole verbonde, sonder inagneming van die betrekking of rang wat bekleed word. Hierdeur word terselfdertyd die eenheidstrewes ten opsigte van hulle personeel in die beroepskole openbaar. Die tak- en streekbyeenkomste, sowel as die Uniale kongresse dien dan ook as belangrike opleidingsgeleenthede vir sulke personeellede wat nie die nodige opleiding in verband met kinderopvoeding en -sielkunde tevore geniet het nie. En dit is baie belangrik dat die personeel oor die nodige kennis sal beskik ten opsigte van die aard van die kind se sielkundige behoeftes en die oorsake van sy aanpassings- en gedragsmoeilikhede (indien enige); van die mikpunte van die skool en van die organisasie en middele om dié mikpunte te verwesenlik.

3. PERSOONLIKE HOEDANIGHEDE.

Soos in die geval van die onderwyser in die gewone skool, is en bly die personeel van die nywerheidskool „die mees

1) U.S. Office of Education : Education in Training Schools for Delinquent Youth, 9. Vide ook la Grange se artikel in WERK, Desember 1938, 33.

essensiële item" ¹⁾ van die uitrusting. En die skool, enige skool, is maar so goed as die persone wat daar werksaam is. Dit word treffend deur H. Begbie ²⁾ op die volgende wyse gestel: „The strength or weakness of every institution lies in the strength or weakness of the staff in an educational program it needs a mind to inspire a mind; a heart to set a heart on fire; a will to strengthen a will; a person to save a person."

Dit is inderdaad 'n algemeen aanvaarde feit dat die opvoedkundige welslae van enige kinderinrigting bepaal word, benewens hulle opvoedkundige en professionele kwalifikasies wat baie belangrik is, deur wat die personeel van daardie inrigting is; deur hulle persoonlikheid en gehalte; ³⁾ deur hulle wêreld- en lewensbeskouing en hulle gesindheid teenoor hulle werk en die kind wat op sy beurt weer die toon en gees van die inrigting bepaal; ⁴⁾ deur die hegtheid van samewerking en hulle insig en begrip van die behoeftes van die kind en van die gemeenskaplike opvoedingsideaal. ⁵⁾ Die vlotte en doeltreffende organisasie en werking van die skool in sy geheel hang ook saam met 'n genoegsame voorsiening van personeellede met opleiding en ervaring. ⁶⁾

Dat personeelgehalte vir die nywerheidsskool van beslissende belang is, is reeds vanaf die oornome van die skole in 1917 deur die Unie-Onderwysdepartement besef. Tydens 'n kon-

-
- 1) Coetzee : Inleiding tot die Algemene Praktiese Opvoedkunde, 61.
 - 2) Begbie : Punishment and Personality, 125. Vgl. ook Coetzee : Beginsels en Metodes van die Middelbare Onderwys, 34. Keyter : Dringende Vraagtekens in ons Opvoeding en Onderwys, 76.
 - 3) Banay : Youth in Despair, 171. Cooper : Children's Institutions, 612.
 - 4) Breuer : Gestichtsoopvoeding, 147 - 148. Fenton : The Delinquent Boy and the Correctional School, 162. Fitzpatrick : How to Educate Human Beings, 112.
 - 5) Cohen : Children in Trouble, 57 - 58. Vide ook la Grange in Verslag van die Nasionale Konferensie oor Kinderinrigtings 1951, 18.
 - 6) British Home Office : Report of the Committee on Approved Schools and Remand Homes, 5. U.S. Office of Education : Education in Training Schools for Delinquent Youth, 28.

ferensie in verband met kindersorg daardie jaar het die Onder-Sekretaris van Onderwys verklaar dat die belangrikste saak in 'n inrigting nie die soort geboue is nie: „It was to have the right men and women to do the work”¹⁾

Dit was dan ook die beleid en voortdurende strewe van die Unie-Onderwysdepartement, soos in Hoofstuk III aangetoon, om die „regte” personeel vir die nywerheidskool, met sy besondere taak, te werf en te behou. Dit beteken persone wat gekwalifiseerd is vir die verskeidenheid funksies aan die nywerheidskool, maar veral en by uitstek persone met die vereiste persoonlikheidseienskappe. In laasgenoemde verband word veral gedink aan die fisieke, die verstandelike en geestelike, die sosiale en die sedelike aspekte van die persoonlikheid. Hieronder kan kortliks saamgevat word die algemene voorkoms, gesondheid en sindelikheid van die onderwyser, sowel as eienskappe van doeltreffendheid, ordelikheid, ywer, vlugheid, selfbeheer, entoesiasme, onbevooroordeeldheid, waardigheid, selfvertroue, minsaamheid, samewerking met ander, lojaliteit, simpatie en takt, liefde vir kinders, vriendelikheid, volharding en ywer, beskaafdheid, standvastigheid, karakter en godsvrug.

Deur die mag van die onderwyser se persoonlikheid word die kind gelei en besiel; is die onderwyser gedurig besig om invloed uit te oefen op die karakter en individualiteit van die kind. Om die karakter te kan vorm, moet die onderwyser self karakter besit. Die nywerheidskool het dus bowenal in sy personeel nodig persone van beskawing en godsvrug, mense met idealisme en besiel met 'n sendinggees,²⁾ of om die woorde van B. Taute ook van toepassing te maak op die personeellid van die nywerheidskool: „Om kort te gaan, die onderwyser wat ook waarlik opvoeder wil wees, moet in die ware sin van die woord godsdienstige mens wees.”

1) Child Welfare Conference 1917, 101.

2) Jaarverslag van die hoof, George Hofmeyr-nywerheidskool, Standerton 1952.

3) Taute : Opvoedende Onderwys, 106.

4. KWALIFIKASIES EN OPLEIDING.

(a) Koshuisouers.

In paragraaf 2 van hierdie hoofstuk is aangetoon hoe die personeel van die nywerheidskool funksioneel ingedeel kan word. Omdat die nywerheidskool egter in die eerste en vernaamste instansie skool en opvoedingsinrigting is, sal ondersoek hoofsaaklik ingestel word na die kwalifikasies van die onderwysende groep en hulle wat die belangrike taak van die ouerhuis op hulle neem, nl. die koshuisouers. Die kind bring 'n groot deel van die dag gedurende die skoolweek in die klaskamer en werkswinkel deur. Na skoolure en gedurende naweke is hy toegewys op die koshuis, sy tuiste en plaasvervangende ouerhuis.

Die belangrikheid en waarde wat die Onderwysdepartement heg aan die liggaamlike versorging van die kind in die koshuis en sy gesondheid blyk uit die voorsiening wat jaarliks op elke skool se begroting gemaak word t.o.v. voedsel, kleding, tandheelkundige en mediese dienste. Dat daar ook 'n strewe is na 'n genoegsame voorsiening van personeel vir die huishoudelike dienste in die koshuise blyk uit die huismoedervoorsiening wat in Tabel XX met die leerkragvoorsiening vergelyk word.

TABEL XX.¹⁾

Leerkrag en huismoedervoorsiening aan nywerheidskole.

	1951	1952	1953
Leerkragte	149	170	201
Huismoeders	147	154	149
Leerlingtal	2271	2336	2339
Gemiddelde aantal leerlinge per leerkrag	15.2	13.7	11.6
Gemiddelde aantal leerlinge per huismoeder	15.4	15.0	15.6

1) Uit die amptelike jaarverslae van die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap 1952, 1953 en 1954.

Onder leerkragte word vise-hoofde ingereken, omdat hulle ooreenkomstig Departementele regulasies ook klasse moet waarneem, en onder huismoeders ressorteer ook die assistentes.

Alhoewel omstandighede ten opsigte van geboue verskil van skool tot skool, wat in sommige opsigte die huismoederpersoneelvoorsiening beïnvloed en die werk vergemaklik of bemoeilik soos in die geval van klein koshuiseenhede of losstaande geboue met sentrale eetgeriewe onderskeidelik, wil dit voorkom of die geringe leerlingkwota aan beide leerkrag en huismoeder geleentheid skep vir individuele aandag aan leerlinge. Daar is in elk geval geleentheid om leerlinge individueel te leer ken.

Daar is egter dié leemte dat daar geen opvoedkundige kwalifikasies ten opsigte van koshuispersoneel gestel kan word nie. Dit is 'n gevoelde behoefte, maar terselfdertyd 'n probleem wat nog op 'n oplossing wag. Die Onderwysdepartement gebruik onderwysers en vakonderwysers en hulle eggenotes as huisouers in die koshuise by voorkeur ¹⁾ sowel as ander beskikbare personeellede ongeag van die rang of betrekking wat bekleed word, indien die omstandighede dit vereis. In die nywerheidsskool is koshuiswerk oor die algemeen moeilik en veeleisend. Baie van die leerlinge toon, weens hulle ongunstige en swak huislike en sosiale agtergrond, in 'n mindere of meerdere mate een of ander geestesafwyking of wanaanpassing en dit vereis persoonlike aandag en arbeid in hoë mate. Oor die algemeen is strenger toesig as in gewone skoolkoshuise nodig en dit bring groter gebondenheid vir die personeel mee as in laasgenoemde. Huisouers moet dikwels met lang vakansies aan diens bly, omdat alle leerlinge nie na hulle ouerhuise kan gaan weens die ongeskiktheid van laasgenoemde of as gevolg van die optrede van sulke kinders, en met kort vakansies gaan leerlinge glad nie van die skool af weg nie.

Die veeleisende aard van die werk en die gebonden-

1) Jaarverslag van die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap 1953 - 1954, 16.

heid van die koshuislewe bring mee dat huisouerlike pligte onder die personeel van die nywerheidskool oor die algemeen nie gewild is nie, ¹⁾ ten spyte van finansiële voordeel daaraan verbonde, veral waar man en vrou as huisouers optree.

Huishoudelike betrekkings, veral die van kooksters, was onder blankes nog nooit in Suid-Afrika gesog nie. Die salaris is selde aantreklik, werksure is lank en die status gering. ²⁾ In laasgenoemde afdeling van die huismoederpersoneel kom dus die meeste tekorte voor, maar wisselinge as gevolg van oorplasings na ander skole en bedankings doen hom ook in ander afdelings voor. Hoe ernstig die posisie kan raak, blyk uit die feit dat daar aan die sestien nywerheidskole in die 155 huismoederbetrekkings in 1951 'n wisseling van 138 was, en vir 43 geadverteerde huismoederposte is slegs twee aansoeke ontvang. ³⁾

Dit is die taak van die skoolhoof om in die meeste gevalle self koshuisouers en huishoudelike personeel vir sy skool te werf, en weens die skaarste aan laasgenoemde moet hy dikwels met die geringste kwalifikasies van applikante genoë neem. Van hoë vereistes t.o.v. karakter- of persoonlikheidseienskappe kan daar meesal geen sprake wees nie. ⁴⁾

Omdat koshuiswerk in die nywerheidskool so 'n belangrike funksie vervul in die opvoeding en heropvoeding van die sorgbehoewende kind, is dit van beslissende belang dat benewens strenge vereistes t.o.v. karakter en persoonlikheid, ook hoë opvoedkundige eise aan huisouers gestel sal word. Die beleid van die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap om voorkeur te gee aan onderwysers en hulle eggenotes wat dikwels ook opgeleide leerkragte is, is dus goed te keur. Dit is egter 'n taak wat tyd en energie verg en dit ontbreek dikwels by die onderwyser of vakonderwyser wat reeds met inspanning en moeite gearbei het aan die leer-

1) Soos blyk uit eie ervaring aan verskeie nywerheidskole.

2) Du Plessis : Die Huishoudskool, 148 - 149.

3) Jaarverslag van die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap 1951, 19.

4) Soos blyk uit Beheerraadsnotules en onderhoude met skoolhoofde.

ling in die klaskamer en gewoonlik ook nog verantwoordelikhede dra in verband met sport- en ander naskoolse bedrywighele benewens persoonlike verpligtinge teenoor sy eie huisgesin. Vir sulke persone, en dit geld tot 'n mate ook vir leerkragte aan skole vir dogters, word die fisiese en geestelike eise wat huisouerskap aan hulle stel te veel om te dra; hulle kan eenvoudig nie reg laat geskied aan die individuele kind en sy behoeftes nie.

Dit is hierdie dubbele, voltydse taak van leerkrag en huisouer - en laasgenoemde verantwoordelikheid strek oor die vier-en-twintig uur van elke dag en oor sommige vakansies - wat vermoeienis veroorsaak. 'n Oplossing skyn derhalwe geleë te wees in die aanstelling van afsonderlike huisvaders en -moeders met die nodige opvoedkundige kwalifikasies of in die vermindering van die klasure van die leerkrag wat as koshuisouer optree. Indien laasgenoemde weg gevolg word, sal so 'n huisouer meer geleentheid hê om leerlinge en hulle probleme met die sielkundige of ander betrokke personeellede te bespreek en om 'n deeglike studie van die huislike agtergrond of ander relevante sake rakende die kinders in sy sorg te maak. So 'n reëling sal 'n ruimer leerkragvoorsiening verg, maar weens die belangrikheid en die vormende waarde van die koshuislewe in die geval van die nywerheidskoolkind, sal die koste geregverdig wees, en dit sal moontlik daartoe bydra dat personeel in die koshuise onder minder spanning werk.

Vakansiekursusse vir huismoeders, soos die wat die Onderwysdepartement reeds in die verlede vir vakonderwysers en ander personeelgroepe gereël het, kan ook goeie vrugte afwerp.

(b) Die onderwysende personeel.

Met onderwysende personeel word bedoel die akademiese sowel as tegniese onderwysers.

Eersgenoemde word gewerf van dieselfde bronne wat leerkragte aan ander skole in Suid-Afrika lewer. Dit is 'n ge-

sonde beleid, want selfs vandag word nywerheidskole soms gestigmatiseer ¹⁾ en is dit van belang dat leerkragte aan nywerheidskole 'n onderwysers- en professionele status sal besit wat gelykstaande is aan dié van hulle kollegas aan ander soort skole verbonde. Daardie status moet hoofsaaklik gebaseer wees op algemeen erkende akademiese en professionele kwalifikasies en sertifikate. Bloot op grond van verskillende opvoedkundige werkkringe behoort daar nie skeidslyne te bestaan tussen leerkragte met gelyke kwalifikasies nie. Die huidige stelsel dat die nywerheidskool leerkragte ook uit die gewone skole trek en ander weer daaraan afstaan, is gesond en opvoedkundig suiwer. Afgesien van die bate wat dit vir die onderwyser inhou, baat die nywerheidskool deur die ervaring van sy leerkragte aan die gewone skool, en dit is 'n bekende feit dat die normale kind in die verlede ook al gebaat het deur proefnemings in verband met die afwykende. ²⁾ Weens die aard van die voorwerp van sy onderwys in die nywerheidskool en probleme wat daarmee saamhang, word die leerkrag genoodsaak om die belange en behoeftes van elke individuele kind voorop te stel. Die kind neem noodwendig die sentrale plek in, en met individuele verskille moet rekening gehou word. Dit is 'n gesindheid wat die onderwyser aan die nywerheidskool moet aankweek en wat met vrug in enige skool ingedra kan word.

Die nywerheidskool verskaf primêre sowel as middelbare onderwys in die klaskamer, derhalwe word leerkragte wat in daardie verband opgelei is, benodig. In die middelbare afdeling word voorkeur gegee aan gegradueerde onderwysers, alhoewel persone sonder universiteitsgrade, maar met die nodige tegniese opleiding

1) Tydens die stigting van die Queenstownse nywerheidskool, een van die jongste skole, het die Kamer van Koophandel sy misnoë oor die stigting van so 'n skool aldaar uitgespreek, aangesien „it appeared as if it would be an ordinary reformatory attended by boys of an undesirable class." Uit die DAILY REPRESENTATIVE, Queenstown, 12 Januarie 1946.

2) Onder andere word hier verwys na die ontwerp en samestelling deur Binet van die eerste eintlike Verstandskaal in 1904.

en professionele kwalifikasies ¹⁾ vir die onderrig van vakke soos tegniese tekene en meganika gebruik word.

Die nywerheidskool is egter ook beroepskool en leerkragte wat in daardie verband opgelei is, word ook benodig. Suid-Afrika volg die oorsese stelsel, in hoofsaak die Britse, deur ambagsonderwys 'n vername plek in die nywerheidskoolwese toe te ken en die betrokke personeel, d.w.s. die vakonderwysers aan die seunskole te werf vanuit die geledere van ambagslui wat in die praktyk staan. „It is a universally accepted maxim that to teach a vocation successfully one must have successfully practiced that vocation", skryf A. B. Mays. ²⁾ Teen hierdie stelling val niks in te bring vir sover dit die praktiese sy van die onderrig in die werkswinkel aangaan nie, maar sodra sulke persone in die personeel van die nywerheidskool opgeneem word, is hulle onderwysers en is kennis van die teorie van die vak, sowel as kennis van die onderwysmetodiek en van die sielkundige pedagogiek nodig. Daardie kennis is by die praktiese ambagsman gewoonlik beperk, alhoewel hy 'n deskundige op tegniese gebied mag wees. Die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap is bewus van hierdie leemte en dring derhalwe by die aanstelling van vakonderwysers of assistente slegs aan op die minimum skolas-tiese kwalifikasies vir en voltooide vakleerlingskap. Maar met die wete dat 'n deel van hulle onderrig bestaan uit die teorie van die vak en dat hulle onderwyskragte is wat in intieme opvoedkundige verband tot die leerlinge te staan kom, nie alleen in die werkswinkels nie, maar ook in die koshuise as huisvaders en op die sportvelde, verplig die Onderwysdepartement elke vakonderwyser om die Nasionale Ambagsinstrukteursdiploma te verwerf alvorens hy oor 'n bepaalde salariskerf wat as dwarsboom daargestel is, kan vorder. ³⁾ Na verwerwing van die voorgenoemde diploma, word vakonderwysers as gekwalifiseerd beskou. Dit moet in ag geneem word by die ontleding

1) Die Nasionale Tegniese Onderwyserssertifikaat of Gevorderde Tegniese Sertifikaat en die Nasionale Ambagsinstrukteursdiploma.

2) Mays : Essentials of Industrial Training, 216.

3) Omsendbrief E.50/1/1 van 6.3.1954.

van die gegewens in Tabel XXI.

TABEL XXI 1)
Aantal Gekwalifiseerde en Ongekwalfiseerde, Permanente en Tydelike
Leerkragte aan Nywerheidskole 1951 - 1954

	1951				1952				1953				1954			
	G.	O.	P.	T.	G.	O.	P.	T.	G.	O.	P.	T.	G.	O.	P.	T.
Onderwysers (esse)	74	1	65	10	84	6	71	19	83	7	70	20	76	2	55	23
Instruktrises	27	47	72	2	33	47	77	3	32	2	23	11	41	3	31	13
Vakonderwysers					)				47	30	77	0	47	21	67	1
T O T A A L	101	48	137	12	117	53	148	22	162	39	170	31	164	26	153	37

G. = Gekwalifiseerd.
O. = Ongekwalfiseerd.
P. = Permanent.
T. = Tydelik.

Die amptelike samegroepering van instruktrises en vakonderwysers vir 1951 en 1952 verhinder 'n ontleding maar uit

1) Gegewens uit Jaarverslae van die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap 1951 - 1954.

die verdere gegewens blyk dit:

- (1) dat daar nie veel ongekwalifiseerde persone in die akademiese onderwyspersoneel van die nywerheidskool is nie;
- (2) dat onder vakonderwysers daar wel 'n aansienlike aantal ongekwalifiseerd is. Wat in hierdie geval egter as ongekwalifiseerd aangedui word, is hoofsaaklik daardie groep wat wel as ambagsmanne gekwalifiseerd is, maar nog nie die nodige professionele kwalifikasie, nl. die Nasionale Ambagsinstrukteursdiploma, verworf het nie.

Uit die jaarverslae van hoofde van nywerheidskole en onderhoude het dit geblyk dat dit veral die dogterskole is wat toegewys is op die dienste van tydelike getroude onderwyseresse of instruktrises. Meer as in die geval met seunskole het die nywerheidskole vir dogters voortdurend met personeelskommeling en -tekorte te kampe, wat moontlik gewyt kan word aan die „hoër eise”¹⁾ wat uit die aard van die werk aan personeellede gestel word, dog die posisie aan huishoudskole gedurende daardie tydperk was niks gunstiger nie.²⁾ In Hoofstuk III is aangetoon hoedat personeeltekort steeds maar 'n probleem van nywerheidskole vir dogters in die verlede was. Dit bly egter ook 'n feit dat alle skole wat hoofsaaklik of net dames in die personeel het met die probleem van voortdurende wisselinge te kampo het, aangesien dames die onderwysprofessie oor die algemeen nie as lewensberoep beoefen nie. Dit is gewoonlik 'n tussentydse betrekking totdat hulle in die huwelik tree.³⁾ Vir die kind uit die ontredderde huis is bestendigheid en kontinuïteit in sy behandeling van groot belang, daarom is toestande gunstiger aan die seunskole waar wisseling t.o.v. die manspersoneel nie so 'n ernstige probleem openbaar nie.⁴⁾ Dit was nog steeds die

1) Jaarverslag van die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap 1951, 19.

2) Ibid., 18.

3) Du Plessis : Die Huishoudskool, 109.

4) Jaarverslae van hoofde van nywerheidskole vir die jare 1950 - 1952.

strewe van die Onderwysdepartement, soos voorheen aangedui, om deur die verbetering van diensvoorwaardes en die instelling van gunstiger salarisskale, min of meer uniform met die van ander onderwysers in die land, ontevredenheid op daardie gebied uit te skakel. In ooreenstemming met die praktyk oorsee dat onderwysers vir gespesialiseerde dienste spesiale vergoeding ontvang,¹⁾ word tans aan leerkragte aan nywerheidskole in Suid-Afrika 'n spesiale toelaag van £50 per jaar in die geval van mans en £40 in die geval van dames by die salaris gevoeg.²⁾ Watter invloed hierdie bykomende materiële vergoeding op die toevloei en behoud van leerkragte aan nywerheidskole het, kan nie maklik bepaal word nie. Dit is egter amptelike erkenning vir veeleisende en gespesialiseerde opvoedingswerk en sonder invloed sal dit bepaald nie wees nie.

Die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap maak ook voorsiening daarvoor dat leerkragte aan sy skole, dus ook aan nywerheidskole, soos die gebruik tans elders ook is, vergoeding by wyse van ekstra salarisverhogings ontvang vir bykomende akademiese kwalifikasies wat verwerf word. Dit dien as spoorslag vir verdere studie. Kennis van sy vak is vir enige onderwyser noodsaaklik; kennis van die kind en 'n begrip van sy dieperliggende geestesprobleme, en van die jongste ontwikkelinge op die gebied van die opvoedkunde en sielkunde is vir die nywerheidskoolonderwyser onontbeerlik.

Onderzoek na die kwalifikasies van akademiese leerkragte aan nywerheidskole vir blanke seuns in 1951³⁾ het aan die lig gebring dat 39 van die onderwysers - hoofde uitgesluit - gegradueerd was. Dit is 70% van die totaal. Hulle was verantwoordelik veral vir vakonderrig in die middelbare afdelings van die

-
- 1) British Home Office : Report of the Committee on Approved Schools and Remand Homes, 7. Vgl. ook U.S. Office of Education : Education in Training Schools for Delinquent Youth, 32.
2) Sirkulêre E.50/1/1 van 29.7.1952.
3) Jaarrapporte van hoofde van nywerheidskole 1951.

skole. Persone sonder universiteitsgrade, maar met die nodige professionele opleiding is in die primêre afdelings en in die skole vir subnormale leerlinge gebruik. Slegs enkele leerkragte was in besit van diplomas vir spesiale onderwys.

Om aan die normale kind onderwys te gee, stel hoë eise aan die onderwyser; om onderwys te gee aan die nywerheidsskoolkind, dikwels fisies verwaarloos, skolasties vertraag, sosiaal wanaangepas, en verstandelik gestrem, vereis 'n hoë mate van onderwysbekwaamheid sowel as besondere persoonlike hoedanighede. Dit is dan ook essensieel dat aan die nywerheidsskool leerkragte met die beste kwalifikasies benoem sal word. Hierdie kwalifikasies sal insluit 'n goeie, gebalanseerde persoonlikheid, 'n hoë akademiese opleiding wat nie slegs op vakkennis toegespits sal wees nie, maar op diepgaande sielkundig-opvoedkundige grondslae sal berus, en waar moontlik praktiese onderwyservaring.

(c) Aanvullende opleiding.

Alle personeellede aan die nywerheidsskool, ook die onderwyskragte, het behoefte aan aanvullende kennis in verband met die kind en hulle werk, want niemand word spesifiek vir dié gespecialiseerde werk opgelei nie. Die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap erken die bestaande leemte sowel as die belangrikheid van verder opleiding en het derhalwe 'n beleid van in-diens-opleiding ontwikkel, min of meer soortgelyk aan gebruike in verwante skole oorsee. ¹⁾ Ooreenkomstig hierdie beleid word periodiek, vanaf die vroegste jare van die skole, deur die Onderwysdepartement konferensies met skoolhoofde gehou; ²⁾ word daar voorsiening gemaak vir fondse om vakansie- of ander kursusse vir onderwyskragte en ander personeellede te reël; ³⁾ en verwag die Onderwysdepartement dat

1) British Home Office : Report of the Committee on Approved Schools and Remand Homes, 28. Vgl. ook Cohen : Children in Trouble, 60 en Fenton : The Delinquent Boy and the Correctional School, 162 - 163.

2) Jaarverslag van die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap 1952, 16.

3) Jaarverslag van die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap 1953 - 1954, 7.

skoolhoofde gereeld personeelvergaderings, huisouerbyeenkomste en ander personeelsamesprekings sal hou ten einde jong personeellede in te lig en te inspireer en dit vir almal aan die skool verbonde te omskep in opleidingsgeleenthede. Op sulke byeenkomste word individuele leerlinge bespreek en opvoedkundige optrede bepaal. Hierdie stelsel van in-diens-opleiding bevat dié voordeel dat dit natuurlik voortvloei uit en aansluit by die daaglikse onderwys- en opvoedingstaak en die probleme daaraan verbonde. Dit stel die kind pertinent voorop, dit bring kennis aan en dit dwing die personeel tot opvoedkundige denke en optrede.

5. DIE ONDERWYSER-SIELKUNDIGE.

Die onderwyser-sielkundige vorm saam met die ander lede van die nywerheidsskoolpersoneel 'n span wat saamwerk ter verwesenliking van die één algemene ideaal en doelstelling, nl. die opvoeding en heropvoeding van die wetsbestede kind in hulle sorg. Die onderwyser-sielkundige beklee egter so 'n besondere posisie in die personeel en het so 'n eie funksie en spesifieke taak dat 'n ondersoek daarna, afsonderlik van die ander onderwyskragte, geregverdig is.

Die instelling van sielkundige dienste is een van die jongste ontwikkelinge aan die nywerheidsskool. Die behoefte aan sodanig opgeleide personeel is reeds in 1917 sterk deur die Onder-Sekretaris van Onderwys ¹⁾ beklemtoon, maar eers in 1938 is die betrekking ingestel en is 'n onderwyser-sielkundige aan die Onderwyshoofkantoor aangestel. Hy moes die sielkundige dienste aan die skole sistematiseer en ontwikkel. ²⁾ Dit was egter gou baie duidelik dat dit nie voorsien het in die behoeftes van die skole nie en na 1946 is oorgegaan tot die instelling van betrekkings en die benoeming van onderwyser-sielkundiges aan elkeen van die nywerheidsskole. ³⁾ Aan die groter skole is selfs meer as een sielkundige

1) Report of the Under Secretary for Education 1917, 75.

2) Report of the Union Department of Education 1938, 27.

3) Omsendbrief E.14/115 van 11.8.1954.

verbonde, sowel as 'n vise-hoof wat op grond van kwalifikasies in daardie opsig benoem word.

Die noodsaaklikheid van sielkundige dienste aan die nywerheidskool is voor die hand liggend en behoef geen betoog. Daar kan egter daarop gewys word dat hierdie soort skool voortdurend te doen het met leerlinge wat simptome vertoon van wanaanpassing teenoor hulleself, teenoor hulle skoolgemeenskap en die breëre maatskaplike lewe, sowel as bepaalde karakter- en gedragsafwykinge en verkeerde lewensopvattinge. Hierdie verskynsels het meesal diepliggende oorsake en daar kan vir so 'n kind alleenlik waarlik iets bereik word, as die verborge oorsake van sy afwykings ontdek kan word en as daar tot kennis gekom kan word van die grond-oorsake van sy moeilikhede. Eers dan kan so 'n kind op die regte pad gelei en gehelp word, nie alleen t.o.v. sy persoonlikheidsafwykings en aanpassingsprobleme nie, maar ook t.o.v. skolastiese vordering. Die kind vorm immers 'n sielkundige eenheid en laasgenoemde hang ten nouste saam met sy algemene geestestoestand.

Om die probleme wat by leerlinge ontstaan te diagnoseer en sover moontlik te behandel is dan in hoofsaak die funksie van die onderwyser-sielkundige aan die nywerheidskool. Hy is 'n gespesialiseerde hulpkrag wat die skoolhoof en personeel in die heraanpassingsproses van wanaangepaste leerlinge moet bystaan en ten nouste met hulle moet saamwerk. Sy pligte kan onder die volgende hoofde ingedeel word : Psigometriese werk, sielkundig-kliniese werk, beroepsvoorligting en keuring vir ambagsopleiding, diagnose van skolastiese probleme en heelkundige onderwys, en die nasorg van ontslane leerlinge. ¹⁾

'n Ontleding van die pligte van die onderwyser-sielkundige toon dadelik, soos die benaming trouens ook impliseer,

1) Departementele Kode, Deel IV, 27.

dat sy taak in twee hoofrigtings val, nl. die van onderwyser of opvoedkundig-sielkundige en die van kliniese sielkundige.

Soos reeds aangedui, het die nywerheidskool te kampe met die probleem van skolastiese vertraging by sommige leerlinge. Sulke en selfs ander leerlinge toon nie alleen 'n gebrek aan belangstelling en motivering wat die skoolwerk betref nie, maar by hulle is dikwels aanwesig 'n sterk weersin en afkeer in die skoolwerk en die skool. Deur diagnostiese toetse en op ander wyses moet die onderwyser-sielkundige vasstel wat die skolastiese probleme en gebreke by die kind is en hom probeer help deur die feite ter beskikking van ander personeellede te stel of self deur individuele, remediële onderwys die kind probeer help om sy frustrasies te bowe te kom, sy negatiewe gesindheid af te breek en 'n gesonde houding teenoor skoolwerk aan te kweek. Hy sal dus soms onderwys moet gee. Daarbenewens is daar allerlei toetse wat op die leerling toegepas moet word, sowel as beroepsvoorligting, ambagskeuring, nasorgwerk en administratiewe pligte wat ook binne die bestek van sy amptelike opdrag val. In sommige gevalle is die onderwyser-sielkundige selfs verantwoordelik vir toesigwerk in die koshuis.

As die sielkundig-kliniese en psigoterapeutiese werk wat noodwendig 'n belangrike deel van sy pligte vorm, saam met die voorafgaande in berekening gebring word, dan blyk dit baie duidelik hoe omvangryk, uiteenlopend en selfs botsend die werk van die onderwyser-sielkundige aan die nywerheidskool kan wees, en hoe maklik oorlaaiing kan plaasvind. Onderzoek aan die skole het dan ook aan die lig gebring dat in die meeste gevalle daar baie weinig tyd en geleentheid oorbly vir sielkundig-kliniese werk. En waar daar geleentheid is, bevind die onderwyser-sielkundige hom soms in die posisie dat hy in sy hoedanigheid as koshuisvader of onderwyser in 'n gesagsposisie teenoor die kind geplaas word, wat in die weg staan van daardie suiwer verhouding wat as noodsaaklik beskou word vir psigoterapeutiese werk.

Die mees bevredigende oplossing vir die voorafgaande probleme skyn geleë te wees in verdere uitbreiding van die huidige dienste. Met meer kragte beskikbaar, selfs aan die kleiner skole, kan verseker word dat meer tyd beskikbaar sal wees sowel as ruimer geleentheid vir individuele en persoonlike werk. Die doeltreffendheid van die dienste kan verder verhoog word deur 'n verdeling te maak tussen die twee vernaamste rigtings, nl. die opvoedkundige en sielkundig-kliniese, en elke rigting toe te vertrou aan 'n afsonderlike skoolsielkundige met die nodige kwalifikasies op sy gebied.

Diensdoende onderwysers met die nodige akademiese kwalifikasies kan in die geleentheid gestel word om verdere opleiding te geniet in opvoedkundig-sielkundige werk. Vir psigoterapeutiese werk is persone nodig met hoë akademiese opleiding, praktiese ervaring onder leiding van deskundiges en voortreflike persoonlikheidseienskappe. Die onderwyser-sielkundige moet in die grootste mate kan saamwerk met die ander lede van die nywerheidskoolpersoneel, want in sy diens moet die ander dienste koördinasie vind.

6. DIE HOOF VAN DIE NYWERHEIDSKOOL.

Aan die hoof van enige skool, en dus ook van die nywerheidskool, word strenge vereistes van bekwaamheid en persoonlikheid gestel, want die verantwoordelikheid wat hy met sy hoofskap aanvaar, is groot en ingrypend en raak die lewe en toekoms van elke kind en personeellid in daardie skool. „Hy moet in alles“, na die beskrywing van J. Chris Coetzee,¹⁾ „in woord en daad 'n voorbeeld vir sy personeellede en leerlinge wees - daarom moet hy 'n persoonlikheid met koersvaste lewens- en wêreldbeskouing wees.“ As die hoogste, plaaslike verantwoordelike amptenaar van die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap, berus die welslae van die skool hoofsaaklik in sy hande. Hy moet dus kan regeer, organiseer, administreer, koördineer, en deur sy ywer en geesdrif, deskundige kennis en eienskappe van leierskap, sy personeellede kan saambind

1) Coetzee : Inleiding tot die Algemene Praktiese Opvoedkunde, 78.

en inspireer tot 'n eenheid van strewe en doelwit. Benewens vereistes van selfvertroue en selfbeheersing; van regverdigheid, geduld, takt, objektiwiteit en 'n simpatieke begrype van die probleem van sy leerlinge en personeellede met uiteenlopende aard en funksie, moet hy bowe alles student, in besonder van die opvoedkunde, bly. ¹⁾

Van die nywerheidskoolhoof word diepgaande vakwetenskaplike kennis geverg, maar weens die uiteenlopende funksies van sy inrigting moet hy ook 'n werkende kennis hê van die boukunde en die argitektese, van huishouding, dieëtkunde, boerdery, ingenieurswese, werkwinkelbestuur, kleremakery, kantooradministrasie en ander sake waaroor hy in die uitvoering van sy plig, raad en beslissings moet gee.

Bowenal moet hy egter mense kan hanteer en gesonde menslike verhoudings kan bevorder, want in sy personeel dien persone met groot verskille in hulle opvoedkundige, kulturele en sosiale agtergrond en weens die aard van hulle pligte is die meeste genoodsaak om op die skoolterrein te woon.

Hierdie saamwoon skep dikwels delikate situasies en spanning as gevolg van wrywing wat spruit uit die verskil in opleiding, kwalifikasies, lewensbeskouings, lewenstandaarde, en 'n veeleisende taak wat jaar in en jaar uit oor die vier-en-twintig uur van elke dag strek. Dit stel hoë fisiese en geestelike eise aan die personeel, wat nog verder verhoog word deur 'n lewe van betreklike gebondenheid en inbreuk op persoonlike privaatheid deur die inrigtingslewe en daaglikse omgang met leerlinge. ²⁾

1) Coetzee : Inleiding tot die Algemene Praktiese Opvoedkunde, 78.
Vgl. ook Fenton: The Delinquent Boy and the Correctional School, 165.

Kyte : The Principal at Work, 8.

Osborne Association : Handbook of American Institutions for Delinquent Juveniles, 23.

Report of the Under Secretary for Education 1919, 43.

2) Jaarverslag van die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap 1948, 12. Vgl. ook British Home Office: Making Citizens, 31-32.
Osborne Association : Handbook of American Institutions for Delinquent Juveniles, 12.

'n Gelukkige personeel beteken 'n gelukkige skool met 'n rustige atmosfeer, wat veral van belang is vir die regte vorming en heropvoeding van die kind uit die gebroke gesinslewe en ontredderde huis. N. Fenton ¹⁾ kom dan ook tot die slotsom dat 'n vername taak van die hoof hierin geleë is dat hy die welsyn en geluk van sy personeellede sal bevorder. Om hom aan te haal: „The success of any juvenile correctional institution is determined by the well-being and mental hygiene of the supervisors, teachers and tradesmen. Indeed, because of their intimate association with the children, their attitude is a kind of barometer of institution morale. If they are happy, well-adjusted, and enjoying their work, the attitude of the cottage and class-room will be correspondingly wholesome. On the other hand if they are depressed, worried or disgruntled, their state of mind affects the boys” Hier kan ook bygevoeg word dat ongelukkige persoonlike en personeelverhoudings onder mense wat in betreklike gebondenheid saam woon en saam lewe in 'n min of meer geslote gemeenskapslewe 'n belangrike rol speel in verband met bedankings uit die personeel van sulke skole. ²⁾

Die prinsipaal is dan, om op te som, die deskundige professionele hoof van die nywerheidsskool en die hele organisasie wat daarmee saamhang. Hy bepaal die rigting, dui die middele aan en beïnvloed die opvoedende werksaamhede deur sy persoonlike lewens- en wêreldbeskouing. Beide personeel en leerlinge moet na die hoof kan opsien om leiding en besieling en moet in hom vind in die woorde van die Osborne Association „superior qualities of mind, character and personality.” ³⁾

In die lig van die voorgenoemde vereistes ten opsigte van die skoolhoof, sal nou kortliks ondersoek ingestel word na die

1) Fenton : The Delinquent Boy and the Correctional School, 165.

2) Soos vasgestel uit onderhoude met skoolhoofde.

3) Osborne Association : Handbook of American Institutions for Delinquent Juveniles, 13.

beleid wat deur die Onderwysdepartement gevolg word by die benoeming van hoofde van nywerheidskole en na die kwalifikasies wat vereis word.

Deur sy huidige praktyk, in teenstelling met 'n vroeëre beleid, beperk die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap hom, by die benoeming van hoofde, tot senior persone aan sy eie skole, d.w.s. enigeen van sy skole en dus nie slegs nywerheidskole nie. Vakante hoof- en vise-hoofposte word in die reël onder skole van die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap geadverteer met professionele kwalifikasies as 'n vereiste, ervaring van werk aan Kinderwetskole as 'n aanbeveling en die besit van 'n universiteitsgraad as deurslaggewende faktor waar applikante min of meer gelyk in meriete geag word. Dit is dus moontlik dat 'n persoon sonder 'n akademiese graad aan die hoof van 'n nywerheidskool kan staan. Onderzoek na die posisie aan die nywerheidskole gedurende die jare 1951-1953 het egter aan die lig gebring dat dit die geval was slegs by twee skole vir dogters. In al die ander gevalle was die hoofde gegradueerd; in enkele gevalle was hoofde ook in besit van meestersgrade in die opvoedkunde of sielkunde. Dit wil dus voorkom of persone sonder universiteitsgrade slegs in uitsonderlike gevalle vorder tot hoofde van nywerheidskole. Daar is reeds in die geval van onderwysers aangetoon dat 70% in besit van universiteitsgrade is. Hulle hou gewoonlik die senior onderwysposte en aangesien bevordering in die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap tot 'n groot mate deur senioriteit bepaal word, is dit meesal die gegradueerde wat tot vise-hoof bevorder word en weer tot hoof. Gesonde beleid sou wees om alleenlik gegradueerde persone tot hoofde te bevorder. Benewens hoë intellektuele eise deur die werk gestel, wil die personeel na die hoof opsien as akademies opvoedkundige leier, en omdat daar so maklik 'n stigma van minderwaardigheid aan die nywerheidskool en selfs aan die personeel geheg

word, is dit 'n noodsaaklike vereiste dat die nywerheidskoolhoof akademies en professioneel, net soos in die geval van die onderwyser, minstens die gelyke sal wees van sy kollega in die gewone skool.

Die huidige stelsel waarkragtens nywerheidskoolhoofde benoem word, hou die leemtes in dat hoë opvoedkundige en akademiese vereistes nie genoegsaam beklemtoon word nie en daar is 'n beperktheid van keuse, veral met die oog op meriete en noodsaaklike persoonlikheidseienskappe. Daar is egter hierdie voordeel daaraan verbonde dat persone met ervaring van die werk in aanmerking kom bo diegene wat geen ondervinding het nie, en persone aangestel word wat uit eie wil aansoek gedoen het omdat hulle aan die nywerheidskool werksaam wil wees. Vroeër is 'n beleid van oorplasing en bevordering van die een skool na die ander gevolg, sonder inagneming van die wense van die persoon, dikwels tot ontevredenheid van die persoon en seer selde tot voordeel van die leerlinge van daardie skool.

Die beleid van bevordering volgens senioriteit, met inagneming van meriete gebaseer op bekwaamheid, persoonlikheidseienskappe en kwalifikasies, stel oor die algemeen die personeel aan die nywerheidskole tevrede, omdat dit vir hulle bevorderingsmoontlikhede inhou. As noodsaaklike kwalifikasie vir die nywerheidskoolhoof, gesien teen die agtergrond van sy taak, behoort egter te geld : 'n gevorderde universiteitsgraad in die opvoedkunde of sielkunde, onderwyservaring aan beide die gewone en nywerheidskool, en ware beskawing en godsvrug.

7. SAMEVATTING.

Die personeel van die nywerheidskool word saamgestel ooreenkomstig die verskeidenheid van funksies soos dit voortvloei uit die behoeftes van die leerlinge. In dieselfde personeel word derhalwe saamgetrek 'n aantal persone met uiteenlopende werk, kwalifikasies en met opmerklike verskil in agter-

grond en afkoms. Elke personeellid staan egter in mindere of meerdere mate in 'n opvoedkundige hoedanigheid teenoor die leerling, en benewens die noodsaaklike kwalifikasies vir sy of haar spesifieke betrekking is die regte persoonlikheidseienskappe van groot belang. Onderlinge samewerking is onontbeerlik en 'n vername taak van die skoolhoof is daarin geleë om die heterogeniteit van sy personeel tot 'n hegte eenheid te smee, alle opvoedkundige optrede te koördineer en die uiteenlopendheid van die verskillende funksies te bring tot 'n eenheid van strewe na één gemeenskaplike opvoedingsideaal.

Personeelgehalte is van beslissende belang vir enige opvoedingsinrigting en dit was dan ook nog steeds die strewe van die Onderwysdepartement om persone met die vereiste akademiese en professionele kwalifikasies en gewenste persoonlikheidseienskappe vir die nywerheidskool te werf en te behou.

Die Onderwysdepartement beskou koshuiswerk aan die nywerheidskool as van groot opvoedkundige belang en gee voorkeur aan onderwyskragte met opvoedkundige agtergrond by die aanstelling van huisouers. Weens die gebondenheid van die lewe en die veeleisende aard van die werk is dit nie gewild onder leerkragte nie; is dit nie altyd moontlik om die dienste van onderwysers en hulle eggenotes te verkry nie, en word ander personeellede, dikwels met die minimum akademiese kwalifikasies selfs, in daardie hoedanigheid aangestel. As oplossing word aanbeveel dat aan onderwyskragte wat as huisouers optree 'n vermindering van klasure toegestaan word, of dat afsonderlike huisouers met die nodige opvoedkundige kwalifikasies benoem word.

Die onderwysende personeel word nie spesiaal opgelei vir werk aan die nywerheidskole nie. Die meeste diensdoende onderwyskragte is gegradueerd en gee vakonderwys in die middelbare afdelings van die skole. In die primêre klasse word hoofsaaklik personeellede met slegs professionele opleiding gebruik. Ambagsinstrukteurs of vakonderwysers, soos hulle tans amptelik bekend

staan, word verplig om 'n opvoedkundige sertifikaat, die Nasionale Ambagsinstrukteursertifikaat, te verwerf alvorens hulle oor 'n bepaalde salariskerf kan vorder. Sonder hierdie diploma word hulle as ongekwalfiseerd beskou.

As blyk van erkenning vir gespesialiseerde en veel-eisende werk aan die nywerheidskool ontvang leerkragte en huismoeders spesiale toelaes bo en behalwe hulle gewone salarisse.

Om personeellede van noodsaaklike aanvullende kennis te voorsien in verband met hulle werk en die kind in hulle sorg, volg die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap 'n stelsel van in-diens-opleiding. Dit geskied by wyse van vakansie- en ander kursusse, konferensies, personeelsamesprekings, ens.


Elke skool beskik oor die dienste van een of meer onderwyser-sielkundiges. Hulle is gespesialiseerde hulpkragte wat die hoof, die onderwysers en ander personeellede in die opvoedingstaak moet bystaan. Hulle pligte val in twee natuurlike hoofrigtings, nl. opvoedkundig-sielkundig en klinies-sielkundig. Daar is getuienis van oorlaaiing en die algemene mening word gehuldig dat die sielkundige dienste aan die nywerheidskole uitgebrei moet word en dat die twee hoofgebiede aan afsonderlike persone opgedra word.

Die hoof van die nywerheidskool het 'n vecleisende taak, en aan hom word strenge vereistes van bekwaamheid, persoonlikheid en opvoedkundige kwalifikasies gestel. By die aanstelling van hoofde word senioriteit, m.a.w. onderwysservaring, sowel as akademiese en professionele kwalifikasies in aanmerking geneem.

~ KART I ~

50 100 150 200 MYL
SKAAL

23/12/54.



HOOFSTUK VII.

DIE GEOGRAFIESE VERSPREIDING, LEERLINGKLASSIFIKASIE, ALGEMENE ORGANISASIE EN ADMINISTRASIE VAN DIE NYWERHEIDSKOOL.

1. DIE GEOGRAFIESE VERSPREIDING : Gebrek aan beplanning.

Die eise van die praktiese onderwys, die behoeftes van die leerling en die opvoedkundige mikpunte van die inrigting is bepalende faktore by die geografiese ligging en aard van die skoolgebou of -geboue. Dit geld ook vir die nywerheidsskool met sy besondere taak en sy bepaalde soort leerling.

In hierdie paragraaf sal dus vasgestel word hoe die nywerheidsskole oor die land versprei is, watter beleid gevolg is met die stigting van nuwe skole, en watter faktore invloed uitgeoefen het op die bepaling van die ligging en die aard van die geboue.

Kaart I op bladsy 187 verskaf 'n beeld van die verspreiding van die huidige sestien nywerheidsskole in Suid-Afrika. Daarvolgens beskik Transvaal oor sewe skole, waarvan drie in Standerton saamgetrek is en twee naby Heidelberg geleë is. In die Vrystaat is daar 'n skool vir dogters in Bloemfontein en nog 'n verdere twee inrigtings in die suidoostelike deel van die provinsie. In Kaapland is daar ses nywerheidsskole waarvan een 'n inrigting vir kleurlingseuns is. Dit is naby Kaapstad geleë. Natal beskik oor geen skole van hierdie aard nie.

Kaart I dui ook die verskillende soorte nywerheidsskole aan.

Die verspreiding van die skole maak dit onvermydelik dat amptenare en sommige leerlinge oor lang afstande moet reis om die inrigtings te bereik. Daar is egter aanduidings dat provinsiale grense in ag geneem word by die toewysing van leerlinge. Tabel XXII op bladsy 188 toon aan uit watter provinsies nuwe leerlinge in 1951 en 1952 afkomstig was. Slegs enkele verteenwoordigende skole is as voorbeeld geneem.

TABEL XXII.

Aantonende uit watter provinsie of streek nuwelinge aan skole in 1951 en 1952 afkomstig was.

		Kaap- prov.	Tvl.	O.V.S.	Natal	Rhod.
Heidelberg, Tvl.	1951	17	54	2	4	2
	1952	32	50	9	6	2
King William's Town	1951	58	33	4	5	0
	1952	52	30	4	3	1
Tempe, Bloemfontein	1951	26	30	10	2	0
	1952	24	28	8	3	0
Standerton- dogters	1951	18	31	8	3	0
	1952	23	27	15	4	0
Dewetsdorp	1951	13	10	6	3	0
	1952	14	13	1	1	0

Uit die tabel is dit duidelik dat, alhoewel sommige skole die grootste aantal leerlinge uit hulle eie provinsie trek, daar tog nog 'n ruim toevloei van buite die grense is. Die huidige voorsiening en verspreiding van nywerheidskole maak toewysings streng op provinsiale of streeksgrondslag onmoontlik. Die praktyk vereis dat 'n gekommitteerde kind so gou doenlik in die toegewese inrigting geplaas word. As die naaste inrigting vol is, word hy na 'n ander soortgelyke skool met beskikbare akkommodasie gestuur. Dit is ook soms nodig dat hy na 'n bepaalde skool wat alleen in sy behoeftes kan voorsien, gestuur word. Leerlinge word ook soms met voorbedagte rade na skole vër van die ouerhuis gestuur om sodoende 'n kind uit die omgewing van 'n lastige of ska-

1) Uit die jaarverslae van hoofde van daardie betrokke nywerheidskole vir 1951 en 1952.

delike ouer- of familieinvloed weg te kry; soms in 'n poging om 'n volhardende droster deur die groot afstand van sy ouerhuis af te skrik. Ervaring met leerlinge wat dros, het egter geleer dat afstand selde 'n weerhoudende invloed op die geharde droster uitoefen. Motorvervoer is te maklik op die hoofweë bekombaar. ¹⁾

Die huidige verspreiding van die nywerheidskole het sy oorsprong in die geskiedenis van die ontstaan en ontwikkeling van die soort skool in Suid-Afrika. Die historiese gang is reeds in Hoofstuk III aangedui. Van 'n sistematiese beplanning in verband met die oprigting van nywerheidskole was daar hoegenaamd geen sprake nie. Dit was 'n kwessie van toevalligheid dat sekere staatsgeboue êrens beskikbaar geraak het en daarvan is in noodomstandighede gebruik gemaak.

Daar was nie geleidelike ontwikkeling nie. Die Unie-Onderwysdepartement het nywerheidskole „oorgeneem,” daarna ook ander skole, bekend as beroepskole, en in 1934 ook die verbeteringskole. Die nywerheidskool was verwaarloosde, nuwe opvoedingsterrein; daarby was die toestroming van sorgbehoewende kinders so snel dat daar kwalik voorgebly kon word met die voorsiening van akkommodasie. ²⁾ Daarna het gevolg depressies en nog 'n wêreldoorlog in 1939. Hierdie ontwrigtende omstandighede het nie alleen bouplanne teëgewerk nie, maar ook weer bygedra om die behoefte aan nog meer staatsinrigtings vir sorgbehoewende kinders te verskerp. ³⁾

Gebrek aan doeltreffende beplanning en onoordeelkundige geografiese verspreiding het ernstige leemtes geskep, leemtes wat vandag nog bydra om 'n veeleisende opvoedingstaak nog moeiliker te maak.

(a) Ongunstige ligging van sommige skole.

Omdat die Staat van bepaalde beskikbare geboue ge-

1) Soos meegedeel deur hoofde van nywerheidskole.

2) Report of Union Education Department 1937, 43.

3) Report of Department of Education, Arts and Science 1950, 6.

bruik moes maak, moes ander belangrike aspekte noodwendig oor die hoof gesien word. Die ligging kon nie vooraf bepaal word nie, met die gevolg dat die lokaliteit van sommige skole van so 'n aard is dat dit skadelik inwerk op die kind.¹⁾ In 'n opname wat in 1949 gemaak is, is bevind dat twee van die dogterskole in 'n goeie woonbuurt geleë is, een in 'n baie swak stadsbuurt naby 'n natuurlike kampong en die ander vier in middelmatige buurtes. Van die seunskole het een, nl. George, 'n „ideale ligging" ten opsigte van natuurskoon en woonbuurt en afstand van die dorp, maar is weer uiters ongunstig geleë ten opsigte van die arbeidsmark of wat die geleentheid vir doeltreffende nasorgdiens betref.²⁾ Ses van die ander seunskole is uit die dorp geleë, sommige twee myl, ander verder, met een sewe myl van die naaste dorp, nl. Dewetsdorp. Die landelike ligging bring onteenseglik voordele mee ten opsigte van die kind wat heropgevoed word, maar nadele in dié opsig dat die skole makliker geïsoleerd raak en leerlinge moeilik sosiale kontak vind. Selfs kerkbywoning word bemoeilik wanneer 'n paar myl gestap moet word. In twee gevalle gaan daar hoofpaaie, een selfs 'n nasionale pad met swaar verkeer, oor die skoolterrein, wat talle probleme veroorsaak. Ook Heidelberg se skool en sy buur-inrigting kla oor die ongunstige ligging ten opsigte van die arbeidsmark. Die meeste van hulle leerlinge is van Johannesburg afkomstig en 'n skool digter aan die Goudstad sou nie alleen 'n beter ouer-skool-verhouding kon geskep het nie, maar die skool ook in die geleentheid gestel het om kontak te maak met werkgewers en self nasorgwerk te doen of 'n eie uitplasingskoshuis te beheer.³⁾

Aangesien die meeste personeellede aan die nywerheidskool weens toesig- en ander dienste op die skoolterrein moet

1) Jaarverslag van die Unie-Onderwysdepartement 1946-47, 13.

2) George Nywerheidskool : Amptelike Opname 30.1.1950.

3) Nywerheidskool, Heidelberg, Tv1.: Amptelike Opname 27.1.1950 en J. W. Luckhoff-skool 6.1.1950.

woon, raak die ligging van die skole hulle terdeë. Transport vir hulle eie kinders na die gewone skole is dikwels 'n moeilike saak en heelwat opofferinge ten opsigte van die sosiale lewe word van hulle geverg.

Vroeër is reeds gewys op vervoerkoste in verband met leerlinge. Die feit kan slegs weer beklemtoon word dat verreweg die meeste leerlinge van die nywerheidskole van die stede afkomstig is.¹⁾ En die feit dat die skole ver oor die platteland versprei is, verhoog nie alleen vervoerkoste vir die Staat nie, maar ook vir daardie ouers wat met vakansietye self verantwoordelik gehou word vir die reiskoste. Weens die groot afstande word die besoek van ouers aan skole erg bemoeilik en is daar selde 'n geleentheid vir belangstellende ouers om in samewerking met die skool 'n bydrae tot die heropvoeding van die kind te lewer. En dit is tog belangrik en opvoedend vir ouer en kind, dat ouer en skool in verbinding bly, en noodsaaklik dat ouers die doel en strewe van die skool in verband met die opvoeding van die kind verstaan. In die praktyk gebeur dit selde, maar ideaal sou wees dat ouers die skool vooraf besoek, die kind voorberei en self vergesél. Sonder vertroue en samewerking van die ouer is die taak van die skool veel moeiliker.

Omdat die ouer so dikwels in totale onkunde in verband met die nywerheidskool, sy doelstellinge en praktyk staan, is daar nie slegs onverskilligheid en antipatie nie maar soms openlike vyandigheid.²⁾

(b) Ondoeltreffende geboue.

Goeie, wetenskaplik beplande geboue is vir die praktiese opvoedkunde 'n noodsaaklike vereiste. Die beplanning en bouwerk is grotendeels die werk van deskundiges, maar die volgende aspekte behoort in elk geval in ag geneem te word : die terrein en sy ligging, dreinerings, algemene boukenmerke, die soort skool,

1) Prinsipaalsverslae 1951 en 1952.

2) Soos blyk uit korrespondensie tussen nywerheidskole en ouers.

sy uitwendige en inwendige struktuur, argitektuur, besondere behoeftes en noodsaaklike dienste, sportvelde, ens. Aandag sal geskenk moet word in besonder aan die vorm, grootte en die higiëne van die klaskamers, laboratoria, en werkplekke, voorsiening van 'n biblioteek en vergadersaal. ¹⁾

Vir die nywerheidsskool wat aan elke kind wat uit sy ouerhuis verwyder is, moet voorsien volgens sy individuele behoeftes en waar die behandeling 'n omgewing veronderstel waar al die opvoedkundige dienste en situasies beplan, ingestel en geïntegreer word ter wille van die individuele eise van elke kind, is die geboue van baie groot belang. As skool, spesiale skool en tydelike substituuat vir die ouerlike huis, moet die nywerheidsskool alle noodsaaklike dienste verskaf; dit moet wees 'n gemeenskap in klein formaat en behoort oor die volgende geboue te beskik:-

- 1) Administratiewe geboue,
- 2) 'n Skoolafdeling,
- 3) Werkswinkels of lokale vir praktiese opleiding,
- 4) Koshuise vir leerlinge met woongeriewe vir toesighoudende en huishoudelike personeel,
- 5) Woonhuise vir ander personeel,
- 6) 'n Mediese eenheid en hospitaaltjie,
- 7) 'n Sielkundige kliniek,
- 8) 'n Ontspanningsaal, snoepwinkel, sportvelde, tuine, ens. ²⁾

Die geskiedenis van die nywerheidsskool in Suid-Afrika, soos in Hoofstuk III behandel, dui op min of geen geleentheid vir behoorlik voorafbeplande skole. Die Unie-Onderwysdepartement het die verskillende soort beroepsskole een na die ander oorgeneem en hulle geboue geërf, en daarna, hoofsaaklik weens landsomstandighede, ander skole waaronder ook nywerheidsskole,

-
- 1) Verslag van die Nasionale Konferensie oor Kinderinrigtings 1951, 31 - 42. Ook Coetzee : Inleiding tot die Algemene Praktiese Opvoedkunde, 124 - 136.
 - 2) U.S.A. Office of Education : Education in Training Schools for Delinquent Youth, 20. Ook Annual Report Department of Education, Arts and Science, 1950, 6.

tot stand gebring, ook weer in bestaande geboue, sommige waarvan uiters ondoeltreffend was.¹⁾

Sommige geboue was nie alleen ondoeltreffend nie, maar inderdaad in 'n uiters swak toestand. In 1937 skryf die Sekretaris van Onderwys²⁾ in sy jaarverslag dat na al die jare van gebruik sommige geboue in so 'n vervalte toestand was dat dit 'n voortdurende lewensgevaar ingehou het vir leerlinge en leerkragte. Die toestand was baie ernstig en in dieselfde jaar nog is 'n Departementele Kommissie deur die Minister van Onderwys benoem om die gebouenood van die Unie-Onderwysdepartement na te gaan. Die Kommissie het bouwerk ten bedrae van ongeveer £700,000 voorgestel en onder andere daarop gewys dat die doeltreffendheid van die onderwys aansienlik gestrem word deur gebrek aan behoorlike en voldoende akkommodasie „and that the development of a sense of decency and respectability, which is of the greatest importance in all educative work, is in many cases rendered impossible by the sordid conditions under which the work has of necessity to be done.”³⁾

Twee jaar later het die Tweede Wêreldoorlog uitgebreek en saam daarmee drastiese inkorting van die algemene bouprogram, sodat die gebouenood by die skole ernstig toegeneem het.⁴⁾

Die toestand van sommige geboue by sekere skole blyk uit die jaarverslae van die hoofde.

Die hoof van King William's Town verwys in 1942 na sommige geboue wat uit 1835 dateer wat geen opvoedkundige inspirasie was nie. 'n Groot struikelblok en hindernis in sy skool was die „delapidated and utterly shoddy conditions of the class-rooms”. Hy lug verder die mening dat 'n vereiste vir die vordering van leerlinge was „that they must be accommodated in roomy, cheerful class-rooms with proper equipment and if the staff are required

1) Report of the Union Education Departement 1937, 43.

2) Ibid., 43.

3) Ibid., 43.

4) Jaarverslag van die Unie-Onderwysdepartement 1941-45, 7.

to give their best they must be put in surroundings which inspire and not discourage." ¹⁾ Die klaskamers was nog bouvallig sewentien jaar na die stigting van die skool.

Ag-en-dertig jaar nadat die inrigting te Houtpoort, naby Heidelberg, Tvl., verander is tot 'n opvoedkundige instelling, rapporteer die Sekretaris van Onderwys ²⁾ in 1950 dat die werkswinkels wat van hout en sink vervaardig was en uit die tydperk van die Anglo-Boereoorlog dateer, erg vervalle en totaal ongeskik vir hulle doel was. In Standerton is daar in dieselfde jaar, d.w.s. een-en-veertig jaar na sy stigting in 1909, ook nog gebruik gemaak van geboue uit dieselfde geskiedkundige tydperk, wat reeds weens hulle bouvalligheid gekondemneer was, maar in gebruik gehou moes word weens gebrek aan akkommodasie. Die hoof beskryf daardie geboue as „sink-wrakke wat reeds die ruïnestadium bereik het." ³⁾ In Rustenburg was die fasiliteite in 1950, d.w.s. elf jaar na die stigting van die skool nog „jammerlik ondoeltreffend" on die beskikbare werkswinkels in 'n „ongehoorde onhigiëniese toestand." ⁴⁾

Die Unie-Onderwysdepartement was en is bewus van die toestande, reeds vanaf 1917 toe daar gepleit is vir „whole measures," ⁵⁾ want beplande geboue en inrigtings is van groot belang by die heropvoeding van gedragsafwykende kinders en hulle wat uit verwaarlosing kom. Die werk aan die skole is van so 'n aard dat dit besondere hoë eise aan die personeel stel. Doel-treffende geboue is nie alleen 'n groot opvoedkundige bate vir enige skool nie, maar 'n onontbeerlike vereiste en hulpmiddel ter verligting van die taak van die nywerheidskoolpersoneel. ⁶⁾

1) Jaarverslag van die hoof, Nywerheidskool, King William's Town 1942.

2) Report of the Department of Education, Arts and Science 1950, 8.

3) Jaarverslag van die hoof, Vaalrivier-nywerheidskool 1950.

4) Jaarverslag van die hoof, Nywerheidskool Rustenburg, 1950 en Departementele Opname 9.12.1949.

5) Report of the Under Secretary for Education 1917, 75.

6) Jaarverslag van die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap 1948, 12.

Die vraag wat dus vanself na vore spring, is waarom het die posisie t.o.v. geboue deur al die jare so onbevredigend gebly en watter oplossing kan aan die hand gedoen word ter verligting daarvan?

Ongunstige ekonomiese en ander omstandighede wat die land van tyd tot tyd geteister het en wat finansiële uitgawes soos die aan staatsgeboue verbonde noodwendig besnoei het, is reeds vroeër in hierdie paragraaf aangehaal. Daar moet egter ook op twee ander aspekte gewys word, probleme van administratiewe aard wat die uitbreiding en beplanning wat die Onderwysdepartement in verband met sy skole beoog, dikwels op ernstige wyse vertraag en selfs totaal verongeluk.

In die eerste instansie is die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap 'n staatsdepartement wat vir sy jaarlikse finansiële toekenning, net soos al die ander verskillende staatsdepartemente, op Tesourie toegewys is. En daardie bewilliging moet voorsien in die behoeftes van al die verskillende skole wat onder die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap ressorteer en oor die hele land verspreid lê. In die tweede plek is die Onderwysdepartement op 'n ander staatsdepartement, nl. die Departement van Openbare Werke, toegewys vir die uitvoering van al sy vernaamste boudienste.

Blykens 'n opgawe oor die tydperk 1940 - 1951, wat nou wel die oorlogsjare insluit maar darem tog die probleem illustreer, is dit baie duidelik dat geld vir groot nuwe werke, d.w.s. vir skoolgeboue duurder as £4,000, nie maklik bewillig word nie. Oor daardie tydperk het die Onderwysdepartement jaarliks geboue ter waarde van gemiddeld £697,100 aangevra. Geboue met 'n gemiddelde waarde vir al sy skole van £106,759 is jaarliks goedgekeur, d.w.s. £16.8 vir elke £100 wat aangevra is.¹⁾ En van daardie geboue kon die Departement van Openbare Werke jaarliks slegs 51% afhandel.²⁾

1) Jaarverslag van die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap 1950, 7.

2) Ibid., 8.

Met inagneming van die voorafgaande feite is dit begryplik waarom so dikwels van ou bestaande geboue gebruik gemaak moes word en waarom die posisie in verband met skoolgeboue so onbevredigend bly. Die nodige gelde word nie in voldoende mate bewillig nie en waar gelde toegestaan word, is die Departement van Openbare Werke nie by magte om meer as die helfte af te handel nie.

Dit is egter 'n baie belangrike saak. Die lewe, die gesondheid, die geluk, die toekoms van duisende kinders is egter op die spel sowel as die deeglikheid en doeltreffendheid van die opvoedingswerk wat deur die personeel verrig word. Die versorging en opvoeding van die sorgbehoewende kind is 'n verantwoordelikheid wat die Staat aanvaar het met die stigting van die eerste nywerheidsskool en verder bestendig het met die aanname van die Kinderwet van 1937. Dit is derhalwe die plig van die Staat om te verseker dat hierdie gespesialiseerde werk nie gestrem word deur gebrekkige fasiliteite en ontoereikende fondse nie.

Soos die posisie tans is, is slegs vyf van die bestaande sestien nywerheidsskole gehuisves in geboue wat oorspronklik vir opvoedkundige doeleindes gebou is. Die opvoedingswerk van die skool moet dus dikwels by die aard van die bestaande gebou aangepas word. Oorbevolking in koshuise was al dikwels 'n probleem.¹⁾ En om geboue enigsins aan 'n opvoedkundige doel te laat beantwoord moes die meeste skole self omskeppingswerk onderneem. In baie gevalle moet die idealisme van die personeel maar vergoed vir die gebreke van die geboue.

Alhoewel die Onderwysdepartement nie van alle blaam in verband met die toestand onthef kan word nie, dui die getuienis daarop dat die huidige administratiewe stelsel van die land hoofsaaklik verantwoordelik is vir die meeste van die tekortkominge. Die oplossing skyn dan ook daarin geleë te wees dat die Onderwys-

1) Jaarverslag van die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap 1950, 8 - 9.

departement self verantwoordelik gestel word, in samewerking en koördinasie met die Departement van Openbare Werke, vir die oprigting en instandhouding van sy skool- en ander geboue vir sover dit die inrigtings raak. Gedeeltelik word hierdie beleid reeds gevolg en ongeveer 50% van die bouwerk by seunskole wat oor hulle eie bouspanne beskik, word deur sulke skole self onderneem.¹⁾ Sulke bouspanne word in die meeste gevalle bygestaan deur gekwalifiseerde ambagsmanne wat deur die Onderwysdepartement op 'n tydelike grondslag as hulp-vakonderwysers aangestel word. Dit plaas wel meer verantwoordelikheid en pligte op die skouers van die skoolhoof wat in sommige opsigte dan ook bou-aannemer word, maar die resultaat loon die moeite. 'n Uitbreiding van hierdie stelsel, sodat al die nywerheidskole minstens daardeur kan baat, sal verligting bring en die skole in die posisie stel om die regte soort gebou vir sy spesifieke opvoedkundige doel te bekom.

Die feit dat onder die dwang van omstandighede daar in die verlede dikwels gebruik gemaak moes geword het van bestaande geboue, ongeag die ondoeltreffendheid in baie gevalle, was verantwoordelik daarvoor dat die Onderwysdepartement nie altyd uitvoering kon gee aan amptelik erkende opvoedkundige beskouing nie. So is daar byvoorbeeld nog altyd, vanaf 1917²⁾ tot op die huidige,³⁾ amptelik verklaar dat klein koshuiseenhede so na aan die gesinsomstandighede as moontlik, uit 'n opvoedkundige oogpunt beskou as die geskikste vir die versorging van die inrigtingskind geag word. In die praktyk moes die skole hulle koshuise aanpas by die patroon wat die gebouekompleks daargestel het.

Dit het ook, soos in Hoofstuk III aangetoon, die

-
- 1) Jaarverslag van die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap 1952, 6, en 1953-1954, 8.
 - 2) Child Welfare Conference 1917, 75.
 - 3) Verslag van die Nasionale Konferensie oor Kinderinrigtings 1951, 31 - 32.

toepassing van 'n doeltreffende stelsel van opvoedkundige klassifikasie tussen skole, ooreenkomstig die behoeftes van leerlinge, dikwels vertraag. Daar is eenvoudig gewag met die stigting van sommige nuwe skole totdat staatsgeboue êrens beskikbaar was.

2. DIE NOODSAAKLIKHEID VAN KLASSIFIKASIE.

(a) Afsonderlike skole.

Kinders, selfs van gelyke ouderdom en van dieselfde ras, verskil op baie maniere fundamenteel van mekaar. Dit is 'n algemeen aanvaarde sielkundige feit.¹⁾ Hiermee moet rekening gehou word by die onderwys en opvoeding van die kind en by al die aktiwiteite wat daarmee in verband staan; ook by die doelstelling van die opvoeding sowel as by die bepaling van die inhoud en metode. Met hierdie belangrike feit wil die nywerheidskool ook rekening hou wanneer daar in die belang van die kind 'n eksterne klassifikasie tussen nywerheidskole gemaak word.

Dit is nie prakties moontlik om elke individu afsonderlik te onderrig en op te voed in ons huidige maatskaplike omstandighede nie, derhalwe vind ons in die massa-opvoeding, terwille van die individu, 'n samegroepering in min of meer homogene groepe van „opvoedkundige tipes,”²⁾ kinders wat min of meer fisiologies, psigologies en pedagogies bymekaar pas en met mekaar ooreenstem.

Die totstandkoming van die nywerheidskool in Suid-Afrika in belang van die sorgbehoewende kind berus reeds op die erkenning en aanvaarding van die sielkundige feit van individuele verskille en die moontlikheid om die individu doeltreffender te

1) Coetzee : Inleiding tot die Algemene Empiriese Opvoedkunde, 110 - 112.

Ellis : The Psychology of Individual Differences.

Freeman : Individual Differences.

Munn : Psychology, 7, 28, 35, 160.

Mursell : Psychology for Modern Education, 528.

Verslag van die Nasionale Konferensie oor Kinderinrigtings 1951, 18 - 22.

2) Coetzee : Inleiding tot die Algemene Empiriese Opvoedkunde, 111.

versorg en op te voed in sy opvoedkundige groepering.

Met die stigting van die eerste skool te Standerton is slegs rasse-klassifikasie toegepas. Die skool was alleenlik vir blanke kinders toeganklik. Verder was daar aanwesig, soos in Hoofstuk III aangetoon, kinders van albei geslagte, van feitlik alle ouderdomme, skoolstanderds en verstandelike vermoëns. Met die stigting in 1912 van die nywerheidsskool vir seuns te Heidelberg, Transvaal, is oorgegaan tot die skeiding van die seuns en dogters. Toe 'n verbeteringskool vir seuns in dieselfde jaar te Houtpoort, digby Heidelberg, gestig word, ¹⁾ kon leerlinge met ernstige gedragsafwykings daarheen oorgeplaas word en kon groepering op die grondslag van karakterafwyking in beperkte mate toegepas word.

Die toestand het egter onbevredigend gebly en met die oornome van die nywerheidsskole deur die Unie-Onderwysdepartement, is die noodsaaklikheid van 'n doeltreffende stelsel van klassifikasie tussen skole sterk beklemtoon ²⁾ en herhaaldelik daarna. Eers na 1937 egter, met meer skole tot die beskikking van die Onderwysdepartement en met meer ervare en opgeleide personeel beskikbaar, kon tot 'n doeltreffender stelsel van klassifikasie tussen nywerheidsskole oorgegaan word.

Daar bestaan tans 16 nywerheidsskole wat ongeveer 2,300 leerlinge huisves. Klassifikasie tussen die skole berus op die volgende grondslae:

(i) Ras. Vyftien van die skole is slegs vir blankes en een, te Ottery, is bedoel vir kleurlinge. Dit kom ooreen met die tradisionele sienswyse in Suid-Afrika dat afsonderlike skoolvoorsiening vir blanke en nie-blanke kinders onderskeidelik gemaak word. 'n Leemte bestaan egter daarin dat daar vir natuurlike kinders nie 'n nywerheidsskool bestaan nie. Sorgbehoewende natuurlike kinders beland nou met geharde jeugdige oortreders saam in

1) Report of the Department of Justice 1912, 274.

2) Report of the Under Secretary for Education 1918, 76.

dieselfde verbeteringskool.

(ii) Geslag. Daar is afsonderlike nywerheidskole vir dogters en seuns. Sewe skole neem net dogters op en nege alleenlik seuns. Alhoewel daar voordele in koëdukasie is, het ervaring alhier ¹⁾ en in feitlik soortgelyke inrigtings oorsee ²⁾ geleer dat afsonderlike skole vir die twee geslagte opvoedkundig doeltreffender is. Alhoewel koëdukasie sy voorstanders onder die opvoedkundige denkers het, is daar prinsipiële en praktiese besware daarteen selfs in die gewone skole vir die rypende jeug. Daar is tussen die twee geslagte op daardie stadium sekere belangrike verskille t.o.v. liggaamsbou, -krag, en -groei; intellektuele verskille, verskille in belangstelling en uiteindelik baie belangrike verskille in hulle toekomstige lewensroeping. ³⁾ Bykomend hierby het die nywerheidskool soms te doen met die moreel verstompte en gedragsafwykende leerling wat kan lei tot ernstige probleme in 'n gemengde skool. Die praktiese aard van die opleiding leen hom ook tot 'n natuurlike skeiding van die twee geslagte.

In die afsonderlikheid van die skole lê egter die gevaar en tekortkominge van sosiale isolasie. Weens die aard van die skool en sy ligging, ⁴⁾ in sommige gevalle, is natuurlike omgang van die kinders met die publiek en met jeug van die teenoorgestelde geslag feitlik uitgesluit. En in die rypingsjare van die kind is dit 'n sielkundige behoefte. Aparte skole vir seuns en dogters binne bereikbare afstand van mekaar sou in hierdie behoefte kon voorsien.

(iii) Ouderdom. Ooreenkomstig die bepalings van die Kinderwet ⁵⁾ kan 'n kind op enige ouderdom na die nywerheidskool gekom-

1) Die skole te Standerton en Tempe, Bloemfontein, was aanvanklik gemengde skole.

2) British Home Office : Making Citizens, 17 - 18.

Fenton : The Delinquent Boy and the Correctional School, 20 - 21.

3) Vgl. Coetzee : Inleiding tot die Algemene Teoretiese Opvoedkunde, 387 - 388.

4) Vgl. byv. die Jaarverslag van die prinsipale, Nywerheidskool Ladybrand, 1950.

5) Artikel 29(a)(1) van Wet No. 31 van 1937.

mitteer word. Kragtens 'n ooreenkoms met gesertifiseerde inrigtings in 1924 ¹⁾ word kinders onder die ouderdom van veertien jaar na laasgenoemde inrigtings toegewys. Na die ouderdom van veertien jaar bereik is, kan leerlinge vir beroepsonderwys of weens wangedrag na nywerheidskole oorgeplaas word. ²⁾ Leerlinge bokant die ouderdom van veertien jaar kan ook regstreeks deur kommissaris van kindersorg na die skole verwys word. Die nywerheidskool is dus afgesonder vir die jongmens tussen veertien en een-en-twintig jaar.

(iv) Tipe kind. Die Onderwysdepartement onderskei tussen die volgende tipes kinders en het skole geskep waar spesiale fasiliteite en personeel, ooreenkomstig die besondere behoeftes van sulke leerlinge, voorsien word:

(1) Verstandelik vertraagde en agterlike kinders.

Daar bestaan vier skole vir dogters en drie vir seuns van hierdie soort.

(2) Intelligente kinders van goeie gedrag.

Die Onderwysdepartement het een skool elk vir seuns en dogters van hierdie tipe opgerig, waar hulle onder meer 'n handelsopleiding kan geniet.

(3) Aanleg vir gevorderde tegniese werk.

Gewone nywerheidskoolseuns wat aanleg toon vir gevorderde tegniese werk kan na 'n bepaalde nywerheidskool oorgeplaas word vir hierdie opleiding.

(4) Leerlinge met ernstige gedragsafwykings.

Daar bestaan een skool waarheen seuns met ernstige gedragsafwykings, in 'n laaste poging om te probeer verhoed dat hulle in die verbeteringskool beland, gestuur kan word.

Klassifikasie tussen nywerheidskole geskied dus op grond van ras, geslag, verstandelike vermoëns en gedragsafwyking.

1) Jaarverslag van die Unie-Onderwysdepartement 1925, 58.

2) Verslag van die Nasionale Konferensie oor Kinderinrigtings 1951, 45.

Prinsipieël moet egter ook vir afsonderlike skole op grond van die kind se moedertaal gepleit word. Soos in die vorige hoofstuk aangedui, word daar nie voorsiening gemaak vir enkelmedium of moedertaal-nywerheidskole nie. As dit van toepassing is op die normale kind in die gewone skool dat hy die beste verstandelik, geestelik, sedelik en maatskaplik ontwikkel as hy sy onderrig en opvoeding deur medium van sy moedertaal ontvang, dan geld dit nog in meerdere mate vir die nywerheidskoolkind wat so dikwels skolasties vertraag en kultureel-nasionaal afgestomp is. Die onderwys- en algemene administrasiewerk in die skool sal ook verlig word omdat duplisering uitgeskakel kan word.

Die huidige klassifikasie van nywerheidskole kan as volg opgesom word:

TABEL XXIII.

Klassifikasie van Nywerheidskole in Suid-Afrika.

Geslag	Soort leerling.	Opleiding.	Skool.
Seuns	Normale Intelligensie	Tegniese Vakke	Heidelberg, Tvl.
	Normale Intelligensie	Tegniese Vakke	King William'st.
	Normale Intelligensie	Tegniese Vakke	Vaalrivier, Standerton.
	Normale Intelligensie & Subnormale Leerlinge	Tegniese Vakke	Queenstown.
	Normale Intel.na St.V	Tegniese en Handelsvakke	George.
	Subnorm.Intelligensie	Ambagsopleiding	Dewetsdorp.
	Subnorm.Intelligensie	Ambagsopleiding	Luckhoff, Hei- delberg, Tvl.
	Gedragsafwykende leer.	Tegniese Vakke	Rustenburg
Dog- ters	Normale Intelligensie	Huishoudkunde	George Hofmeyr, Standerton.
	Normale Intel.na St.V	Huishoudkunde en Handel	Tempe, Bloem- fontein.
	Normale Intel.na St.V	do.	Paarl.
	Subnormale Intelligens.	Huishoudkunde	Ladybrand.
	do. do.	do.	Wolmaransstad.
	do. do.	do.	Oudtshoorn.
	do. do.	do.	Die Vlakte, Standerton.
Kleur- ling- seuns	Normale en Subnormale Intelligensie.	Ambagsopleiding en Hande- arbeid.	Ottery, K.P.

Tabel XXIII dui nie slegs aan welke faktore 'n rol speel in die huidige klassifikasiebeleid van die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap t.o.v. sy nywerheidskole nie, maar dit toon ook hoe die inhoud van die onderwys gedifferensieer word ooreenkomstig die behoeftes van die groep in die betrokke skool. Die klassifikasie tussen nywerheidskole en die differensiasie van onderwys wat daarmee saamgaan, wil dus in die praktyk rekening hou met die individuele verskille tussen kinders.

'n Probleem wat eintlik buite die gesag van die nywerheidskool val, maar wat tog die skool in sy diepste wese raak en wat nog op 'n oplossing wag, is geleë in die wyse waarop wetsbestede kinders na die verskillende nywerheidskole toegewys word.

Om die posisie te begryp, moet daar eers op gewys word dat 'n kind langs een van twee weë die nywerheidskool kan bereik: (1) Hy kan direk na die skool verwys word deur die kommissaris van kindersorg via die Onderwysdepartement wat op grond van die ingelewerde hofstukke die kind by 'n skool indeel volgens sy opvoedkundige behoeftes op papier beoordeel. So 'n kind is gewoonlik veertien jaar of ouer en word heel dikwels weens onbeheerbaarheid tuis gekommitteer. ¹⁾

(2) Die kind kan ook na die bereiking van sy veertiende jaar en op grond van sy begeerte of aanleg vir beroeps-
onderwys en/of na voltooiing van die laerskoolkursus, vanaf 'n gesertifiseerde of nie-gesertifiseerde kinderinrigting na die nywerheidskool oorgeplaas word. Dit geskied jaarliks ²⁾ gewoonlik aan die begin van die nuwe skooljaar en soos uit Grafiek VI blyk, bestaan die meerderheid nuwe toelatings gewoonlik uit hierdie leerlinge, wat dus reeds ervaring van inrigtingslewe het. Die keuring en klassifisering van hierdie leerlinge vind in die kinderinrigting plaas op grond van die betrokke kind se begeerte

1) Annual Report Department of Education, Arts and Science 1949, 13. Vide Artikel 29(1)(a) van Wet No. 31 van 1937.

2) Jaarverslag van die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap 1951, 23.

— GRAFIEK VI —

GRAFIEK AANTONENDE DIE AANTAL LEERLINGE
WAT JAARLIKS VAN KINDERINRICHTINGS OORGEPLAAS
WORD, WAT DIREK GEKOMMITTEER WORD EN
WAT VAN DIE EEN NYWERHEIDSKOOL NA 'N
ANDER OORGEPLAAS WORD.

1946 - 1953



— OORGEPLAAS VAN KINDERINRICHTINGS

--- DIREK GEKOMMITTEER

== OORGEPLAAS VAN ANDER NYWERHEIDSKOLE

om na 'n spesifieke skool te gaan, ¹⁾ wat soms bepaal word deur die feit dat 'n broer of vriend hom daar bevind, en op kennis by die inrigtingspersoneel betreffende die kind en die kursusse aan die nywerheidskool. Dit het al in die praktyk voorgekom, maar dit is nie die gereelde prosedure nie, dat amptenare van die Onderwysdepartement en Departement van Volkswelsyn sekere inrigtings saam besoek om leerlinge wat vir oorplasing in aanmerking moet kom, uit te soek. ²⁾ Die finale toewysing na besondere skole berus egter by die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap.

Tydens die Konferensie in verband met kinderinrigtings in Suid-Afrika ³⁾ is die mening tereg gehuldig dat nóg die hof, nóg die Onderwysdepartement wat die kind meesal nie sien nie, nóg die kinderinrigting wat meesal nie oor die nodige opgeleide personeel beskik nie, in staat is om 'n juiste wetenskaplik gefundeerde klassifikasie t.o.v. die geskikte nywerheidskool vir die kind te maak. Die opvoedkundige beginsels waarop eksterne klassifikasie berus, is die spesiale individuele behoeftes van elke kind. En ten einde aan die hoogste eise van die opvoedkunde te voldoen, mag toevalligheid by toewysings nie 'n rol speel nie. In die geval van direkte toewysings moet dus gepleit word vir 'n klaring- of deurgangnywerheidskool met 'n wetenskaplik opgeleide personeel wat die kinders kan waarneem en toets en na die aangewese skool vir die „tipe“ kind stuur, min of meer soortgelyk aan die „Classifying schools“ in verband met die „Approved schools“ in Engeland, ⁴⁾ en ooreenkomstig die oorspronklike plan van die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap met die stigting van die Queenstownse nywerheidskool in 1946. ⁵⁾ Die ongunstige geografiese

-
- 1) Uit amptelike stukke wat oorgeplaasde leerlinge na die nywerheidskool vergesel.
 - 2) Jaarverslag van die Departement Onderwys, Kuns en Wetenskap, 1950, 17.
 - 3) Verslag van die Nasionale Konferensie oor Kinderinrigtings 1951, 49.
 - 4) British Home Office : Directory of Remand Homes, Approved Schools, etc. 1952, 4.
 - 5) Jaarverslag van die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap 1951, 23.

ligging van Queenstown het waarskynlik die aangeleentheid onekonomies gemaak want daar kon geen daadwerklike amptelike verdere optrede om die doel te verwesenlik, gevind word nie, en geleidelik het die gedagte op die agtergrond geraak en uiteindelik verdwyn sodat bogenoemde skool vandag 'n gewone nywerheidsskool is. 'n Sorteerskool in die suide en een in die noorde elk vir seuns en dogters sal onekonomiese lang reise tot 'n mate uitskakel en kan sekere plekke van veiligheid en bewaring vervang in dié opsig dat kinders direk na die klaringskool verwys kan word. Sulke skole sal opvoedkundig en op natuurlike wyse aansluit by die nywerheidsskool; sal die toekomstige skool van nuttige sielkundige en skoollastiese data kan voorsien en die kind positief voorberei, sodat hy sonder veel tydversuim en geestelik reg ingestem so gou as moontlik ingeskakel kan word in die skoolwerkzaamhede. Die sielkundige aan laasgenoemde nywerheidsskool sal dan meer tyd tot sy beskikking hê vir noodsaaklike kliniese werk as wat tans die geval is.

Die feit dat plekke van veiligheid en bewaring in die geval van die direkte gekommitteerde kind deur 'n sorteer-skool uitgeskakel word, beteken dat hy as nuweling onmiddellik die nodige sielkundige aandag geniet i.p.v. dat hy maande, soos soms die geval is, onkonstruktief, sonder skoolbywoning of opvoedkundige behandeling, sy tyd moet sit en verwyf, dikwels in die geselskap van geharde weglopers uit nywerheids- en verbeteringsskole, terwyl daar gewag word op 'n beslissing van die Onderwysdepartement en op 'n vakature in die soms oorvol skole.¹⁾ Dit sal ook die euwels van verdeelde beheer uitskakel, aangesien plekke van veiligheid en bewaring onder die Departement van Volkswel-syn ressorteer.

In die geval van die jaarlikse oorplasings van kinderinrigtings sou 'n rondreisende span bestaande uit minstens 'n sielkundige, 'n opvoedkundige en 'n maatskaplike werker(ster)

1) Soos dikwels blyk in die geval van regstreekse verwysings na nywerheidsskole en onderhoude met nuwe toelatings.

onder die beheer van die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap jaarliks die vernaamste inrigtings kon besoek en in samewerking met die inrigtingspersoneel die nodige klassifikasie maak. Dit kan terselfdertyd bydra tot 'n nouer samewerking tussen die Departement van Volkswelsyn en Onderwys, Kuns en Wetenskap en tot 'n verwydering van bestaande onkunde en wanbegrippe by sommige gesertifiseerde inrigtings t.o.v. die nywerheidsskool en die werk wat daar gedoen word. ¹⁾

Doeltreffende eksterne klassifisering op wetenskaplike grondslag kan tot 'n groot mate verseker dat die kind geplaas word in dié skool waar aan sy opvoedkundige behoeftes voldoen sal word, en kan voorkom dat psigopatiese tipes en ander kinders met skerp afwykende gedrag in skole geplaas word wat aan hulle nie die nodige aandag kan skenk nie en waar hulle skadelike invloed op medeleerlinge kan uitoefen. Dit gebeur dikwels dat die goeie gees en toon van 'n skool wat oor 'n lang tydperk opgebou is, in 'n oomblik deur 'n wangeplaaste leerling beskadig word. Volgens skoolhoofde is 'n mens - in hierdie geval die Onderwysdepartement - te geneig „om die enkeling raak te sien en die groot skade wat aan die groep berokken word, uit die oog te verloor.“ ²⁾

Hierdie voorgenoemde suggesties sal moontlik groter finansiële laste van die Staat verg, alhoewel dit nie opsienbarend behoort te wees nie. En aangesien, soos tereg aangevoer word deur die Sekretaris van Onderwys, Kuns en Wetenskap, ³⁾ die versorging van die sorgbehoewende kind 'n verantwoordelikheid is wat die samelewing aanvaar het en die opvoeding en heropvoedingswerk aan die nywerheidsskole van die „grootste nasionale belang“ is, moet die gemeenskap gevolglik ook verseker „dat hierdie delikate en hoogs gespesialiseerde werk nie in die wiele gery word weens gebrekkige fasiliteite en ontoereikende fondse nie.“

1) Jaarverslag van die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap 1950, 7. Vgl. ook Verslag van die Nasionale Konferensie oor Kinderinrigtings 1951.

2) Jaarverslag van die hoof, George Hofmeyr Nywerheidsskool, Standerton 1951. Dit is ook die ondervinding van ander skole.

3) Jaarverslag van die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap 1948, 12.

Reeds in 1917 het die Onder-Sekretaris van Onderwys,¹⁾ met diepgaande insig in die wese en behoeftes van die nywerheidsskool, verklaar dat halfhartige pogings die werk sou verongeluk. Wat nodig was, was „whole measures - whole as against half or half-hearted measures. But whole measures mean money ... Whole measures mean the application of the scientific method." Dit is tans nog van toepassing, maar in teenstelling met 1917 is wetenskaplik opgeleide personeel vandag wel beskikbaar.

Keuring op 'n wetenskaplik opvoedkundige basis buite die nywerheidsskool sal ook bydra tot doeltreffender interne klassifisering van leerlinge en die voorkoming van talle aanvanklike te-leurstellings en probleme met nuwe leerlinge.

(b) Klassifikasie binne die nywerheidsskool.

Die praktiese opvoeding vereis 'n behoorlike klassifisering van leerlinge binne die skool. Omdat daar reeds groeperinge buite die skool gemaak is, is dit vir elke nywerheidsskool slegs nodig om sy leerlinge in te deel ooreenkomstig hulle skolasiese behoeftes, volgens die ambags- of beroepskundige rigting wat gevolg gaan word en in koshuisgroepe volgens beleid. Die klassifikasie van leerlinge binne die skool vloei voort uit die organisasie van die skool soos bepaal deur die Onderwysdepartement en die skoolhoof en dit hou rekening met die algemene en spesifieke doelstelling van die bepaalde nywerheidsskool, die personeelvoorsiening, die soort onderrig wat die skool bied, die leerstof, die metode en selfs soms die beskikbare geboue.

Die meeste nywerheidskole bied laer en middelbare onderwys, benewens ambags- of ander beroepsopleiding en leerlinge word hoofsaaklik daarvolgens geklassifiseer, en ook daarvolgens in klasse of groepe ingedeel.

Die beskikbare koshuis-, klaskamer-, en werkswinkel-

1) Report of the Under Secretary for Education 1917, 75.

akkommodasie bepaal in die reël die leerlingtal van die nywerheid-skool; die leerlingtal weer die personeelvoorsiening met uitsondering van enkele gespesialiseerde betrekkings. Onderwysers word op die volgende grondslag voorsien: ¹⁾

<u>Leerlingtal.</u>	<u>Aantal onderwysers.</u>
45 en minder	1
46 - 74	2
75 - 104	3
105 - 139	4
140 - 179	5
180 - 219	6 ens.

Onderwyser-sielkundiges en leerkragte spesifiek vir liggaamlike opvoeding word nie hierby in berekening gebring nie, omdat hulle in die reël nie gewone skoolklasse waarneem nie.

Volgens die bostaande gegewens wissel die maksimum aantal leerlinge per onderwyser tussen 34 en 37 in die skole waar daar meer as een leerkrag beskikbaar is, maar omdat die helfte van die leerlinge gelyktydig praktiese opleiding ontvang, sal die klas se op skool ongeveer 18 per onderwyser beloop. Die feit dat die vise-hoof nie voltyds kan onderwys gee nie, sal die kwota beïnvloed, maar in die praktyk word die onderwyser vir liggaamlike opvoeding vir enkele klasse gebruik sodat die ewewig weer op daardie wyse herstel word.

Hierdie betreklike klein klasse is bevorderlik vir individuele onderwys, wat nywerheidskoolonderwys inderdaad tot 'n groot mate is. Die feit dat skole vir leerlinge met subnormale intelligensie op 'n gelyke grondslag behandel word met die skole met normale leerlinge lewer egter grond vir beswaar. Die subnormale leerling vereis veel meer aandag en persoonlike bystand en 'n klasindeling van 12 tot 15 leerlinge per onderwyser word derhalwe aanbeveel.

1) Ampsbrief No. 14/86/50 van 28 November 1957.

Die nywerheidskool het vir sover dit sy leerling betref, ook nog te kampe met probleme wat op fundamentele wyse verskil van die van die gewone skool, en wat die klassifikasie binne die skool in homogene onderwysgroepe erg bemoeilik.

Die leerlinge kom uit alle oorde van die land, uit alle soorte skole en word op alle tye van die jaar, indien dit nodig geag word en akkommodasie beskikbaar is, aan die nywerheidskool opgeneem. Tabel XXIV¹⁾ toon hoedat leerlinge dwarsdeur die jaar toegelaat word.

TABEL XXIV. ¹⁾

Aantal nuwe leerlinge elke maand toegelaat gedurende 1952.

	Vaalrivier. S.	King Wil. Town. - S.	Tempe D.	George S.
Januarie	26	51	29	48
Februarie	2	3	3	0
Maart	0	3	2	1
April	2	5	1	1
Mei	1	7	2	4
Junie	0	1	4	4
Julie	2	5	5	1
Augustus	5	6	1	7
September	5	3	1	3
Oktober	4	6	1	2
November	3	1	2	2
Desember	0	0	0	0

S = Seunskole. D = Dogterskole.
Slegs 'n paar skole om as voorbeeld te dien, is geneem.

Die meerderheid leerlinge word aan die begin van die jaar toegelaat en is hoofsaaklik afkomstig vanaf die gesertifiseerde inrigtings. Die ander is direkte kommitterings.

1) Uit jaarverslae van die betrokke skole, 1952.

Skolastiese probleme geskep deur so 'n voortdurende toelating van nuwe leerlinge, is voor die hand liggend. Homogene groepe op grond van skoolvordering is feitlik onmoontlik, want nie alleen is die nuwelinge in verskillende skoolstanderds nie, maar daar heers 'n groot verskil in bekwaamheid sodat daar in 'n standaard V-klas ten opsigte van bekwaamheid in die onderskeie skoolvakke maklik 'n verspreiding getoon kan word wat varieer van 'n standaard II tot 'n standaard V-peil.

Die direk gekommitteerde leerling word gewoonlik weens onbeheerbaarheid na die nywerheidskool gestuur; ¹⁾ heel dikwels weens herhaaldelike skoolversuim, en soms na 'n maandelange verblyf in die bewaringsplek waar hy nie skoolklasse bygewoon het nie. So 'n leerling kom gewoonlik met teësin en onder protes na die nywerheidskool en vir skoolgaan is daar in die reël by hom weinig sinningheid. Heel dikwels is hy ernstig vertraag op skolastiese gebied weens onderbroke skool, skoolversuim, ekonomiese omstandighede tuis, swak ouerlike beheer, moreel versonke ouerhuise of gebrek aan geleenthede, ²⁾ en omdat hy alreeds in die moeilikheid beland het in die gewone skool, is hy geneig om sy verwysing na die nywerheidskool te beskou as straf vir sy verkeerde daade, en die skool as 'n strafinrigting waar hy vir 'n bepaalde tyd aangehou word. Sulke leerlinge doen soms ernstige skade aan die toon en gees van die klas of skool wat lank geneem het om op te bou. Hulle is in die reël taamlik oud, was lede van jeugbendes, het ruim ervaring van sekere fasette van die lewe en vind die beperkte vryheid van die skool aanvanklik baie moeilik om te aanvaar.

Met hierdie probleme moet die nywerheidskool rekening hou by die indeling van sy leerlinge in klasgroepe of in die koshuise.

1) Annual Report Department of Education, Arts and Science 1949,13.
Vgl. ook Jaarverslag van die Nywerheidskool Heidelberg, Tvl.1952.
2) Soos blyk uit hof- en Volkswelsynverslae.

Met inagneming van die voorgenoemde probleme van leerlinge en op grond van prestasies behaal in toetse wat op elke nuwe leerling deur die onderwyser-sielkundige toegepas word, word leerlinge soveel moontlik in min of meer homogene groepe of skoolstanderds ingedeel.

Skole vir leerlinge met subnormale intelligensie maak voorsiening vir alle klasse tot en met standerd ses. Aan die gewone nywerheidskool bestaan die laagste klasse nie; daar is gewoonlik een of meer spesiale of aanpassingsklasse vir vertraagde leerlinge en vir leerlinge met spesifieke skolastiese probleme. Remediële onderwys vorm dan ook 'n deel van hulle onderwysprogram.

Bevordering in die primêre klasse geskied aan die einde van die skooljaar na aflegging van klaseksamens. Standaard ses-leerlinge lê interne eksamens af, maar word deur die inspekteur van nywerheidskole bevorder. Na standerd ses skryf alle leerlinge die Departementele eksamens.


By die keuring van leerlinge vir bepaalde ambagte of beroepe word leerlinge se keuse in aanmerking geneem, maar ook beroepsaanleg en belangstelling soos deur toetsing geopenbaar; dikwels is beskikbare werkswinkelakkommodasie egter die beslissende faktor. Ambagsklasse is oor die algemeen klein. 'n Assistent word toegestaan sodra die leerlingtal 30 oorskry. Soos in die klaskamer, is individuele aandag in die werkswinkel ook 'n vereiste en persoonlike aandag aan elke leerling 'n noodsaaklikheid. Daar is boonop die wesenlike gevaar dat leerlinge in die werkswinkel beseer mag raak as klasse te groot is.

Die klassifikasie binne die skool hang dus nou saam met die opvoedkundige behoeftes van die leerlinge; die grootte van die klasse word weer bepaal deur die aantal leerkragte, en laasgenoemde word bepaal deur die Onderwysdepartement, die sentrale beheer.

3. DIE ALGEMENE ORGANISASIE EN ADMINISTRASIE VAN DIE NYWERHEIDSKOOL.

As suiwer staatsinstelling staan die nywerheidskool onder die direkte beheer van die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap. Dit is die sentrale beheer. Daar is egter ook 'n plaaslike adviserende raad. Dit is die plaaslike beheer.

'n Beeld van hoe hierdie sentrale organisasie en beheer en die plaaslike adviserende raad funksioneer t.o.v. die nywerheidskool word weerspieël deur die volgende diagrammatiese voorstelling:



(a) Sentrale beheer.

Die Minister van Onderwys, Kuns en Wetenskap is verantwoordelik, met behulp van sy Departement, d.w.s. die Sekretaris, die Onder-Sekretaris, die vakkundige adviseurs, die inspekteurs, en ander amptenare vir die uitvoering van regeringsbesluite en beleid, vir die opstelling van die nodige ampstukke vir voorlegging aan die Volksraad, vir eie beleidsformulering en vir regulasies en voorskrifte vir die behoorlike administrasie van die skole.

'n Studie van die diagram wys dadelik hoe die funksies van die sentrale beheer in min of meer twee hoofrigtings val, nl. professionele beheer en administratiewe beheer. Hierdie twee rigtings is natuurlik nie van mekaar los te maak nie en in die praktyk word die een deur die ander beïnvloed, omdat die kern en die doelwit van die hele organisasie die bevordering van die onderwys en die opvoeding is.

Die professionele afdeling het hoofsaaklik te doen met die opvoedkundige aspekte van die organisasie soos die aanstelling en bevordering van leerkragte, vise-hoofde en hoofde, leerplanne, eksamens, inspeksie van skole, stigting van nuwe skole, ens. 'n Spesiale inspekteur van nywerheid- en verbeteringskole is hoofsaaklik verantwoordelik vir die toewysing van nuwe leerlinge na bepaalde skole, vir leerlingoorplasings van die een skool na die ander, vir die moderering van vraestelle in verband met interne standaard ses-eksamens en vir die bevordering van leerlinge wat daardie eksamen met welslae afgelê het, en vir die gereelde inspeksie van nywerheidskole waar hy aandag skenk aan die algemene onderwysmetodes, tug en dissipline, leerlingbestuur en enige saak wat die opvoeding van die nywerheidskoolkind raak. Hoë kwalifikasies t.o.v. akademiese opleiding en ervaring word by die aanstelling van persone in hierdie betrekking vereis.

Die administratiewe afdeling is veral verantwoordelik vir die algemene administrasie van die skole, vir die uitvoering van onderwys-, staatsdiens- en tesourieregulasies soos dit in verband met die skole van krag is, sowel as die beheer oor geldelike bestedings, staatseiendom en voorrade by skole. Koshuise en werksinkels bring mee dat sommige skole jaarliks groot geldelike uitgawes maak en waardevolle voorrade en uitrusting aanhou. Om beheer hieroor uit te oefen, word skole gereeld deur voorrade-inspekteurs, ouditeurs en ander amptenare besoek.

Die administratiewe pligte aan die skole verbonde verswaar die pligte van hoofde en bring mee dat meer aandag soms bestee word aan die administrasie as aan die opvoedkundige sy van die werk.

Tog is sentrale beheer wenslik en verkieslik vir sover dit die nywerheidskool aangaan. Die versorging en opvoeding van die verwaarloosde jeug is 'n nasionale saak. Sentrale beheer verseker die nodige fondse en 'n uniforme staatsbeleid.

Voorsiening word egter vir 'n mate van plaaslike beheer gemaak.

(b) Plaaslike beheer.

Kragtens artikel 38(3) van die Kinderwet stel die Minister van Onderwys, Kuns en Wetenskap vir elke nywerheidskool 'n raad van toesig aan. In die Regulasies, opgestel kragtens artikel 86 van dieselfde wet, word hierdie rade „beheerrade" genoem en in die Engelse vertaling deurgaans „Boards of Management." Van die onderliggende gedagte van beheer kom daar in die praktyk egter nie veel tereg nie. Hulle besit die bevoegdhede en moet die werksaamhede verrig wat die Kinderwet of die regulasies in verband met die Kinderwet aan hulle verleen of opdra.¹⁾ Onder die genoemde wet word hierdie rade byvoorbeeld belas met die voorlegging van maandelikse rapporte, met die ontslag met vergunning van leerlinge

1) Artikel 38(4) van Wet No. 31 van 1937.

en met raadgewing aan die Minister.

Die magistraat van die distrik dien as voorsitter en die skoolhoof tree as sekretaris by vergaderings op. Hy mag aan die besprekings deelneem maar besit nie 'n stem nie. Tog is dit die hoof wat gewoonlik die beste onderlê is en wat die Raad van inligting en voorligting moet bedien, want in hulle hoedanigheid as raadslede, alhoewel miskien toonaangewend op ander gebiede, is hulle baie selde in staat en bevoegd om besluite te neem omtrent sake buite die bestek van hulle kennis en ervaring.

In Engeland waar die „approved schools“ gesubsidieerde instellings is, het die bestuursrade werklike magte van beheer en bestuur.¹⁾ Dit geld ook vir die Verenigde State waar private inisiatief gewoonlik verantwoordelik is vir sulke inrigtings.²⁾

Beheerrade vir nywerheidskole se oorsprong lê beslis oorsee, net soos ons eerste nasionale kinderbeskermingswet, en mag in verband met die Engelse industriële skole staan. Dit kan ook in verband staan met die strafstelsel waaraan die eerste nywerheidskole in Suid-Afrika gekoppel was. Dit is welbekend dat daar 'n Gevangenisraad bestaan wat beslis oor die vrylating van gevangenes op goeie gedrag. Onder die Kinderwet is die Beheerraad van die nywerheidskool o.m. ook belas met die vrylating met vergunning van leerlinge. Die vraag doen hom egter voor of die Beheerraad wel oor die bekwaamheid beskik om die tydstop van ontslag van 'n leerling te bepaal.

In Suid-Afrika word die tydperk van aanhouding in die nywerheidskool nie deur die hof bepaal nie en die persone wat behoort te beslis oor die geskiktheid van 'n leerling vir uitplasing behoort die opvoedkundige en sielkundig geskoolde personeel

1) British Home Office : Directory of Remand Homes and Approved Schools, 4.

2) The Children's Village, 3.

wat die leerling oor 'n lang tyd waargeneem en intiem leer ken het. Die aanbeveling kom weliswaar van die skoolhoof, maar die Raadsbesluit word aan die Minister voorgelê. Dit wil derhalwe voorkom asof die Beheerraad soms tussen die hoof en Onderwysdepartement staan en hom soms moet uitspreek oor sake buite sy begrip.

Tog hou die Beheerraad, ten spyte van die feit dat die onderliggende gedagte daarvan in sommige opsigte verouderd is, vir die nywerheidskool nuttige funksies in.

In die eerste plek benoem die Minister gewoonlik verteenwoordigende, gesiene mense uit die onmiddellike gemeenskap. Die nywerheidskole beskik nie oor skoolkommissies of skoolrade nie, en vind deur sy Beheerraad al dadelik 'n belangrike skakel met die publiek. Omdat die skool sy leerlinge nie uit die omgewing haal nie, ontbreek die natuurlike belangstelling wat die ouer in sy kind se skool stel. Die nywerheidskool moet dus op ander wyses die publiek se belangstelling gaande maak en hou, en die Beheerraad kan 'n belangrike funksie in daardie opsig verrig. Hulle kan die inrigting se doelstelling en werksaamheid aan die gemeenskap interpreteer en die gemeenskap weer aan die skool, en die gevoel van isolement wat dikwels by die personeel en leerlinge ontstaan, help teëwerk.

In die praktyk stel die skoolhoof maar die beleid en is, as verteenwoordiger van die Onderwysdepartement, die uitvoerende gesag aan die skool. Hy lig die Beheerraad in en lei hulle ooreenkomstig die behoeftes van die skool.

Die nywerheidskool kan sonder 'n Beheerraad funksioneer. Artikel 38(5) van die Kinderwet bepaal dat wanneer 'n Raad weens 'n onvoldoende ledetal nie kan handel nie, die Minister die bevoegdhede van die Raad moet uitoefen en hulle werksaamhede verrig. Prakties sal dit beteken dat die prinsipaal, as senior

amptenaar van die Onderwysdepartement in die skool, daardie funksie verrig.

Waar die toekoms van kinders egter op die spel is, en 'n inrigting verantwoordelik gestel word vir die versorging, vorming en opvoeding van sulke kinders, is 'n toesighoudende en adviserende raad van verantwoordelike persone uit die gemeenskap nuttig en belangrik om die hoof, wat amptenaar is, se beleid en aanbevelings te steun, aan te vul en te rig.

In die toesighoudende en adviserende aard van sy pligte sien die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap dan ook die vernaamste en enigste ware funksie van die Beheerraad van die nywerheidskool.¹⁾

4. SAMEVATTING.

Die huidige verspreiding en ligging van nywerheidskole in Suid-Afrika het sy oorsprong in die geskiedenis van die ontstaan van die skole. In noodomstandighede is van enige beskikbare staatsgeboue gebruik gemaak om die talle wagtende sorgbehoevende kinders versorging te verleen. Dit het meegebring dat sommige skole funksioneer in ondoeltreffende geboue, ander is ongunstig geleë omdat hulle van die maatskaplike lewe geïsoleerd is of omdat leerlinge ver van die arbeidsmark is en nasorgwerk deur die skool op daardie wyse bemoeilik word.

Met die aantal skole wat die Onderwysdepartement tans tot sy beskikking het, kan leerlinge op doeltreffende wyse volgens opvoedkundige behoeftes geklassifiseer word en gedifferensieerde onderwys aangebied word. Daar bestaan tans afsonderlike skole op grond van ras, geslag en die tipe kind waarmee die skool te doen kry. Prinsipieel is daar egter volle regverdiging vir die stigting van moedertaalnywerheidskole, veral in belang van Engelssprekende leerlinge wat gemiddeld ongeveer 25% van die totale leerlingtal van die nywerheidskole vir blankes vorm. Teore-

1) Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap aan die prinsipale, Die Vlakte-Nywerheidskool, 12.6.1952.

ties is alle nywerheidskole parallelmediuminrigtings. In die praktyk is hulle hoofsaaklik Afrikaansmedium. Dit skep onderwysprobleme vir die Engelssprekende kind, afgesien van die indoktrinerende invloed wat op so 'n kind uitgaan, en prinsipieel af te keur is.

Wetenskaplike keuring van leerlinge buite die skool vir toewysing na die verskillende nywerheidskole ontbreek nog, en 'n klaringskool is 'n behoefte.

Binne die skool word leerlinge in min of meer homogene skolastiese groepe geklassifiseer. Klasse in die skool en in die werkswinkel is klein en individuele onderrig moontlik.

Die nywerheidskool staan onder direkte beheer van die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap wat in Pretoria setel.

Daar is egter ook plaaslike beheer in die vorm van 'n Beheerraad deur die Minister benoem. Hierdie Raad tree egter alleenlik in toesighoudende en adviserende hoedanigheid op.

HOOFSTUK VIII.

DIE INHOUD VAN DIE NYWERHEIDSKOOLONDERWYS.

1. INLEIDING.

In aansluiting by die voorafgaande hoofstukke waar ondersoek ingestel is na die doelstelling, die leerkrag, die leerling en die algemene organisasie en administrasie van die nywerheidsskool, sal in die volgende paragrawe nagegaan word wat die inhoud van die nywerheidsskoolonderwys is. Slegs die vernaamste riglyne sal gevolg word, aangesien dit in 'n studie van hierdie aard nie prakties moontlik is om die inhoud en leerstof van elkeen van die verskillende soorte skole in besonderheid te ondersoek nie. Sekere aspekte is egter algemeen en geld vir al die skole, maar omdat daar latere hoofstukke spesifiek aan skole vir dogters en die een kleurlingskool gewy word, val die soeklig hoofsaaklik op blanke seunskole.

2. DIE LEERPLAN.

(a) Uiteensetting.

Anders as in die geval van die groot aantal kinderinrigtings en tehuise in Suid-Afrika wat in die meeste gevalle alleenlik voorsiening maak vir die verblyf en algemene versorging van die verwaarloosde en afhanklike kind, is die nywerheidsskool, soos sy naam trouens ook aandui en soos afgelei word van sy persoonsestelling, in die eerste en vernaamste instansie 'n onderwysinrigting, 'n kosskool waar ambags- en praktiese opleiding 'n belangrike plek inneem naas die gewone, akademiese onderrig van die leerlinge. Die wesenlike onderwys van die kind vul 'n vername plek en vorm as't ware die basis waarop die verdere opvoedingsprogram van die skool ingerig is. In die klaskamer word die algemene doelstellings van die opvoeding bewustelik nagestrewes; moet die skolastiese agterstand van die kind, waar dit nodig geag word,

bygehaal word; moet die grondslae in heropvoeding, waar nodig, gelê word. Daar word egter ook van ander middele as die onderwys binne en buite die klaskamer gebruik gemaak, want in geen moderne skool hou die leerplan slegs verband met die sogenaamde „skoolvakke" as sodanig nie. Volgens H. Rugg¹⁾ is die kurrikulum „really the entire programme of the school's work, as comprising the essential means of education and everything that the students and their teacher do." (Skrywer hiervan onderstreep.) By hierdie sienswyse sluit J. Chris Coetzee²⁾ hom aan waar hy sê die leerplan „omvat al die aangebode leerstof (vakke en aktiwiteite) wat deur die onderwysowerheid nodig geag en voorgeskryf word vir die bereiking van 'n spesiale stadium van volwassenheid in die opvoedkundige ontwikkeling van die kind." En J. de W. Keyter³⁾ noem die middele waarmee die „doelbewus ingerigte lewensmilieu geskep word en wat die ontwikkelingsgang van die kind in 'n bepaalde rigting stuur," die leerplan of kurrikulum.

Met hierdie kort uiteensetting van wat met die „leerplan" bedoel word, kan daar nou oorgegaan word om die „vakke en aktiwiteite" wat die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap aan die nywerheidskole voorskryf, in oënskou te neem.

In hierdie verband moet daarop gewys word dat daar nie afsonderlike leerplanne na standerd ses net vir nywerheidskole bestaan nie. Leerplanne en leergange wat deur die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap in sy Handboeke vir Tegniese, Huishoudkundige en Handelseksamens voorgeskryf word, word gevolg en in hierdie opsig word die nywerheidskool dus op gelyke voet gestel met die hoër tegniese, hoër huishoud- en hoër handelsskole wat almal eksterne Departementele eksamens aflê na standerd ses.

-
- 1) Report of the New Education Fellowship Conference, red. E.G. Malherbe : Educational Adaptations in a changing Society, 100-101.
 - 2) Coetzee : Inleiding tot die Algemene Teoretiese Opvoedkunde, 316.
 - 3) Keyter : Opvoeding en Onderwys, 219. Vgl. ook Bobbitt : How to make a Curriculum, en Draper : Principles and Techniques of Curriculum Making, 4.

In Hoofstuk V is aangedui hoedat die meeste leerlinge ten tye van hulle toelating aan die nywerheidskool, ten spyte van hulle betreklike hoë kronologiese ouderdom, nog nie standerd ses afgelê het nie en in baie gevalle slegs tot die vyfde of selfs nog laer standerds gevorder het. Tog bestaan daar nie laer nywerheidskole in die werklike sin nie. Nywerheidskole vir leerlinge met subnormale intelligensie bied weliswaar net opleiding tot en met standerd ses, maar hulle is spesiale skole wat buitengewone onderwys verstrek. Die twee skole te George en Paarl is hoër nywerheidskole waar leerlinge na standerd vyf toegelaat word. Die oorblywende nywerheidskole maak voorsiening vir beide primêre en middelbare afdelings in dieselfde skool.

In alle nywerheidskole lê leerlinge aan die einde van standerd ses 'n interne eksamen af. Die vraestelle en sommige eksamenskrifte word egter, terwille van die uniformiteit van standaard, deur amptenare van die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap, gewoonlik die inspekteur van nywerheid- en verbeteringskole, gemodereer.

In sy huidige samestelling en uit die aard van sy funksie, beskik elke nywerheidskool dus oor 'n „skoolafdeling” waar onderwys in sekere skoolvakke, soos in die volgende paragraaf genoem, gegee word deur akademiese en/of professioneel gekwalifiseerde leerkragte. Elke skool beskik ook oor goed toegeruste werkwinkels waar ambagsonderrig in vakke gegee word deur vakonderwysers of oor lokale en klaskamers waar onderwyseresse of instruktrises onderrig gee in praktiese vakke soos tikskrif, snelskrif, boekhou, kookkuns, naaldwerk, huishoudkunde en ander wat in verband staan met handel en huishoudkunde onderskeidelik.

(b) Skoolonderrig.

Die nywerheidskole vir seuns berei hulle leerlinge

hoofsaaklik voor vir die Nasionale Tegniese eksamens waardeur die Nasionale Tegniese Standerd VII-sertifikaat en die Nasionale Junior Sertifikaat (Tegnologie) of die Nasionale Tegniese Sertifikaat (Deel I) verwerf kan word. Laasgenoemde is 'n suiwer tegniese sertifikaat wat sonder die twee amptelike tale verwerf kan word. Weens skolastiese vertraging en die betreklike hoë ouderdom van leerlinge ten tye van hulle toelating aan die nywerheidsskool, vorder die meeste leerlinge, soos in Hoofstuk XII aangetoon word, nie verder as standerd VII en VIII nie en gewoonweg is daar dus nie behoefte aan onderrig na die agste standerd nie. Laasgenoemde verskynsel hou ook verband met die feit dat byna alle leerlinge aan die seunskole ambagsonderrig geniet en na skoolverlating 'n groot aantal as vakleerlinge ingeskryf word. Werkgevers verkies om sulke vakleerlinge in te skryf voor hulle agtiende jaar en op daardie ouderdom het die meeste nywerheidsskoolleerlinge ongeveer tot die sewende en agste standerd gevorder.

Die onderwys aan die nywerheidsskool is egter op individuele grondslag ingerig en seuns wat verder kan vorder, word daartoe in die geleentheid gestel deur spesiale onderrig of deur oorpasing na hoër tegniese skole waar leerlinge vir die Nasionale Senior Sertifikaat (Tegnologie) voorberei word. Sulke gevalle is egter baie seldsaam en beloop slegs enkele leerlinge elke jaar.¹⁾

Leerlinge met die aanleg en verstandelike vermoëns aan die Hoër Nywerheidsskool George, woon klasse aan die plaaslike Provinsiale hoërskool by en word na standerd ag na die Hoër Handelsskool Oudtshoorn, oorgeplaas waar hulle die Nasionale Senior Handelsertifikaat kan verwerf. Ongeveer twintig tot vyf-en-twintig volg jaarliks hierdie handelsopleiding.²⁾

1) Soos blyk uit jaarverslae van die skole en van die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap.

2) Jaarverslag van die hoof van die Nywerheidsskool George, 1951 en 1952.

Nywerheidskole vir dogters maak tans voorsiening vir leerlinge om die volgende Nasionale sertifikate te verwerf: ¹⁾

- (1) Praktiese Huishoudkunde-sertifikaat (Intern).
- (2) Nasionale Standerd VI-sertifikaat in Huishoudkunde (Intern).
- (3) Nasionale Standerd VII-sertifikaat in Huishoudkunde (Ekstern).
- (4) Nasionale Junior-sertifikaat in Huishoudkunde (Ekstern).
- (5) Nasionale Intermediêre (St. IX) sertifikaat in Huishoudkunde (Ekstern).
- (6) Nasionale Senior (St. X) sertifikaat in Huishoudkunde (Ekstern).
- (7) Nasionale Haarkapstersertifikaat.

'n Groep van veertig tot vyftig leerlinge van die Hoër Nywerheidskool, Paarl, woon jaarliks, nadat hulle die Junior Sertifikaat verwerf het, klasse by aan die plaaslike Hoër Handelsskool, waar hulle in die geleentheid gestel word om die Nasionale Senior Handelssertifikaat te behaal. ²⁾

Hierdie beleid van die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap om nywerheidskoolleerlinge hoër onderwys buite hulle eie skool te laat geniet is, soos in Hoofstuk III aangetoon, reeds in die vroeë twintigerjare ingestel en hou bepaalde voordele vir die kind in. Dit bring al dadelik groter differensiasie en geleentheid vir die nywerheidskoolkind om met die nie-gekommitteerde kind saam op die skoolbanke te sit, en sosiaal op gelyke voet te verkeer. Dit verskaf derhalwe 'n geleidelike, natuurlike brug vir die leerling terug na die gemeenskap terwyl die nywerheidsskool tog nog op die agtergrond staan; raadgewend, wakend.

Dit skep egter aan albei skole probleme van ingrypende aard en stel die kind voor die konflik van 'n dubbele loyaliteit, iets wat bowenal in die lewe van die nywerheidskoolkind

1) Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap; Handboek van Nasionale Huishoudkundige Kursusse en Leerplanne 1955, 1.

2) Jaarverslae van die hoof van die Nywerheidskool, Paarl, 1950 - 1952.

met sy losse lojaliteitsgevoel ¹⁾ vermy behoort te word. Twee skoolhoofde deel die verantwoordelikheid teenoor die leerlinge, en aangesien die dogters in die koshuise van die nywerheidskool loseer, kom probleme in verband met organisasie en dissipline gedurig voor, sowel as wrywing tussen leerlinge onderling. Die handelsskoolleerlinge is geneig om mede-leerlinge wat, weens minder verstandelike vermoëns, of uit eie keuse, die huishoudkunde-kursusse volg, te minag en na hulle met die mindervleierende benaming van „cooks” te verwys. ²⁾ Die skoolhoof agiteer reeds jarelank om 'n hoër handelsskool uitsluitlik vir nywerheidsskoolleerlinge. ³⁾ Alhoewel so 'n skema voordele sou inhou, is dit nie aan te beveel nie, en lê die oplossing eerder daarin dat, soos in die geval van die seuns van George, leerlinge na die agste standerd heeltemal na die handelsskool oorgeplaas word. Isolement moet sover moontlik vermy word.

Met uitsondering van die klein groepie leerlinge wat 'n handelsopleiding geniet, is al die nywerheidskole dus slegs op tegniese en huishoudkundige opleiding ingerig.

Vanaf die stigting van die eerste skool toe bepaal is dat die opleiding van seuns uit gewone skoolvakke sou bestaan, sowel as uit boerdery, tuinwerk en „andere beroepen en ambachten” ⁴⁾ was die tegniese of ambagsonderrig nog altyd 'n baie belangrike en onmisbare deel van die opvoedingsprogram van die nywerheidskool.

Sedert die instelling van die eerste Preliminêre Tegniese Sertifikaat van die Nasionale Adviserende Raad vir Tegniese Onderwys in 1916 wat Burgerleer, Matesis, Tekene, Wetenskap (of Houtwerk) en één van die amptelike tale voorgeskryf het, ⁵⁾ en die

1) Jaarverslae van die hoof van die Nywerheidskool. Paarl, 1946-1952. Dit is 'n algemene bevinding ook in ander nywerheidskole.

2) Jaarverslag van die hoof van die Nywerheidskool Paarl, 1947.

3) Ibid., 1946 - 1952.

4) Artikel 62 van die „Regulaties” opgestel kragtens Wet No. 25 van 1913.

5) Report of the Under Secretary for Education 1917, 58.

meer gevorderde Nasionale Ambagskoolsertifikaat, is wysiginge ten opsigte van die vaksamestellinge en -verpligtinge van tyd tot tyd aangebring. ¹⁾

Die tegniese sertifikate het egter hulle ontstaan uit beraadslagings tussen verteenwoordigers van die nywerhede en verteenwoordigers van tegniese inrigtings, ²⁾ en is nie bedoel uitsluitlik vir Departementele tegniese of nywerheidskole nie, maar hulle kan verwerf word deur enige leerling wat 'n voltydse kursus aan enige tegniese inrigting, ook buite die grense van die Unie van Suid-Afrika, gevolg het. ³⁾ Die logiese konsekwensie hiervan is dan ook dat daar geen sprake kan wees van 'n wesenlike keuring van leerstof en vakke suiwer in aansluiting by die doelstellinge van die nywerheidskool of die spesifieke behoeftes van die nywerheidskoolkind nie.

Ten einde laasgenoemde in die geleentheid te stel om toelating tot vakleerlingskap te verkry wat op sy beurt lei tot volwaardige, geskoolde vakmanskap, moet die nywerheidskool hom egter aanpas by die algemene leerplanne vir tegniese sertifikate, en is daar vir die leerling, ten spyte van 'n taamlike wye verskeidenheid van skoolvakke in die leerplan, slegs 'n beperkte keuse. Weliswaar moet daar in enige leerplan 'n beperking van leervakke wees, omdat geen kind in staat is om alles in te neem en te beoefen wat aangebied word nie. ⁴⁾

In die reël beperk die nywerheidskole, net soos die hoër tegniese skole, hulle leerlinge, weens gebrek aan fasiliteite en genoegsame personeel, tot die noodsaaklike minimum aantal skoolvakke, wat die nouste verband hou met die ambagsonderrig in die werkswinkel. Vir die Nasionale Standaard VII en Junior Sertifikaat (Tegnologie) word gewoonlik Afrikaans, Engels, Wiskunde, Tekene

1) Vgl. Union Education Department : Handbooks National Technical Examinations 1923, 1927, 1929, 1933, 1936, 1940, 1943 (Slegs in Engels) en 1951.

2) Soos blyk uit Notules van die Adviserende Komitee vir Nasionale Eksamens No. E.123/115/2.

3) Vgl. Amptelike Lyste van Geslaagdes, Nasionale Eksamens.

4) Coetzee : Inleiding tot die Algemene Teoretiese Opvoedkunde, 318.

Masjientekene, en/of Natuurwetenskap, Ambagsteorie en Praktyk onderrig. ¹⁾ Erkenning word deur die Onderwysdepartement verleen wanneer in afsonderlike vakke geslaag word en groepsertifikate word op die kumulatiewe basis verkry. ²⁾ Die voordeel wat in laasgenoemde stelsel opgesluit lê vir die nywerheidskoolkind wat dikwels vertraag is op skool en ewe dikwels volgens individuele tempo werk en vorder, is voor die hand liggend, sowel as die feit dat hy met 'n skoolsertifikaat gelykwaardig aan dié van enige ander tegniese inrigting in Suid-Afrika by die werkgewer kan aanklop.

En alhoewel nie spesifiek vir die nywerheidskool opgestel nie, voldoen die gekeurde vakke, met insluiting van die praktiese werk en nie-eksamenvakke tot 'n groot mate aan die psigologiese, logiese, sosiologiese en Christelik-tradisionele eise van die teoretiese opvoedkunde en is daar 'n hoë mate van korrelasie tussen die vakke onderling. Trouens, dit kan geredelik aanvaar word dat daar stemme van beswaar in die afgelope dertig jaar en meer sou opgegaan het van die kant van die nywerheidskole indien die kursusse nie geskik was nie. Sulke besware kon nie opgespoor word nie.

Soos die posisie is, is die tegniese kursusse bedoel vir die adolessent wat die nywerheidskoolkind inderdaad is; dit is georden en gerangskik; die leerlinge word geleer om saam te lewe en saam te werk; en daar is 'n godsdienstige inslag in elke skool, soos duidelik spreek uit die jaarverslae van die hoofde van die nywerheidskole. Laasgenoemde gesindheid kan, trouens, verwag word want om aangetrokke te voel tot die veeleisende opvoedingstaak van die nywerheidskool, veronderstel 'n hoë mate van opvoedkundige idealisme by die hoof en personeel.

Die leervakke sluit goed bymekaar aan en voldoen dus aan die eis van korrelasie.

1) Jaarverslae van die hoofde van nywerheidskole 1951 - 1952. Dit blyk ook uit die Amptelike Lys van Geslaagdes in die Nasionale Eksamens.

2) Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap : Handboek van Nasionale Studiekursusse, Leerplanne en Eksamens (Tegniese Onderwysvakke) 1951.

(c) Ambagsonderrig.

Selfs die kleiner nywerheidskole vir seuns bied 'n redelike wye ambagskeuse aan die leerlinge; daarbenewens is dit ook moontlik om 'n leerling van die een skool na 'n ander oor te plaas indien dit in sy belang geag word om in 'n spesifieke ambag wat nie in sy skool aangebied word nie, opgelei te word.

Volgens gegewens van die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap word opleiding aan die nywerheidskole in die volgende ambagte verskaf: Bakkery, Grofsmedery, Steenmesselwerk, Bank- en Afdraaiwerk, Skoeisel, Meubelmakery, Poleer van Meubels, Motorwerktuigkunde, Skilder- en Dekorasiwerk, Pleisterwerk, Loodgieters en Plaatmetaalwerk, Kleremakery, Stoffeer- en Opmaakwerk, Sweiswerk en Masjinale Houtbewerking.

Praktiese werk en Ambagsteorie wat albei opsioneel in die geval van die Nasionale Tegnieke Standaard VII-sertifikaat is, is verpligte vakke in die Nasionale Junior Sertifikaat in Tegnologie. ¹⁾ Die gebruik is tans dat die skoolbevolking vertikaal in twee groepe verdeel word wat om die beurt die skool- en werkswinkelklasse bywoon. ²⁾ Dit beteken dat 'n leerling dus die helfte van sy tyd in die skool en die ander helfte in die werkswinkel deurbring. 'n Praktiese voordeel wat hieruit voortvloei, is dat leerlinge 'n volle skooldag in die werkswinkel deurbring en dus deurlopend aan 'n praktiese projek kan werk.

Die inhoud van die praktiese onderrig is gekoppel aan die werklikheid, aan utiliteit, en aan die behoeftes van die skool vir sover dit nuwe skeppings aangaan sowel as instandhoudings- en herstelwerk. ³⁾ Kort werkswinkelperiodes sal uit die aard van die saak nie alleen onekonomies wees nie, maar sal ook die kontinue

1) Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap : Handboek van Nasionale Studiekursusse, Leerplanne en Eksamens (1951), 6-7.
2) Jaarverslae van hoofde van nywerheidskole 1951 - 1952.
3) Soos blyk uit jaarverslae van nywerheidskole 1950 - 1952.

gang van die praktiese werk belemmer.

Ambagsopleiding geskied terwyl iets nuttigs en blywends tot stand gebring word en deur die produktiewe arbeid van leerling en leermeester, soos dit voortvloei uit die praktiese onderrig, is daar voortdurende groei, veral ten opsigte van nuwe geboue, sport-, skool- en koshuisterreine.¹⁾

„The value of a curriculum with a bias - that is a leaning towards certain aspects of subjects or of industry and life - lies in the fact", so verklaar V. Davis,²⁾ „that instruction in it seems real to the child."

Hierdie neiging tot die „werklikheid" in die leerplan van die nywerheidskool is van belang vir die opvoeding en heropvoeding van sy leerling. Dit wek belangstelling by die kind,³⁾ ook in aanverwanteen ander „skoolvakke" waarin hy gewoonlik belangstelling verloor het; dit stel hom voor die moontlikheid van 'n toekomstige loopbaan wat vir die adolessent van belang is,⁴⁾ en dit verskaf aan elke leerling die geleentheid, hoe gering ook al, om tot die welsyn van sy gemeenskap 'n bydrae te lewer. Hierdeur word 'n gevoel van eiewaarde en selfrespek bevorder.⁵⁾ Behalwe vir die beroepskundige aspek, is ambagsonderwys van groot psigo-terapeutiese waarde en 'n belangrike opvoedkundige hulpmiddel in die nywerheidskool.

Die vertikale verdeling van leerlinge bring egter mee dat daar in die werkswinkels teenwoordig is leerlinge van feitlik elke stadium van skolastiese vordering, dus ook leerlinge van die primêre standers, wat gewoonlik nog onryp vir teoretiese, tegniese begrippe is. Laasgenoemde groep leerlinge is dikwels fisies ook nog nie opgewasse vir 'n werksdag van $7\frac{1}{2}$ uur, soos tans deur

1) Soos blyk uit jaarverslae van nywerheidskole, 1950 - 1952.

2) Davis : The Matter and Method of Modern Teaching, 204.

3) Ibid., 204.

4) Brooks : Psychology of Adolescence, 298 - 300.
Keyter : Opvoeding en Onderwys, 82.

5) British Home Office : Making Citizens, 42. Vgl. ook S. Pauw in ONDERWYSBLAD, 1 Mei 1957, 81.

die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap vir die ambags-
onderrig voorgeskryf word nie. En dit bring mee dat 'n leerling
elke tweede week slegs twee dae in die klaskamer deurbring wat
stremmend op skolastiese vordering inwerk.

'n Oplossing sou wees om primêre leerlinge slegs
op skool te hou, aangesien vordering noodwendig stadig is weens
die feit dat die leerling slegs die helfte van die skooljaar in
die klaskamer deurbring, maar so 'n reëling sou al dadelik meer
akademiese onderwysers verg, en dit sou die skool die gebruik van
'n nuttige hulpmiddel, nl. die praktiese onderrig, in sy breë her-
opvoedingsplan ontsê.

'n Stelsel om leerlinge na die oggendsessie, d.w.s.
na middagete, om te ruil in skool en werkswinkel kan ook vermoeie-
nis en tanende belangstelling weens te lang ure uitskakel. 'n Leer-
ling wat dus die oggend in die klaskamer was, bring die middag in
die werkswinkel deur en omgekeerd. Omdat die middagsessie onge-
veer drie uur lank is, behoort dit nie afbreuk te doen aan die
praktiese werk wat lang periodes verg nie.

(d) Nie-eksamenvakke.

Die opvoedingsprogram van die nywerheidsskool omvat
die vorming van die hele mens. Sy doelwit is nie slegs of hoof-
saaklik die verwerwing van skoolsertifikate nie, derhalwe word
sekere nie-eksamenvakke in die leerplan voorgeskryf.

Liggaamlike opvoeding het in 1938 as nie-eksamenvak
sy amptelike verskyning op die skoolrooster gemaak, ¹⁾ godsdien-
sonderrig in 1941 ²⁾ toe 'n spesiale organiseerster daarvoor aan-
gestel is, en sang in 1944. ³⁾

(i) Godsdiensonderrig.

Die jongmens, die adolessent, het behoefte aan lei-

1) Omsendbrief No. E.14/44 van 11/7/38.

2) Omsendbrief No. E.14/45 van 9/12/40.

3) Omsendbrief No. E.123/1944/11 van 29/11/44.

ding op die gebied van die godsdiens ¹⁾ en om religieuse ontwikkeling te verseker, het hy kennis van die Woord van God nodig. Dit is in die eerste plek die plig van die ouerhuis om die jeugdige te lei tot die kennis en vrese van God. In hierdie taak word die huis bygestaan deur die kerk en die skool.

Prof. H.J.J. Bingle ²⁾ wys egter daarop dat in die moderne lewe die ouerhuis in die reël nie meer sy plig nakom teenoor die jeugdige vir sover dit godsdienstige leiding betref nie. „Hierdie taak word meer en meer op die skouers van die kerk en die skool afgeskuif."

En waar die nywerheidskool feitlik die volle taak van die ouerhuis oorneem, het hy dus 'n dubbele plig ten opsigte van die godsdiensonderwys van die kind naamlik die normale taak van die skool, sowel as dié van die ouerhuis. Uit die aard van die gesinsherkoms van die kind, moet die nywerheidskool in die meeste gevalle ook nog kennis en leiding wat agterweë gelaat is, byhaal. „Dit is ons ervaring," skryf die skoolhoof van die Nywerheidskool George, in sy jaarverslag vir 1950, „dat in die meeste gevalle direk gekommitteerde leerlinge los geraak het van hulle kerk en van die goeie invloede wat die godsdiens op die sedelike vorming van die mens het." ³⁾ Bogardus ⁴⁾ sê weer: „The whole child is not trained properly if spiritual and religious values are neglected. The increasing role of science in education brings the physical and the material and the measurable into increasing prominence while the intangible, the spiritual, and the religious are in danger of losing out entirely, although they represent the essence of personality." Karaktervorming en -vastheid berus op die godsdiens, die Christelike godsdiens. ⁵⁾ Die waarde van gods-

1) Vgl. Coetzee & Bingle : Beginsels en Metodes van die Middellbare Onderwys, 48.

2) Ibid., 49.

3) Dit is ook die ervaring van die personeel van ander nywerheidskole.

4) Bogardus : Sociology, 218.

5) Foerster : Godsdienst en Karaktervorming, 8.

diensonderrig en leiding aan die kind wat aan die nywerheidskool toevertrou word, kan dus nie oorskat word nie.

Dit besef die skole ¹⁾ terdeë sowel as die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap waar die Sekretaris ²⁾ verklaar: „In addition to the formal religious instruction which is provided at all schools, the Department considers the development of a sound Christian outlook upon life as one of the principal means to be employed in the re-education of the children entrusted to its care.”

Behalwe voorsiening vir formele Bybel- en godsdiensonderwys op die skoolrooster word alle leerlinge aan nywerheidskole in die geleentheid gestel om gereeld die eredienste in hulle onderskeie kerke by te woon; om Sondagskool- en katkisasieklasse by te woon en aangeneem te word as lidmate van hulle kerk voordat hulle die skool verlaat. Daarbenewens is dit gebruikelik om ook in die koshuise skriflesing en gebed te beoefen, en bestaan daar aan feitlik elke nywerheidskool 'n tak van die Christen-Studente-Vereniging, ³⁾ langs watter weg die kind gelei word tot geordende studie van die Bybel en geraak hy tot kennis van die Christelike gemeenskapslewe. Langs hierdie weg wil die nywerheidskool die kind bring tot kennis van God, sy Skepper, en tot 'n vrees van die Here wat die hoogste doel van die Christelike lewe en opvoeding is.

(ii) Liggaamlike opvoeding.

Die sorgbehoewende, verwaarloosde kind, het gewoonlik ook 'n ondervoede, verwaarloosde liggaam. Dit ken die nywerheidskool uit jarelange ervaring, en dit is ook die ondervinding in soortgelyke inrigtings oorsee. ⁴⁾ Liggaamlike versorging en

1) Die godsdienstige inslag van die nywerheidskole blyk duidelik uit die jaarverslae van die skoolhoofde.

2) Annual Report of the Department of Education, Arts and Science, 1949, 14.

3) Hierdie gegewens is verkry uit jaarverslae van hoofde van nywerheidskole 1949 - 1952.

4) Soos blyk uit jaarverslae van nywerheidskole en notules van Beheerraadvergaderinge. Vgl. ook British Home Office : Making Citizens, 23 - 27.

bou gaan dus saam met die geestelike heropvoeding van die kind in die meeste gevalle. Gesonde voeding, ooreenkomstig 'n bepaalde Departementele dieëtskaal, gereelde slaap en die nodige oefeninge vir liggaamlike ontwikkeling en groei, word deur die nywerheidskole aanvaar as die basis vir goeie liggaamlike gesondheid. Mediese, sjirurgiese en tandheelkundige dienste is ter beskikking van elke kind van die nywerheidskool wat sulke behandeling nodig het.

Sedert liggaamlike opvoeding by die leerplan ingevoeg is, beskik feitlik elke nywerheidskool oor die dienste van 'n opgeleide leerkrag in daardie verband en word twee klasperiodes per week per kind daaraan gewy. Skole is oor die algemeen besonder goed toegerus t.o.v. gimnastiekapparaat, sportvelde en swembaddens.¹⁾ Deur middel van oefeninge, gimnastiek, atletiek, vry en beheerde spele wil die nywerheidskool die liggaam van die kind vorm en ontwikkel. Naskoolse spele en sportbyeenkomste vorm 'n belangrike deel van die aktiwiteite van die nywerheidskool,²⁾ want dit het nie slegs waarde in verband met die liggaamlike ontwikkeling nie, maar is van belang by die sosiale vorming van die kind en lewer 'n vername bydrae tot gesonde karaktervorming.

„The age of childhood is the age of play", skryf Cyril Burt³⁾ en volgens M. Neumeyer⁴⁾ verskaf spel geluk aan die kind en ruim geleentheid vir emosionele uitinge. Die sosiaal-opvoedkundige waarde van georganiseerde en vrye spele kan kwalik oorskat word.

Soos Franklin en Benedict dit stel:⁵⁾ „One of the best ways for children to practice democracy is through play which is a real experience in social living. Nor does play simply mean being together; it means acting together, working together on a

-
- 1) Opname deur die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap, 1949 - 1950.
 - 2) Volgens jaarverslae van hoofde van nywerheidskole, 1949 - 1952.
 - 3) Burt : The Young Delinquent, 91.
 - 4) Neumeyer M.H. en E.S. : Leisure & Recreation, 123 - 143.
 - 5) Franklin & Benedict : Play Centres for School Children, 13.

common enterprise."

Die nywerheidsskool probeer om elke kind op die sportveld aan een of ander spel te laat deelneem en in die koshuise word geleenthede vir binnenshuise spele, veral oor naweke en in die aand, geskep.

(iii) Sang en musiek.

Op die skoolrooster word een klasperiode per week aan sang vir elke leerling toegestaan. Dit neem meesal die vorm aan van gesamentlike sang, alhoewel sommige skole, veral in die geval van dogters, dikwels kore afrig, wat dan in die geleentheid gestel word om in die kerk op te tree, of tydens ander byeenkomste soos die van skoolverenigings en openbare funksies. Begaafde leerlinge word in die geleentheid gestel om spesiale onderrig in sang of klavier te ontvang ¹⁾ en in die jongste tyd neem musiekwaardering 'n belangrike plek in die kulturele aktiwiteite van die nywerheidsskool in. Feitlik elke nywerheidsskool beskik oor 'n radiogram en sommige, waarvan die Queenstownse nywerheidsskool 'n besondere voorbeeld is, besit uitgebreide diskoteke en klankreproduksie-eenhede van hoë gehalte. Byeenkomste waar plate gespeel word en onderrig gegee word, vind gereeld plaas en met merkwaardige sukses, soos blyk uit die kennis en prestasies van leerlinge. ²⁾

(iv) Buite-skoolse aktiwiteite.

Wanneer nagegaan word aan watter buite-skoolse aktiwiteite deelgeneem word, ³⁾ geraak 'n mens tot die oortuiging dat nywerheidsskoolleerlinge aan die meeste aktiwiteite van hulle leeftydsgroep deelneem, trouens, dit wil voorkom asof daar haas geen enkele buite-skoolse bedrywigheid in enige skool in Suid-Afrika beoefen word wat nie in een of meer nywerheidsskole beoefen word nie.

1) Jaarverslag van die Nywerheidsskool Tempe, 1949.

2) "Die Anselander" - Kwartaalblad van die Queenstownse nywerheidsskool, September 1955, 10.

3) Soos blyk uit jaarverslae, raadsnotules, jaarblaaie en persberigte.

Die Onderwysdepartement staan baie simpatiek teenoor hierdie bedrywighede, ook t.o.v. geldelike voorsiening, want hierdie aktiwiteite hou belangrike vormende waarde in vir leerlinge wat almal kosgangers is en dag en nag, in die geval van sommige dwarsdeur die jaar, op die skool toegewys is. Dit dien as ontspanning en hou die leerlinge na skoolure besig.

Daar is reeds verwys na sport en spele, na sang, musiek en die verenigingslewe. Volledigheidshalwe moet ook gewys word op die belangrike plek wat kadetwerk in die aktiwiteite van die skole inneem.

Elke blanke seunsnywerheidsskool beskik oor 'n kadet-afdeling. ¹⁾ In die vroegste geskiedenis van die skole was dit reeds die geval.

Die nywerheidsskool vind in kadetwerk dissiplinerende waarde ten opsigte van sy leerlinge, waardevolle geleentheid vir sosiale aansluiting by ander kinders buite die nywerheidsskool tydens kampe, bivakke, opleidingskursusse vir leerling-offisiere en kompetisies. Kadetorkeste bied geleentheid vir musikale en emosionele uitinge by leerlinge en hou belangrike publisiteitswaarde vir skole in. Sulke orkeste tree dikwels tydens landboutentoonstellings en ander openbare geleenthede op, terwyl een nywerheidsskool, nl. Queenstown, op nasionale grondslag met ander skole van oor die hele land tydens die Van Riebeeck-Eeufeesviering in Kaapstad meegeding het en tweede geplaas is. ²⁾ Deur die prestasies van sy orkes werf die skool aansien by die publiek en onder sy eie leerlinge. Deur sulke prestasies word die kind se gevoel van eiewaarde verhoog, want sukses is 'n belangrike faktor by karaktervorming.

Tyd vir kadetwerk word dus op die skoolrooster ingeruim sowel as in die namiddae onder naskoolse aktiwiteite.

1) Jaarverslae van die skole vir die jare 1949 - 1952.

2) Notule van die Beheerraad van die Queenstownse nywerheidsskool, 9 Mei 1952.

3. DIE KOSHUIS.

In die breëre opvoedingsprogram van die nywerheidsskool speel die koshuis 'n belangrike rol. Die kind bring al sy tyd ná skool daar deur. Daar word hy gevoed, geklee, versorg; daar woon en slaap hy.

Die nywerheidsskoolkind is deur die Staat uit sy ouerhuis of omgewing verwyder omdat sy verdere verblyf aldaar die gevaar ingehou het dat hy in jeugmisdaad kon verval of ernstige skade kon ly t.o.v. sy fisiese, morele en sosiale ontwikkeling. Die skool, in besonder die koshuis, moet derhalwe die taak van plaasvervangende ouerhuis op hom neem en opvoed waar die huislike opvoeding nagelaat is en heropvoed waar die kind verkeerd gelei is. Vir die kinders wat in so baie gevalle 'n gesonde huislike lewe en opvoeding moes ontbeer, is die koshuislewe van die grootste belang. Volgens A.J. la Grange ¹⁾ is die koshuis „die siel van die nywerheidsskool.” Dit neem nie alleen die plek van die ouerhuis in nie, maar vorm die grondslag van die skoolgemeenskap.

Weens sy herkoms en maatskaplike agtergrond is die kind by sy aankoms in die nywerheidsskool dikwels slordig op sy lyf en klere, onbeleefd, onverantwoordelik, ongehoorsaam, vernielsugtig en diep ongelukkig. ²⁾ Om hierdie kinders te help en op te voed is die groot taak van die nywerheidsskoolkoshuis. In die praktyk ³⁾ wil die koshuis dan ook, soos die ouerhuis, aan die kind leer die eerste beginsels van liggaamlike en geestelike reinheid en netheid, orde, reëlmaat, puntualiteit, goeie maniere en gewoontes, eerbied vir gesag en 'n besef van plig en verantwoordelikheid. Dit wil die kind se sedelike begrippe vorm en hervorm;

1) Uit 'n artikel in WERK, Maart 1945, 15.

2) Vgl. F. du Toit in WERK, Junie 1944, 33.

S. Pelser in WERK, September 1944, 31.

W. van Rensburg in WERK, Junie 1946, 27.

3) Soos blyk uit jaarverslae van die hoofde van nywerheidsskole 1945 - 1952. Vgl. ook artikels in WERK, September 1944, 32-34, Junie 1946, 25 - 27.

dit wil 'n gunstige omgewing skep vir die vorming van die kind se gemoed. En uiteindelik maak die koshuisorganisasie voorsiening vir die sosiale ontwikkeling van die kind as mens tussen medemense en word geleentheid geskep vir die religieuse vorming van die kind.

Die nywerheidskool is daarop aangewese om binne sy eie grense 'n gemeenskap in die klein op te bou, en die grondslag hiervan is die koshuis. Net soos in die ouerhuis het die kind daar voorregte, maar ook belangrike pligte.

4. SAMEVATTING.

Die nywerheidskool bied primêre en middelbare onderwys sowel as buitengewone onderwys in sekere skole waarheen verstandelik gestremdes gekommitteer word.

Elke nywerheidskool is ook beroepskool en maak voorsiening vir beide akademiese en praktiese onderrig. Leerlinge word in afsonderlike skole in tegniese, huishoudkundige en handelsrigtings opgelei; 'n verskeidenheid van praktiese kursusse waaruit 'n keuse gemaak kan word, word egter in elke skool aangebied.

Dieselfde leergange wat vir beroepskole in die algemeen voorgeskryf word, word ook deur nywerheidskole gevolg. 'n Wye verskeidenheid van akademiese en praktiese vakke word in die leerplanne voorgeskryf, maar die keuse van vakke in die nywerheidskool word beperk tot die minimum vereiste aantal wat vir eksamendoeleinde nodig is. Faktore wat die keuse beïnvloed, vloei voort uit die aard van die opleiding, die personeelvoorsiening en beskikbare tyd. Die feit dat leerlinge in die tegniese nywerheidskole die helfte van hulle skooltyd in die werkswinkels deurbring, moet 'n beperkende invloed op die res van hulle skoolaktiwiteite uitoefen.

Leergange sluit in alle gevalle egter die twee landstale in, meesal ook wiskunde en 'n wetenskap. Die orige vakke word deur die praktiese rigting bepaal.

Op die skoolrooster word ook tyd en plek ingeruim vir godsdiensonderrig, sang en musiek, en vir liggaamlike opvoeding; ná skoolure word geleentheid geskep vir 'n groot verskeidenheid van sportaktiwiteite en spele sowel as vir verenigingslewe. Sosiale verkeer onderling en aansluiting by die lewe buite die skool word sodoende bevorder.

Daar is noodwendig beperkings wat spruit uit die doelstelling en aard van die nywerheidskool, tog dui die keuse van stof daarop dat daar rekening gehou word met die feit dat die leerling reeds adolessent is en met die vierderlei betrekking,¹⁾ soos vanuit die oogpunt van die Christelike opvoedkundige besien, waarin elke leerling as mens te staan kom, nl. sy betrekking tot God, tot homself, tot sy medemens en tot die natuur. Die inhoud van die nywerheidskoolonderwys openbaar 'n strewe na die opvoeding van die hele mens.

1) Coetzee en Bingle : Beginnels en Metodes van die Middelbare Onderwys, 17.

HOOFSTUK IX.

DIE OPVOEDINGSMETODE EN TUG VAN DIE NYWERHEIDSKOOL.

1. ALGEMENE INLEIDING.

Ten einde 'n antwoord te vind op 'n ander baie belangrike grondvraag van die opvoedkunde, sal in die volgende paragraawe ondersoek ingestel word na die metode of metodes wat die nywerheidskool volg om deur middel van sy opvoedingsprogram sy vooropgestelde doeleindes in verband met die kind te bereik.

Inhoud, doeleinde en metode vorm 'n onlosmaaklike eenheid. En die keuse van 'n geskikte opvoedingsmetode word, soos J. Chris Coetzee ¹⁾ dit stel, bepaal deur die opvoedingsdoel, deur die inhoud van die opvoeding, ons kennis van die kind en al die faktore wat in hom aanwesig is en wat hoofsaaklik neerkom op die voorstellingsinhoud wat hy uit sy huislike kring en sy omgewing meebring; al die verskillende vermoëns en potensialiteite na siel en liggaam, hart en verstand; sy besondere individualiteit waardeur hy hom in afkoms, omgewing, temperament, aanleg, wil en talenten van ander kinders onderskei; sy verskillende stadia van ontwikkeling van gees en liggaam, verstandelike en emosionele rypheid en die besondere bestemming waarvoor die kind deur die onderwys en die opvoeding opgelei word.

Vir elke opvoedingsinrigting is dit van fundamentele belang dat 'n antwoord gevind sal word op die vraagstuk van die opvoedingsmetodiek.

Op die vraag egter hoe of volgens watter metode die kind dan opgevoed moet word, is in die loop van die geskiedenis baie verskillende en uiteenlopende antwoorde verstrekkend en heers daar

1) Coetzee : Inleiding tot die Algemene Teoretiese Opvoedkunde, 338 - 339.

vandag nog verskil van mening. ¹⁾ Sekere algemene beginsels kan egter help om helderheid te bewerkstellig, en kan as rig-snoere en maatstawwe dien by die bepaling van 'n geskikte opvoedingsdoel of weg om die opvoedingsproses so te beheer, te suiwer en te orden dat die opvoedeling die meeste voordeel daaruit kan haal.

Die moderne sielkunde het ons 'n uitgebreide en diepgaande kennis van die kind en sy behoeftes gebring. Daarvan kan sekere grondslae wat betrekking het op en geldig is vir die opvoedingsmetode afgelei word.

Die sielkunde eis in die eerste instansie dat die kind beskou moet word as 'n organiese eenheid. In die opvoedingsproses moet die kind kan ontwikkel en groei in sy totaliteit, dit moet die ontwikkeling en vorming van die hele mens omvat; sy verstand, wil, gevoelslewe, maar ook sy geestelike en liggaamlike gawes, vermoëns en kragte. 'n Gesonde opvoedingsmetode ken alleen die volle lewenseenheid en geen artifisiële kompartementalisasie nie.

Die sielkunde vereis verder volle erkenning van die individualiteit van die kind; dit hou rekening met en gaan uit van sy natuurlike aanleg in bepaalde rigtings. Die onderwys en opvoeding word dus soveel moontlik geïndividualiseer en die metodiek sluit in baie individuele werk en onderwys, baie individuele inisiatief en selfonderneming, baie selfopvoeding. En tog, alhoewel prinsipieël teenstellend, word geëis dat die kind ook sosiaal opgevoed word. Die kind is ook sosiale wese, en hy is lid van 'n gemeenskap, van 'n volk. In die moderne opvoedkunde beklee die sosiale motief 'n feitlik oorheersende posisie en word geëis dat die kind opgevoed word in en deur en vir die samelewing.

1) Hier word verwys na die velerlei „stelsels” en „planne.”
Vide Coetzee : Die Moderne Opvoeding, 30 - 35,
Keyter : Opvoeding en Onderwys, 237 - 292,
Taute : Opvoedende Onderwys, 116 - 152.

'n Belangrike aspek waarop die sielkunde besondere klem lê, is dat die kind 'n opgroeiende mens is wat deur bepaalde stadia van geestelike en liggaamlike ontwikkeling en rypheid gaan. 'n Geskikte opvoedingsmetode dra kennis van hierdie belangrike feit en hou rekening daarmee.

Die sielkunde wys ook op die feit dat die lewe 'n dinamiese proses is; dat die kind 'n aktiewe, handelende wese is en dat hy graag leer deur te doen. Die opvoedingsmetode moet dus geleenthede stel aan die kind om lewensituasies aan te durf en uiting te gee aan sy inherente aktiwiteitsdrang.

Die kind is egter bowenal 'n redelike, denkende wese wat wil leer, en die verstandelike ontwikkeling neem dan ook by die opvoeding in die algemeen en by die onderwys in die besonder, 'n „uiters sentrale en oorwegende plek“¹⁾ in. Ook hiervan moet die metode van die opvoeding kennis neem.

Uit sy doelstellinge het dit alreeds geblyk dat die nywerheidskool die kind wil onderwys en opvoed tot nuttige burger en waardige mens onder mense; dat dit wil heropvoed waar die kind afgedwaal het of verkeerd gelei en verwaarloos is, en dat dit die plek van die ouerhuis moet inneem. Om hierdie mikpunte te bereik, moet die metode in verband gestel word met die geestesbehoefte van die kind soos hoërop aangedui, want die algemene en kindersielkunde leer vandag, soos A.J. la Grange²⁾ dit stel, „dat kinders slegs dan op die beste wyse geleer en opgevoed kan word wanneer leermetodes en opvoedingstelsels aansluit by die sielkundige wette en die natuurlike behoeftes wat die groei en geestesontwikkeling van die kind bepaal.“

Die leerlinge van die nywerheidskool kom egter in diemeeste gevalle uit ontredderde huise, en as gevolg van ongelukkige en skadelike lewensomstandighede het sekere primêre lewens-

1) Coetzee : Inleiding tot die Algemene Teoretiese Opvoedkunde, 340.

2) In 'n artikel in WERK, Desember 1944, 13.

drange t.o.v. aktiwiteit, erkenning, veiligheid en selfhandhawing nie kans gekry om in sosiaal- en psigologies gesonde rigtings te ontwikkel nie, en het daar in baie gevalle anti-sosiale gedragsvorm en toestande van emosionele onstabiliteit ontwikkel. Die moderne sielkunde leer immers dat baie geestesafwykings die gevolg is van psigiese steurings wat veroorsaak word deur die onvermoë van die gees om normaal te ontplooi weens belemmerings wat deur die omgewing van die kind opgelê word.¹⁾

Met hierdie probleme in die kind se lewe moet die nywerheidskool rekening hou; daarin lê 'n besondere taak ten opsigte van sy opvoedingsmetodiek.

2. DIE BEHOEFTE AAN 'N „NUWE“ METODIEK.

Die behoefte aan 'n nuwe benadering van die probleem van die opvoeding van die nywerheidskoolkind is reeds in 1917 deur die Onder-Sekretaris van Onderwys²⁾ in sy jaarverslag beklemtoon toe hy gepleit het vir meer wetenskaplike optrede en suiwerder opvoedkundige maatreëls. Dit moes o.m. insluit nuwe onderwysmetodes, persoonlike kontak met en persoonlike invloed op elke individuele leerling. Die nywerheidskool het in daardie dae reeds die doelstelling gehuldig dat die kind gebring moes word tot waardige burgerskap en ekonomiese selfstandigheid.³⁾ En wanneer die Inspekteur van Inrigtings,⁴⁾ R.B. Saayman, in sy verslag in 1919 benewens sy rapport oor die gewone skoolwerk, verwys na die sport en spele, na die deelname in „Girl Guide“-aktiwiteite, musiekaande in die skool en klavierlesse vir begaafde leerlinge, kooroefeninge, openbare konsertopvoerings deur dogters, vryheid, die aangename huislike atmosfeer in die koshuise en die ernstige strewe van die

1) De Jongh : Kinderbescherming is Kinderopvoeding, 16-22. Vgl. ook M.N. Smuts in WERK, Desember 1944, 30 - 31.

2) Report of the Under Secretary for Education 1917, 75 - 76.

3) Report of the Secretary for Education 1919, 52.

4) Ibid., 32.

personeel van die Standertonse nywerheidsskool om die vertroue van die dogters te wen en gesonde personeel-kind-verhoudings te bewerkstellig, dan is dit 'n verdere aanduiding dat daar toe reeds gestrewe is om die behoeftes van die kind te ken, daarin te voorsien en die kind as hele mens op te voed.

Daar word in die daaropvolgende jare telkens verwys na pogings om „nuwe” opvattinge oor die opvoeding en die metodiek op die proef te stel. In 1922 word berig dat 'n stelsel van selfregering aan enkele van die nywerheidsskole ingestel is, ¹⁾ en die vryheidsbeginsel het 'n belangrike plek begin inneem in die opvoedkundige denke van die onderwyshoofde en personeel. Die nywerheidsskole was besig om te vorder weg van semi-straftinrigtings na suiwer opvoedkundige instellings, ²⁾ derhalwe moes opvoedkundige metodes, gebaseer op sielkundige feitekennis van die leerlinge afsonderlik, toegepas word.

In 1925 word dr. B. A. de Wet, deskundige kenner van die Dalton-Plan en lektor aan die Stellenboschse Universiteit, tot hoof van die Nywerheidsskool Heidelberg, benoem. ³⁾ En die volgende jaar is die Dalton-Stelsel ook aan Tempe ingevoer. ⁴⁾

Hierdie eerste pogings tot geïndividualiseerde onderwys was egter sporadies en kon weens gebrek aan die nodige opgeleide en sielkundig onderlegde personeel nie tot iets groots en blywends deurgevoer word nie. Die Onderwysdepartement en die skoolpersoneel was bewus van die behoeftes van die leerlinge en het steeds gesoek na lig, soos blyk uit die voorwoord van die voorsitter van die Suid-Afrikaanse Vakskoolvereniging tot die eerste uitgawe van hulle onderwysblad, die „Kongres Uitgawe” van 1931: ⁵⁾ „Laat ons weet waarom ons pioniers van die nuwere beweging

1) Annual Report Union Education Department, 1922, 27.

2) Ibid., 28.

3) Annual Report Union Education Department, 1925, 66.

4) Soos blyk uit die jaarverslag van die Tempe Nywerheidsskool, 1926.

5) Suid-Afrikaanse Vakskoolvereniging : Kongres Uitgawe, 1931.

in die onderwys is, en hoe ons, ons inrigtings in dié opsig nog meer as fakkels moet inrig om lig te gee en self tot meer vastheid te geraak, waar nog so erg in die duister getas word." (Skrywer onderstreep.)

Dit nuutgestigte Vakskoolvereniging het dan ook op sy tweede jaarkongres te King William's Town in Julie 1931, deur referate en besprekings die soeklig laat val op „Die Dalton-stelsel en die Toepassing daarvan op Ambag- en Industrieskole," „Vryheid," en „Selfregering op skool as hulp tot Ontwikkeling van Verantwoordelikeheidsgevoel." ¹⁾ En op die volgende kongres in 1932 het as beskrywingspunt gedien: „Dat die Kongres die wenslikheid daarvan bespreek dat die gewone klassikale metode van onderwys orals op die verskillende skole deur meer moderne metodes bv. die Dalton-stelsel vervang word." ²⁾ Hierop het die Departement geantwoord: „Die Departement is nie ten gunste van 'n absoluut gestandaardiseerde stelsel vir ons skole nie. Dit is nie die bedoeling van die Departement om die inisiatief van die skole dood te druk nie. Inisiatief vir die invoering van enige nuwe stelsel moet noodwendig by die skole berus. Die Departement is simpatiek teenoor die voorstel vir die invoering, waar moontlik, van die Dalton of enige ander goedgekeurde stelsel mits (a) die staf van die skool gewillig en bekwaam is om die stelsel uit te voer; (b) Die nodige fasiliteite beskikbaar is; en (c) die ingevoerde stelsel aanpas by die bestaande eksamenstelsel." ³⁾

In Julie 1934 het 'n gebeurtenis van belang vir die onderwys in Suid-Afrika plaasgevind toe konferensies van die „New Education Fellowship" in Johannesburg en Kaapstad gehou is en personele van die nywerheidskole kon gaan luister na persoonlike redes gehou deur die vernaamste woordvoerders van die „nuwe opvoeding" soos John Dewey, Beatrice Ensor, William Boyd, Harold Rugg,

1) Suid-Afrikaanse Vakskoolvereniging : Kongres Uitgawe, 1931, 9-11.

2) Die S.A. Vakskoolvereniging : 3de Nommer Junie. 1932, 3.

3) WERK, Desember 1932, 26 - 27.

J. J. v.d. Leeuw, Helen Parkhurst, e.a. Hulle het teruggekeer na hulle skole „met nuwe lewe, met 'n frisser uitsig, en ook nuwe idees." 1)

In 1937 het die nuwe Kinderwet, Wet No. 31 van daardie jaar, van krag geword; 'n nuwe Departement van Volkswelsyn is in die lewe geroep, en in dieselfde jaar het prof. Peter Petersen, die vader van die Jena-Plan, op uitnodiging van die Vrystaatse Onderwysersvereniging op verskillende plekke in die Unie van Suid-Afrika voorlesings gehou. Direk as gevolg van hierdie besoek het die gedagte by dr. A. J. la Grange, destydse hoof van die nywerheidskool te George, ontstaan dat die Jena-Plan in gewysigde vorm as geskikte hulpmiddel kon dien in verband met die oplossing van 'n aantal spesifieke vraagstukke waarmee nywerheidskole sedert hulle ontstaan te kampe gehad het; probleme wat hoofsaaklik ontstaan het as gevolg van die sosiale wanaangepastheid van die leerling, sy skolastiese en verstandelike vertraging, die antipatie i.v.m. skoolwerk wat daarmee saamgegaan het, en die wisselende skoolbevolking.

Die tyd was skynbaar ryp vir 'n nuwe metodiek. Toe die Gewysigde Jena-Plan dus aan die begin van 1938 aan die nywerheidskool van George en die Tokai-verbeteringskool ingevoer is, het ander nywerheidskole spoedig gevolg en na enkele jare was dit die gevestigde opvoedkundige praktyk in al die inrigtings, op enkele uitsonderings na.

3. DIE GEWYSIGDE JENA-PLAN. 2)

(a) Algemene grondslae en organisasie.

Volgens die oorspronklike Jena-Plan van Petersen word leerlinge vir algemene organisasiedoeleindes ingedeel in groot groepe op die grondslag van gemeenskaplike behoeftes, die algemene peil van ontwikkeling en lewensrypheid.

1) WERK, September 1934, 5.

2) Soos in breë trekke in 'n Kongresrede aangedui deur dr. A.J. la Grange tydens die Kongres van die S.A. Vakschoolvereniging in Bloemfontein, Julie 1944.

Aangesien die leerlinge van die nywerheidskool almal in hulle rypingsjare verkeer, vorm hulle al dadelik 'n gerieflike groep in daardie opsig. Volgens die praktiese opleiding is daar egter 'n verskil in beroepsbelange en om dit te oorkom is leerlinge, volgens die Gewysigde Jena-Plan van dr. la Grange, ingedeel in aanverwante groepe. Houtwerkers, d.w.s. meubelmakers en skrynwerkers vorm 'n groep; sweisers, smede, loodgieters en metaalwerkers vorm 'n groep; messelaars, pleisteraars vorm 'n groep, ens. Groepe is weer in verskillende klasse verdeel met inagneming van die volgende beginsels:

- a. Die gemiddelde leeftyd van die verskillende klasse moes min of meer dieselfde wees;
- b. Ten opsigte van die ambagte moes daar by die verskillende klasse 'n eweredige verhouding bestaan tussen eerste-, tweede- en derdejaar-leerlinge; en
- c. Ten opsigte van skoolvordering is 'n vertikale i.p.v. horisontale verdeling ingestel sodat elke klas eweveel leerlinge van elke standerd kon hê. Volgens die gewysigde Jena-Plan het 'n onderwyser dus leerlinge van verskillende standers van vordering in een en dieselfde klas.

Sommige skole het 'n horisontale verdeling toegepas tussen die primêre en sekondêre standers maar daaronder en bo die gebruikelike vertikale verdeling. Primêre onderwysers kon dus laerskoolwerk doen en sekondêre leerkragte middelbare skoolwerk met hulle leerlinge, wat die taak vir die betrokke personeelid vergemaklik het.

Klasroosters om as gidse te dien vir leerlinge t.o.v. die tyd wat aan elke vak bestee moes word en t.o.v. die tye van die dag wanneer aan bepaalde vakke gewerk behoort te word, is deur die onderwyser self opgestel. Hy was verantwoordelik vir al die verskillende vakke van die verskillende skoolstanders in sy klas en dit het meegebring dat 'n onderwyser dikwels net so hard as die

leerlinge moes studeer of worstel met probleme.

Vir elke standaard is 'n reeks van veertig take om die jaar- en leergang te dek, opgestel en leerlinge kon op eie tempo daaraan werk. Taakboeke moes gereeld deur die onderwyser nagesien word en die vordering op die leerlingse persoonlike vorderingskaart aangedui word. 'n Leerling kon alleenlik na 'n volgende taak toe oorgaan wanneer die vorige bevredigend afgehandel was. Leerlinge kon mekaar onderling raadpleeg en bystaan, mits dit nie op blote afskrywing uitloop nie.

Niveau-klasse in vakke soos Wetenskap, Matesis en Tekene wat moeilik deur leerlinge op eie houtjie baasgeraak kon word, is deur bevoegde onderwysers op gesette tye, volgens die rooster, gehou vir leerlinge wat min of meer dieselfde peil van vordering daarin bereik het.

(b) Opvoedkundige voordele van die Gewysigde Jena-Plan.

Uit die voorafgaande is dit duidelik dat die Gewysigde Jena-Plan soos toegepas aan die nywerheidskole, gestel teenoor die ou klassikale stelsel van onderwys, sekere voordele ingehou het:

a. Dit het met hom 'n betreklike eenvoudige, maar doeltreffende skoolorganisasie ingehou. Dwarsdeur die week was daar 'n gelyke verhouding tussen leerlinge op skool en die aantal in die werkswinkels. Klasse het konstant gebly en alle onderwysers het dieselfde aantal ure gewerk.

b. Deur die nuwe stelsel het dit vir die onderwyser moontlik geword om sy leerlinge individueel te leer ken en elkeen volgens sy diepste behoeftes te behandel omdat hy slegs met 'n klein groepie leerlinge van ongeveer 20 op 'n keer en dubbel soveel altesame te doen gekry het. Die nuwe opvoeding vereis meer as slegs die bybring van skolastiese kennis en vaardighede, derhalwe het dit in die klasse bowenal gegaan om die karakter- en persoonlikheidsvorming van die leerling. Dit het vereis dat die onderwyser

die sielkunde van die adolessent sowel as die aanpassingsielkunde moes ken en bestudeer.

c. Omdat klasindeling geskied het op die grondslag van beroepsbelange het elke onderwyser 'n groep leerlinge uit 'n bepaalde ambag of ambagte by hom gehad met die gevolg dat onderwyser en ambagsonderwyser met mekaar kon saamwerk en sodoende kon korrelasie tussen skoolonderrig en die werkswinkel in hoë mate bevorder word.

d. Met die take-stelsel het die leerling hoofsaaklik self verantwoordelikheid vir sy vordering of gebrek daaraan aanvaar en gedra i.p.v. die onderwyser. Waardevolle persoonlike eienskappe soos selfwerksaamheid, onafhanklikheid, verantwoordelikheid, toegewydheid, sowel as hulpvaardigheid kon derhalwe in die klein klasgemeenskap tot ontplooiing kom en verder uitgedra word na die wyer skool- en koshuislewe om hom en die wêreld daar buite.

e. Omdat die leerling self moes werk, is hy geleer hoe om naslaanboeke reg te gebruik.

f. Daar is 'n nuwe verhouding teweeggebring tussen onderwyser en kind gebaseer op natuurlike omgang en menslikheid. Die onderwyser kon die raadgewer word, die gids en leier.

g. Omdat dit 'n vereiste is in die nuwe opvoeding dat die onderwyser die individuele kind sal ken, was dit 'n vereiste onder die Gewysigde Jena-Plan dat daar samewerking moes wees met alle ander personeellede wat met ander aspekte van die inrigtingslewe van die kind te doen gehad het, soos die ambagsonderwysers, sportmeesters, koshuispersoneel, selfs met die predikante of ander persone wat van buite in die leerlinge belangstel. Sodoende kon koördinasie bevorder word en is die skool op die grondslag van 'n klein, maar ware en suiwere gemeenskap ingerig, waar AL die personeellede, ongeag hulle rang of betrekking, wat met die kinders in aanraking gekom het, kon saamwerk om die beste menslike deugde

by die leerlinge tot ontwikkeling te bring. Personeelkonferensies en samesprekings oor die vraagstukke in verband met die kinders is gereeld gehou. Soos algemeen aanvaar by die nuwere opvoedkunde, word in die Gewysigde Jena-Plan ook besondere nadruk gelê op sport en spele, liggaamlike opvoeding, toneel, verenigingslewe, musiek-uitvoerings en -waardering, radio, rolprent, kadetwerk, wellewendheid en welgemanierdheid. Onder laasgenoemde stelsel is die godsdienstige vorming van die kind nie nagelaat nie.

Dit het ook die koshuislewe van die kind ingeskakel in die opvoedingsprogram en deur 'n stelsel van selfregering die leerling maatskaplik probeer vorm en opvoed.

Psigologies is daar veel wat suiwer is in die Gewysigde Jena-Plan:

a. Die kind word in sy totaliteit gesien en opgevoed.

b. Ruim geleentheid vir individuele ontwikkeling en ontplooiing word aan die kind in die skool, die koshuis en op ander terreine gegun; voldoende geleentheid vir ontwikkeling na aanleg volgens eie talente en vermoëns. Tog word hy vroeg reeds gesosialiseer en geleer om aan te pas by die samelewing. Deur samelewing met sy gemeenskap kan hy hom as sosiale wese uitlewe en ontwikkel; leer hy ook sy verantwoordelikhede en verpligtinge teenoor die maatskappy. As aangepaste sosiale wese leer hy die belangrikheid en noodsaaklikheid daarvan om hom met kennis en vaardigheid toe te rus sodat hy hom as selfstandige mens in die maatskappy kan handhaaf.

c. Deur die takestelsel word geleentheid tot self-werksaamheid geskep en daardeur 'n gulde geleentheid vir die kind om tot 'n hoë mate aan sy drang tot aktiwiteit uiting te gee. In die werkswinkel en die lokaal vir praktiese werk waar die opleiding aan die werklikheid gekoppel is, word die leerling se belangstelling op natuurlike wyse gaande gemaak en is daar geleentheid vir die leerling om uiting te gee aan sy skeppingsdrang; kan hy op

konkrete wyse presteer en die vordering van daardie prestasie self waarneem; word sy eiewaarde ontwikkel en word die kind voortdurend voor nuwe pedagogiese situasies gestel waardeur hy tot voller menslikheid kan ontwikkel.

In die praktyk het die stelsel sekere probleme opgelewer en tekortkominge aan die lig gebring wat die meeste nywerheidskole genoop het om die Gewysigde Jena-Plan allengs so te wysig dat dit kwalik nog onder daardie benaming kan deurgaen, alhoewel baie, trouens merendeels, van die opvoedkundige bates behoue gebly het.

Wanneer 'n spesifieke metode suksesvol is of misluk, moet die oorsake gesoek word in die geskiktheid of ongeskiktheid van so 'n metode; kan dit aan die bekwaamheid of onvermoë van die onderwyser gedank of gewyt word; maar dit hang ook in hoë mate saam met die graad van ontwikkeling van die leerlinge, sowel as hulle verstandelike en ander geestesvermoëns.

Met die filosofiese, psigologiese en opvoedkundige grondslae van die Gewysigde Jena-Plan is daar weinig kritiek te vind. Indien wel, dan hoofsaaklik met die onderwyspraktyk waar ervaring sekere tekortkominge openbaar het.

Wanneer die leerlinge aan die nywerheidskool toegelaat word, is die meeste nog in die primêre skoolstanderds en openbaar hulle verskillende grade van skolastiese vertraging en/of verstandelike agterlikheid. Die taakstelsel hou nie genoeg rekening met hierdie onrypheid, onvermoë, gebrek aan stu- en wilskrag, en geringe doelbewustheid van die nywerheidskoolkind nie. Die Jena-Stelsel verwag van die jong, ongevormde en misvormde, dikwels wanaangepaste, soms byna analfabete leerling, selfstandige studie en naslaanwerk; selfleer en navorsing, hoe elementêr dan ook al, wat selfs vir leerlinge van veel groter opvoedkundige formaat moeilik val. In die klaskamer van die minder waaksame onderwyser of gedurende studietyd saans het die stelsel hom maklik geleen in die praktyk tot onderlinge afskrywery.

In enige stelsel is die onderwyser egter die belangrikste faktor. Sy gewilligheid, bekwaamheid en geesdrif bepaal die mate van sukses of mislukking van so 'n stelsel in hoë mate.

Soos alreeds aangetoon, is daar by die nywerheidsskool vir dogters veral, 'n voortdurende personeelverwisseling. Dit werk stremmend op die toepassing van so 'n nuwe stelsel want 'n grondige kennis van die onderliggende opvoedkundig-filosofiese grondslae van so 'n stelsel is 'n onverbiddelike vereiste. Mense wat dit nie begryp nie, kan noodwendig nie reg daaraan laat geskied nie.

Uit ervaring en onderhoude met gevestigde leerkragte kon vasgestel word dat die meeste onderwysers op die lang duur nie gelukkig was met die takestelsel en die noodgedwonge passiewe rol wat die onderwyser in sy klaskamer moes vertolk nie. Die nuwe stelsel het tot 'n groot mate die essensiële plek van die onderwyser verontagsaam. Dit wou hom graag sien as raadgewer en leier, maar in stede daarvan het hy verval in 'n meedoënlose sleurgang van aanhoudende nasienwerk. In die plek van die leermasjien van die ou onderwysstelsel wat uitgeskakel moes word, het gekom 'n nasienmasjien met min geleenthede vir iets anders.

Hy is ook verantwoordelik gestel vir die meeste skoolvakke van AL die standerds in sy klas; skoolvakke waarvan hy dikwels weinig kennis gedra het, en, wat van meer belang is, waarvoor hy soms nie die minste belangstelling gehad het nie.

Die geleentheid is hom nie gegun om hom as ware opvoeder uit te leef in 'n verskeidenheid van metodes nie en afwisseling van metodes is tog die lewe en siel van die praktiese opvoeding. Tereg merk J. Chris Coetzee ¹⁾ op dat die goeie onderwyser nooit een metode orals en altyd toepas nie. Hy wissel sy algemene en besondere metodes met mekaar af na gelang van die

1). Coetzee en Bingle : Beginsels en Metodes van die Middelbare Onderwys, 20 - 21.

vereistes van die omstandighede waarvoor hy te staan kom. Soms sal hy analities te werk gaan, dan weer sinteties; soms induktief, op 'n ander geleentheid deduktief. Partykeer wil hy van aanskouingslesse gebruik maak, dan weer wil hy sy leerlinge onder- rig deur mededeling of deur die vraag-en-antwoord metode. Sy besondere tegniek en metodiek hang nou saam met die persoonlikheid van die onderwyser en om hom in verband met sy metodiek aan bande te lê en hom tot passiwiteit te bring, is om hom van sy inisiatief te beroof, sy persoonlike uitlewing as onderwyser te strem en sy individualiteit te verloën. Die goeie onderwyser wil saam met sy leerlinge aktief wees; wil hom uitlewe, en wil inspireer deur die besielende, gesproke woord.

Die nywerheidskool is saam met ander tegniese in- rigtings verbonde aan 'n uniforme, hoofsaaklik eksterne, eksamen- stelsel, en om sertifikate waardeur die leerling toegang tot ar- beidskringe verkry te verwerf, moet die leerling eksamens slaag. Die taakstelsel alleen, pas nie goed daarby aan nie. Die onryp leerling kan hom moeilik self tot gereedheid bring om aan die ek- samenvereistes te voldoen. „Eksamenuitslae, veral in wiskunde, wetenskap en tekene is uiteraars onbevredigend“, skryf die hoof van die Vaalrivier Nywerheidskool in 1951 in sy jaarverslag, en dit word deur ander hoofde onderskryf. Die bestaande maatskaplike orde vereis 'n sertifikaat van die kind, en om dit te bekom, moet die leerling beskik oor die vereiste formele kennis. 'n Sertifikaat verleen nie alleen toegang tot die arbeidswêreld nie; dit verskaf 'n gevoel van prestasie by die leerling en verhoog so sy vertroue en bewustheid van eiewaarde.

Sedert 1951, soos blyk uit die jaarverslae van hoof- de van nywerheidskole, word die taakstelsel geleidelik meer en meer vervang deur 'n stelsel van individuele en groepsonderwys; word steeds meer van aanpassingsklasse vir nuwelinge en remediële onder- wys vir almal wat dit nodig het, gebruik gemaak. 'n Gevestigde sielkundige diens aan elke skool is verantwoordelik vir die nodige

seleksie van leerlinge. Die onderwyser word steeds meer vryheid van metode gegun en veral in die middelbare klasse word onderwysers in vakke gebruik waarin hulle opleiding gehad het en waarvoor hulle belangstelling het. Individuele leerlinge word nog deur die onderwyser geken, persoonlik gelei en bygestaan omdat klasse klein gehou word. Die hele opvoedingsprogram van die skool word nog geïntegreer om die kind as hele mens op te voed, maar die wesenlike onderwys, die ontwikkeling van die kind se verstand en vaardighede, so belangrik vir hom as redelike en denkende wese, geniet meer spesifieke aandag as onder die Gewysigde Jena-Plan.

Die aanvaarding van die Gewysigde Jena-Plan deur die nywerheidskole was 'n belangrike opvoedkundige mylpaal. Dit het die skole veel geleer en 'n vaste, duidelike rigting aangedui. Dit het die feit van individuele verskille onder leerlinge beklemtoon; dit het die kind as afsonderlike individu prominent onder die aandag van die opvoeder gestel, en het 'n nuwe skoolgemeenskap daargestel met 'n atmosfeer en organisasie gebou op die simpatieke onderlinge verhouding tussen onderwyser en leerling, waar die kind sy geestelike ewewig kon vind en waar sy persoonlikheid op gesonde grondslag tot ontplooiing kon kom.

Resente wysiginge ten spyte, is veel wat opvoedkundig goed en suiwer is behou, veral ten opsigte van die so belangrike emosionele vorming van die kind en sy aanpassing by die gemeenskap. En dit voer ons tot 'n ander baie belangrike grondvraag van die opvoeding, naamlik die tug.

4. DIE TUG VAN DIE NYWERHEIDSKOOL.

(a) Algemene bepalinge.

Voordat oorgegaan word tot 'n ondersoek na die tugmetodes van die nywerheidskool, is dit nodig om kortliks te bepaal wat die wese van die tug is en dan later die opvoedkundige praktyk van die nywerheidskool daaraan te toets. Dit is egter 'n

baie breë onderwerp en in die bestek van hierdie paragraaf sal slegs 'n paar kardinale punte aangestip word.

J. Waterink ¹⁾ wys daarop dat die woord tug afgelei is van die ou Germaanse woord tiegen wat trek beteken. In hierdie sin hou tug dan vir hom die implikasie in dat die opvoeder aan die kind leiding moet gee terwyl hy opgroei. Hy wys verder ook op die verband tussen tucht en teugel. Tug het in hierdie verband dan betrekking op teuel en beteueling, maar nie slegs in die negatiewe sin van teë- en weerhouding, van inperking of dwang, van verbiede dinge en reëls nie; tug is ook die teuel wat leiding gee op die regte pad, wat die kind op die regte pad hou. In hierdie voorkommende werking van die tug lê vir die moderne opvoeder 'n baie vername funksie van die tug en in die teoretiese opvoedkunde word veral nadruk daarop gelê. ²⁾

S. Pauw ³⁾ beklemtoon weer 'n ander belangrike positiese aspek van die tug, nl. „die trek van die belangstelling, begeerte en inspanning en die toewysing van 'n persoon in die rigting van 'n hoë en lofwaardige doel." Tug moet dus heenwys na die doelwit, dit moet strewes opwek, en bowenal moet dit besiel.

Daar is dus 'n betekenisvolle verband tussen die tug en die opvoedingsdoel, maar terselfdertyd moet dit benadruk word dat dit self geen doel van die opvoeding is nie. Dit is wel 'n belangrike middel of instrument om die opvoedkundige doel te verwesenlik; dit is 'n onmisbare opvoedingsmiddel, want sonder goeie tug is die goeie opvoeding van die kind nie moontlik nie.

In die tug is dan saamgetrek die opvoeder, die opvoedeling en die opvoedingsdoel. Die opvatting van die opvoeder oor die opvoeding sal die aard van die tug bepaal. Die geestes-

1) Waterink : Theorie der Opvoeding, 67.

2) Coetzee : Inleiding tot die Algemene Teoretiese Opvoedkunde, 354.

3) S. Pauw in 'n artikel in die ONDERWYSBLAD, 1 Mei 1957, 79.

gesteldheid van die kind en die verhouding tussen leerkrag en leerling, bepaal ook die tugmiddele.

S. Pauw ¹⁾ sien liefde as die belangrikste element in tug, maar liefde wat ook verwag en nie net gee nie, wat ideale stel en strewes opwek; wat ook eise stel aan die kind, eise van inspanning, ideaalnastrewing, eise van gebondenheid aan vaste sedelike beginsels. Om laasgenoemde te bereik is om te kom tot die wese van die tug, nl. innerlike of selftug, die toestand waar die kind homself kan lei. Om tot innerlike tug te kom, is dan ook die hoofsaak in die sedelike vorming van die kind. ²⁾ En die hoogste vorm van tug is selftug. Alle tugmiddele moet lei na selftug, alle dissipline na selfdissipline, alle beheer na selfbeheer en uiteindelik tot aanvaarding van die wet van God in eie lewe.

Om dit te bereik t.o.v. die kind is meer nodig as sekere dwang-, straf-, tugmaatreëls of regulasies. Veel eerder is nodig die geheelinvloed van al die skoolaktiwiteite, want wesenlik is daar niks in die hele inrigtingsmilieu - en hier moet weer beklemtoon word dat sommige kinders vier-en-twintig uur elke dag, week na week, maand in en maand uit, soms jare lank in die sorg van die skool verkeer - wat nie direk of indirek die dissipline of tug raak nie. Die tug is innig verweef met en afhanklik van die hele opvoedingsprogram, die personeel, die geboue, die onmiddellike omgewing, selfs die samelewing daarbuite. ³⁾ Die vernaamste is egter die personeel en die persoonlike omgang tussen leerkrag en leerling.

1) S. Pauw in 'n artikel in die ONDERWYSBLAD, Mei 1957, 81.

2) Allen : The Psychology of Punishment, 67. Vgl. ook Coetzee : Inleiding tot die Algemene Teoretiese Opvoedkunde 348 - 349.

Cooper : Children's Institutions, 115.

Valentine : The Difficult Child and the Problem of Discipline, 68.

3) Cooper : Children's Institutions, 116. Vgl. ook Struck : Creative Teaching, 70.

Waterink : Theorie der Opvoeding, 67.

Orde en dissipline is noodsaaklik want die mens wat sonder tug grootword en wat nie tot innerlike selfbeheersing gekom het nie, is 'n onnuttige mens en 'n las, selfs 'n potensiële gevaar vir die samelewing. En waar 'n groot aantal onvolwasse, onryp kinders saamwoon in 'n gemeenskap soos in die geval van die nywerheidsskool, is orde en dissipline van belang vir sowel die sedelike vorming van die kind as die bevordering van 'n doeltreffende skoolorganisasie en beheer.

(b) Sekere gedrags- en persoonlikheidsafwykings by die nywerheidsskoolleerling.

By 'n ondersoek na die vraagstuk van tug op skool moet daar veral aan twee sake aandag geskenk word, nl. watter moeilikhede of oortredinge of watter vorme van gedragsafwykings oor die algemeen voorkom en dan in die tweede plek wat aanleiding tot die moeilikhede in die skool gee. As 'n onderwyser die kind ken, ook in sy huislike verband en hy dra ook kennis van die moontlike oorsake wat gewoonlik aanleiding tot kinderoortredinge gee, kan hy die probleem oplos, en kan hy hulp verleen. Die regte opvoeding, en dus ook die tug, moet rekening hou met die diepste behoeftes van die kind.

Dit geld ook in die besonder vir die nywerheidsskool met sy gekommitteerde kind. Voor alles is kennis nodig.

Wanneer die geskiedenisstaat ¹⁾ van die nywerheidsskoolkind nagegaan word, word die ondersoeker getref hoedat daar gereeld soos klokslag verwys word na gebrekkige ouerlike beheer en tug. Dit word gewoonlik gekenmerk deur laksheid of totale afwesigheid of so 'n mate van strengheid dat dit grens aan ruwe barbaarsheid wat maklik oorgaan tot mishandeling of deur wisselvalligheid en inkonsekwentheid. C. Burt ²⁾ en andere vind dan ook

1) Vorm K.W. 9.

2) Burt : The Young Delinquent, 96. Vgl. ook
Glueck : Unravelling Juvenile Delinquency, 131 - 133.
Valentine : The Difficult Child and the Problem of Discipline, 53.
Young : Personality and Problems of Adjustment, 341.

'n hoë korrelasie tussen defektiewe ouerlike tug en jeugmisdaad of wangedrag. Standaarde van die ouers is die standarde van die kinders en tugpraktyke van die ouerhuis bring die kind tot 'n begrip of nie van wat reg en verkeerd is en die konsekwensies daarvan.

Met die herkoms en die gesinsagtergrond van die nywerheidskoolkind in gedagte, is sekere gedragsspatrone en afwykinge dan ook duidelik.

Navraag by die skole ¹⁾ het aan die lig gebring dat die volgende oortredings in minder of meerder mate in nywerheidskole voorkom : Klein diefstalle onderling (met uitsondering van vergrype van ernstiger aard buite dieskool), leuentaai, vloek en vuil taal, sorgeloosheid en onverantwoordelikheid t.o.v. skool-eiendom, vernielsug, luiheid, pligsversuim, gebrek aan stiptelikeit, wanordelikheid, rook, seksuele afwykende gedrag en wegloperij. Dogters maak hulle veral skuldig aan parmantigheid teenoor personeel, onderlinge rusies en uitsluipery.

In baie gevalle is oortredings bloot van insidentele aard en op verstandige wyse word slegs van 'n waarskuwing, teregwyding of van direkte straf gebruik gemaak. Skoolhoofde en personeel van nywerheidskole is dit met mekaar eens dat die meeste nywerheidskoolleerlinge min wesenlike aanpassingsprobleme in die skool en koshuis ondervind, moontlik weinig meer as wat aangetrefsal word in enige gewone kosskool.

Elke inrigting het egter onder sy skoolbevolking 'n groep leerlinge met diepgaande geestesprobleme. Hulle word ru-weg deur die onderwyser-sielkundiges aan die nywerheidskole ²⁾ op die volgende wyse ingedeel:-

a. Dié met 'n defektiewe persoonlikheidsontwikkeling

1) Opname van Departementele skole, 1949 -1950.

2) Soos aangedui deur jaarverslae van onderwyser-sielkundiges wat deel vorm van nywerheidskole se jaarlikse verslae.

en wat ly aan oorgevoeligheid, irrasionele vrees, emosionele onstabiliteit, dagdromery, ens.;

b. Dié met ernstige karaktergebreke wat tot uiting kom in diefstal, inbraak, aanhoudende weglopery, ens.;

c. Dié met sekere gewoonteafwykings soos enuresis, spraakgebreke, ens.; en

d. Leerlinge met skolastiese of werkswinkelproebe wat ontstaan as gevolg van konstitusionele gebrek aan intelligensie, skolastiese vertraging in een of meer skoolvakke, ens.

Hierdie leerlinge vorm min of meer die „probleemgroep" in elke nywerheidsskool - min of meer tien persent van die totale aantal leerlinge - en hulle verg volgehoue aandag en deskundige behandeling oor 'n lang tydperk soms. En selfs dan nog bly die reaksie in sommige gevalle negatief.

Dit is derhalwe duidelik dat die nywerheidsskool voor 'n moeilike probleem te staan kom t.o.v. sy tug en dissipline. Hoe die skool na 'n geskikte oplossing soek, word in die volgende paragrawe ondersoek.

(c) Die tugmetode van die nywerheidsskool.

(i) Kennis van die kind en moontlike oorsake van oortredings.

Die nywerheidsskool strewende daarna om elke kind te ken, want geen persoon kan werklik dissipline handhaaf t.o.v. kinders wat hy nie ken nie. Dit soek ook om insig te verkry in die moontlike oorsake van die oortredings van die leerlinge. Deur middel van hierdie kennis wil die skool dan op gesonde opvoedkundige grondslae sy tugvraagstukke benader en oplos.

Met die oog hierop beskik elke nywerheidsskool oor die dienste van een of meer onderwyser-sielkundiges wie se ver naamste taak is om tot kennis van die kind te kom, sy moeilikhede vas te stel, te diagnoseer, daardie kennis sistematies te verwerk,

te interpreteer, dit ook aan ander personeellede wat met daardie bepaalde kind in aanraking kom in watter opvoedkundige situasie ookal, beskikbaar te stel, en om met behulp van daardie kennis leerlinge te lei en te bring tot 'n begrype van hulle eie probleme.

Van die volgende wetenskaplike meetmiddels word gebruik gemaak: Intelligensietoetse, aanlegstoetse, gehoors- en gesigstoetse, skolastiese en persoonlikheids- en aanpassingsvraelyste. Om tot verdere kennis te geraak, word ook 'n studie van gewens in die leerlinge se persoonlike lêers gemaak, onderhoude word met leerlinge gevoer, en gereelde onderlinge personeelsame-sprekings en personeelkonferensies waar individuele leerlinge van alle kante en aspekte bespreek word.

'n Belangrike funksie van die onderwyser-sielkundige is om alle kennis in verband met leerlinge onder behandeling sowel as die tugmiddele te koördineer.

Nuwe leerlinge word gedurende die eerste maande van hulle verblyf noukeurig waargeneem en getoets. As daar dan leerlinge is wat besondere aandag verg, word sulke leerlinge onder die groep „probleemgevalle” geplaas en geniet hulle die nodige aandag.

Net soos grondige kennis van die kind en sy behoeftes 'n onontbeerlike vereiste vir die doeltreffendste opvoedingsmetodiek is, so is kennis van die kind en sy persoonlike probleme noodsaaklike vereiste vir die geskikste tugmiddele. Die opvoeder moet egter ook kennis dra van die beste tugmiddele.

(ii) Die opvoedkundige tugmiddele.

Die nywerheidskool ken, bo alle ander dinge, die waarde van die goeie personeellid en wil dit waardeer. Dit was so in die vroegste geskiedenis van die skole.¹⁾ Dit is vandag nog

1) Vgl. Hoofstuk III van hierdie verhandeling.

die geval. ¹⁾ Dit is die onderwyser wat die mees sentrale plek inneem in enige skema of organisasie van die onderwys, ²⁾ en die opvoeding; dit is ook hy wat lewe gee aan die algemene en besondere metodiek. En dit is hy, en dit ken die nywerheidskool uit die praktyk en dit geld vir enige personeellid, wat met sy lewendige, sterk persoonlikheid toestande oral so beheer dat alles mooi en vlot verloop sodat die tughandhawing maklik word. Net so kan die swakkeling wat nie kan lei en inspireer of organiseer nie, dissiplinêre chaos skep en die skoolgees tot in sy kern vermink.

Leerkrag en organisasie, opvoeder en opvoedkundige dissipline hang nou saam, kousaal verbind. Die personeellid van die nywerheidskool is van die grootste belang by die tughandhawing.

(1) Orde en roetine.

'n Kenmerk van die nywerheidskool is die geordenheid van sy organisasie. Ordelikheid en 'n vaste, werkende roetine vereenvoudig en vergemaklik sake vir die kind. Hy word lid van 'n gemeenskap waar hy dit maklik vind om reg te handel en moeilik om die verkeerde weg in te slaan. Deur sy geordende organisasie wil die nywerheidskool dus eerder voorkom as later straf. Dit is 'n suiwer moderne opvoedkundige beskouing ³⁾ wat De la Salle in 1705 egter in Frankryk aan sy verbeteringskool te St. Yons met welslae toegepas het. ⁴⁾

Die behandeling van die nywerheidskoolkind berus op 'n tweërlei werkzaamheid. In die eerste plek word die kontra-invloede grootliks uitgeskakel met sy verwydering uit die ou funeste omgewing, en dan word positiewe invloede wat gekoördineer en geïntegreer is, in werking gestel wanneer hy in die nywerheidskool geplaas word.

Vir die meeste sogenaamde „onbeheerbare” kinders is

1) Jaarverslag van die Dept. van Onderwys, Kuns en Wetenskap, 1948, 12.

2) Coetzee : Inleiding tot die Algemene Praktiese Opvoedkunde, 249.

3) Coetzee : Inleiding tot die Algemene Teoretiese Opvoedkunde, 353.

4) Breuer : Gestichtsoopvoeding, 66 - 67.

'n verandering van omgewing en plasing in 'n georganiseerde, beplande milieu met verstaanbare reëls en orde, en waar die gesag berus by konsekwent ferme, maar simpatieke personeellede, vol-doende om hulle dadelik of redelik gou op die regte pad te bring en daar te hou. Hulle het eintlik die meeste behoefte aan beskawing en godsvrug, en goeie huislike opvoeding wat hulle weens die ongelukkige omstandighede in hulle lewes moes ontbeer. In die koshuis en die skool kan die kind gelei word tot die vorming van vaste, goeie gewoontes van orde en reëlmaat, van persoonlike netheid en reinheid, van stiptelikheid en van samewerking met ander, en bedagsaamheid teenoor sy medemens.

Die lewe in die nywerheidskool is na vaste gange, baie vol en bedrywig; geroetineerd maar tog nie geregimenteerd nie. Die nuwe opvoedkundige teorie van die nywerheidskool, soos tot praktyk gebring in die klaskamer en van toepassing op die hele opvoedingsprogram, weerstaan en verhoed dit. Die individuele kind word nie uit die oog verloor nie.

(2) Persoonlike behandeling.

Wanneer die gewone informele metodes van behandeling nie slaag nie, kom leerlinge onder die aandag van die onderwyser-sielkundige, wat dan meer spesifiek sielkundige prosedures toepas om die verborge oorsake van die afwykings in die kind se lewe te probeer ontdek. In die meeste nywerheidskole bestaan reeds so 'n mate van vertroue by die leerlinge in dié diens dat hulle ook uit eie beweging met persoonlike vraagstukke na die kliniek gaan. Die ideaal waarna gestrewe word, is om die tugvraagstukke van die nywerheidskool in die sielkundige kliniek te koördineer. Elke ernstige oortreding of afwyking word na die onderwyser-sielkundige verwys wat dit in verband met ander vroeëre simptome en toetsdata stel en saam met ander personeellede tot behandeling besluit.

'n Belangrike faktor wat dikwels invloed uitoefen op die kind se gedrag in die nywerheidskool, is keuring t.o.v. die ambagte. Hier speel die onderwyser-sielkundige vandag 'n belangrike rol, want met sy kennis van die aanleg, vermoëns en belangstelling van die kind, moet hy die kind in die geskikste ambag plaas. Korrekte plasing is van oorheersende belang, want dit hou direk verband met die kind se toekomstige beroepsarbeid, en is derhalwe 'n beslissende faktor t.o.v. sy toekomstige geluk en bestaansbestendigheid. 'n Verkeerde beroep kan ramspoedige gevolge hê. Die belangstelling van die kind moet dus in hoë mate in ag geneem word, ook vanweë die feit dat ambagsopleiding vir die nywerheidskoolleerling gesonde terapeutiese waarde inhou. Dit is ook welbekend dat die adolessent aktief belangstel in 'n toekomstige beroep en regte leiding en voorligting in daardie verband sal innerlike dissipline bevorder.

Die meeste nywerheidskole doen reeds gevorderde werk op die gebied van beroepskeuring en plasing in die onderskeie werkswinkels maar gebrek aan akkommodasie en gebreke by leerlinge noodsaak dikwels plasing in ambagte of beroepsrigtings teen hulle sin en wil. In die praktyk kan sulke dinge nie verhelp word nie, en om tevredenheid te bring en belangstelling by die leerlinge gaande te maak, vereis opvoedkundige metodiek van hoë gehalte en baie individuele werk.

In die meeste gevalle sluit die onderwyser-sielkundige dankbaar aan by persoonlike godsdienstige werk wat deur belangstellende personeellede onder die leerlinge gedoen word. Afgesien van formele godsdiens- en Bybelonderrig, Sondagskool-klasse, katkisasie, die bywoning van die eredienste in die kerk, en verenigingslewe met godsdienstige inslag, bestaan daar personeellede aan feitlik elke skool wat tyd daaraan bestee om kinders te bring tot die vrese van die Here. Persoonlike onderhoude speel hierin 'n groot rol.

Dat daar 'n groot behoefte bestaan blyk hieruit dat toe een van die onderwysers aan 'n groot nywerheidskool wat veel in daardie opsig doen, enkele jare gelede gevra het dat leerlinge met godsdienstige of sedelike probleme en wat 'n onderhoud verlang, dit moes aandui deur 'n kort briefie, het byna 100% om so 'n onderhoud versoek!

(3) Leerlingbestuur.

Selfregering of leerlingbestuur staan in nou verband met die doelstellinge van die nywerheidskool soos geformuleer deur die Gewysigde Jena-plan. Deur die stelsel van leerlingdeelname aan die bestuur van hulle sake in die koshuis en die skool wil die nywerheidskool die kind lei om te kom tot 'n begrip van sosiaal aanneemlike gedrag. Orde en wetmatigheid is vir die onderlinge welsyn van enige gemeenskap onontbeerlik. Deur die leerlingbestuur kry leerlinge geleentheid om self toesig te hou, om te help met die opstel van maatreëls en strawwe. Sodoende, en deur voorligting en verduideliking van die kant van die personeel, kan hy gelei word tot 'n begrip van sosiale verantwoordelikheid en selftug.

Die onderliggende beginsel in verband met die leerlingraadstelsel by al die nywerheidskole is om die skoollewe daardeur so na as moontlik aan die burgerlike orde van die land te bring sodat die kind by skoolverlating nie totaal 'n nuwe aanpassing moet gaan maak nie. In die praktyk wissel die magte van skool tot skool. By sommige skole help leerlinge net toesig hou. By ander skole beskik die leerlingraad oor ingrypende magte, selfs oor die toediening van straf. Al die skole gaan egter uit van die standpunt dat die leerlinge onvolwasse, onryp, onervare, onkundig is. Die hoof, vise-hoof en ander personeellede is altyd op die agtergrond.

(4) Direkte tugmiddelle.

In die praktyk is dit nie altyd moontlik om oortredings te voorkom nie. Geen skool bereik ooit daardie ideale toestand nie. Indirekte tugmiddels is derhalwe nie altyd afdoende

nie, en die skool is dan verplig om handelend op te tree.

Skooloortredings kom in die nywerheidskool reëlmatig voor en indien direkte tugmiddels en straf nie toegepas word nie, sou die skool verval in 'n toestand van bandeloosheid en wetteloosheid.

Onderzoek in hierdie verband het aan die lig gebring dat die nywerheidskool die gewone tugmiddele van die gewone skool aanwend. Daar is 'n strewe om opvoedkundig te straf, d.w.s. die straf hou verband met die daad en lyfstraf word alleen as 'n laaste middel toegepas onderworpe aan die regulasies van die Onderwysdepartement. Omdat leerlinge kosgangers is, neem straf soms die vorm van verbeurde voorregte aan, soos b.v. die voorreg om bioskoop toe te mag gaan. En al die skole ontnem 'n kind b.v. die voorreg om gedurende 'n lang vakansie huis toe te gaan indien sy gedrag baie swak is of as hy dros.

Die doel met die direkte tugmiddele in die nywerheidskool is altyd om te waarsku, te verbeter, om die kind op die regte pad te bring en daar te hou, m.a.w. om deur orde en uiterlike tug die kind te lei, te trek tot 'n toestand van selftug.

5. SAMEVATTING.

In sy opvoedings- en tugmetode gaan die nywerheidskool van die standpunt uit dat kinders individueel van mekaar verskil en dat die beste opvoeding rekening moet hou met die diepste behoeftes van die menslike natuur. Dit is derhalwe nodig om elke kind noukeurig te bestudeer ten einde sy behoeftes te bepaal.

Die skolastiese en ander probleme van die leerling vereis dan ook 'n opvoedingsmetode wat ingestel is op geïndividualiseerde onderwys, leerlingaktiwiteit en 'n goeie verhouding tussen die leerling en die onderwyser.

Die Gewysigde Jena-Plan het voldoen aan die meeste opvoedkundige en sielkundige vereistes, maar het oor die algemeen te hoë eise van selfwerkzaamheid en selfstudie aan die onryp, dikwels skolasties vertraagde leerling gestel en te min geleentheid aan die onderwyser om sy persoonlikheid ten volle te laat geld.

Daar word dus op die huidige van geïndividualiseerde en groepsonderwys gebruik gemaak. In die middelbare afdelings het die vakonderwyser weer sy verskyning gemaak.

In sy tugmetode soek die nywerheidskool eerstens om die kind te ken en die moontlike oorsake van sy gedragsprobleme. Voorkomende maatreëls speel 'n groot rol in die tugmetode van die nywerheidskool, sowel as persoonlike behandeling.

Net soos in die gewone skool word ook van direkte tug- en strafmiddele gebruik gemaak.

HOOFSTUK X.

DIE NYWERHEIDSKOOL VIR DOGTERS.

Die nywerheidskooldogter en -seun is van dieselfde huislike en maatskaplike herkoms en hulle word grotendeels om dieselfde redes na die skole verwys, behalwe dat dit wil voorkom asof dogters hulle oor die algemeen minder skuldig maak aan skoolversuim en onbeheerbaarheid tuis. ¹⁾

Afsonderlike nywerheidskole vir die twee geslagte is in 1912 ingestel en is as beleid sedertdien konsekwent deur die Onderwysdepartement gehandhaaf, behalwe tydens 'n proefneming met 'n gemengde skool vir jonger kinders in Bloemfontein in 1921. Dié skool het enkele jare later 'n skool vir dogters geword. ²⁾

Omdat seuns en dogters in hulle adolessente jare so radikaal in baie opsigte van mekaar verskil, ook ten opsigte van hulle toekomstige loopbane, is die voorgenoemde beleid van afsonderlike skole vir die twee geslagte prinsipieël en prakties suiwer.

In hulle doelstellinge en wese is daar weinig verskil tussen die verskillende nywerheidskole, alhoewel elke soort die swaarste klem op 'n ander aspek van die onderwys en opvoeding sal laat val. Die dogterskole het egter in sekere opsigte met sulke eiesoortige probleme te doen dat 'n ondersoek daarna geregverdig is ten einde die nywerheidskoolwese in sy volledigheid te stel.

1. DIE LEERPLAN : Beperkte beroepskeuse.

Die owerhede het, benewens ander mikpunte met die nywerheidskole vir dogters, uit die staanspoor beoog om sulke leerlinge vir 'n nuttige beroep voor te berei. Artikel 62 van die

1) Jaarverslag van die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap 1953 - 1954, 43 - 44.

2) Vide Hoofstuk III van hierdie verhandeling.

Regulasies opgestel kragtens Wet No. 25 van 1913 het as volg gelui: „De meisjes worden in zulke vakken binnenshuis of buitenshuis opgeleid, die het best kunnen dienen om ze te bekwamen om in haar eigen onderhoud door arbeid te voorzien.”

Hierdie opleiding was, behalwe onderrig in enkele skoolvakke, slegs gerig op huishoudelike werk, naaldwerk en waskunde. ¹⁾ Met die oorname van die skole deur die Unie-Onderwysdepartement in 1917 het dr. G. G. Cillie na 'n ondersoek dan ook dadelik gewys op die beperkte beroepskeuse van die dogter aan die nywerheidskool: „The only industrial work that the girls undertake at present is the ordinary household duties - cooking, cleaning, washing and ironing, and sewing. Hence the idea of the training is that all the girls are being trained for domestic service. Merely to state this is to show the absurdity of the whole situation. Because it is unthinkable that all the girls who have the misfortune of having no home and, consequently, land here (in our schools) should be fitted by nature for domestic service. During the 5 - 9 years that the girls spend here the State ought to be able to find out for what each of them has been destined and to train them for that particular work. And at the back of all this training there should be the idea that a woman's highest destiny is home-making.” ²⁾ (Skrywer hiervan onderstreep.)

Die dogterskool moes dus nie slegs die leerling voorberei vir 'n beroep nie, maar daar moes uitgegaan word van die individuele aanleg, belangstelling en behoeftes van die leerling, en rekening moes gehou word met die feit dat die uiteindelijke roeping van die dogter, in die meeste gevalle, dié is van huisvrou en moeder.

1) Annual Report of the Department of Justice 1911, 32.

2) Report of the Under Secretary for Education 1918, 78.

Nie alleen was die Unie-Onderwysdepartement eens met bogenoemde opvatting nie, maar dat daar erns was t.o.v. die praktiese toepassing van die beginsel van differensiasie blyk uit die feit dat in 1919 tuinbou en suiwelbereiding tot die leerplan vir dogters in Standerton toegevoeg is en daar word in die amptelike verslag vermeld dat drie leerlinge van 'n ander nywerheidskool, vermoedelik Paarl, ingeskryf is aan die plaaslike opleidingskollege vir onderwysers. ¹⁾ In 1922 word weer vermeld dat 40 dogters in Standerton en 14 in Paarl die plaaslike hoërskole bywoon, terwyl die Nasionale Huisvrou-kursus dieselfde jaar aan die Standertonse nywerheidskool ingevoer is. ²⁾ Sinds 1931 is dit ook moontlik vir dogters van die Paarlse nywerheidskool om in te skryf aan die plaaslike hoër handelskool ten einde 'n Senior Handelsertifikaat te verwerf. ³⁾

Ten spyte van hierdie ruimer geleentheid en groter differensiasie het die klem aan die dogterskole steeds maar bly val op die huishoudkundige opleiding en kla die hoof van die Standertonse nywerheidskool in 1949 nog steeds: ⁴⁾ „In hierdie skool word al die dogters in dieselfde rigting gedwing, nl. huishoudkunde. Baie van die dogters hou niks daarvan nie" Dit is ook gedeeltelik die klag van die skole van Bloemfontein en Paarl soos herhaaldelik blyk uit hulle amptelike jaarverslae.

Uit die aard van hierdie opleiding het dan ook gevolg dat verreweg die meeste dogters, veral in die aanvangsjare van die skole, na voltooiing van hulle opleiding as huishoudsters of kinderoppasters in diens van private gesinne geplaas is. ⁵⁾ Die Sekretaris van Onderwys ⁶⁾ skryf in sy amptelike jaarverslag in

1) Report of the Secretary for Education 1919, 40.

2) Report of the Secretary for Education 1922, 27.

3) Volgens gegewens i.s. Paarl nywerheidskool in WERK, Maart 1952, 37 - 38.

4) Departementele opname van nywerheidskole 1949.

5) Report of the Secretary for Education 1919, 47; 1924, 44; 1926, 45.

6) Report of the Secretary for Education 1919, 47.

1919: „there is only one avenue by which all pupils, irrespective of their wishes, can be disposed of: domestic service. They are sent into the world as servants, doing the work of cooks, housemaids or nursemaids, very often all three combined."

Die plasings het merendeels op mislukkings uitgeloop en baie dogters moes terugkeer skool toe. So word in 1925 gerapporteer dat van die 56 dogters wat deur die Standertonse nywerheidskool uitgeplaas is, 43 as „mislukkings" teruggekeer het na die skool. ¹⁾ In 1932 was dit 32 uit 52 wat moes terugkeer. ²⁾

Redes hiervoor val nie ver te soek nie. Dr. Cillie het reeds in 1919 aangedui dat dit 'n absurditeit is om alle nywerheidskooldogters in huishoudkundige rigtings te dwing. Die aanleg en belangstelling daarvoor het ontbreek, veral by die intelligenter dogter wat na 'n hoër sosiale status deur haar werkkring gestrewe het. ³⁾ En dit is deur die ervaring oorsee en alhier geleer dat die dogter as huisbediende geringe sosiale status geniet. In die verlede was dit gewoonlik slawe en die intellektueel of maatskaplik mindere wat op dié soort diens toegewys was. ⁴⁾ In Suid-Afrika is en was dit nog altyd die naturel en kleurling wat as huisbediende opgetree het. Blanke dogters in daardie hoedanigheid, hoe edel die arbeid dan ook al voorgestel is, is voor talryke probleme gestel, en dit het as uitplasingsveld uiteindelik feitlik doodgeloop, ⁵⁾ net soos in die geval van die huishoudskole wat ook vroeër hulle leerlinge by private gesinne aan 'n verdienste gehelp het. ⁶⁾

Nie alleen het die blanke dogter as huisbediende, of watter benaming daar ook al aan hierdie soort werk gegee word, geen noemenswaardige sosiale status nie, maar die lone is gewoonlik

1) Jaarverslag van die Unie-Onderwysdepartement 1925, 59.

2) Jaarverslag van die hoof van die George Hofmeyr Nywerheidskool, Standerton, 1932.

3) Vgl. Mev. W.A. v.d. Walt in WERK, September 1933, 29.

4) Vgl. Leake : The Vocational Education of Girls and Women, 191.

5) Vandag word dogters alleen by wyse van uitsondering by privaat gasinne geplaas, soos meegedeel deur skoolhoofde.

6) Du Plessis : Die Huishoudskool, 148.

laag en daar is nie gereelde verhogings soos in die staatsdiens of elders nie. ¹⁾ Privaat gesinne stel ook gewoonlik te hoë eise aan die onervare kinders en buit hulle dienste uit, en in die harde sleurwerk wat maar te dikwels hulle daaglikse roetine vorm, gaan die vroulike fynheid maklik verlore, veral waar hulle in so baie gevalle aangewys is vir geselskap op naturelle- en kleurling-bediendes. Werksure is gewoonlik lank en ongereeld en werkgeefsters baie keer onsimpatiek en onkundig t.o.v. die persoonlike probleme van so 'n dogter. ²⁾

Temperamenteel was die nywerheidskooldogter heel dikwels nie geskik vir dié soort werk nie. ³⁾ Daar was egter in die vroeëre jare van die bestaan van die nywerheidskole, soos hoër op aangetoon, nie veel ander werkgeleenthede vir dogters nie. Vir die akademies laag gekwalifiseerde dogter was huiswerk feitlik die enigste. Dit het ogter sekere belangrike voordele ingehou wat meegebring het dat uit 'n praktiese oogpunt beskou, dit in belang van die kind geag is om haar tog in die diens van 'n privaat gesin te plaas.

Om geskikte losies vir die ontslane dogter te vind anders as in 'n huishouding, was 'n ernstige probleem. Ouerhuise was dikwels totaal ongeskik vir die heropname van die dogter en sommige kinders het oor geen ouerhuise of ander tuistes beskik nie. Alhoewel reeds sterk deur belangstellende persone en verenigings bepleit in 1917, ⁴⁾ en ten spyte van die feit dat die Onderwysdepartement bewus was van die ernstige behoefte aan so 'n tehuis, ⁵⁾ sou die eerste en enigste uitplasingskoshuis eers in

1) Vgl. Prosser & Allen : Vocational Education in a Democracy & Van Waters : Youth in Conflict.

2) Report of the Secretary for Education 1919, 47; 1925, 47, 78; Vgl. ook mev. W.A. v.d. Walt in WERK, Sept. 1933, 29.

3) Jaarverslag van die hoof van die Standertonse nywerheidskool vir dogters 1932.

4) Child Welfare Conference 1918, 92 - 93.

5) Annual Report of the Union Education Department 1926, 45 - 47.

Mei 1949 in verband met die Nywerheidskool Tempe, in Bloemfontein tot stand kom. ¹⁾

Salarisse van kantoor- en fabriekwerksters was uiters karig, ²⁾ met die gevolg dat sulke dogters deur omstandighede gedwing is om van die allerswakste losiesplekke gebruik te maak met groot potensiële en wesenlike morele gevaar vir hulle self. Daar was nie toesig nie en sulke dogters het dikwels in die agterbuurtes beland.

By private gesinne was daar, teoreties altans, minstens toesig deur verantwoordelike belangstellende volwassenes, naamlik die vader en moeder van die huis; goeie huisvesting, gereelde en goeie etes en met die opleiding wat sy ontvang het as grondslag, kon so 'n dogter „die ordelike gang van 'n normale huishouding ondervind en bestudeer.“ ³⁾ Volgens M. C. Briers, ⁴⁾ voormalige Volkswelsynbeampste en latere hoof van die Instituut vir Meisies te Durbanville, het dogters wat na hulle eie ouerhuise teruggekeer het, in die swakste betrekkings beland, die swakste huwelike gedoen en die meeste mislukkinge veroorsaak. „Die dogter in die privaat huis voltooi as't ware haar kursus. Hier neem sy waar wat die gesinslewe is; hier bring sy in die praktyk wat op die inrigting geleer is, en leer sy om te bestuur en alleen te staan ”

Na die teorie en die praktyk het plasing by private gesinne vir die dogter uit die ontredderde huis dus voordele ingehou, en indien die tekortkominge vermy kon gewees het, sou dit 'n baie doeltreffende stelsel van nasorg met hom meegebring het. Sukses het in baie gevalle ook nie uitgebly nie, ⁵⁾ maar om redes

1) Opname van Departementele skole, Nywerheidskool Tempe, 19.12.49.

2) Annual Report of the Union Education Department 1927, 57.

3) Volgens mev. W.A. v.d. Walt, eertydse Huismoeder (Hoof) van die Standertonse nywerheidskool in WERK, September 1933, 31.

4) Uit 'n artikel in WERK, Maart 1934, 27.

5) Annual Report Union Education Department 1924, 43.

hoër op genoem, het plasing by die privaat gesin geleidelik afgeneem en vind dit alleenlik by wyse van uitsondering vandag nog plaas. Ook op sielkundige grondslag was dit gedoem tot mislukking. Die adolessent strewe na groter vryheid; die gebondenheid as huiswerkster, alhoewel bedoel vir haar behoud, was en is vir die meeste dogters, sommige van wie feitlik in inrigtings opgegroeï het, te veel om te verduur.¹⁾ Indien hierby die dogter se onwilligheid om huiswerk te verrig, gevoeg word en die stigma wat in Suid-Afrika so maklik geheg word aan huiswerk („domestic service”), dan is dit duidelik waarom hoofde voortdurend aangedring het op 'n groter differensiasie van kursusse ten einde meer werksgeleentheid vir die dogters te skep en waarom die Onderwysdepartement sedert vroeg al vir die verstandelik meer begaafde leerling wyer voorsiening gemaak het, alhoewel op beperkte skaal, soos alreeds aangedui, en waarom daar vir die oorblywende groot meerderheid dogters vir wie 'n handelsopleiding nie gerade was nie, gespesialiseerde kursusse in 1939 ingestel is, kursusse wat, alhoewel ingestel op huishoudkundige grondslag, 'n breë arbeidsveld vir die leerling moes oopstel.

In die voorgenoemde jaar is die leerplanne vir huishoudskole en nywerheidskole vir dogters hersien en het die bestaande sertifikate t.w. die Huisvrou-sertifikaat, die Gevorderde Huisvrou-sertifikaat en die Nasionale Ambagskoolsertifikaat (Huishoudkunde) verdwyn en is hulle vervang deur die Preliminêre Sertifikaat in Huishoudkunde (St. VII), die Nasionale Junior Sertifikaat in Huishoudkunde (St. VIII) en die Nasionale Huishoudkunde-sertifikaat in Gespesialiseerde vakke wat 'n verdere studiejaar na die Junior Sertifikaat vereis het en uitgereik is aan 'n kandidaat wat aan die eksamenvereistes van EEN

1) Mev. W.A. v.d. Walt in WERK, September 1933, 31.

van die volgende kursusse voldoen het:

- (i) Assistent-matrones,
- (ii) Handelsdemonstratrises,
- (iii) Huisbestuursters,
- (iv) Kinderkamerhelpsters,
- (v) Kleremaaksters,
- (vi) Naaisters,
- (vii) Stoomwasserywerksters,
- (viii) Teekamerassistente. 1)

In 1944 is 'n Nasionale Senior Sertifikaat in Huishoudkunde (St. X) bygevoeg. 2) Laasgenoemde sertifikaat, net soos die geval van die Senior Sertifikaat (Tegnologie) in die seunskole, hou weinig konsekwensie in vir die nywerheid-skoolkind wat weens haar algemene skolastiese vertraging dit in die reël nie verder kan bring as standerd sewe of agt en in sommige gevalle sover as die gespesialiseerde kursus. Die meerderheid behaal nie die sewende of 'n hoër sertifikaat nie soos blyk uit Tabel XXV op die volgende bladsy. Dit weerspieël die aantal leerlinge wat sulke sertifikate verwerf het teenoor die aantal jaarlikse skoolverlaters. Subnormale leerlinge, wat gewoonlik nie verder as standerd ses vorder nie, vorm ongeveer 20% tot 25% van die totale aantal skoolverlaters.

-
- 1) Unie-Onderwysdepartement : Handboek van Nasionale Eksamens in Huishoudkunde 1940, 50.
 - 2) Unie-Onderwysdepartement : Handboek van Nasionale Eksamens in Huishoudkunde 1944, 19 - 23.

TABEL XXV. ¹⁾

Aantal Nywerheidsskooldogters wat sertifikate na standerd VI verwerf het en skoolverlaters gedurende 1947 - 1953.							
Jaar.	St. VII.		St. VIII.		Gespesialiseerde kursusse.		Aantal skoolverlaters.
		%		%		%	
1947	37	13.4	32	11.3	3	1.1	284
1948	52	21.5	28	11.8	9	3.8	237
1949	49	20.9	49	20	12	5.1	235
1950	58	25.5	68	30.0	19	8.4	226
1951	59	21.6	47	17.0	16	5.9	276
1952	61	22.6	36	13.8	12	4.4	269
1953	59	18.2	31	9.3	22	6.8	323
	375	20.3	291	13.5	93	5.1	1850

In die gespesialiseerde kursusse het daar in die vermelde sewe jaar 30 leerlinge die Assistent-matronesertifikaat behaal, 27 dié van Kinderkamerhelpsters en 38 dié van Huisbestuurders.

Die nuwe leerplanne het nuwe werkrigtings op huis-houdkundige grondslag aangedui en beklemtoon. Die hoof van die Nywerheidsskool Tempe rapporteer aldus in 1952 ²⁾: „Ons het in die afgelope jare die beroepskeuse vir ons dogters aan hierdie inrigting geleidelik wyer gemaak. Om die dogter se sosiale status te verhoog en beter vooruitsigte en lewenstoestande vir hulle te skep, hou ons die volgende loopbane in die oog:

- (1) Verpleegsters in die hospitaal of assistent-matrones in skoolkoshuise vir diegene wat in besit is van 'n standerd VIII-sertifikaat,
- (2) Opsigsters in kombuise van hotelle en ander inrigtings, naai-sters of ongekwalifiseerde assistente in hospitale of verpleeginrigtings,

1) Gegewens soos verstrek deur die Amptelike Lyste van Geslaagde kandidate in die Nasionale Eksamens, en Jaarverslae van die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap vir die betrokke jare.
 2) Jaarverslag van die hoof van die Nywerheidsskool Tempe, 1952.

- (3) Haarkapsters,
- (4) Winkelklerke met 'n standaard VII-sertifikaat,
- (5) Assistente vir dokters en tandartse,
- (6) Operateurs by die telefoonsentrale,
- (7) Assistente by stoomwasserye en droogskoonmakerye,
- (8) Klerke en tiksters.

Dit strek tot groter geldelike voordeel en maak die dogters gelukkiger en meer tevrede."

Onderzoek ¹⁾ het aan die lig gebring dat die ander skole min of meer dieselfde gedragslyn volg t.o.v. hulle uitplasing behalwe dat Paarl, met sy intelligenter leerlinge en sy handelskursusse, dogters hoofsaaklik plaas as verpleegsters en in klerklike betrekkings en skole vir leerlinge met subnormale leerlinge soos Ladybrand, Oudtshoorn, ens., meer van fabriekswerk gebruik maak „omdat dit blyk dat die verstandelik vertraagde leerling goed aanpas in roetine-werk." ²⁾

Die ekonomiese en nywerheidsomwenteling wat in Suid-Afrika ontstaan het sedert die jongste Wêreldoorlog en die daaruitspruitende mannekrag-tekort, het ingrypende veranderinge ten opsigte van die sosiale en ekonomiese posisie van die vrou te weeggebring. Sy het nuwe betekenis as werkster gekry en nuwe betrekkings is vir haar ontsluit. Vrouearbeid op velerlei gebied het onontbeerlik geword in die land se ekonomie en nywerheidswese. Hierdie nuwe oriëntering in die loopbane vir meisies stel nie alleen 'n wyer keuse ten opsigte van beroepe nie, maar het verhoogde lone gebring, gunstiger diensvoorwaardes en voorregte daargestel en bied hoër maatskaplike status en groter vryheid. Dit is uit die aard van die saak nie meer nodig vir die dogter van die nywer-

1) Ooreenkomstig gegewens verstrekkend in jaarverslae van die onderskeie skole 1949 - 1953.

2) Jaarverslag van die hoof van die Nywerheidsskool Oudtshoorn, 1949.

heidskool om „huiswerk" by privaat gesinne te aanvaar nie. Met beter lone kan ook beter losies bekostig word.

Die jongste leerplanne van 1955 vir huishoud- en nywerheidskole vir dogters, wat 'n uitbreiding van die vorige is, wil aanpas by die eise en omstandighede van die tyd, en beoog o.m. „om meisies voor te berei vir werk in die handel, industrie en staatsdiens en alle takke van die huisbestuur as beroepe." ¹⁾ Kursusse strek van standerd VI tot X (vgl. Hoofstuk VIII), bied 'n verskeidenheid van gespesialiseerde kursusse en 'n groot verskeidenheid van vakke, wat aanduiding is van die veel wyer arbeidsveld wat vandag met die opleiding beoog word in teenstelling met die beperkte leerplan en beroepskeuse van die beginjare. Samestellings en kouses uit die volgende vakke vir eksamendoeleindes kan vandag gemaak word: ²⁾ Algemene kennis, Biologie, Afrikaans, Engels, Duits, Frans, Naturelle tale, Fisiologie, Gesondheidsleer, Hoedemakery, Huisbestuur, Inrigtingsbestuur, Kindersorg, Klere-makery, Kookkuns, Kookkuns en Voedingsleer vir Kleuterskool-assistente, Kosmetologie vir Haarkapsters, Kunsvlyt, Naaldwerk en Kunsnaaldwerk, Naaldwerk toegespits op Kinderklere, Natuurstudie, Ontwerp van Patrone, Plantkunde, Boekhou, Tikskrif, Snelskrif, Handel, Handelsrekenkunde, Geskiedenis en Aardrykskunde.

2. DIE VORMENDE WAARDE VAN DIE HUISHOUDKUNDIGE OPLEIDING.

(a) Doelstellinge.

Benewens en tesame met sy mikpunte, as inrigting vir wetsbestede dogters wat wil opvoed, heropvoed, voorberei vir 'n beroepslewe, stel die nywerheidskool, net soos die hoër huishoudskool, sig ten doel „om meisies op te lei as bekwame huisvrouens en moeders; om die meisies kultuur, godsdienssin, verfynd-

1) Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap: Handboek vir Nasionale Huishoudkundige Kursusse, 1955, 1.

2) Ibid., 1 - 3.

heid en ander maatskaplike deugde in te prent." ¹⁾

Die hoofde van nywerheidskole vir dogters is dit met mekaar eens dat hulle leerlinge oor die algemeen gou na skoolverlating in die huwelik tree, soms nog as leerlinge om skoolverlating te bewerkstellig, want die huwelik stel 'n dogter vry van die bindende bepalinge van die Kinderwet. Dan kom so 'n kind voor die huislike en moederlike taak te staan, al sou sy dan nog verplig wees om deur arbeid buite die huis die gesinsinkomste aan te vul.

Die huwelik bly in elk geval vir die meeste vroue nie heeltemal of lank uitgestel nie en vir hierdie taak van huismoederlikheid wil die nywerheidskool vir dogters sy leerlinge ook voorberei. Omdat hierdie leerling in so baie gevalle uit die behoefte, die versonke, die ontredderde huis kom, waar sy die ware huislike opvoeding moes ontbeer, is die taak van die nywerheidskool in hierdie opsig 'n besondere, 'n spesiale, 'n godopgelegde, en agter die opleiding vir huisbestuur en moederskap skuil dus 'n dieper betekenis en sin.

Van al die soorte werk onder mans sowel as vroue, skryf S. Pauw, ²⁾ is daar nie 'n werk belangriker as dié van die moeders van die volk nie. Die mans is veral besig met die stoflike voorsiening. Die vrou is by uitstek geskik vir die versorging van mense. Sy bring die mense voort waaruit die volk opgebou word; sy voed, versorg, verpleeg hulle en voed hulle op. Die moeder speel waarskynlik die grootste rol in die vorming van die kind se liggaam, sy gees, sy karakter, sy temperament, sy gesindhede, sy godsdiens, en sy hele wese.

Die voorskoolse tydperk is van die allergrootste belang in die lewe van 'n kind en gesaghebbendes stem ooreen dat die basis van die meeste persoonlikheidseienskappe gedurende

1) Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap : Handboek vir Nasionale Huishoudkundige Kursusse, 1955, 1.

2) S. Pauw in 'n artikel in INSPAN, September 1948, 7 - 8.

daardie jare, veral die eerste twee of drie lewensjare ingeskerp word. Die moeder wat hoofsaaklik die kind gedurende daardie tydperk versorg, het gevolglik 'n belangrike funksie te vervul.

Sy vorm 'n onmisbare hoeksteen in die gesinsamestelling, en gebrek aan kennis en opvoeding by haar is en was in baie gevalle die direkte oorsaak van agteruitgang en verval van die huislike lewe.

Die grondslag van 'n gesonde samelewing lê in die eerste instansie nie in die goeie wette en bepalinge van die land nie, ook nie in 'n goeie organisasievorm nie. Daardie dinge het hulle waarde, maar die belangrikste faktor is die goeie lewe van die mense in daardie samelewing. Daar moet dus by die mens begin word indien 'n verandering teweeggebring moet word. Die mens is grotendeels 'n produk van sy omgewing waarin hy opgroei en daar speel opvoeding 'n groot rol. 'n Kind se opvoeding begin die dag as hy gebore word, en die wesenlike opvoeding van 'n volk vind in die vernaamste instansie nie in die skool plaas nie, maar in die huisgesinne waaruit die mense kom. ¹⁾

Opvoeding tot ouerskap is in hierdie tyd van gesinsontwrigting en verval noodsaaklik. Ten einde te verhoed dat die toekomstige gesin van die nywerheidskooldogter tot dieselfde peil van sorgbehoewendheid sal verval as in haar eie geval, is opvoeding tot moederskap en ouerskap onontbeerlik. Prof. Pauw pleit dat toekomstige moeders „meer kennis sal opdoen in verband met kinderversorging en kinderopvoeding, dat hulle ook vaardighede in hierdie verband sal aanleer, maar bo alles dat daar by hulle die regte gesindheid gekweek sal word ten opsigte van hulle taak as vrou en moeder.” ²⁾

1) S. Pauw in INSPAN, September 1948, 7 - 8.

2) Ibid., 9.

In die hoogs gekompliseerde hedendaagse samelewing is dit noodsaaklik dat enige huisvrou opleiding en opvoeding vir haar taak sal ontvang want sy moet kennis dra en vaardigheid besit ten opsigte van voedsel, voedselvoorbereiding en van klere en ander afdelings van die huislike samelewing. Die versorging van die suigeling, die peuter en die kleuter, vereis 'n hoë graad van bekwaamheid. Sy is mede-bestuurder van die huis en bepaal tot 'n hoë mate die karakter en persoonlikheid van die huis. Sy koop vir die gesin en bestee 'n groot deel van die familie-inkomste. ¹⁾ Sy waak oor die gesondheidsaspek van die gesin, sowel as oor die sosiale en geestelike welsyn.

Uit die voorafgaande is dit duidelik dat daar 'n behoefte aan opvoeding tot ouerskap en spesifiek tot moederskap in die algemeen bestaan. En wanneer die nywerheidskool sig ten doel stel o.m. om die sorgbehoewende dogter „moreel, intellektueel en prakties op te voed tot nuttige toekomstige moeder vir haar gesin en die staat," ²⁾ of „om die dogters op te lei in die beginsel van huisbestuur sodat hulle as eerbare en bekwame moeders en as huisvrouens later kan optree," ³⁾ of wanneer die huishoudkundige opleiding afgesien van die dogter se beoogde loopbaan as werkster, vooropgestel word „as eerste en vernaamste vereiste vir hulle as toekomstige huisvroue en moeders van gesinne," ⁴⁾ dan dien die nywerheidskool 'n noodsaaklike en hoë roeping.

(b) Besondere onderwys hulpmiddele.

Elke dogter aan die nywerheidskool ontvang akademiese onderwys sowel as praktiese onderrig. Die praktiese onderwys strek gewoonlik oor lang klasperiodes ten einde 'n mate van

1) Vgl. Friend : Earning and Spending the Family Income, 67.

2) Jaarverslag van die George Hofmeyr Nywerheidskool, Standerton, 12.12.49.

3) Jaarverslag van die Paarl Nywerheidskool, 17.2.1950.

4) Jaarverslag van die hoof van die Nywerheidskool Tempe, 1951.

deurlopendheid te verseker en is ingestel op die werklikheid. Teorie en praktyk wissel mekaar af en word voortdurend met mekaar in verband gestel, sowel as met ander skoolvakke en aktiwiteite wat in die opvoedingsprogram voorkom. Na hierdie skoolvakke en aktiwiteite is reeds in Hoofstuk VIII en paragraaf 1 van hierdie hoofstuk verwys. Daar is ook reeds in Hoofstuk IX ondersoek ingestel na die onderwysmetode en tug soos dit oor die algemeen die nywerheidskool raak, derhalwe word hier slegs in die besonder verwys na die enkele onderwys hulpmiddele wat spesifiek op die nywerheidskole vir dogters van toepassing is, en die vormende waarde wat hierdie opvoedingsmiddele inhou vir die dogter t.o.v. haar tweërlei roeping van toekomstige werkster en moeder van 'n huisgesin.

(i) Die koshuis.

Die koshuis van die nywerheidskool vir dogters het 'n tweërlei taak en lewer 'n belangrike bydrae tot die opvoeding van die dogter.

In die eerste plek sluit dit aan by die organisasie en praktyk van die skool en die klaskamer. Behalwe die roetienewerk wat daaglik deur elke dogter, en trouens ook deur elke seun, nagekom word soos bed opmaak, uitvee en aan die kant maak van die slaapkamers, kry elke dogter om die beurt 'n geleentheid om die huismoeder in die kombuis te help met die voorbereiding van etes vir die ander leerlinge. Onder toesig en met die nodige leiding word dogters sodoende in staat gestel om hulle opgedane kennis in die praktyk toe te pas. Ander koshuispligte word weer in verband met die leerling se onderrig in Huishoudkunde gebring. Meubels word versorg en skoongemaak, vertrekke word gevee, gestof, versier; tafels word gedek en allerlei ander huishoudelike pligte wat in verband staan met die koshuisroetine word daaglik nagekom deur dogters wat die teorie daarvan in die klaskamer leer of reeds geleer het. Dit hou weer alles verband met toekomstige betrekkings soos verpleging, inrigtingbestuursters, huismoeders van koshuise, ens.

Kennis en vaardigheid opgedoen in die Naaldwerk-klasse word ook na die koshuis oorgedra. Koshuisgordyne en ander artikels word deur die dogters vervaardig, maar veel belangriker is die knip en vervaardiging van sommige van hulle eie kledingstukke. In die lewe van die adolessente dogter speel klere en haar persoonlike voorkoms 'n groot rol ¹⁾ en die nywerheidskool wil derhalwe vaardigheid in naaldwerk en die ontwikkeling van goeie smaak t.o.v. kleredrag koppel aan daardie belangstelling. In haar rypende jare het die dogter sterk afkeer in steriotiepe, standaard, enersse, dikwels onsmakvolle inrigtingsklere. Toe die Nywerheidskool Tempe dus in 1945 die gebruiklike kakierokke as skooldrag afgeskaf en vervang het deur kleurvolle skooluniforms, ²⁾ is 'n belangrike opvoedkundige stap gedoen.

Die koshuis vul 'n vername deel van die kind se lewe. Dit is die plek waar die leerling eet, slaap, ontspan en inwoon. Trouens, in die geval van sommige dogters wat nie ouers of naasbestaandes het nie, is dit die enigste tuiste. Huismoeders en leerkragte woon saam met die dogters in en vorm so 'n eie gemeenskap. Sodoende word die ware grondslag gelê vir natuurlike omgang tussen kind en volwassene, en vrugbare geleentheid geskep om die kind te leer ken as afsonderlike individu en vir 'n opvoeding wat vloei uit die simpatieke verhouding tussen leerling en leerkrag; „die omgang van 'n jong wordende siel met 'n opgevoede siel,” soos J. de W. Keyter ³⁾ dit stel. Kennis van die kind en haar behoeftes is onontbeerlik en volgens F. Redl ⁴⁾: „The surest way of finding out things about children who are hard to know, is to live with them, to live with them in a group setting ..., it also means to live with them in action.”

1) Averill : Adolescence, 174 - 176.

2) Jaarverslag van die hoof van die Nywerheidskool Tempe, 1945.

3) Keyter : Dringende Vraagtekens in Ons Opvoeding en Onderwys, 76.

4) Redl & Wineman : Children Who Hate, 30.

Kennis bring begrype wat van groot belang is ten opsigte van die dogter wat baie sensitief is in haar grootwordingsjare, baie sensitief ook oor die verwydering uit haar ouerhuis en van al die persoonlike dinge wat emosionele waarde vir haar inhou. ¹⁾ W. Clarke Hall ²⁾ skryf: "To them more than the boys, home life, home ties, and home affections are particularly essential; strict discipline and systematic routine more soul-destroying and morally enervating, individual care, interest and affection more vital."

Die belangrikheid van en behoefte aan ervare, opgeleide personeel met die regte gesindheid teenoor die kind en die werk word beklemtoon deur die voorafgaande paragrawe. En daarin, soos aangedui in Hoofstuk VI, lê die grootste probleem van die nywerheidskool vir dogters. Huismoeders en leerkragte verwissel gedurig; daar is voortdurende tekorte, en van getroude vroue se diens moet gebruik gemaak word. Dit in sigself sou nie nadelig wees nie, mits die dienste van die getroude personeellid oor 'n redelike lang tydperk kan strek, want sy beskik soms oor meer werklike ervaring wat die praktiese huishouding betref as die jong geskoolde, maar onervare, onderwyseres wie se kennis van huishouding soms beperk is tot haar kollegeopleiding. Maar die getroude personeellid kan gewoonlik nie in die koshuis inwoon nie, met die gevolg dat die waardevolle kontak van die dogter met 'n ryper volwassene gemis word, en die diensdoende supervisiekragte so oorlaai word dat hulle nie tyd of energie het om aan die leerlinge te wy nie en so mis die koshuise 'n groot opvoedkundige geleentheid.

In hulle adolessente jare het dogters behoefte aan privaatheid. Volgens mej. R.M. Boshoff, ³⁾ inspektrise van huis-

1) Cohen : Children in Trouble, 166 - 167.

2) Hall : The State & The Child, 92.

3) Verslag van die inspektrise van Huishoudkunde: George Hofmeyr Nywerheidskool, 29.5.1952.

houd- en nywerheidskole, is die meeste nywerheidskole te groot om 'n innige gemeenskap daar te stel en beskik weinig skole oor klein slaapkamers. Groot slaapsale is eerder die reël.

(ii) Die organisasiehuus. ¹⁾

'n Baie nuttige onderwys hulpmiddel aan die nywerheidskool vir dogters, wat ook as sodanig deur die hoër huishoudskole in Suid-Afrika en soortgelyke inrigtings oorsee aanvaar word, is die organisasiehuus of huisbestuursafdeling. Aan elke skool word 'n huis, gewoonlik die huis waar die hoof - as dit 'n dame is - en/of ander personeellede inwoon en hulle etes nuttig, vir hierdie doel afgesonder.

Die prosedure en metode verskil in klein besonderhede onder die skole, maar in hoofsaak kom dit op die volgende neer:

Twee of vier senior dogters word in die geleentheid gestel om volle verantwoordelikheid vir twee weke in verband met die huishouding van so 'n huis, wat ten volle gemeubileer en toegerus is, te dra. Hulle moet dan die huis bestuur soos goeie huisvroue dit sou doen. In sommige gevalle is daar 'n huismoeder om leiding te gee, in ander gevalle kom sodanige leiding van 'n instruktrise. 'n Bediende of meer en addisionele dogters kom soms, as die huis groot is, 'n handjie bysit.

Gedurende die eerste ses weke van die jaar word die betrokke groep senior leerlinge deeglik voorberei. Programme word opgestel, resepte getoets, personeel word geraadpleeg en wanneer dogters in die huisbestuursafdeling werksaam is, is daar gedurig kontak met die hoof of betrokke personeellede, wat egter in die

1) Hierdie besonderhede is verkry uit die jaarverslae van die skole, 1949 - 1952.

reël op die agtergrond bly maar grondige toesig hou. Onder sulke leiding word die huis dan deur die dogters op modelgrondslag bestuur en inspektrises vermeld telkens van sukses met hierdie stelsel behaal en van die vormingswaarde vir die dogter wat self behae daarin skep.

Die dogters moet stelselmatig en volgens skedule alles doen wat van 'n goeie huisvrou in die gang van 'n dag verwag word. Hulle word ook verantwoordelik gestel vir alle voorrade.

Wat van belang is hier, is dat die dogter haar tyd só moet inruim dat daar geleentheid is om mede-leerlinge as gaste te onthaal, om te ontspan en te rus. Sy moet ook tyd vind vir haar persoonlike versorging soos hare was, ens.

Die hoof kom in baie intieme kontak met die dogter en kry die geleentheid om in simpatieke omstandighede oor aktuele en innige sake te gesels. Daar word gewerk, maar ook saam in rustige stemming verkeer, soms huisgodsdienst gehou, en die hoof leer sodoende elke dogter persoonlik ken. Werklike opvoedingswerk kan hier gedoen word. J. de W. Keyter ¹⁾ beweer dat dit deur kennis en in omgang met mense wat aan die kind simpatieke leiding kan gee, dat so 'n kind waarlik opgevoed word. Kennis en behendigheid speel 'n vername rol, maar die deurslaggewende faktor is daardie insig en begrip van die lewe wat aan die kind gegee kan word, waardeur haar eie lewe 'n bepaalde houding gaan aanneem en sy op 'n bepaalde wyse gaan lewe.

Die personeellid speel ook hier dus 'n beslissende rol en die nywerheidsskool vir dogters verg 'n ontwikkelde, gevormde leerkrag; 'n persoon met 'n mate van rypheid, insig en mensekennis; iemand wat aan die leerling uit ervaring kan meedeel en wat die plek van die moeder in die kind se lewe kan volstaan.

1) Keyter : Dringende Vraagtekens in Ons Opvoeding en Onderwys, 76.

As gevolg van voortdurende verwisselinge en te-korte van personeel, soos in Hoofstuk VI aangedui, is dit nie moontlik om altyd hoë eise te stel nie. Met moeite word die personeel voltallig gehou.¹⁾

Vir die nywerheidskooldogter, by uitnemendheid, is die ondervinding in die organisasiehuis waardevol. Dit is derhalwe te betreur dat sy nie langer as twee weke daar kan deurbbring nie, maar die groot aantal dogters maak soiets onmoontlik.

Indien die personeel die regte inspirerende leiding gee, kan verwag word dat dogters in die organisasiehuis gebring sal word voor die ware werklikheid van huisbestuur en dit kan voer tot die aankweking van geordende werkgewoontes, sindelikeid en netheid, verantwoordelikheid en selfvertroue.

(iii) Kleuterskole, moederkunde en kindersorg.

Aan twee van die groot nywerheidskole vir dogters bestaan daar kleuterskole vir kindertjies uit die omgewing. Hierdie skole dien as demonstrasie- en opleidingsentra in verband met die studie van Kindersorg en leerlinge kan met die oog op 'n toekomstige loopbaan na verwerwing van die Junior Sertifikaat in daardie rigting spesialiseer. Moederkunde en Kindersorg vorm sedert 1939 'n belangrike deel van die leerplan. Dit staan in direkte verband tot die dogter se toekomstige moederskap en is veral van betekenis vir die nywerheidskooldogter wie se huislike opvoeding in daardie verband dikwels verwaarloos is.

(iv) Kulturele en sosiale vorming.

Die ondersoeker word getref deur die baie aandag en tyd wat deur al die nywerheidskole aan sport en spele en aan kulturele, godsdienstige en sosiale bedrywighede binne en buite die

1) Soos blyk uit die jaarverslae van die ondorskeie skole, 1949-1952.

grense van die skool gewy word. ¹⁾ Vir die nywerheidskoolkind hou dit besondere vormende waarde in en waardevolle sosiale kontakte met die maatskaplike lewe buite die skool word sodoende bewerkstellig.

Vir die nywerheidskooldogter het dit nog groter betekenis. As adolessent het sy behoefte aan die geselskap van die teenoorgestelde geslag, maar haar omgang met seuns word beperk, eerstens omdat, soos die geval is in enige kosskool vir dogters, haar vryheid van beweging na buite gekontroleer word, en tweedens omdat seuns van die omgewing oor die algemeen nie besoek aflê by nywerheidskole vir dogters nie. ²⁾

Sosiale omgang met die teenoorgestelde geslag is dus 'n gevoelde leemte by die nywerheidskool vir dogters, maar weinig meer as wat die skole tans doen, kan tot stand gebring word. 'n Oplossing skyn te wees om seuns- en dogterskole van dieselfde soort, soos in Standerton die geval is, binne maklik bereikbare afstand van mekaar af te stig.

3. SAMEVATTING.

Die nywerheidskole vir meisies in Suid-Afrika is almal huishoudkundige inrigtings, en alle leerlinge, behalwe die klein aantal meer begaafde leerlinge van die Paarlse nywerheidskool wat handelsklasse aan 'n plaaslike handelsskool volg, word huishoudkundig opgelei.

Die behoefte aan differensiasie is egter vroeg in die geskiedenis van die skole gevoel en reeds in 1919 en op sporadiese wyse daarna, is leerlinge van dogterskole toegelaat om opleiding buite hulle eie skool te geniet.

Weens die engheid van die opleiding was dogters vroeër hoofsaaklik toegewys op huisdiens by private gesinne. Sulke

1) Vide Hoofstuk VIII.

2) Jaarverslag van die hoof van die Ladybrandse nywerheidskool 1952.

uitplasings het die voordeel van geskikte huisvesting vir en toesig oor die dogters ingehou, maar dit was meesal nie geslaagd nie en plasing by private gesinne geskied vandag slegs by uitsondering. Dogters was oor die algemeen nie gelukkig in hierdie soort werk nie, hoofsaaklik omdat huisdiens („domestic service”) in Suid-Afrika veral die arbeidsterrein van die nie-blanke is. Finansiële vooruitsigte was meesal onaantreklik en die sosiale status gering.

Om 'n wyer arbeidsveld vir die dogter van die nywerheidskool te skep, is leerplanne van tyd tot tyd hersien en leerlinge kan vandag vir 'n verskeidenheid van betrekkings kwalifiseer wat tog nog verband hou met hulle huishoudkundige opleiding. Die Onderwysdepartement beskou laasgenoemde waardevol vir die dogter in haar toekomstige hoedanigheid as huisvrou en moeder.

Die nywerheidskool hou steeds rekening met die werklikheid en bied 'n opleiding wat so na as moontlik aan die praktyk van die buitelewe staan. As besondere onderwys hulpmiddels dien die koshuis, die organisasiehuis en die kleuterskool.

HOOFSTUK XI.

DIE NYWERHEIDSKOOL VIR KLEURLINGE.

1. HISTORIESE OORSIG.

'n Verhandeling van hierdie aard sou onvolledig wees indien daar nie verwys word na die nywerheidskool vir sorgbehoewende kleurlingseuns te Ottery, naby Kaapstad, nie. Dit is die enigste nywerheidskool vir nie-blanke kinders in Suid-Afrika.

Wetlike voorsiening vir die nie-blanke kind wat sorg nodig gehad het, is reeds in 1856 deur Wet No. 15 van daardie jaar, die sogenaamde „Heeren en Dienstboden Wet“, gemaak. Kragtens bepalings van dié Kaapse wet kon sorgbehoewende kinders, blanke en nie-blanke, by geskikte persone „ingeboek“ word vir 'n vasgestelde tydperk. Magistrate moes toesig hou oor die welsyn van sulke kinders.

Hierdie stelsel het hom tot misbruik geleen, aangesien behoorlike amptelike beheer nie uitgeoefen kon word nie, soos blyk uit die verslag ¹⁾ van die eerste inspekteurs van vakleerlinge en kinderinrigtings wat aan die begin van 1919 benoem is. ²⁾

In 1917 en 1918 is twee gesertifiseerde kinderinrigtings ten behoeve van sorgbehoewende kleurlingkinders tot stand gebring, ³⁾ wat later deur ander soortgelyke stigtings gevolg is. ⁴⁾ Kleurling jeugdige misdadigers het hulle weg, net soos blanke jeugdige wat strafregtelik oortree het, na die verbeteringskool wat in 1882 naby Kaapstad tot stand gekom het,

1) Report of the Secretary for Education 1919, 54 - 56.

2) Ibid., 30.

3) Report of the Under Secretary for Education 1918, 91.

4) Van Reenen : Handbook on the Children's Act, 314 - 323.

gevind.¹⁾ Hierdie inrigting het aanvanklik voorsiening gemaak vir blanke en kleurling jeugdiges, alhoewel daar interne afsondering was. In 1912 is die blanke seuns na Houtpoort naby Heidelberg, Transvaal, verwyder maar in 1923 is 'n inrigting vir blanke seuns weer naby die verbeteringsgestig vir kleurlinge op die Tokai-landgoed opgerig en is die twee inrigtings onder die beheer van één hoof gestel tot in 1944 toe dit twee afsonderlike inrigtings, elk met sy eie hoof, geword het. Hierdie beleid van die Gevangeniswese om in een inrigting vir verskillende rasse, met interne afsondering, voorsiening te maak, is ook waargeneem te Eshowe toe die Unie-Onderwysdepartement die verbeteringskool vir vroulike jeugdiges in 1934 oorgeneem het van die Departement van Gevangenisse. Op daardie tydstip was daar ongeveer 20 blanke dogters en 80 nie-blankes.²⁾

In teenstelling hiermee is 'n beleid van afsonderlike inrigtings vir blanke en nie-blanke kinders t.o.v. nywerheidsskole vanaf die stigting van die eerste skool gevolg. Dit was, soos in Hoofstuk III aangedui, slegs vir blanke kinders bedoel. Ook die wat daarop gevolg het, alhoewel daar 'n klaarblyklike behoefte was aan 'n soortgelyke inrigting vir kleurlingkinders wat sorg en beskerming nodig gehad het. In sy jaarverslag vir 1918 wys die Onder-Sekretaris³⁾ op die noodsaaklikheid van 'n inrigting waar kleurlingkinders minstens ses maande of 'n jaar kon vertoef voor hulle by werkgewers ingeskryf word. Dit sou minstens 'n doeltreffende stelsel van registrasie van sulke kinders meebring en belangstelling in hulle nadat hulle uitgeplaas was.

1) Hierdie gegewens is ontleen aan 'n artikel deur die gewese hoof van die Porterverbeteringsgestig, dr. W.D. Marais, in WERK, Maart 1952, 18 - 19.

2) Uit 'n artikel oor die Verbeteringskool Eshowe, in WERK, Maart 1952, 42 - 43.

3) Report of the Under Secretary for Education 1918, 86.

Dit sou egter nog dertig jaar duur voordat 'n nywerheidskool vir kleurlinge opgerig word. Dit het gebeur in April 1948 toe die skool te Ottery gestig is. Dat hierdie stap nie eerder gedoen is nie, moet, volgens die Sekretaris van Onderwys, Kuns en Wetenskap, ¹⁾ „aan 'n gebrek aan geskikte geboue gewyt word." En dit het moontlik geword om die skool te open slegs omdat „'n ou militêre kamp wat sover moontlik omgeskep is om aan sy nuwe doel te beantwoord" beskikbaar geraak het. As noodmaat-reël moes leerlinge wat eintlik vir 'n nywerheidskool bedoel was, voorheen na die Porterverbeteringskool gestuur geword het. Die skool te Ottery het dus in 'n lank gevoelde behoefte voorsien. Laasgenoemde word bewys deur die snelle groei van die skool soos in Tabel XXVI aangedui.

TABEL XXVI. ²⁾

Aantal leerlinge aan die Nywerheidskool te Ottery gedurende 1948 - 1953.						
Jaartal	1948	1949	1950	1951	1952	1953
Aantal leerlinge	35	93	180	306	361	441

Die skool kon nie tred hou om akkommodasie te voorsien nie en die Onderwysdepartement was verplig om oor te gaan tot 'n beleid van vaspenning van die skoolrol. Sodoende is die rol vir 1951 op 300 en vir 1952 op 350 vasgepen. ³⁾

3. ONGUNSTIGE LIGGING EN GEBOUE-KOMPLEKS.

Die beleid wat die Staat so konsekwent met die stigting van nywerheidskole gevolg het, naamlik om van beskikbare geboue gebruik te maak, ongeag hulle ligging of doeltreffendheid,

1) Jaarverslag van die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap, 1948, 12.

2) Ontleen aan Jaarverslae van die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap vir die jare 1949 - 1953.

3) Verslag van die hoof van Ottery aan die Beheerraad 28.5.1952.

het die nywerheidskool by Ottery voor ernstige probleme gestel. Die geboue is oorspronklik vir 'n ander doel as 'n opvoedkundige opgerig en daar is dus nie rekening gehou met aspekte wat vir 'n nywerheidskool van hierdie soort van belang is nie. Die geboue het lank leeg gestaan en het in 'n toestand van totale verwaarloosing verval. Selfs die alledaagse geriewe het ontbreek sodat die eerste personeellede en hul gesinne baie moes ontbeer. Nadat die skool reeds twee jaar aan die gang was en ongeveer £40,000 bestee is, kon die hoof in 1950 eers berig dat die aanbring van nuwe dakke, elektrisiteit en die rioolstelsel afgehandel was.¹⁾ Benevens hierdie pioniersomstandighede het die hoof en personeel ook te kampe gehad met veel ernstiger probleme wat gespruit het uit die ligging van die skool en sy gebouesamestelling.

(a) Ongunstige geografiese en sosiale ligging.

Die sosiale ligging van die skool vorm die kernprobleem, want dit grens aan swak kleurlingbuurtes, onhigiëniese, „morsige plakkersdorpe”,²⁾ waar bedrywig met dagga gesmokkel word en sjebeens floreer. Die smokkelaars stap by die skool verby en kontakte met leerlinge is maklik en onvermydelik, met die gevolg dat leerlinge staatseiendom verkoop en verkwansel ten einde in besit van dagga te kom. Die hoof skryf dan ook die meeste diefstalle, inbraak en smokkelary onder die leerlinge toe aan die feit dat hulle daggarokers is en dagga langs hierdie weg wens te bekom.³⁾ Die ligging van die skool skep dus nie alleen aanleiding en geleentheid vir ernstige oortredings by die leerlinge nie, maar dit verhinder terselfdertyd dat die kind uit sy ongunstige omgewing verwyder word, wat 'n belangrike stap in die heropvoeding van die jeugdige delinkwent is, en dit is verreweg die meeste leerlinge van Ottery inderdaad. Volgens die hoof, eerw. F.A. Bester,⁴⁾ behoort

1) Verslag van die hoof van Ottery aan die Beheerraad op 9.8.50.

2) Jaarverslag van die hoof van Ottery vir 1952.

3) Jaarverslag van die hoof van Ottery vir 1951.

4) Ontleen aan 'n artikel deur Eerw. Bester in WERK, Maart 1952, 56.

die meeste „tot die kategorie Kaapse Skollie, en is op grond van een of ander misdaad, veral huisbraak en diefstal, wetsbestee.”

(b) Ongunstige geboue-kompleks.

Om militêre barakke in 'n opvoedingsinrigting te verander, vereis baie omskeppingswerk en energie en dit verander gewoonweg min aan die algemene samestelling en uiterlike. Die skool- en koshuisorganisasie moet dus aangepas by die bestaande geboue en omstandighede wat daaruit voortvloei. Koshuiseenhede met huisvaders en huismoeders aan die hoof, waar leerlinge wat feitlik op straat groot geword het en wie se kodes en lewensnorme aan die straat en agterbuurtes ontleen is, in 'n beskaafde, huislike omgewing en atmosfeer kan verkeer, is aan die nywerheidskool te Ottery weens sy ondoeltreffende geboue-kompleks nie moontlik nie. Die huisvaders en -moeders is dus op 'n funksionele basis ingedeel, ¹⁾ en die koshuislewe is georganiseer op die basis van verskillende, van mekaar onafhanklik funksionerende onder-afdelings t.w. (1) die kombuis en eetsaal, (2) die washuis, (3) die slaapsale en (4) die linnekamer. ²⁾

Weens die losstaande eenhede van die militêre kamp wat nie maklik gegroepeer kan word nie, word 'n groep- of familiegees nie maklik opgebou nie. Leerlinge word dus binne die inrigting ingedeel in twee hoofgroepe volgens hulle gedrag, verder volgens kronologiese ouderdom en fisiese ontwikkeling ten einde bullebakkerie en seksuele wandade teë te gaan. ³⁾

Die losstaande geboue bemoeilik ook die algemene dissipline.

1) Notule van die Beheerraad van Ottery, 21.3.1951.

2) Jaarverslag van die hoof van Ottery, 1950, 1951.

3) Ibid., 1951.

3. DIE LEERLING: Sy herkoms en aard.

Ottery trek sy skoolbevolking van oor die hele Unie en in enkele gevalle van Rhodesië. Meer as vyftig persent is egter uit die Kaapse Skiereiland afkomstig. ¹⁾ Feitlik almal is delinkwente of andersins wanaangepaste jong kleurlinge. ²⁾ Hulle stam oorwegend uit 'n skollie-milieu met totaal ander sedelike opvattinge as die gewone, sodat die opvoeding van hierdie kleurlingseuns uit die aard van die saak veel meer inhou as die teëgaan van verkeerde neigings of die ontwikkeling van kinderpotensialiteite. Dit kom neer, veel meer as in die geval van die blanke nywerheidsskoolkind, op die algehele rekonstruksie van die leerling se ganse lewensbeskouing.

'n Ernstige probleem wat ontstaan het, hoofsaaklik as gevolg van die vinnige toename in die leerlingstal van jeugdige kleurlinge uit min of meer dieselfde buurt, maar ook weens die uiters ongunstige sosiale ligging van die skool, was dat daar in die skool feitlik 'n herskepping van die ou milieu van die leerling plaasgevind het, en in plaas van 'n rekonstruksie van die lewensbeskouing het daar eintlik 'n konstruksie of verdere ont-plooiing van die skolliepersoonlikheid plaasgevind. Die hoof wys dan ook op die gevaar wat dit vir die minder bedorwe plattelandse kleurlingseun inhou. ³⁾ Hierdie euwels en probleme sou in mindere mate voorgekom het indien die skool oor doeltreffende geboue en kleiner koshuiseenhede beskik het, wat nie alleen meer individuele werk in verband met leerlinge moontlik sou gemaak het nie, maar ook die algemene dissipline sou vergemaklik het.

Ottery het te doen met die gedragsafwykende kind

1) Ontleen aan 'n artikel van eerw. F.A. Bester in WERK, Maart 1952, 56.

2) Jaarverslag van die hoof van Ottery, 1950.

3) Verslag van die hoof aan die Beheerraad van Ottery, 10.9.52.

en jeugdige kleurling wat met die gereg in botsing gekom het. Saangetrek in die skool in groot getalle, kan wangedrag onder sulke leerlinge verwag word. Vergrype wat wissel van gewone ondeundheid tot ernstige misdaad word dan ook gereeld in die verslae van die hoof vermeld. Hoe ernstig dit veral gedurende die aanvangsjare was, blyk uit die volgende gegewens:

Toe die rol gemiddeld 212 leerlinge bevat het, het daar binne drie maande 109 verskillende seuns voor die hoof en vise-hoof weens wangedrag verskyn, en daar moes binne daardie selfde tydperk 458 strafsake afgehandel word. ¹⁾ Hierdie misstappe het gewissel van geringe oortredings soos pligsversuim in die skool, ongehoorsaamheid, verwaarlosing en beskadiging van hulle klere en staatseiendom tot ernstiger misdade soos dagga-rokery en -smokkel, aanranding, inbraak en diefstal, en seksuele wanpraktyke. In 1950 was die gemiddelde leerlingstal 146 en gedurende daardie jaar het daar 1259 dissiplinêre sake voor die hoof en vise-hoof gedien. ²⁾ En sommige gevalle van oortreding het klaarblyklik nie onder die aandag gekom nie.

Die hoof, eerw. Bester, ³⁾ bespeur 'n sterk vernietigingsdrang by die gedragsafwykende kleurling jeugdige, 'n sterk neiging tot vandalisme. Hy is oor die algemeen van 'n onverskillige, woeste aard en geneë om enigiets ru te behandel en te verniel. Tekenend van hierdie houding is die algemene segswyse onder hulle, indien hulle in hierdie verband tereggewys word: „Wat sug jy oor die Goewerment se goed?" ⁴⁾

4. DIE PERSONEEL.

In die geval van die Nywerheidskool Ottery is die

1) Ontleen aan 'n artikel deur die hoof, eerw. F.A. Bester, in WERK, Maart 1952, 57.

2) Jaarverslag van die hoof van Ottery, 1950.

3) Ibid.

4) Jaarverslag van die hoof van Ottery, 1951.

Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap besig met 'n proefneming vir sover dit die personeelsamestelling betref. Dit is 'n proefneming wat totaal vreemd staan teenoor die tradisionele beleid van rasse afsonderlikheid in Suid-Afrika.

Ottery beskik oor 'n gemengde personeel wat uit blankes en nie-blankes bestaan.

'n Goeie beeld kan verkry word van die posisie uit die volgende gegewens vir 1950.¹⁾

- (1) Die skoolhoof en onderhoof was blankes;
- (2) Die klerklike- en magasynpersoneel was blankes;
- (3) Die ambagsonderwysers (instrukteurs) was blankes;
- (4) Die hoofmatrone was 'n blanke dame,
- (5) Die onderwysers was kleurlinge;
- (6) Assistent-ambagsonderwysers was kleurlinge;
- (7) Die huismoeders was kleurlinge;
- (8) Die motor- en busbestuurder was 'n kleurling, en
- (9) Die nagwagte was naturelle.

Die skoolhoof getuig van goeie onderlinge samewerking en skryf dit toe aan die feit dat elke personeellid kennis gedra het van die omstandighede voordat hy 'n betrekking daar aanvaar het en weens 'n beleid van afbakening van terreine.

Dit is egter 'n feitlik onbegonne taak om in 'n skool terreine af te baken, veral as die ambagsonderwyser 'n blanke persoon is en sy assistent 'n kleurling; of wanneer die onderwyser 'n kleurling is en die administratiewe personeel blankes. Weens die onvermoë van die kleurlingonderwysers om orde en dissipline te handhaaf, ²⁾ tree die blanke ambagsonderwysers as huisvaders op, terwyl die huismoeders almal, behalwe die hoofmatrone, kleurlinge is.

Die beleid t.o.v. 'n gemengde personeel word tans nog gehandhaaf, ten spyte van die sosiale probleme wat dit onder-

1) Jaarverslag van die hoof van Ottery, 1950.

2) Ibid.

ling skep en meebring in verband met die personeelkinders, en ten spyte van die bevinding van die hoof ¹⁾ dat die kleurlingpersoneel nie beheer oor die groot aantal leerlinge het nie, aangesien die Kaapse skollie hom eenvoudig nie onderwerp aan die gesag van 'n mede-kleurling nie.

Namate die kleurlingpersoneel se ondervinding toeneem en hulle kwalifikasies verbeter, behoort hulle die posisie te kan hanteer. Trouens, dit is 'n vraag of die onbeheerbaarheid van die leerlinge teenoor hulle kleurlingpersoneel nie 'n emosionele reaksie is wat deur die aanwesigheid van die blanke personeellede veroorsaak word nie. Onbewustelik is dit moontlik 'n uiting van die leerling se geldingsdrang. Deur die vernedering van die kleurlingpersoneellid word die ego van die kind voor die blanke verhef.

Die huidige stelsel van personeelvermenging is 'n onverklaarbaarheid en het weinig grond vir verdere voortbestaan. Die Nywerheidskool Ottery behoort uiteindelik te ontwikkel in 'n skool vir kleurlingseuns met 'n volle kleurlingpersoneel.

5. SKOOLONDERRIG EN AMBAGSOPLEIDING.

Benewens klaskameronderrig tot en met standerd agt is daar van die begin af voorsiening gemaak vir ambagsonderrig.

Net soos die geval is met die nywerheidskole vir blanke kinders, word leerlinge aan Ottery oor die hele jaar toegelaat, soos weerspieël word deur die volgende gegewens in verband met nuwe toelatings gedurende 1952: ²⁾

Leerlinge is as volg toegelaat: In Januarie 5, Februarie 2, Maart 7, April 16, Mei 8, Junie 2, Julie 15, Augustus 6, September 4, Oktober 6, November 7, Desember 5.

1) Jaarverslae van die hoof van Ottery 1950, 1951, 1952.

2) Jaarverslag van die hoof van Ottery, 1952.

Hierdie gedurige aankoms bemoeilik die werk van die leerkragte; daarby het hulle te doen met leerlinge wat feitlik almal skolasties erg vertraag is, soos blyk uit die gegewens van Tabel XXVII hieronder.

TABEL XXVII. ¹⁾

Ouderdom- en skoolstanderddistribusie van nuwelinge aan die Nywerheidskool, Ottery, 1952.

Jaar.	Sub A.	Sub B.	St. I.	St. II.	St. III.	St. IV.	St. V.	St. VI.	To- taal
12	3	-	-	3	-	1	-	-	7
13	3	1	1	2	2	2	1	-	12
14	5	-	2	3	6	4	3	-	23
15	1	2	4	2	2	-	5	1	17
16	-	1	1	2	3	4	7	2	20
17	1	-	-	-	-	-	2	-	3
18	-	-	-	-	-	1	-	-	1
19	-	-	-	-	-	-	-	-	-

Verwag sou word dat van spesiale onderwysmetodes gebruik sou gemaak word om die probleme wat spruit uit die vertraging, voortdurende aankoms van nuwe leerlinge, en die delinkwensie en ander wanaangepastheid van leerlinge die hoof te bied, maar volgens amptelike verslae is die metode van onderwys die „oorbekende klassikale stelsel.“ ²⁾ Dit moet moontlik gewyt word aan gebrek aan ervaring en opleiding aan die kant van die kleurling-onderwysers.

In die primêre skoolstanderds word die Kaapse leer- gange gevolg, daarna dié van die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap soos vir die Tegniese Eksamens voorgeskryf. ³⁾

1) Jaarverslag van die hoof van Ottery, 1952.

2) Ibid.

3) Verslag van die hoof aan die Beheerraad van Ottery, 10.9.52.

Leerlinge word vertikaal in twee groepe verdeel wat beurtelings die skool en die werkswinkels besoek en ten spyte van die baie opvoedkundige probleme aan hierdie skool verbonde, word daar tog na gestadige skoolvordering verwys. Van die 21 leerlinge wat in 1952 uitgeplaas is, het 8 'n standerd ses-sertifikaat gehad, 3 het in standerd sewe geslaag en een in standerd agt. Een van die belowendste leerlinge is na standerd agt aan 'n onderwyserskollege ingeskryf en een aan die Athlone Hoërskool. Albei het egter weer in wangedrag verval.¹⁾

Wat die ambagsopleiding betref, moes daar uit die staanspoor by die besondere omstandighede van die skool aangepas word. Die vakonderwysers moes met behulp van die leerlinge die ondoeltreffende militêre geboue omskep in 'n skool en reeds van die aanvang af was die ambagsonderrig so ingestel dat instruksie aan produksie gekoppel was. Terwyl opleiding aan die leerlinge verskaf is, moes daar terselfdertyd iets blywends tot stand gebring word.²⁾

Aanvanklik is leerlinge opgeloi as kleremakers, skoemakers, messelaars, skrynwerkers en skilders.³⁾ Later is loodgieterswerk bygevoeg,⁴⁾ ook stoffeerwerk⁵⁾ en is besluit om 'n groepie uitgesoekte leerlinge as bootmasjiniste vir die kleiner kleurling-vissersbote op te lei. In 1951 rapporteer die hoof⁶⁾ van die skool dat 'n begin met die opleiding van tien leerlinge in laasgenoemde vak gemaak is omdat daar 'n dringende behoefte aan hierdie soort vaklui bestaan. Klem is gelê op die noodsaaklikheid daarvan om die beste soort seun in hierdie rigting op

-
- 1) Verslag van die hoof aan die Beheerraad van Ottery, 10.9.52.
 - 2) Verslag van die hoof aan die Beheerraad van Ottery, 9.8.50.
 - 3) Artikel van die hoof van Ottery in WERK, Maart 1952, 57.
 - 4) Verslag van die hoof aan die Beheerraad van Ottery, 28.5.52.
 - 5) Verslag van die hoof aan die Beheerraad van Ottery, 10.9.52.
 - 6) Verslag van die hoof aan die Beheerraad van Ottery, 6.6.51.

te lei, aangesien sulke masjiniste baie verantwoordelike pligte uitvoer.

Hierdie opleiding is later vervang deur 'n skema wat sonder presedent in die geskiedenis van die nywerheidskoolwese in Suid-Afrika is. Teen die einde van 1952 het die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap besluit om nie-gekommitteerde leerlinge van goeie gedrag en wat standerd ses afgelê het, toe te laat om as dagskoliere die kursus van bootmasjiniste kosteloos te volg. Die opleiding sou twee jaar duur en die Beheerraad van die Nywerheidskool Ottery is versoek om dit onder die aandag van skoliere aan kleurlingskole van die Kaapse skiereiland te bring. ¹⁾

Hierdie verandering van beleid moet toegeskryf word aan die feit dat daar nie hoër tegniese skole vir kleurlinge bestaan nie en aan 'n gebrek aan vertroue in die gekommitteerde leerling van Ottery.

Die ander ambagte is, so wil dit voorkom, geskik om in die basiese behoeftes van die skool te voorsien, want die inrigting is in 'n staat van wordings en uit die bouvalle en ander geboue van die voormalige militêre kamp moet akkommodasie vir die behoeftes van 'n skool geskep word. Die Nywerheidskool Ottery beoefen dié ambagte waartoe kleurlinge in die lewe buite die skool toegang het. ²⁾

Die ambagsopleiding geskied terwyl iets nuttigs en blywends tot stand gebring word. Die kleremakers voorsien klere; die skoemakers herstel skoene; die messelaars omskep geboue en die skrynwerkers doen die nodige houtwerk.

Alhoewel die meeste leerlinge van Ottery skolasties ernstig vertraag is en teoretiese begrippe buite die vermoë van 'n groot aantal lê, en „die groot gros van Ottery se leerlinge hoogstens halfbedrewe arbeiders word,” ³⁾ word praktiese instruk-

1) Verslag van die hoof aan die Beheerraad van Ottery, 12.11.52.

2) Notule van die Beheerraad van die Nywerheidskool Ottery, 10.6.53.

3) Jaarverslag van die hoof van Ottery, 1951.

sie tog aan alle leerlinge gegee. Eers elementêre instruksie, daarna word leerlinge geplaas op werk van blywende aard. Daardeur baat die inrigting en aansienlike besparings word vir die Staat meegebring, want die onderwys van die gedragsafwykende kind is duur. In 1950 - 51 was die eenheidskoste per leerling aan die Nywerheidskool Ottery £149 per leerling per jaar teenoor ongeveer £17 per leerling aan die gewone Provinsiale skool vir kleurlinge in Kaapland. ¹⁾

'n Ernstige opvoedkundige leemte wat hom voordoen in hierdie stelsel van omskeppings- en instandhoudingswerk is die gebrek aan stelselmatige, gegradeerde opleiding. Dit word egter gedeeltelik bestry deur leerlinge beurtelings in die werkswinkel onderrig te gee en op die buitewerk te gebruik. ²⁾

Alhoewel verreweg die meeste leerlinge, volgens die mening van die hoof, ³⁾ nie gekwalifiseerde ambagsmanne sal word nie, is die onderliggende gedagte by die ambagsopleiding om die leerling 'n basiese opleiding in 'n ambag te gee sodat hy 'n verdienste as ambagsman of as arbeider kan vind nadat hy die skool verlaat het; daarby het die praktiese werk terapeutiese waarde en is dit 'n bate vir die inrigting in sy wordingsproses.

Keuring vir die ambagte geskied op die volgende wyse: Alle nuwelinge word by hulle aankoms in die kombuis geplaas waar hulle behulpsaam is met kombuiswerk. Hulle verplaas dan ouer leerlinge en word gedurende hierdie tydperk in die geleentheid gestel om werkswinkels te besoek en te besluit in watter ambag hulle belangstelling geleë is. Die vakonderwysers neem ook die leerlinge noukeurig waar om hulle aanleg of gebrek aan aanleg te probeer vasstel. ⁴⁾ Vanaf 10 Junie 1953 beskik die skool oor die dienste van 'n voltydse onderwyser-sielkundige wat ook voorligting

1) Verslag van die hoof aan die Beheerraad van Ottery, 28.5.52.
2) Notule van die Beheerraad van die Nywerheidskool Ottery, 16.9.53.
3) Jaarverslag van die hoof van Ottery, 1952.
4) Ibid.

en leiding in verband met die keuse van ambagsopleiding verstrek.¹⁾

6. VRYETYDSBESTEDING.

'n Baie ernstige probleem waarmee die nywerheidskool vir kleurlingseuns te kampe het naas die gewone vraagstukke van die onderwys en opvoeding waarna in die voorafgaande paragrawe verwys is, is die vraagstuk van vryetydsbesteding. Dit raak die skool en sy organisasie tot in sy diepste wese.

Soos aangedui, bestaan die skoolbevolking van Ottery uit delinkwente en ander wanaangepaste kleurling jeugdiges, wat maklik in wangedrag en oortredings verval, en derhalwe „ 'n onafgebroke ystere dissiplinêre houvas op die leerlinge verg." ²⁾ Ten einde te voorkom dat leerlinge in wangedrag verval, word op preventiewe grondslag in die eerste instansie opgetree en in hierdie verband speel ontspanning, arbeid en die godsdiens 'n belangrike rol.

Oortredings kom meesal oor die naweke voor, gedurende vakansies wanneer leerlinge in die skool moet bly en op ander tye wanneer die leerlinge nie besig is nie. Ter oplossing hiervan het die skool 'n stryd teen ledigheid aangeknoop wat onder geen omstandighede ooit verslap nie. Die leerlinge word dus nagenoeg vir elke oomblik van die dag besig gehou. Dit geskied op die volgende wyse:

(a) Sport. Aan elke kind word die geleentheid verskaf om aan sport deel te neem. Veral boks en sokker is baie gewild en by bekende unies word geaffilieer sodat gereelde wedstryde op vaste grondslag kan plaasvind. Groot klem word op hoë morele standaarde op die sportveld gelê en wangedrag is 'n onmiddellike diskwalifikasie vir enige deelnemer. Leerlinge neem haas elke middag en Saterdagmiddae aan georganiseerde sport deel en aan sokker dwarsdeur die jaar.

1) Notule van die Behoerraad van die Nywerheidskool Ottery, 10/6/53.

2) Hierdie gegewens is verkry uit die jaarverslag van die hoof van die Nywerheidskool Ottery, 1950.

(b) Arbeid. Ten einde leerlinge so min ledige tyd as moontlik te laat, word reeds voor ontbyt soggens in georganiseerde werkspanne gearbei op die skoolterrein. Sommige werkspanne is ook namiddae besig, maar veral Saterdagoggende, is leerlinge baie bedrywig met konstruktiewe arbeid en met die verfraaiing en verbetering van die skoolterrein. Sommige leerlinge word Saterdag aan persone in die omgewing verhuur teen vaste tariewe. Gedurende vakansies word leerlinge deur arbeid gedurig besig gehou.

(c) Vermaaklikheid. Daar bestaan geen verenigingslewe aan die Nywerheidskool Ottery nie. Daar word egter elke Saterdagoggend gedurende die skoolkwartaal 'n informele konsert deur die leerlinge gehou, soms afgewissel deur die vertoning van rolprente wat spesiaal gekeur word.

(d) Godsdiens. Die godsdiens neem aan die Nywerheidskool Ottery 'n baie belangrike plek in. Die skoolhoof open elke oggend die skoolverrigtinge met skriflesing en gebed en godsdiensonderrig het 'n plek op die skoolrooster. Kerkdienste op ondenomiasionele grondslag word Sondagoggende vir al die leerlinge gehou; in die namiddae is daar Sondagsskoolklasse en sangdienste Sondag-aande.

Die godsdiens deurdring die hele gees van die skool. Onder daardie indruk kom 'n mens by die deurlees van verslae. In 'n gees van godsgeroopenheid word die werk aanvaar en om hierdie rede word die taak, soos die skoolhoof, eerw. F.A. Bester ¹⁾ dit stel, „nie verbind aan die resultate, die sukses of die non-sukses daarvan nie. As daar sukses behaal word is ons dankbaar. As daar skynbaar geen sukses is nie, is die troos daar dat ons gestuur is om te saai en nie te oes nie. Alle volmaakte sukses met die inrigtingsbehandeling van hierdie seuns moet gesien word as 'n produk van die vrymagtige en genadige herskeppingswerk van God.”

7. SAMEVATTING.

Behalwe die verskil in benaming en die afwesigheid

1) Jaarverslag van die hoof, Nywerheidskool Ottery, 1952.

van 'n opsigter-personeel, skyn daar weinig onderskeid te bestaan tussen die Nywerheidskool Ottery en 'n verbeteringskool. Die meeste leerlinge kon ewe goed na laasgenoemde inrigting gestuur gewees het. Hulle is, met enkele uitsondering, almal delinkwente en die organisasie van die skool verg 'n strenge houvas op elke leerling elke tyd van die dag.

Uit die aard van die saak word hoë eise aan die personeel t.o.v. hulle werk gestel, en dit wil voorkom of die beleid van die Onderwysdepartement om te eksperimenteer met 'n gemengde personeel, eerder die taak van die personeel verswaar en onnodige sosiale komplikasies skep.

Die enkele skool maak 'n eksterne klassifikasie van leerlinge volgens opvoedkundige tipas onmoontlik, en in belang van die nie-delinkwente sorgbehoewende kleurlingseun word gepleit vir nog minstens een nywerheidskool vir seuns van die platteland. Daar bestaan op die oomblik ook geen nywerheidskool vir kleurlingdogters nie.

In die primêre klasse word die leerplanne van die Kaapse Onderwysdepartement gevolg, terwyl die middelbare leerlinge die van die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap volg.

Inrigtings is parallelmedium en die metode van onderwys is klassikaal.

In die werksinkels word leerlinge opgelei in die ambagte waartoe kleurlinge in die buitelewe toegang het, en die instruksie is hoofsaaklik gerig op utiliteit, op herskeppingswerk en reparasie op die inrigting.

Die meeste leerlinge word ongeskoolde werkers nadat hulle die skool verlaat.

HOOFSTUK XII.

UITPLASING EN NASORG.

1. UITPLASING: Algemene Beleid.

Die toewysing na 'n nywerheidskool van 'n sorgbehoewende kind is, ten spyte van vorige wangedrag, indien enige, nie 'n vonnis tot straf of 'n verbanning uit die gemeenskap nie. Die Kinderwet, Wet No.31 van 1937, beoog met kommittering slegs die tydelike onttrekking van die kind aan 'n skadelike omgewing of slegte invloede, derhalwe word die kind nie meer soos onder die ou Kinderbeskermingswet No. 25 van 1913 vir 'n gesette tyd soos vasgestel deur die kommissaris van kindersorg, na 'n nywerheidskool verwys nie.

Alhoewel die ouderdom van die kind ten tye van sy toewysing die maksimum aanhoudingstydperk bepaal, ¹⁾ kan langer aanhouding, indien die skool dit nodig ag in belang van die kind, met toestemming van die Minister verkry word, en alhoewel 'n minimum aanhoudingstydperk van twee jaar bepaal word, ²⁾ mag 'n kind met verlof van die Minister, ook voor daardie tyd die skool verlaat. In die gees en in die letter beoog die Kinderwet slegs die welsyn en beste belange van elke kind en omdat dit 'n sielkundige waarheid is dat kinders op baie maniere ingrypend van mekaar verskil, ook ten opsigte van die wyse waarop hulle reageer op behandelingsmetodes in die inrigting, daarom is die enigste gesonde opvoedkundige standpunt dit wat bepaal dat elke kind volgens eie individuele behoeftes en ooreenkomstig eie meriete behandel word. Prinsipieël is dit derhalwe korrek dat die beslissing oor die kind se rypheid of geskiktheid vir skoolverlating by die nywerheidskool

1) Artikel 34 van Wet No. 31 van 1937.

2) Artikel 41(1) van Wet No. 31 van 1937.

wat daardie kind ken, sal berus en nie vooraf deur 'n kinderhof bepaal sal word nie.

Die Kinderwet vereis dan ook alleenlik dat die skool vooraf sal vasstel of die persoon by wie en die huis waar 'n leerling met vergunning uitgeplaas word, vir daardie doel geskik is en „dat daar geen nadeel vir die leerling te dugte is as gevolg van die vergunning aan hom verleen om by daardie persoon en in daardie huis te woon nie.”¹⁾ Hierdie gegewens word gewoonlik deur die Volkswelsynbeampste op vorm K.W. 48 voorsien. Oor die geskiktheid van die leerling om die skool te verlaat, beslis die skool met bekragtiging van die Beheerraad. Die hoof en die Beheerraad word nie meer verantwoordelik gehou om vir leerlinge betrekings te vind soos onder die Kinderbeskermingswet No. 25 van 1913 toe Artikel 84 van die Regulasies spesifiek bepaal het dat die huisvaders en huismoeders (m.a.w. die hoofde) met behulp van die Beheerraad hulle moes „bemoeien om ieder ontslagen leerling een plaats te bezorgen waar hy zyn levensonderhoud kan verdienen.”

Alhoewel sommige nywerheidskole soos Paarl en Tempe²⁾ dikwels leerlinge onder die sorg van ouers of familieleden uitplaas, verkies die meeste skole, veral vir sover dit die seuns aangaan, om hulle in spesifieke betrekkings te plaas. Dit kan te enige tyd van die jaar geskied, indien 'n geskikte betrekking aangebied word en daar 'n leerling is wat daarvoor kwalifiseer. Die meeste leerlinge verlaat egter aan die einde van die jaar die skole, en dit word as verkieslik geag omdat dit 'n gees van bestendigheid in die skool bevorder en leerlinge in staat stel om eindeksamens af te lê. Sulke leerlinge moet egter op daardie tydstip dan met die res van die land se skoolverlatende jeug op

1) Deel VI van die Regulasies opgestel kragtens Artikel 86 van die Kinderwet van 1937.

2) Blykens hulle jaarverslae.

die arbeidsmark meeding.

(a) Sosiale aangepastheid.

Rypheid van leerlinge vir uitplasing word, soos blyk uit 'n opname gemaak by die verskillende skole, ¹⁾ hoofsaaklik deur drie faktore bepaal, naamlik, sosiale aangepastheid, skolas-tiese peil en ouderdom. 'n Wanaangepaste leerling word nie met vergunning ontslaan nie, tensy die skool verplig word deur omstandighede buite sy beheer soos die bereiking van die ouderdomsgrens van een-en-twintig jaar, of wanneer 'n kind dros en nie opgespoor word nie en die Onderwysdepartement besluit om hom van die leerlingrol te verwyder.

In die reël besluit die hoof van die nywerheidsskool en die betrokke personeellede gesamentlik oor die geskiktheid van 'n leerling vir skoolverlating. In hierdie beslissing word hulle gelei deur kumulatiewe gegewens in verband met daardie leerling wat die mate van aangepastheid in sy lewe weerspieël. En alleenlik as daar 'n redelike mate van sekerheid bestaan dat die kind sy weg op selfstandige wyse, volgens algemeen aanvaarde maatskaplike norme en gedragskodes sal kan vind, word hy met vergunning of op ander wyse ontslaan.

Dit gebeur egter nogal dikwels dat 'n ouer of ouers wat jarelank geen belangstelling in 'n kind getoon het nie, eensklaps druk begin uitoefen om die ontslag van so 'n leerling sodra hy die leeftyd of skoolvordering bereik dat hy 'n potensiële ekonomiese bate vir hulle is. Allerlei middele word dan aangewend, soms selfs met behulp van wetsagente, om so 'n leerling se ontslag te verkry of hy geskik vir uitplasing is al dan nie. Hierin vind hulle soms die steun van welmenende Volkswelsynbeamptes, wat die kind slegs met vakansietye onder die oë kry, met die gevolg dat

1) In 1949-50 is 'n opname van al die skole se beleid i.v.m. uitplasing gemaak.

daar 'n toutrekkery ontstaan wat die skool in die nastrewing van sy opvoedkundige doel strem en soms lei tot 'n ongelukkige vertroebeling van die verhouding tussen die nywerheidskool en amptenare van die Volkswelsyndepartement, soos blyk uit die volgende: Op 10 Junie 1948 rapporteer die hoof van die nywerheidskool van Queenstown aan sy Beheerraad ¹⁾: „I have to bring to the Board's notice a practice by certain Social Welfare Officers which is assuming alarming proportions and which not only causes embarrassment to me and the Board, but also very definitely obstructs the educational function of my school. I am referring to the prerogative that certain Welfare Officers assume in recommending the discharge on licence of pupils who are not ready for such discharge. It will be recalled that this Board expressed itself most explicitly against the discharge of pupils while they are away on holiday and subscribed to the view that in every case the pupil has to return to school. The action of the said Social Welfare Officer makes the implementation of this policy of the Board impossible and serves to undermine the discipline of the school." Dit is duidelik dat die skool hier, teen die middel van die jaar, nog te doen gehad het met leerlinge wat ná die Kersvakansie nie teruggekeer het skool toe nie en wat deur die verantwoordelike amptelike instansies in daardie houding, alhoewel op indirekte wyse dan, gesteun is.

Die invloed hiervan op die karakter en persoonlikheid van die kind en op die dissipline van die skool is voor die hand liggend. En haas elke nywerheidskool het te kampe met die probleem van leerlinge wat na lang vakansies nie wil terugkom skool toe nie. 'n Uniforme beleid dat 'n leerling in sy afwesigheid sonder verlof, d.w.s. ook 'n leerling wat gedros het, nie met vergunning vrygelaat word nie, word deur al die skole gevolg. Eerbied vir uiterlike gesag is 'n noodsaaklike vereiste vir sedelike vorming en 'n leerling wat nie die wette van die skool en die land

1) Uit die Beheerraadsnotule van daardie datum, Nywerheidskool Queenstown.

wil gehoorsaam nie, ken nog geen innerlike selftug nie, en is derhalwe nog nie geskik om die skool te verlaat nie.

Die nywerheidskool met sy ganse organisasie, sy doelstellinge, sy inhoud, metode, middele en aktiwiteite is daarop ingestel om die kind as aangepaste mens die lewe in te stuur. Om 'n wanaangepaste leerling uit te plaas, sou wees om die hoogste roeping van die skool te verloën.

(b) Die ouderdom van leerlinge by ontslag en die duur van hulle verblyf aan die nywerheidskool.

'n Kind bly gemiddeld drie jaar aan die nywerheidskool en is gewoonlik al agtien jaar oud as hy die skool verlaat.

Ondersoek na die duur van verblyf van die sewehonderd seuns na wie in Hoofstuk V verwys word, het aan die lig gebring dat die mediaan verblyf 3.4 jaar is en die mediaan ouderdom ten tye van skoolverlating 18.4 jaar. Dit kom sterk ooreen met die amptelike gegewens soos deur die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap verstrekk en soos in Tabel XXVIII vir die vyf agtereenvolgende jare 1948 - 1952 saamgevat:-

TABEL XXVIII. ¹⁾

Ouderdomsverdeling van leerlinge wat die nywerheidskool verlaat het gedurende die tydperk 1948-1952.

OUERDOM.	1948	1949	1950	1951	1952	TOTAAL.
Onder 16 jr.	21	25	21	20	3	90
16 Jaar	77	61	44	67	47	296
17 Jaar	138	156	175	152	139	760
18 Jaar	174	203	191	187	212	967
Ouer as 18	202	152	209	215	238	1016
Totaal	612	597	640	641	639	3129
MEDIAAN	18.4	18.2	18.4	18.4	18.6	

1) Uit die amptelike jaarverslae van die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap vir die betrokke jare.

Ongeveer twee-derdes van die meer as drieduisend leerlinge was reeds agtien jaar en ouer ten tye van hulle skoolverlating. In Tabel XV in Hoofstuk V is aangedui dat die mediaan ouderdom van nuwe toelatings 15.11 jaar is, ¹⁾ derhalwe is dit baie duidelik dat die grootste aantal leerlinge ongeveer drie jaar aan die nywerheidsskool bly. Sommige hoofde ²⁾ meen 'n leerling behoort langer, minstens vier jaar, te bly, aangesien hy gewoonlik 'n tydjie neem om aan te pas en in werklikheid teen die vierde jaar eers waarlik die volste voordeel uit die skoollewe haal en eers dan waarlik vir die skool na buite, d.w.s. op sport en ander gebiede, kan presteer. Sulke prestasies is vir die prestige van die skool ook van groot belang, dog direk en indirek vir die leerling ook, omdat dit sy besef van eiewaarde verhoog en die noodsaaklike trots in sy skool ontwikkel. Hierdie beskouing hou waarheid en waarde in, maar 'n vaste reël kan tog nie neergelê word nie. Wanneer 'n nywerheidsskoolleerling ryp is vir skoolverlating, met inagneming van skoolprestasie en individuele verskille onderling, dan behoort ander konsiderasies dit nie te verhinder nie.

Die feit dat die nywerheidsskool sy leerlinge oor die algemeen tot hulle agtiende jaar hou, is nie sonder opvoedkundige betekenis nie. Op daardie ouderdom het die kind reeds die latere adollesente-fase van sy lewe betree en saam daarmee die moontlikheid van groter emosionele bestendigheid omdat hy minder te kampe het met die aanpassingsprobleme van die puberteit en vroeër adollessensie. Meer insig in die lewensvraagstukke en groter geestesrypheid kan ook verwag word.

Verwag kan word dat leerlinge met subnormale intelligensie op 'n hoër ouderdom ontslaan sou word. 'n Ontleding van gegewens oor die tydperk 1948 - 1952 van die verskillende skole ³⁾

1) Amptelike gegewens toon ook dat dit net oor 15 jaar is.

2) Vgl. die jaarverslag van die Nywerheidsskool King William's Town 1942, en van Queenstown 1952.

3) Opgawes word in die jaarverslae van skole verstrekk.

toon egter geen noemenswaardige afwyking by daardie skole nie. Slegs in die gevalle van twee skole vir subnormale dogters te Ladybrand en Standerton (Die Vlakte) is daar 'n neiging te bespeur om dogters deurgaans te hou tot ouer as agtien jaar.

(c) Die skoolstander van leerlinge wat die nywerheidskool verlaat.

'n Ontleding van die skoolstanders van die monster van sewehonderd blanke nywerheidskoolseuns, na wie in Hoofstuk V verwys word, ten tye van hulle skoolverlating, het die gegewens soos weerspieël in Tabel XXIX, aan die lig gebring.

TABEL XXIX. ¹⁾

Skoolstanderderspreiding van blanke nywerheidskoolleerlinge ten tye van hulle ontslag.

	Aantal.	Persentasie.
Onder standerd 3	14	2.0%
Standerd 3 afgelê	9	1.5%
Standerd 4 afgelê	23	3.3%
Standerd 5 afgelê	25	3.6%
Standerd 6 afgelê	255	36.8%
Standerd 7 afgelê	204	29.4%
Standerd 8 en hoër afgelê	163	23.4%
	693	100%

Die mediaan is net na die 7de standerd.

Uit die gegewens blyk dit duidelik dat betreklik min leerlinge van die nywerheidskool uitgeplaas word sonder minstens 'n standerd VI-sertifikaat - die sertifikaat wat in die geval van seuns die minimum toelatingskwalifikasies tot vakleer-

1) Die skoolstander geslaag deur 'n leerling aan 'n nywerheidskool word op vorm K.W. 54 opgeteken met sy ontslag en aan Hoofkantoor gestuur.

lingskap in die meeste ambagte is en 'n aantal betrekkings in die spoorwegdiens, of die nywerheids- en handelswêreld. Die voorwaartse skolastiese vordering van die meeste leerlinge in die genoemde monster is duidelik merkbaar in Grafiek VII wat 'n vergelyking tref tussen die skoolstanderds van nuwe toelatings en hulle prestasie ten tye van hulle skoolverlating. Nie alleen blyk dit dat die grootste meerderheid leerlinge standerd ses of 'n hoër eksamen aflê nie, maar dit dui sterk daarop dat in die hoër primêre groep en die laer middelbare groep daar 'n gemiddelde vordering van twee skoolstanderds tydens die gemiddelde verblyf van ongeveer drie jaar aan die nywerheidsskool is.


As daar rekening gehou word met die feit dat daar in die nywerheidsskole vir normale leerlinge ook subnormales aanwesig is en dat as gevolg van die ambagsopleiding leerlinge slegs ongeveer die helfte van die tyd in die klaskamer deurbring, dan behaal die nywerheidsskool aanmerklike sukses op skolastiese gebied, veral as dit boonop in die gedagte gehou word dat leerlinge so dikwels toegewys word as gevolg van voortdurende skoolversuim, onbeheerbaarheid tuis, agterlikheid en in die algemeen omdat daar nie meer raad was met sulke kinders nie.

'n Verdere ondersoek na die skolastiese prestasies van AL die skoolverlaters gedurende die jare 1948 - 1952 met die gegewens vir skole vir subnormale leerlinge afsonderlik, het die voorafgaande bevinding verder gestaaf.

In die skole vir normale leerlinge het slegs ongeveer 4% nie 'n standerd ses-sertifikaat behaal nie, terwyl byna 24% die Junior Sertifikaat of 'n hoër sertifikaat verwerf het. Tabel XXX op bladsy 313 weerspieël die toestand.

1) Hierdie gegewens is statisties verstrek aan die Onderwysdepartement saam met skole se jaarverslae.

— GRAFIEK VII —



VERGELYKENDE GRAFIEK OM DIE SKOOLVORDERING
VAN LEERLINGE TYDENS HULLE VERBLYF AAN DIE
NIJWERHEIDSKOOL AAN TE TOON.

TABEL XXX.

Skoolstanderdverdeling van die aantal leerlinge wat nywerheidskole vir leerlinge met normale intelligensie gedurende 1948 - 1952 verlaat het.

	Aantal	Persenta- sie.
Sonder standerd ses-sertifikaat	89	3.5
Met standerd ses-sertifikaat	963	37.2
Met standerd sewe-sertifikaat	933	35.4
Met standerd agt-sertifikaat	399	15.4
Met 'n sertifikaat hoër as agt	218	8.5
TOTAAL	2602	100.0

Tabel XXXI hieronder toon die aantal leerlinge in skole vir kinders met subnormale intelligensie wat die standerd ses-sertifikaat aan daardie skole verwerf het, naamlik 56.5%

TABEL XXXI.

Skoolstanderdverdeling van leerlinge wat nywerheidskole vir leerlinge met subnormale intelligensie gedurende 1948 - 1952 verlaat het.

	Aantal	Persen- tasie.
Sonder 'n standerd ses-sertifikaat	229	43.5
Met 'n standerd ses-sertifikaat	298	56.5
TOTAAL	527	100.0

(d) Die nywerheidskoolkind en sy beroep.

Meer as seshonderd blanke jeugdiges, volgens Tabel XXVIII op bladsy 308 verlaat elke jaar die nywerheidskool. Hulle is almal potensiële werkkragte, ook die verstandelik gestremdes, en is derhalwe van ekonomiese belang in 'n land soos Suid-Afrika waar die ontwikkeling op nywerheids- en ander gebiede in die afgelope dekade so snel was dat die aanvraag om werkers steeds die

aanbod van sulke kragte oortref. ¹⁾

Van hierdie skoolverlaters is 65%, of ongeveer twee-derdes, oor die totaal van vyf jaar gedurende 1948 - 1952-geneem, seuns. ²⁾ Met ander woorde daar word ongeveer vierhonderd seuns elke jaar uit die nywerheidskole ontslaan. Omdat in Hoofstuk X reeds in hierdie verband na die dogters verwys is, word ons aandag derhalwe slegs kortliks by die seuns bepaal.

Al die seunskole is in die breë sin tegniese skole waar al die leerlinge, behalwe 'n klein groepie handelsleerlinge in George, ambagsopleiding geniet. Volgens amptelike gegewens aanvaar egter slegs tussen 40 en 50 persent jaarliks beroepe waarvoor hulle opgelei is, teenoor ongeveer 70 persent uit die hoër tegniese skole. ³⁾ Laasgenoemde verskil val te verwagte aangesien leerlinge na die hoër tegniese skool gaan in die eerste instansie omdat hulle ambagsopleiding wens te geniet. In die geval van die nywerheidskoolkind het die skool dikwels, aanvanklik in elk geval, te doen met teësin en gebrek aan belangstelling t.o.v. ambagsopleiding.

Die Onderwysdepartement vind die betreklik lae syfer van seuns wat die ambagsrigting volg na skoolverlating nie teleurstellend as sodanig nie, omdat die ambagsonderrig aan hierdie soort skool, volgens die Sekretaris van Onderwys, Kuns en Wetenskap ⁴⁾ nie bloot gerig is op die opleiding vir 'n bepaalde beroep nie, maar in die breë opvoedingsprogram van die skool ook dien as belangrike hulpmiddel tot die heraanpassing van die kind.

Alle leerlinge het immers ook nie die aanleg vir 'n

1) Volgens mnr. G. Steyn, Voorsitter van die Staatsdienskommissie, soos oor die radio berig op 14.10.57.

2) Volgens die statistiese opgawes in die Jaarverslae van die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap vir die jare 1948 - 1952.

3) Hierdie gegewens is ook gehaal uit die amptelike Jaarverslae van die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap, 1948-1952.

4) Jaarverslag van die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap 1953-54, 19. Vgl. ook Hoofstuk IX van hierdie verhandeling.

ambag nie en aangesien die nywerheidskool in al die aspekte van sy onderwys- en opvoedingsprogram handel op die grondslag van die individuele behoeftes en aanleg van die kind, sal dit 'n onverklaarbare teenstrydigheid oplewer indien die skool 'n kind teen sy belangstelling en sonder inagneming van sy aanleg en vermoëns in 'n beroep plaas. Bestendige beroepsarbeid was nog altyd 'n belangrike faktor in maatskaplike aangepastheid, en belangstelling en geluk in 'n mens se daaglikse werk bevorder weer bestendigheid en verhoog die gehalte van die arbeid.

Daar moet egter gewys word op die feit dat die amptelike syfers van 40 - 50 persent leerlinge wat betrekkings in hulle ambagte aanvaar, bereken is op gegewens vir al die seunskole m.a.w. die twee skole met subnormale leerlinge is daarby ingereken, en hulle leerlinge word weens gebrek aan die minimum skolastiese toelatingskwalifikasies en fisiese onvermoë, geskoolde ambagsmanne slegs in uitsonderlike gevalle. Indien die gemiddelde uitplasing van 88 leerlinge per jaar ¹⁾ oor die tydperk van vyf jaar vir die genoemde twee skole van die groottotaal afgetrek word, dan styg die persentasie nywerheidskoolseuns wat hulle as vakleerlinge in die verskillende ambagte laat inskryf al dadelik na 'n syfer tussen 50 en 60%, wat beteken dat die nywerheidskole jaarliks 'n bydrae van ongeveer tweehonderd en meer arbeidskragte tot die tegniese behoeftes van die land lewer. Omdat so 'n leerling kontraktueel verbind word, is daar al dadelik 'n mate van vastigheid, en die vakleerlingskap lei tot uiteindelijke geskooldheid in 'n bepaalde beroep.

Sekere ekonomiese en ander faktore speel egter 'n belangrike rol in die nywerheidskoolkind se keuse van 'n beroep, en in hulle jaarverslae wys nywerheidskoolhoofde daarop dat 'n kind met die nodige aanleg en belangstelling vir 'n ambag soms

1) Statistiese opgawes van nywerheidskole Dewetsdorp en Luckhoff, Heidelberg, Tvl, vir die jare 1948 - 1952.

deur die volgende oorwegings verhinder word om dit sy keuse te maak:

a. Die aanvangsloon van 'n vakleerling is betreklik laag en goeie losies kan kwalik daaruit bekostig word. Geskikte losies is soms selfs ook nie verkrygbaar nie. Die leerling word derhalwe gedwing om vanuit sy ouerhuis te werk, en beperk so doende sy beroepskeuse. Soms is die ouerhuis nog net so ongerehabiliteer as toe die kind weggestuur is.

b. Ander betrekkings met hoër onmiddellike salarisse lok soms die seuns van die ambag met sy gegradeerde vakleerlingskale weg. Die verdere leertydperk, die vakleerlingperiode skrik sommige leerlinge af.

Nywerheidskoolleerlinge wat nie in die ambagte opgeneem word nie het 'n keuse uit 'n groot verskeidenheid van betrekkings na hulle skolastiese kwalifikasies en vermoëns. Die subnormale leerlinge word dan ook vernaamlik aangetref as arbeiders en ander werkers op die spoorweë, as roetinewerkers in fabriek en operateurs wat roetinewerk doen. Normale leerlinge word aangetref in die polisiediens, in die leër, as bewaarders, in verpleeginrigtings vir sielsiekes, as klerke, stokers, skoonmakers en ander betrekkings op die spoorweë, in die myne, as telegrafiste, kelners, koks, haarkappers, ens.

Alhoewel werkgewers soms deur 'n leerling se optrede teleurgestel word, kon langs die weg van die skole wat voortdurend met die werkgewers te doen het, vasgestel word dat die werkgewers oor die algemeen nie diskrimineer teen die nywerheidskoolkind nie.

2. NASORG.

(a) Die behoefte aan naskoolse toesig en leiding.

Die oorgang van die geordende, beskermende inrigtingslewe na die vryer, selfstandige lewe buite die skool hou vir die kind wat die nywerheidskool verlaat, talle probleme in en is

nie sonder ernstige gevare nie. Hy word meteens voor allerlei vreemde situasies gestel, voor nuwe versoekings, en daar word verwag dat hy self besluite sal neem en die verantwoordelikheid daarvoor sal aanvaar.

Inrigtingsversorging is uit die aard van die saak afgeslote, behoedend en beskermend en tydens sy verblyf aan die nywerheidskool leef die kind in 'n betreklik eenvoudige klein gemeenskap, 'n simpatieke gemeenskap; maar 'n samelewing wat onvermydelik deur sy inrigtingsatmosfeer gekenmerk word. As gevolg hiervan en weens die beperkte kontakte met die buite-wêreld is daar derhalwe 'n radikale verskil tussen die inrigtingsleefwyse en dié van 'n kind wat in die normale gesinsverband opgroei. Namate hy ouer word, leer laasgenoemde om die gedragkodes en waardes van sy gesin en die samelewing waarvan hy lid is, te begryp en te ken, hulle sy eie te maak en hom daarvolgens te skik. Die stabiliteit, tradisionele optrede en beskouings van sy gesin stuur en rig hom op sy lewenspad. En as hy die dag uittree, die buite-wêreld in, word hy nog onderskraag deur raad, hulp en leiding uit sy ouerlike huis. As jeugdige het hy daardie leiding nog dikwels nodig.

Die inrigtingskind mis tot 'n groot mate die vormende krag van die huisgesin; daardie emosionele en sedelike ankers. Dit is derhalwe vanselfsprekend dat hy wat vir 'n lang tyd gewoond was aan die kunsmatige lewe van die inrigting, soos sommige oorplasinge uit die gesertifiseerde inrigtings wat nooit 'n ouerhuis geken het nie of baie jare reeds daar vertoef het, na skoolverlating, veral in die eerste weke en maande, met ernstige aanpassingsprobleme te doen gaan kry. Daarvan getuig elke leerling wie se vergunning herroep word en die talle oud-leerlinge in hulle eerste briewe nadat hulle die skool verlaat het. Want hoeveel vryheid daar ookal in die nywerheidskool mag bestaan, hoe suiwer en goed die organisasie, hoe verlig die opvoedingsprogram en metode ook al mag wees, is die lewe in die skool onvermydelik en onteenseglik

verskillend van die lewe daarbuite. Die goeie skool kan ongelukkig die kind nie ook immuniseer teen die gevare en versoekings waarmee hy as jeugdige mens te kampe sal hê wanneer hy die skool verlaat nie.

Gedurende die belangrike oorgangstydperk wil die skool die kind dus graag bystaan in die wete dat laasgenoemde 'n nuwe wêreld betree: Hy aanvaar gewoonlik sy eerste betrekking, verdien sy eerste geld, maak nuwe vriende en maats en maak kennis met 'n ander gesag en vryheid.

Daar is 'n behoefte aan toesig en leiding in hierdie tyd van gewendrasing aan die lewe buite die skool. Veel meer nog as wat die geval is met die kind uit die normale huisgesin, het die inrigtingskind hulp nodig om te verseker dat die oorgang van die inrigtingslewe na die lewe buite die skool nie te skielik en skadelik sal wees nie. 'n Vorm van naskoolse toesig en leiding vir die voltooiing en afronding van die nywerheidsskoolwerk is nodig. Daarsonder, soos J. H. Breuer ¹⁾ dit stel, gaan 'n deel van die gesaaides maklik verlore. Doeltreffende naskoolse toesig en leiding moet die kroon op die inrigtingswerk plaas.

In Suid-Afrika is daar sekere probleme aan verbonde wat in die verlede reeds aandag geniet het, maar wat nog steeds op 'n oplossing wag. Om dit te begryp, is dit nodig om die huidige posisie t.o.v. nasorgwerk te ondersoek.

(b) Die huidige stelsel van nasorgwerk i.v.m. nywerheidsskole.

Die belangrikheid van nasorgwerk is reeds in 1918 onderstreep toe twee kinderinspekteurs deur die Unie-Onderwysdepartement benoem is om besoek af te lê by, toesig te hou oor en leiding te gee aan kinders onder die Kinderbeskermingswet nadat hulle uit die inrigtings met vergunning ontslaan is of as leersjongens ingeboek is. ²⁾ Omdat nasorgwerk deur die skole self weens

1) Breuer : Gestichtsopvoeding, 211.

2) Report of the Under Secretary for Education 1918, 67.

die groot afstande in Suid-Afrika onprakties was, moes die inspekteurs gereeld die skole besoek om hulle op hoogte van sake te stel met die werk wat gedoen word en om by die kinders as toekomstige raadgewers en vriende bekend te raak.

As gevolg van die feit dat die inspekteurs van skole tot dieselfde staatsdepartement behoort het, is onderlinge samenwerking en mede-verantwoordelikheid vir die kind op natuurlike wyse bevorder.

Hierdie stelsel is in 1937 beëindig toe die nuutgestigte Volkswelsyndepartement alle nasorgdienste op sy rekening gekry het en daardie taak aan sy proefbeamptes opgedra het. Hulle moet dan die leerling wat met vergunning ontslaan is, besoek of laat besoek „so dikwels as die omstandighede vereis en moet elke ses maande aan die bestuur van die gestig 'n verslag op K.W. 50 verstrek oor die vordering en welstand van die leerling." ¹⁾

Kaart II op die volgende bladsy toon die verspreiding van Volkswelsynkantore in die Unie in 1951. Sedertdien is ook 'n kantoor opgerig op die Vrystaatse Goudveld. Wat opval ten gunste van dié Departement is die poging om kantore oor die hele land, alhoewel noodwendig dun op dele van die platteland, te versprei, met meer aandag aan die stede met hulle swaarder konsentrasie van maatskaplike euwels en probleme. Vanuit hierdie kantore moet die proefbeamptes, saam met hulle ander pligte, ook nasorgwerk doen.

Op die platteland bring dit reise oor groot afstande mee om sulke kinders te bereik. In die praktyk lei dit op sy beste bloot tot kennismaking. Om tot ware kennis van die kind te geraak en om die regte verhouding tussen kind en toesigbeampte te bewerkstellig, is gewoonlik 'n onbegonne taak. Daar word in sulke gevalle weinig meer verrig as om die nodige vorms te voltooi, en selfs dit bly soms in gebreke. Dit het al gebeur dat skole ses-

1) Artikel 7 van Deel VI van die Regulasies kragtens die Kinderwet van 1937.

1/4/99 tot 31/3/51.

KAART - II -




UNIE VAN SUID-AFRIKA

VOLKSWELSYNBEAMPTTE-KANTORE VAN DIE DEPARTEMENT VAN VOLKSWELSYN
AANTAL KANTORE IN ELKE PROVINSIE
TOTALE AANTAL KANTORE IN DIE UNIE 46.



SKAAL

23/12/51



maandeliks rapporte ontvang oor leerlinge wat 'n jaar en meer gelede reeds verhuis het!

'n Ernstige leemte is egter die nalatigheid van toesighoudende beamptes om die wetlik vereiste K.W. 50-verslagvorms aan die skole te stuur. 'n Onderzoek in verband hiermee in 1951 by die seunskole in verband met die ontvangs van nasorgverslae het die volgende gegewens, soos in Tabel XXXII saamgevat, aan die lig gebring t.o.v. sewe uit die agt skole. Syfers vir Queenstown was nie beskikbaar nie.

TABEL XXXII. 1)

Aantal K.W. 50 vorms gedurende 1951 deur nywerheidskole van Volkswelsynkantore ontvang.

Naam van skool.	Aantal leerlinge onder toesig.	K.W. 50 ontvang.	Aantal NIE ontvang.
Dewetsdorp	110	22	88
Luckhoff	127	62	65
Rustenburg	26	3	23
Heidelberg, Tvl.	163	59	104
Vaalrivier	110	26	84
George	149	30	119
King William's Town	281	122	159
TOTAAL	966	324	642

In geen geval is selfs 50 persent van die vereiste vorms deur 'n skool ontvang nie, en waar 'n redelike gunstige reaksie verkry is, is die vorms stelselmatig deur die skole self aangevra. Skole verkeer dus tot 'n groot mate in die duister oor die vordering van hulle skoolverlaters in die samelewing. Nasorg-beamptes onder dieselfde staatsdepartement sou hierdie leemte kon

1) Uit jaarverslae van die skole vir 1951.

verhoed het. Aan onverskilligheid aan die kant van proefbeamptes moet dit seker nie gewyt word nie; eerder aan menigvuldige pligte wat saam met hulle toesigdienste val. Van laasgenoemde alleen, soos in Tabel I op bladsy 9 aangetoon, was daar 6,238 gevalle in 1951.

Daar moet ook op ander leemtes gewys word. Dr. W.D. Marais ¹⁾ meen dat proefbeamptes in 'n sekere sin in hulle werk gestrem word omdat hulle in verband met die hof staan. Sommige ouers en kinders bewaar slegs of hoofsaaklik laasgenoemde assosiasie met die gevolg dat samewerking en onderlinge vertroue moeilik verkry word, ook selfs in die geval van die leerling wat met vergunning ontslaan is, aangesien die proefbeampte in die eerste instansie verantwoordelik gehou is vir die verwydering van die kind uit die ouerhuis en vir sy toewysing na die nywerheidskool wat steeds as 'n vorm van straf beskou word. Hernieude belangstelling in verband met toesig wanneer die kind ontslaan word, word soms geïnterpreteer as verdere „vervolging.“

'n Ander tekortkoming is dat die proefbeampte die kind wat met vergunning ontslaan is, nie waarlik ken nie. En in daardie opsig skiet die K.W. 54-vorm, waarmee die skool die nodige inligting in verband met die kind moet voorsien, ook baie verkort. Die proefbeampte ken die kind in elk geval nie goed genoeg om waarlik tot hulp en raad te wees nie. Op 'n tydstip van groot onsekerheid in die kind se lewe, die tydstip wanneer hy met so baie nuwe aanpassingsprobleme te doen kry, moet hy bygestaan word deur 'n betreklike of volslae vreemdeling wat ook onseker rondtas na middele en metodes om die kind te verstaan en by te staan. En om slegs gedurende kantoorure leerlinge te ontbied of by die huise besoek af te lê wanneer min mense tuis is, is om die kern van die saak onaangetas te laat.

1) WERK, Maart 1943, 13. (Dr. Marais is oud-hoof van die Porter-Verbeteringskool.)

„Mere surveillance is not probation. From a social point of view, it may be said to be a process of educational guidance through friendly supervision," skryf Clarke Hall. ¹⁾ Die blote opskryf van feite vir verslae is nie nasorg nie. Daar moet positiewe hulp aan die leerling verleen word om vastigheid onder sy voete in die samelewing te verkry en in daardie opsig kan niemand die persoonlike invloed van die personeellid wat die kind op skool leer ken en vertrou het, vervang nie. Die proefbeampte ken weliswaar miskien die gesin beter as die skoolpersoneel, maar laasgenoemde ken immers weer die kind soveel beter en dit is dus 'n geval van verskillende mense wat verskillende dele van dieselfde storie ken, en niemand weet alles nie.

Die kern van die probleem van nasorgwerk en die tekortkominge wat daaruit voortspruit, skyn veral geleë te wees in die verdeelde staatsbeheer wat meebring dat die leerling op so 'n kritieke stadium van sy lewe, wanneer hy wesenlik behoefte het aan opvoedkundige toesig en leiding, as't ware aan 'n nuwe staatsdepartement met sy eie, vir die kind gewoonlik vreemde, amptenare oorhandig word. Nie alleen verbreek dit die noodsaaklike en belangrike deurlopendheid van die opvoeding nie, maar dit skep die gevaar dat die opvoedings- en heropvoedingswerk van jare skade aangedoen kan word.

Die nywerheidsskool voed die kind as 'n totaliteit op en sy hele organisasie en al sy middele is, vandat die kind as nuweling toegelaat word, daarop gerig om hom as aangepaste wese, as nuttige mens, as godsvrugtige persoon die lewe in te stuur. Dit sou dus logies en psigologies korrek wees dat die nywerheidsskool direkte belang het by die naskoolse toesig en leiding, veral gedurende die eerste tydperk nadat die kind met vergunning uitgeplaas

1) Hall : The State and the Child, 102.

is. Die skool ken immers die kind die beste.

Direkte aktiewe deelname in die naskoolse toesig van leerlinge sal die belangstelling van die skool in sy skoolverlaters bevorder en gereelde, volledige rapporte oor sulke leerlinge daartoe bydra om die personeel onder die indruk van die sukses of mislukking van hulle werk te bring.

Tans hou elke skool 'n volledige rekord van leerlinge wat met vergunning ontslaan is en doen slegs sporadiese nasorgwerk op die volgende wyse:-

a. Leerlinge word aangemoedig om aan die skool te skryf nadat hulle die skool verlaat het, en aan elke skool is daar enkele personeellede, veral koshuisouers en die onderwyser-sielkundiges, wat met oud-leerlinge korrespondeer. Min leerlinge hou so 'n korrespondensie lank vol.

b. Oud-leerlinge word aangemoedig om die skole te besoek;

c. Sommige skole publiseer jaarblaaie waardeur die oud-leerling probeer bereik word. Een skool, naamlik die Nywerheidsskool Queenstown, publiseer kwartaalliks 'n baie pretensieuse blad, „Die Ansieland", met talle fotos en artikels wat daarop gerig is om die skoolgees te bou en veral die oud-leerling te bereik en te behou.

d. Enkele skole het die stigting van oud-skoliere-unies gehelp bevorder. Sulke klubs en unies staan dan leerlinge wat met vergunning ontslaan is, met raad en daad by na hulle aankoms in die nuwe omgewing.

(c) Die nasorgonderwyser en die uitplasingskoshuis.

'n Oplossing vir die vernaamste probleme in verband met die naskoolse sorg en leiding van vergunningsleerlinge skyn gebied te word deur 'n verdere uitbreiding van die bestaande stel-

sel van uitplasingskoshuise na die vernaamste nywerheidsentra- en stede van die land en die aanstelling deur die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap van 'n eie nasorgpersoneel vir sy nywerheidskole.

Laasgenoemde is reeds vir etlike jare 'n instelling aan die verbeteringskole in Suid-Afrika en vervul aldaar 'n onontbeerlike funksie. So 'n persoon kan, met sy grondige kennis van die kind, sy aanleg en vermoëns, vordering en ontwikkeling, met sy kennis van die skool, sy werksaamhede, ideale en selfs tekortkominge; met sy kennis van die arbeidswêreld en kontakte met werkgewers, 'n baie belangrike bydrae lewer tot die noodsaaklike voortsetting van die opvoedingsproses van die inrigting en die skepping van geleenthede en/of die verwydering van sulke faktore wat die kind tot struikeling kan bring, tot die ontplooiing van die kind as persoonlikheid in die groter gemeenskap buite die skool. Hy kan selfs by die gesin die nodige voorbereidingswerk doen vir die terugkeer van die gekommitteerde kind, en daarna belangrike kontakte met die gesin hou, altans totdat die leerling stewig gevestig is.

Die noodsaaklikheid van meer uitplasingskoshuise behoef skaars enige betoog. Die behoefte daaraan en die waarde daarvan is reeds in 1918 deur die Onder-Sekretaris van Onderwys ¹⁾ benadruk, en die stigting van sulke inrigtings is sedertdien konsekwent deur die skole en die onderwysoutoriteite bepleit.

Daar bestaan tans so 'n koshuis vir dogters van die Nywerheidskool Tempe in Bloemfontein en 'n tweede is in dieselfde stad in aanbou vir vergunningsleerlinge met subnormale intelligensie van die Nywerheidskool Dewetsdorp.

Die ekonomiese en opvoedkundige waarde van sulke

1) Report of the Under Secretary for Education 1918, 85.

koshuise is reeds deur ervaring bewys:

(1) Dit bied goeie losies teen billike tariewe aan 'n leerling wat sodanige losies nie kan bekom nie, omdat sy salaris of loon aanvanklik klein is; omdat hy nie 'n ouerhuis of ander tuiste het waarheen hy kan terugkeer nie of omdat werkgeleenthede vanuit sy ouerhuis of ander tuiste so beperk is.

(2) Dit bied ook losies aan die kind wie se omstandighede tuis of in die omgewing ongunstig of skadelik is vir sy verblyf aldaar, of omdat die leerling, soos dikwels die geval is met die leerling met subnormale intelligensie, nog verdere wakende, beskermende toesig onder dissipline nodig het.

(3) In die koshuis is die oorgang na die vrye lewe in die samelewing met verdrag, en bedien die huisvader, wat terselfdertyd nasorgonderwyser behoort te wees, die kind van raad en leiding, ook in verband met sy betrekking en sy verhouding tot sy werkgewer en medewerkers.

In die uitplasingskoshuis kan die kind ook leer hoe om geld te hanteer en te bestee. Omdat 'n aantal leerlinge, tot 50 persent by sommige skole, nooit sakgeld ontvang of besit nie, bly daardie deel van hulle praktiese opvoeding steeds in gebreke.

Dit is dus wenslik dat meer uitplasingskoshuise opgerig word en nasorgbeamptes wat verkieslik in verband met laasgenoemde sal staan, benoem word. Praktiese besware van afstande en bykomende koste hoef nie onoorkombaar te wees nie. Dit is sinneloos om 'n opvoedkundige taak soos dié in die nywerheidskole verrig, teen hoë koste aan te pak en dan terwille van die betreklik geringe verdere koste verbonde aan uitplasingskoshuise en nasorgbeamptes, toe te laat dat die eindresultaat misluk. Om die woorde van wyle George Hofmeyr ¹⁾ aan te haal: „It is often the lack of this small additional expenditure in the care of certain boys and girls that

1) In sy hoedanigheid as Onder-Sekretaris in sy jaarverslag, 1918, 85.

spells disaster and means the waste of all the energy and money already spent on them."

3. SAMEVATTING.

Die nywerheidskool beslis oor die geskiktheid van elke leerling vir uitplasing met vergunning. In daardie verband word in ag geneem die kind se mate van sosiale aangepastheid, sy ouderdom, sy skolastiese peil, en meesal ook die moontlikheid om geskikte werk en losies te bekom.

Die merendeel vergunningsleerlinge is reeds agtien jaar oud en het standaard ses of sewe en selfs 'n hoër standaard afgelê. Ongeveer die helfte laat hulle jaarliks as vakleerlinge in hulle ambagte inskryf, terwyl die res ander beroepe volg.

Weens die verdeelde staatsbeheer en oorlading van proefbeamptes is die huidige nasorg en toesig oor vergunningsleerlinge uit die nywerheidskole onvoldoende en onbevredigend. Omdat daar inderdaad ook min gedoen word aan gesinsorg tref 'n leerling met sy terugkeer uit die skool dikwels dieselfde wantoestande en faktore aan wat aanleiding was tot sy sorgbehoewendheid.

Dit is gevolglik dikwels tot 'n kind se voordeel dat hy nie met vergunning teruggeplaas word by sy ouers nie; eerder in 'n uitplasingskoshuis, onder die na-skoolse toesig en leiding van eie nasorgbeamptes van die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap, wat ook verantwoordelik sal wees vir die nasorg van leerlinge elders as in uitplasingskoshuise.

HOOFSTUK XIII.

BEVINDINGS EN AANBEVELINGS.

1. 'n KRITIESE WAARDERING.

Deur die historiese ontwikkeling van die nywerheidsskoolwese in Suid-Afrika na te spoor; deur ondersoek in te stel na die doelstellinge, na die leerling, na die opvoedingsinhoud, na die metode en tug, na die uitwendige en inwendige organisasie en klassifikasie, na die personeel en die nasorgwerk van die nywerheidsskool, is gepoog om tot 'n beter insig te geraak ten opsigte van die wese en probleme van die nywerheidsskool as onderwys- en opvoedingsinstelling.

Daar moet egter al dadelik daarop gewys word dat dit nie moontlik was om die „sukses“ van die nywerheidsskool met sy leerlinge te meet volgens sigbare maatstawwe nie. Sukses in die opvoeding, en dit geld vir enige skool, hang baie nou saam met (a) die inherente kwaliteit en vermoëns van die leerling; (b) die invloed van opvoedende of wan-opvoedende faktore buite die skool; en (c) die doeltreffendheid en opvoedkundige gehalte van elke skool. Daarbenewens sou dit nie moontlik wees om te bepaal wat van die kinders sou geword het indien hulle nie na die nywerheidsskool verwys is nie, en om oud-leerlinge in hulle latere lewes op te spoor ten einde te probeer vasstel hoever hulle sukses of mislukking te danke of te wyte aan hulle nywerheidsskoolopvoeding is, sal ons in elk geval nie baie ver bring nie.

Daar is derhalwe eerder nagegaan hoe die nywerheidsskool funksioneer en wat die inhoud van sy opvoedingsprogram is en dit getoets aan die eise van die opvoedkundige teorie en praktyk.

Wat die ondersoeker tref wanneer hy die geskiedenis van die nywerheidsskool in Suid-Afrika nagaan, is (a) die opvoedkundige insig en visie van die onderwysowerhede, by name die eerste Sekretaris van Onderwys, en die diepe, byna tere menslikheids-

gevoel vir die sorgbehoewende kind wat uit sy amptelike geskifte en beleid gestraal het; en (b) die doelgerigte, planmatige vordering van die skole tot suiwer opvoedkundige instellinge. Die teorie het wel die praktyk soms 15 of 20 jaar vooruit geloop, maar die gang van enige staatsdepartement, veral dié van onderwys, is altyd langsam. Tog was die voorwaartse beweging vanaf die stigting van die eerste skool en veral vanaf 1917 toe die Unie-Onderwysdepartement die inrigtings oorgeneem het, altyd merkbaar. En deurgaans is die menslike faktor, die behoeftes van die individuele kind en die vereiste persoonlikheidseienskappe van die personeel, as ideaal voorop gehou. Die humane gees het dan ook deurgedring tot in elke nywerheidskool sodat sommige hoofde en personeel hulle taak byna met 'n sendinggees aangepak het. „Ad gloriam Dei" word in meer as een jaarverslag aangetref, in letter en in die gees.

Die nywerheidskole met hulle sogenaamde „moeilike" kinders wat „gedissiplineer" moes word, was pioniers in meer as een opsig ten opsigte van die opvoedkundige praktyk en metodes.

Die groter vryheid en opvoedkundige proefnemings het onder die leerlinge geen uitbarsting tot losbandigheid of onbeheerbaarheid ten gevolge gehad nie, wat sekerlik daarop dui dat die sorgbehoewende kind, met uitsonderinge, inherent nie misdadiger is nie. Derhalwe is die stigma van misdadigheid wat die publiek vandag nog so maklik aan die skole heg, so onverdiend en vir die skole pynlik. Dit vloei waarskynlik vandag eerder voort uit die assosiasie van die wetsbestede kind met die hof, en uit die wangedrag van enkele leerlinge.

Hierdie opvattinge van die publiek bevorder sosiale isolasie van die nywerheidskoolkind, brandmerk hom dikwels onverdiend, en raak selfs die personeel in hulle professionele status. Die Onderwysdepartement is dan ook te blameer dat die ideale en werksaamhede van die skole nie deur reklame meer op die publieke voorgrond gestel word nie.

Alhoewel daar aanduidings is van welslae behaal deur die nywerheidskole, en dat die menslike behandeling wat gefundeer is op 'n sielkundige begrip van die kind se behoeftes, tot 'n groot mate daarin slaag om die gewenste karakter- en persoonlikheids-eienskappe by leerlinge te kweek, word die vraag tog soms gestel: „Is die hoë finansiële uitgawe ten opsigte van die nywerheidskool-kind geregverdig?" Dit sal moeilik wees om dit na materieële waardes te meet. Veel eerder wil ons antwoord dat daar, volgens ons Christelike sienswyse, waarde en betekenis skuil in elke mensesiel; volgens ons demokratiese beskouing is elke kind geregtig op die volste opvoedingsgeleenthede, en in 'n nasionale sin is daar 'n potensiële bate opgesluit in elke lid van die samelewing.

Die nywerheidskool ontvang die kind gewoonlik eers nadat die ouerhuis, die gewone skool en die samelewing met hom gefaal het.

2. BEVINDINGS.

1. Anders as oorsee waar gesubsidieerde soortgelyke skole die gebruik is, is die nywerheidskole in Suid-Afrika suiwer staatskole waarvan die Beheerrade slegs adviserende magte besit.

2. Die sorgbehoewende kind word nie na 'n nywerheidskool gevonnies nie, en sy aanhoudingstydperk word nie deur die hof bepaal nie.

3. Alhoewel daar 'n groot aantal kinderinrigtings in Suid-Afrika bestaan met ruim 12,000 blanke inwoners, word inrigtingsversorging as die minste gewens beskou en kinders word ongraag daarheen gestuur. Daar is jaarliks gemiddeld 2,000 blanke leerlinge aan die nywerheidskole, d.w.s. ongeveer 17% van die totale blanke kinders in inrigtings.

4. Die geografiese ligging van die meeste nywerheidskole is toevallig bepaal omdat staatsgeboue beskikbaar geraak het. Die ligging en ondoeltreffende geboue hou in sommige gevalle ernstige leemtes in en dra soms daartoe by om die skole te isoleer.

5. Alhoewel klein koshuise van 20 tot 25 leerlinge terwille van huislikheid verkieslik is, is groot koshuise die reël in die nywerheidskool. Dit moet aan die voorafgaande faktore, sowel as ekonomiese oorwegings gewyt word.

6. Armoedige omstandighede alleen is nie voldoende rede vir kommittering na 'n nywerheidskool nie. Die wesenlike gevaar moet bestaan dat 'n kind tot misdad kan verval, en dus beskerming nodig het.

7. Die meeste kinders, nl. 57%, word op grond van behoefteheid na die nywerheidskool gekommitteer. Armoede en sy korrelate speel dus 'n groot rol by die kommittering van 'n kind.

8. Ongeveer 32% van die nuwe seuns aan die nywerheidskool kan as onbeheerbaar ten tye van hulle toelating beskryf word.

9. In die groot meerderheid gevalle behoort die vaders van nywerheidskoolkinders tot die beroepsgroep waaraan 'n lae of geen vaste inkomste verbonde is en in ongeveer 76% gevalle was die gesinsinkomste minder as £30 per maand.

10. Ongeveer 61% van die nywerheidskoolleerlinge kom uit gesinne van 4 en meer kinders. Die gemiddelde aantal kinders per gesin is 5.5.

11. Armoede, ontbering en oorbewoning kom in die meeste huise van nywerheidskoolleerlinge voor. In 61% gevalle is 'n swak of baie swak huis bewoon, waarvan slordigheid en onsindelikheid die kenmerke was.

12. Die mediaan ouderdom ten tye van die kommittering van die kind was 44.27 jaar in die geval van die vaders en 38.9 jaar in die geval van die moeders. Die kind is dus sorgbehoewend verklaar toe die ouers in die fleur van hulle jare was.

13. In 76% gevalle leef een of albei ouers.

14. As gevolg van egskeiding, verlating, dood en ander faktore kom die meeste nywerheidskoolleerlinge uit 'n „gebroke" huis. Slegs in 41% gevalle het die ouers saamgeleef ten tye van die kind se toewysing tot die nywerheidskool.

15. Moreel-versonkenheid gekenmerk deur drankmisbruik, onsedelikheid, rusies ens. speel 'n groot rol in die ouerlike huis van die nywerheidskoolkind.

16. Die grootste groep leerlinge is tussen 14 en 15 jaar oud ten tye van hulle toelating tot die nywerheidskool. Hulle mediaan ouderdom is 15.11. Hulle bly ongeveer drie jaar. Die nywerheidskool het dus met die adolessent te doen.

17. Ten tye van hulle toelating tot die nywerheidskole is die meeste leerlinge in standerd vyf of ses.

18. Ongeveer die helfte van alle nuwelinge is tussen 1.9 en 2.3 jaar skolasties vertraag.

19. Tussen 75 en 80 persent van alle nuwe leerlinge is Afrikaanssprekend. Die res is hoofsaaklik Engelssprekend. Daar bestaan nie moedertaalnywerheidskole nie.

20. Uit Rhodesië word jaarliks enkele leerlinge tot die nywerheidskole in Suid-Afrika toegelaat.

21. Die nywerheidskool het 'n heterogene personeelsamestelling. Elkeen, ongeag sy werkkring, word beskou as 'n potensiële opvoeder omdat elkeen op een of ander manier in opvoedkundige situasies teenoor die kind gestel word.

22. Die meeste onderwysers en vakonderwysers is professioneel gekwalifiseerd. Persoonlikheidseienskappe is van oorwegende belang in die geval van die nywerheidskoolpersoneel.

23. Die nywerheidskoolhoof staan in 'n moeilike en verantwoordelike posisie. Aan hom word streng eise van bekwaamheid, kwalifikasie en persoonlikheid gestel. Sy vernaamste taak is om die heterogene personeel tot 'n eenheid te bring, opvoedkundige take te koördineer en die geheel te bring tot 'n strewe na een gemeenskaplike opvoedingsideaal.

24. Die nywerheidskool beoefen 'n stelsel van uiterlike klassifikasie op die grondslae van ras, geslag, ouderdom en die tipe kind, met afsonderlike skole vir die verskillende opvoedkundige groepe.

25. Na standerd ses volg die nywerheidskool dieselfde leerplanne en verwerf hulle dieselfde sertifikate as leerlinge van die hoër tegniese en hoër huishoudskole.

26. Al die seunsnywerheidskole verskaf ambagsonderrig. Dit hou beroepskundige opleiding in, maar het terselfdertyd groot psigo-terapeutiese waarde.

27. Nie-eksamenvakke soos Godsdiensoonderrig, Liggaamlike Opvoeding, Sang en Musiek en buite-skoolse bedrywighede soos sport, spele, verenigingslewe, ens. speel 'n belangrike rol in die opvoedingsprogram.

28. Die nywerheidskoolkoshuis het 'n vername taak om gebreke in die huislike opvoeding van die kind by te bring.

29. Weens die skolastiese vertraging, verstandelike agterlikheid, onreëlmatige toelating van nuwelinge, is daar 'n behoefte aan spesiale onderwysmetodes in die nywerheidskool.

30. Die Gewysigde Jena-Plan het oplossing gebied vir die meeste probleme. Die hoofsaaklik passiewe rol van die onderwyser het egter min onderwysers bevredig. Vak- en groepsonderwys het dus op die huidige meer na vore gekom, maar die klem val nog steeds op individuele werk.

31. Opleiding in die nywerheidskole vir dogters het 'n huishoudkundige agtergrond. Die meeste dogters verwerf huishoudkundige sertifikate maar volg nie graag huishoudkundige beroepe nie. Dogters word nie meer vandag by privaat gesinne as huishoudsters geplaat nie.

32. Die onderliggende gedagte van die opleiding aan die nywerheidskole vir dogters is om op te lei as werksters, maar veral om op te voed tot vaardige, godsvrugtige huisvroue en moeders van die toekoms.

33. Daar bestaan slegs een nywerheidskool vir kleurlingseuns, met 'n gemengde personeel van blankes en kleurlinge.

34. Die leerlinge is, met uitsondering van enkeles, almal delinkwente wat ewe-goed in die verbeteringskool kon gewees het. Hierdie feit en 'n gebrek aan 'n stelsel van eksterne klassifikasie omdat daar nie meer skole bestaan nie, maak die taak van die personeel baie moeilik.

35. Die meeste blanke nywerheidskoolleerlinge verlaat die skool nadat hulle agtien jaar oud geword het. Die meeste het dan standaard ses, sewe en hoër afgelê.

36. Ongeveer 50% van die seuns wat die skool verlaat, skryf hulle as vakleerlinge in 'n ambag in.

37. Die huidige stelsel van nasorg en leiding van vergunningsleerlinge deur die Departement van Volkswelsyn is onvoldoende en ontoereikend, met die gevolg dat nywerheidskole nie kan vasstel van tyd tot tyd hoe elke leerling vorder in die buitelewe nie. Deur die skole self word nasorgwerk op geringe en beperkte skaal gedoen.

3. AANBEVELINGS.

1. Waar dit enigsins moontlik is, behoort die ouer self die kind die eerste keer na die skool te vergesel, al is dit dan in die geselskap van 'n ander persoon. Kennis van die skool, die personeel en die doelstellinge stel die ouer gerus en kan ouerlike medewerking meebring.

2. Al word die kind uit die ouerlike huis verwyder, beteken dit nog nie dat die emosionele bande tussen kind en ouer geknip word nie. Alle moontlike pogings behoort in die werk gestel te word om die ouerhuis te rehabiliteer terwyl die kind in die nywerheidskool vertoef. Gereelde ouer-kind, ouer-skoolkontakte en samewerking kan die proses aanhelp.

3. Die samewerking van die ouerhuis moet ten alle tye deur die skool gesoek word in laasgenoemde se poging om die kind op te voed of her op te voed. Dit is derhalwe nie wenslik dat die kind so ver van die ouerhuis af gestuur word nie. Die ouer moet die kind

redelik maklik by die skool kan besoek.

4. Dit is noodsaaklik dat die gewone skool noukeuriger aandag aan gedragsafwykende neigings by kinders skenk. Persoonlikheids- en aanpassingsvraelyste kan onderwysers op die spoor van moontlike wanaanpassings stel. Sulke kinders kan dan gehelp word, of vroegtydiger na die nywerheidskool verwys word as wat tans die geval is.

5. Weens die groot aantal Afrikaanssprekende sorgbehoewende kinders wie se ouers tot die Afrikaanse Kerke behoort, rus daar 'n spesiale verpligting op laasgenoemde en op elke verantwoordelike Afrikaner om hierdie versoonke deel van die volk op te hef.

6. Die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap behoort gewone en buitengewone middele aan te wend om personeel van die hoogste opvoedkundige gehalte en die mees gewenste persoonlikheids-eienskappe vir die nywerheidskool te werf. Die sukses van die werk hang meer af van die gehalte van die personeel dan van enigiets anders. En omdat 'n gelukkige personeel in die reël goeie werk lewer, behoort die Departement alles in sy vermoë te doen om so 'n toestand te skep. Doeltreffende, gelukkige huisvesting speel 'n groot rol en behoort oral by skole beskikbaar te wees.

7. Hoofde van nywerheidskole moet met die grootste sorg benoem word en meriete, gebaseer op kwalifikasies en besondere persoonlikheidseienskappe, behoort in elke geval die deurslag te gee. 'n Swak en ongeskikte hoof is vir enige skool 'n las; vir die nywerheidskool is dit veel meer, dit is 'n tragedie en soms 'n misdaad.

8. Personeellede wat heeldag in die skool met die kinders werk, het nie die nodige energie en ywer na skool vir koshuiswerk nie. Onderwyskragte wat as huisouers optree, behoort minder klasure te hê, of huisouers buite die klaskamer-verband moet benoem word.

9. Dit is wenslik dat sielkundige dienste aan nywerheidskole uitgebrei word, sodat meer aandag aan sielkundig-kliniese werk

gewy kan word. Die onderwyser-sielkundige behoort nie in 'n gesagsposisie soos die van koshuisvader of gewone onderwyser geplaas te word nie. Dit belemmer die suiwere verhouding nodig in psigo-terapeutiese werk.

10. Moedertaal-nywerheidskole is wenslik.

11. In die lig van die ontsettende huislike omstandighede van die meeste nywerheidskoolleerlinge is dit baie duidelik dat daar 'n groot behoefte aan goeie huislike opvoeding en huislikheid bestaan. Die nywerheidskoolkoshuise is te groot. Daarmee moet rekening gehou word by toekomstige beplanning en op die huidige behoort alle moontlike geleenthede vir kinders geskep te word om 'n huislike atmosfeer te smaaak.

12. 'n Sorteerskool is nodig en 'n meer wetenskaplike wyse van keuring van leerlinge vir die nywerheidskool uit die kinderinrigtings.

13. 'n Beter koördinasie tussen die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap en die Departement van Volkswelsyn moet in alle opsigte bewerkstellig word.

14. 'n Nywerheidskool vir nie-delinkwente kleurlingseuns is nodig.

15. Dit is wenslik dat die personeel van die Nywerheidskool Ottery óf blankes óf kleurlinge sal wees.

16. Die Onderwysdepartement behoort 'n vaste bedrag sakgeld aan elke nywerheidskoolleerling toe te staan. Dit kan van die kleretoelaag afgetrek word en van ander kleinighede. Die leerling kan dan klein artikeltjies self koop en so leer om geld te hanteer. Dit is 'n ernstige leemte dat soveel kinders nooit sakgeld besit nie.

17. Net soos die dogters tot huismoederlikheid opgevoed word in die nywerheidskole vir dogters behoort die seuns onderrig te ontvang in ouerlike pligte, met spesifieke verwysing na die rol wat die vader te vervul het.

18. Die Onderwysdepartement behoort elke nywerheidskoolkind te help om 'n eie kleurbaadjie te bekom.

19. Die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap behoort sy eie nasorgbeamptes in verband met sy nywerheidskole te benoem.

20. Nasorgwerk behoort op 'n baie intensiewe wyse gedoen te word kort nadat leerlinge met vergunning uitgeplaas is.

21. Meer uitplasingskoshuise in die nywerheidstede is nodig.

ooo000ooo

LITERATUURLYS.

A. ALGEMEEN.

1. ABBOTT, G. : The Child and the State, Vol.II. The University of Chicago Press, Chicago, 1938.
2. AICHORN, A. : Wayward Youth. The Viking Press, New York, 1937.
3. ALBERTYN, C.F. : Jeugmisdaad. Die Nasionale Pers Bpk., Kaapstad, 1938.
4. ALLEN, A.B. : The Psychology of Punishment. Allman & Son Ltd., London, 1936.
5. ALLEN, C.R. : The Instructor, the Man and the Job. J.B. Lippincott & Co., Philadelphia, 1945.
6. ARLITT, A.H. : Adolescent Psychology. George Allen & Unwin Ltd., London, 1937.
7. ARLITT, A.H. : Psychology of Infancy and Early Childhood. Mc.Graw-Hill Book Co. Inc., New York, 1946.
8. ARLITT, A.H. : The Adolescent. Mc.Graw-Hill Book Co. Inc., New York.
9. AVERILL, L.A. : Adolescence. Harrap & Co.Ltd., London, 1937.
10. BAGLEY, W.C. : Classroom Management. The Mac Millan Co., New York, 1918.
11. BANAY, R.S. : Youth in Despair. Coward-Mc.Cann Inc., New York, 1948.
12. BAVINCK, H. : De Opvoeding der Rypere Jeugd. J.H. Kok N.V. te Kampen, 1932.
13. BAVINCK, H. : Paedagogische Beginselen : J.H. Kok, Kampen, 1917.
14. BAYLOR, E.M.H. & MONACHESI, E.D. : The Rehabilitation of Children. Harper Brothers, New York, 1939.
15. BEGBIE, H. : Punishment & Personality. Mills & Boon, London, 1927.
16. BELL, H.M. : Youth Tell their Own Story. American Council on Education, Washington, 1938.
17. BIGOT, L.C.T. : Paedagogische Feiten en Beschouwingen. D.B. Centens Uitgewers-Maatschappij N.V. Arnhem, 1936.
18. BLOS, P. : The Adolescent Personality. D. Appleton-Century Co. Inc., New York, 1941.
19. BOBBITT, J.F. : How to make a Curriculum. Houghton Mifflin Co., Boston, 1924.
20. BOGARDUS, E.S. : Sociology. The Mac Millan Co., New York, 1935.

21. BOLTON, F.E. : Adolescent Education. The Mac Millan Co., New York, 1931.
22. BOSSARD, J.H.S. Family Situations. University of Pensyl-
& BOLL, E.S. : vania Press, Philadelphia, 1943.
23. BOSSARD, J.H.S. The Sociology of Child Development. Harper
& BOLL, E.S. : Bros., New York, 1948.
24. BOWLEY, A.H. : The Psychology of the Unwanted Child. E. & S.
Livingstone Ltd., Edinburgh, 1947.
25. BREUER, J.H. : Gestichtsopvoeding. Paul Brand's Uitgevers-
bedryf N. V. Hilversum, 1935.
26. BROOKS, F.D. : The Psychology of Adolescence. Houghton
Mifflin Co., Boston, 1929.
27. BRUBACHER, J.S. : A History of the Problems of Education.
Mc.Graw-Hill Book Co. Inc., New York, 1947.
28. BRUBACHER, J.S. : Eclectic Philosophy of Education. Prentice-
Hall Inc., New York, 1951.
29. BRUBACHER, J.S. : Modern Philosophies of Education. Mc.Graw-
Hill Book Co., New York, 1950.
30. BUNDY, R.D. : How to Teach a Job. National Foremen's In-
stitute, New York, 1941.
31. BURLEIGH, E.N. & The Delinquent Girl. The New York School of
HARRIS, F.R. : Social Work, 1923.
32. BURLINGHAM, D.T.
& FREUD, A. : Infants without Families. George Allen & Un-
win Ltd., London, 1943.
33. BURGESS, E.W. : Environment and Education. The University
e.a. of Chicago Press, 1942.
34. BURGESS, E.W. & The Family. American Book Co., New York,
LOCKE, H.J. : 1950.
35. BURT, C. : The Young Delinquent. University of London
Press, London, 1938.
36. CAMERON, N. : The Psychology of Behavior Disorders. Hough-
ton Mifflin Co., Boston, 1947.
37. CLARKE, F. : Essays on the Politics of Education. Juta
& Co., Cape Town, 1923.
38. CLARKE, J.J. : Social Administration Including the Poor Laws.
Sir Isaac Pitman & Sons Ltd., London, 1935.
39. COETZEE, J. CHRIS: Die Moderne Opvoeding. J. L. van Schaik
Bpk., Pretoria, 1939.
40. COETZEE, J. CHRIS: Die Eerste Beginsels van die Calvinistiese
Opvoeding. Pro Ecclesia-Drukkery, Stel-
lenbosch, 1940.
41. COETZEE, J. CHRIS: Inleiding tot die Algemene Empiriese Opvoed-
kunde. Pro Ecclesia-Drukkery, Stellenbosch,
1942.

42. COETZEE, J. CHRIS: Inleiding tot die Algemene Praktiese Opvoedkunde. Pro Ecclesia-Drukkery Bpk., Stellenbosch, 1948.
43. COETZEE, J. CHRIS: Inleiding tot die Algemene Teoretiese Opvoedkunde. Pro Ecclesia-Drukkery Bpk., Stellenbosch, 1944.
44. COETZEE, J. CHRIS: Ons en Ons Kinders. Die Sentrale Pers, Bloemfontein, 1949.
45. COETZEE, J. CHRIS: Opvoedkundige Teorie en Praktyk deur die Eeue. Voortrekker Pers Bpk., Johannesburg, 1943.
46. COETZEE, J. CHRIS: Verstandsmeting. J.L. van Schaik Bpk., Pretoria, 1931.
47. COETZEE, J. CHRIS: Vraagstukke van die Opvoedkundige Politiek. Die Weste-Drukkery, Potchefstroom, 1930.
48. COETZEE, J. CHRIS: Beginsels en Metodes van die Middelbare On- & BINGLE, H.J.J.: derwys, J.L. van Schaik Bpk., Pretoria, 1947.
49. COHEN, F.J. : Children in Trouble. W.W. Norton & Co. Inc., New York, 1952.
50. COLE, L. : Psychology of Adolescence. Farrar & Rinehart Inc., New York, 1936.
51. COOPER, J.M. : Children's Institutions. The Dolphin Press, Philadelphia, 1931.
52. CRONJE, G. : Egskeiding en Huwelik- en Gesinsontbinding. Swets & Zeillinger, Amsterdam, 1934.
53. DANIEL, J. McT. : Excellent Teachers. Their Qualities and Qualifications. T.L. Bryan & Co., Columbia, 1944.
54. DAVIES, S.J. : On the Education of Teachers. The Carnegie Corporation Visitors' Grants Committee, Pretoria, 1940.
55. DAVIS, A. : Social-Class Influences upon Learning. Harvard University Press, Cambridge Massachusetts, 1951.
56. DAVIS, C.O. : Our Evolving High School Curriculum. World Book Co., New York, 1927.
57. DAVIS, V. : The Matter and Method of Modern Teaching. George G. Harrap & Co. Ltd., London, 1934.
58. DE JONGH, G.T.J. : Kinderbescherming is Kinderopvoeding. Wêreld-e.a. : biblioteek N.V. Amsterdam-Slotendyk, 1936.
59. DIMOCK, H.S. : Rediscovering the Adolescent. Association Press, New York, 1937.
60. DOOLEY, W.H. : Principles and Methods of Industrial Education. George Harrap & Co., London, 1921.

61. DOUGLASS, H.R. : Education for Life Adjustment. The Ronald Press Co., New York, 1950.
62. DRAPER, E.M. : Principles and Techniques of Curriculum Making. Appleton Century Co., New York, 1936.
63. DU PLESSIS, W.K.H. : Die Huishoudskool. Ongepubliseerde M.Ed.-Verhandeling.
64. DU TOIT, P.S. : Onderwys aan die Kaap onder die Kompanjie, 1652 - 1795. Juta & Kie. Bpk., Kaapstad, 1937.
65. DU TOIT, P.S. : Onderwys in Kaapland 1652 - 1939. J.L. van Schaik Bpk., Pretoria, 1940.
66. DU TOIT, P. : Ons Nederduitse Gereformeerde Kerk. Gedenkboek by ons Derde Eeufees. N.G. Kerk-Uitgewers, Kaapstad, 1952.
67. EAVY, C.B. : Principles of Personality Building for Christian Parents. Zondewan Publishing House, Michigan, 1952.
68. EAVY, C.B. : The Art of Effective Teaching. Zondewan Publishing House, Michigan, 1953.
69. EBY, F. : The Development of Modern Education. Prentice Hall Inc., New York, 1952.
70. ELLIS, R.S. : The Psychology of Individual Differences. D. Appleton-Century Co., New York, 1936.
71. FALK, H.A. : Corporal Punishment. Teacher's College, Columbia University, New York, 1941.
72. FARIS, E. : The Nature of Human Nature. Mc.Graw-Hill Book Co., New York, 1937.
73. FENTON, N. : The Delinquent Boy and the Correctional School. Press of the Progress Bulletin, Pomona, California, 1935.
74. PICK, M.L. : The Intelligence of Dependent Children. J.L. van Schaik Bpk., Pretoria, 1936.
75. FITZPATRICK, E.A. : How to Educate Human Beings. The Bruce Publishing Co., Milwaukee, 1950.
76. FLEMING, C.M. : Adolescence. Routledge & Kegan Paul Ltd., London, 1948.
77. FOERSTER, F.W. : Godsdienst & Karaktervorming. Vertaal deur J. L. Guning, Ploegsmazeist, 1926.
78. FOLSOM, J.K. : Youth, Family & Education. American Council on Education, Washington, 1941.
79. FRANKLIN, A. & BENEDICT, A.E. : Play Centers for School Children. William Morrow & Co., New York, 1943.

80. FREEMAN, F.S. : Individual Differences. George Harrap & Co., London, 1934.
81. FRIEND, M.R. : Earning and Spending the Family Income. D. Appleton-Century Co., New York, 1935.
82. GILLIN, J.L. : Poverty and Dependency. The Century Co., New York, 1926.
83. GITTINS, J. : Approved School Boys. Her Majesty's Stationery Office, London, 1952.
84. GLUECK, S. & H. : Unraveling Juvenile Delinquency. The Commonwealth Fund, New York, 1950.
85. GREEN, H.R.E. : The Modern Treatment of Your Delinquents in England. Hodges, Figgis & Co., Dublin, 1943.
86. GUTSCHE, C.E.W. : Opvoedkundige Straf. Afrikaanse Pers, Johannesburg, 1941.
87. GREYLING, E. : Christelike en Nasionale Onderwys. Nasionale Pers Bpk., Bloemfontein, 1941.
88. HALL, G.S. : Adolescence, Vol. I & II. D. Appleton & Co., New York, 1924.
89. HALL, W.C. : The State and the Child. Headly Bros. Publishers, Ltd., London, 1917.
90. HALL, W.C. & MORRISON, A.C.L. : Law relating to Children and Young Persons. Butterworth & Co. Ltd., London, 1947.
91. HEALY, W. & BRONNER, A.F. : New Light on Delinquency and Its Treatment. Yale University Press, New Haven, 1936.
92. HILL, W.E. & EWING, C.H. : Materials & Methods for Vocational Training. Mc.Graw-Hill Book Co. Inc., New York, 1942.
93. HOLLINGWORTH, L.S. : The Psychology of the Adolescent. P.S. King & Son Ltd., London, 1930.
94. HOLY, T.C. & DOTY, C. : Survey of the Girls' Industrial School, Delaware. The Ohio University Press, Ohio, 1942.
95. HORROCKS, J.E. : The Psychology of Adolescence. Houghton Mifflin Co., New York, 1951.
96. HURLOCK, E.B. : Adolescent Development. Mc.Graw-Hill Book Co. Inc., New York, 1949.
97. IOVETZ-TERESH-CHENKO, N.M. : Friendship-Love in Adolescence. George Allen & Unwin Ltd., London, 1936.
98. KEYTER, J. de W. : Dringende Vraagtekens in ons Opvoeding en Onderwys. Nasionale Pers Bpk., Bloemfontein, 1942.
99. KEYTER, J. de W. : Opvoeding en Onderwys. Nasionale Pers Bpk., Bloemfontein, 1936.
100. KILPATRICK, W.H. : Philosophy of Education. The Mac Millan Co., New York, 1951.

101. KLAUSMEIER, H.J.: Principles and Practices of Secondary School Teaching. Harper & Brothers, Publishers, New York, 1953.
102. KOOS, L.V. : Administering the Secondary School. American Book Co., New York, 1940.
103. KOOS, L.V. : The American Secondary School. Ginn & Co., Boston, 1927.
104. KYTE, G.C. : The Principal at Work. Ginn & Co., Boston, 1952.
105. LEAKE, A.H. : The Vocational Education of Girls and Women. The Mac Millan Co., New York, 1918.
106. LEE, E.A. : Objectives and Problems of Vocational Education. Mc.Graw-Hill Book Co. Inc., New York, 1928.
107. LE CLUS, P. : Die Ambagskool. Ongepubliseerde M.Ed.-Verhandeling.
108. LE MESURIER, L. : Boys in Trouble. John Murray, London, Sec. Ed. 1939.
109. LUNDBERG, E. : Child Dependency in the United States. Child Welfare League of America, Inc., New York.
110. MALHERBE, E.G. : Educational Adaptations in a Changing e.a. Society. Report of New Education Fellowship Conference. Juta & Co., Cape Town, 1937.
111. MALHERBE, E.G. : Education in South Africa. Juta & Co., e.a. Cape Town, 1925.
112. MALHERBE, E.G. : Onderwys en die Armbanke. Pro-Ecclesia e.a. Drukkery, Stellenbosch, 1932.
113. MARSH, W.L. : The Problem of the Child Delinquent. S.A. Institute of Race Relations, Johannesburg, 1946.
114. MASLOW, A.H. & : Principles of Abnormal Psychology. Harper MITTELMANN, B. Brothers Publishers, New York, 1941.
115. MATTHEW, H.C. : Dependent Children in New Zealand. Whitcombe & Tombs Ltd., Wellington, 1942.
116. MAYS, A.B. : An Introduction to Vocational Education. The Century Co., New York, 1930.
117. MAYS, A.B. : Essentials of Industrial Education. Mc.Graw-Hill Book Co., Inc., New York, 1952.
118. MEEK, L.H. : The Personal-Social Development of Boys and Girls with implications for Secondary Education. Progressive Education Association, New York, 1940.
119. MORGAN, J.J.B. : The Psychology of the Unadjusted School Child. The Mac Millan Co., New York, 1929.

120. MUNN, N. L. : Psychology. George Harrap & Co. Ltd., London, 1956.
121. MURPHY, G. : An Introduction to Psychology. Harper & Brothers, New York, 1951.
122. MURPHY, G. : Personality. Harper & Brothers, New York, 1947.
123. MURPHY, J.F. : The Dependent Boy. The Catholic University of America, Washington, 1937.
124. MURSELL, J.L. : Educational Psychology. W.W. Norton & Co., New York, 1939.
125. MURSELL, J.L. : Psychology for Modern Education. W.W. Norton & Co., New York, 1952.
126. MURSELL, J.L. : The Psychology of Secondary School Teaching. W.W. Norton & Co., New York, 1932.
127. NEUMEYER, M.H. & Leisure and Recreation. Barnes & Co.,
NEUMEYER, E.S. : New York, 1936.
128. NEWSOM, J. : The Education of Girls. Faber and Faber Ltd., London.
129. PALMER, G.H. : The Ideal Teacher. Houghton Mifflin Co., New York, 1910.
130. PAYNE, A.F. : Methods of Teaching Industrial Subjects. Mc.Graw-Hill Book Co., New York, 1926.
131. PARTRIDGE, E.H. : Freedom in Education. Faber & Faber Ltd., London, 1943.
132. PETERSEN, P. : Die Nieu-Europese Opvoedingsbeweging. J.L. van Schaik Bpk., Pretoria, 1933.
133. PLANT, J.S. : Personality and the Culture Pattern. The Commonwealth Fund, New York.
134. PRINGLE, R.W. : Adolescence & High School Problems. Heath & Co., Boston, 1922.
135. PROSSER, C.A. & Vocational Education in a Democracy.
ALLEN, C.R. : The Century Co., New York, 1925.
136. PROSSER, C.A. & : Evening Industrial Schools. American
BASS, M.R. : Technical Society, Chicago, 1951.
137. QUEEN, S.A. : Social Work in the Light of History. J.B. Leppincott Co., Philadelphia, 1922.
138. READ, C.S. : The Struggles of Male Adolescence. Allen & Unwin Ltd., London, 1928.
139. REDL, F. & Children Who Hate. The Free Press,
WINEMAN, D. : Glencoe, Illinois, 1951.
140. REID, J.H. & Residential Treatment of Emotionally
HAGAN, H.R. : Disturbed Children.
141. RICCIARDI, N. & Readings in Vocational Education. The
KIBBY, I.W. : Century Co., New York, 1932.

142. ROELS, F. : Handboek der Psychologie. N.G. Dekker & Van de Vegt, Utrecht, 1936.
143. ROUCEK, J.S. : Sociological Foundations of Education. Thomas Y. Crowell Co., New York, 1942.
144. SADLER, W.S. : Adolescence Problems. The C.V. Mosby Co., St. Louis, 1948.
145. SANDIFORD, P. : Educational Psychology. Longman's Green & Co., New York, 1941.
146. SCHNEIDERS, A. : The Psychology of Adolescence. The Bruce Publishing Co., Milwaukee, 1951.
147. SCHWAB, S.I. & The Adolescent : His Conflicts and Escapes.
VEEDER, B.S. : D. Appleton & Co., New York, 1929.
148. SILLITOE, H. : A History of the Teaching of Domestic Subjects. Methuen, London, 1933.
149. STELLWAG, H.W.F. : Meecilykheden by de Opvoeding.
150. STOLTZ, H.R. : Somatic Development of Adolescent Boys. The Mac Millan Co., New York, 1951.
151. STRUCK, F.T. : Creative Teaching. John Wiley & Sons. Inc., New York, 1938.
152. SYMONDS, P. : The Mental Hygiene of the School Child. The Mac Millan Co., New York, 1934.
153. TAFT, D.R. : Criminology. The Mac Millan Co., New York, 1942.
154. TAUTE, B. : Opvoedende Onderwys. Die Unie Volkspers, Bpk., Kaapstad, 1938.
155. TERMAN, L.M. & Measuring Intelligence. George G. Harrap
MERRIL, M.A. : & Co. Ltd., London, 1937.
156. THERON, P.J. : Die Wording van Staatsorg onder die Kinderbeskermingswet. Ongepubliseerde M.Ed.-Verhandeling.
157. THURSTON, H.W. : The Dependent Child. Columbia University Press, New York, 1930.
158. TROTZKEY, E.L. : Institutional Care and Placing Out. Pub. The Marks Nathan Jewish Orphan Home, Chicago, 1930.
159. VALENTINE, C.W. : The Difficult Child and the Problem of Discipline. Methuen & Co. Ltd., London, 1947.
160. VAN DER WALT, : Geskiedenis van Suid-Afrika. Dele I & II.
A.J.H. e.a. Nasionale Boekhandel Bpk., Kaapstad, 1951.
161. VAN REENEN, T.H. : Handbook on the Children's Act. Butterworth & Co. (Africa) Ltd., Durban, 1953.
162. VAN WATERS, M. : Youth in Conflict. Republic Press Co., New York, 1926.

163. WATERINK, J. : Puberteit. N.V. Gebr. Zomer & Keunings Uitgeversmaatschappij, Wageningen, 1948.
164. WATERINK, J. : Theorie der Opvoeding. J.H. Kok, N.V. Kampen, 1951.
165. WHEELER, O. : Youth. University of London Press Ltd., London, 1933.
166. WILLEMSE, W.A. : Die Sorg vir ons Kinders en Jeugdiges. Nasionale Pers Bpk., 1941.
167. WILLEMSE, W.A. : The Road to the Reformatory. J.L. van Schaik, Ltd., Pretoria, 1938.
168. YOUNG, K. : Personality and Problems of Adjustment.

B. JAARVERSLAE, KOMMISSIE-RAPPORTE, AMPTELIKE
HANDBOEKE EN ANDER PUBLIKASIES.

1. Jaarverslae van die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap (voorheen Unie-Onderwysdepartement) 1910 - 1953.
2. Report of the Superintendent General of Education, Cape of Good Hope, 1860 - 1922.
3. Jaarverslae van die Direkteur van Onderwys, Transvaal, 1904 - 1912.
4. Jaarverslae van die Direkteur van Onderwys, Oranje Vrystaat, 1904 - 1924.
5. Jaarverslae van die Departement van Volkswelsyn, 1937 - 1951.
6. Jaarverslae van die Departement van Justisie, 1911 - 1917.
7. Child Welfare : Report of the Proceedings of the First Annual Conference, 1917, Second Annual Conference 1918, Third Annual Conference 1919, and Fourth Annual Conference 1920.
8. Report of the Committee on Industrial Education, 1916.
9. Report of the Education Commission, Cape of Good Hope, 1863, 1879, 1891, 1912.
10. Verslag van die Inter-Departementele Komitee Insake Behoeftige, Verwaarloosde, Onaanpasbare en Misdadige Kinders en Jongmense, 1934 - 1937.
11. Eerste en Tweede Rapport van de Onderwys-Administratie-Kommissie, 1923, 1924.
12. Report on Divorces in Johannesburg. Social Welfare Department, Johannesburg, 1951.
13. Verslag van die Interdepartementele Komitee oor Afwykende Kinders, 1945.

14. Report of the Departmental Committee on the Treatment of Young Offenders. His Majesty's Stationery Office, London, 1928.
15. Fourth Report on the Children's Branch of the Home Office. His Majesty's Stationery Office, London, 1928.
16. Special Reports on Educational Subjects. His Majesty's Stationery Office, 1906.
17. The Yearbook of Education, 1935, 1936, 1937. Evans, London.
18. Making Citizens. His Majesty's Stationery Office, London, 1946.
19. Report of the Committee on the Remuneration and Conditions of Service in Approved Schools and Remand Homes. His Majesty's Stationery Office, London, 1946.
20. Directory of Remand Homes, Approved Schools and Probation Hostels and Homes in England and Wales. Her Majesty's Stationery Office, London, 1952.
21. Verslag van die Provinsiale Komitee van Onderzoek in Sosiale en Liefdadigheidswerk op die Witwatersrand. Transvaal, 1934.
22. Verslag van die Nasionale Konferensie oor Kinderinrigtings, 1951.
23. Minimum Standards for Child Welfare. U.S. Children's Bureau Publication No. 62, Washington, 1920.
24. Handbook for the Use of Boards of Directors, Superintendents, and Staffs of Institutions for Dependent Children, No. 170. Government Printing Office, Washington, 1927.
25. White House Conference on Child Health and Protection, Dependent and Neglected Children. D. Appleton Century Co. Inc., New York, 1933.
26. Education in Training Schools for Delinquent Youth. Bulletin No. 5. U.S.A. Government Printing Office, Washington, 1945.
27. Handbook of American Institutions for Delinquent Juveniles, Vol. IV. Osborne Association, Inc., New York, 1943.
28. National Education Association of the United States and the American Association of School Administrators: The Purposes of Education in American Democracy. Washington, 1938.
29. De Eerste Kwarteeuw der Kinderwetten, 1905 - 1930. Nederlandschen Bond tot Kinderbescherming. A.W. Sijthoff's Uitgeversmaatschappij, Ludin, 1930.
30. Jeugdwerk in de Landen van het Verdrag van Brussel. Staatsdrukkery en Uitgeversbedryf, S'Gravenhage, 1952.
31. Kinderbescherming in Nederland. Het Nationaal Bureau voor Kinderbescherming, 1949.
32. The Children's Village, Dobb's Ferry, New York. Prospectus.
33. Transvaalse Staatskoerant, 24 September 1909.
34. Staatskoerant Unie van Suid-Afrika, 3 Oktober 1913.
35. Buitengewone Staatskoerant Unie van Suid-Afrika, 18 Mei 1937.

36. Handboek van Nasionale Studiekursusse i.v.m. Tegniëse, Huis-
houdkundige en Handelseksamens. Departement van Onderwys,
Kuns en Wetenskap, 1929 - 1951.
37. Statutes of the Cape of Good Hope, Vol. I, II & III.
38. Statutes of Transvaal, 1909.
39. Votes and Proceedings Natal Legislative Council, Vol. X, 1901.
40. Wette van die Unie, 1913.
41. Die Kinderwet, Wet No. 31 van 1937 en die Regulasies daar-
kragtens opgestel.
42. Amptelike Lys van Geslaagdes, Nasionale Eksamens, Departe-
ment van Onderwys, Kuns en Wetenskap.
43. Bulletin van Onderwys-statistiek vir die Unie van Suid-Afrika
1947. Unie-Onderwysdepartement.
44. Kerk en Stad. Verslag van die Kommissie van Onderzoek van die
Gefedereerde N. G. Kerke na kerklike en godsdienstige toestan-
de in die nege stede van die Unie van Suid-Afrika. Pro Eccle-
sia-Drukkery Beperk, Stellenbosch, 1948.

C. ONGEPUBLISEERDE BRONNE.

1. Die Dagjoernaal van die hoof, Hoër Huishoudskool Potchefstroom.
2. Notules Raadsvergaderinge, Hoër Huishoudskool Adelaide, 1925 -
1928.
3. Beheerraadnotules Nywerheidskool King William's Town, 1925 -
1928.
4. Prinsipaal se Jaarverslag, Nywerheidskool King William's Town,
1927, 1942.
5. Memorandum i.s. die Kinderwet No. 31 van 1937. Sirkulêre
No. 2 van 1937.
6. Sirkulêre E.14/44 van 11/7/38.
Sirkulêre E.14/45 van 9/12/40.
Sirkulêre E.123/1944/11 van 29/11/44.
Sirkulêre E.50/1/1 van 29/7/52.
7. British Home Office: Circular May, 1952, Approved Schools.
8. Jaarverslae van hoofde van al die nywerheidskole, 1948 - 1952.
Van George 1939 - 1952, Paarl 1945 - 1952, Tempe 1945 - 1952,
Queenstown : Notules van die Beheerraad 1947 - 1952, Lady-
brand 1952.
9. Inspeksieverslae : Nywerheidskole George Hofmeyr, Die Vlakte,
Ladybrand, 1953.
10. Persoonlike omslae van leerlinge.
11. Notules van Leerlingraadvergaderings : Nywerheidskole King
William's Town en Queenstown 1948 - 1953.
12. Notules van Koshuispersoneelvergaderings : King William's
Town, 1948 - 1950, Queenstown, 1951 - 1954.

D. KOERANTE, TYDSKRIFTE, JAARBLAAIE.

1. WERK - Kwartaalblad van die S.A. Vakskoolvereniging, No.1-97.
2. INSPAN, September 1948.
3. Die Volkstem, 22 Januarie 1909.
4. The Cape Mercury, King William's Town, 4.9.1925.
5. The Daily Representative, Queenstown, 12.1.1946.
6. Die Ansieland, Kwartaalblad van die Nywerheidskool, Queenstown, 1 - 8.
7. Ons Vriend, Jaarblad van die Nywerheidskool, Tempe, Bloemfontein.
8. Family, Vol. 7, 1926.
9. ONDERWYSBLAD vir Christelike en Nasionale Onderwys en opvoeding. Orgaan van die Transvaalse Onderwysersvereniging, Natalse Onderwysersunie en die Suidwes-Afrikaanse Onderwysersunie, Nommer 691, 1 Mei 1957.